

HONDERD
JAAR HOLLANDS IN
NATAL

DEUR
G. S. NIENABER

FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA

439.3609

NIF

HONDERD JAAR HOLLANDS IN NATAL

(TOT 1928)

DEUR

G. S. NIENABER

*In beskeidenheid opgedra aan die groot kamp-
vegter vir die Hollandse Taalregte in Natal,
Prof. Dr. G. BESSELAAR, M. A., D. Litt.*

Het Afrikaansche Volk moet het verledene niet vergeten. Iemand kan geen getrouw onderdaan zijn, als hij het verledene niet voor oogen houdt. Wee hem, die het verledene niet voor oogen houdt! Het Afrikaansche Volk wordt opgebouwd op zijn geschiedenis. Wee hem, die deze opbouw van de Afrikaansche natie verstoren wil. Ik zeg wee hem, en dat zegt God.

Onze plicht is het te strijden voor onze toekomst.

(Generaal C. R. de Wet, by geleentheid van die begrafnis van President Kruger.)

I N H O U D.

	Bls.
Minder Gewone Afkortinge.....	6
Voorwoord (C. M. Booyesen)	7
Inleidende Opmerkinge	9
Hoofstuk I. Geskiedkundige Raamwerk en Europese Bevolkingsverhouding.....	14
„ II. Die Stryd tot 1900	25
Hollands in: (a) Die Hof (27); (b) Die Staat (32); (c) Die Skool, tot 1887 (33); (d) Die Kerk (49); (e) Die Skool, 1887—1900 (66); (f) Die Wet- gewende Raad (81), (g) Boerderysake (82).	
„ III. Van 1900 tot Vandag	85
Inleiding (85); Hollands in: (a) Die Maat- skaplike Lewe (92); (b) Die Skool (96); Afri- kaans in Natal voor 1910 (101); Unie en Daarna (116); Debatsvereniginge (121); Hol- lands in die Skool sedert 1910 (128); Afrikaans in die Skool (143); 'n Afrikaansmedium-skool (147); Groei (155); Afrikaans in die Prov. Raad (163); Die Saamwerkunie van Natalse Vereni- ginge (167); (a) Die Jaarlikse Kongresse (172); (b) Die Orgaan en die Taaleksamens (173); (c) Ander Werksaamhede (189); (d) Die Hoof- bestuur (192).	
„ IV. Oor die Toestande Vandag	195
Bylae A	210
„ B (Boekelys).....	218
„ C (Oudste Geskrywe Afrikaans in Natal) ...	222
Personelys.....	224
Lys van die vernaamste geraadpleegde Werke en Bronne	224

Minder Gewone Afkortinge.

- C.J.V(e). : Christelike Jongeliede-Vereniging(e).
C.N.O. : Christelik-Nasionaal-Onderwys.
D.V(e). : Debatsvereniging(e).
e.v. : en verder; en volgende.
N.C.V.V. : Natalse Christelike Vrouevereniging.
O.A.T.V. : Organisasie van Afrikaanse Taalvriende.
O.H.T.V. : Organisasie van Hollandse Taalvrienden.
S.O. : Superintendent van Onderwys.
S.U. : Saamwerkunie.
t.a.p. : ter aangeduide plaatse.
t.o.v. : ten opsigte van.
T.W.K. : Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, (Bloemfontein).
-

VOORWOORD.

Natal hoef nie skaam te wees vir wat sy bygedra het tot die Kultuurstryd nie.

Onkunde weens gebrek aan wetenskaplike navorsingswerk is hoofsaaklik die oorsaak gewees dat literair-historisie totnogtoe altyd óf 'n spottende toon aangeslaan het óf 'n stilswye bewaar het as die taalstryd in hierdie oorweend Engelse provinsie bespreek word. Allerhande spotwoorde is selfs aan die Afrikaanse element van die Tuinprovinsie toegewerp.

Die manuskrip van hierdie boek — die vrug van jare lange arbeid tussen stoffige foliante — het ek met genot deurgelees. Hierin word die geskiedenis van die Afrikaanse kultuursaak in die klein provinsie meesterlik uiteengesit deur iemand wat weens sy voorliefde vir argiefwerk 'n baasnavorsner behoort te word. Vir hierdie werk wat in baie opsigte as 'n meesterstuk beskou kan word, sal die Afrikaanse bevolking van Natal die saamsteller dank verskuldig wees, want waar hard gestry word verloor mens maklik moed as die spot gedrywe word met sy opreg-gemeende pogings deur persone wat weens hul onkunde liewers moes geswyg het.

Natal word deur die res van Suid-Afrika beskuldig van 'n oormate van provinsialisme. Dit is miskien volkome waar, maar dis ook 'n feit dat die ander provinsies net so min weet van Natal as Natal van hulle, dus betaam dit nie die een om die ander te beskuldig nie. Veral geld dit ten opsigte van Afrikaans. Die ander provinsies het geen besef van wat die posisie in verband met Afrikaans in Natal was nie, dus is dit nie moontlik gewees om 'n juiste

perspektief te behou wanneer die Taalsaak onder bespreking gekom het nie.

Om Afrikaans vandag in Natal te handhaaf en om Afrikaner te wees en te bly, gaan nog maar opdraand, maar as ons landgenote van oorkant die Drakensberge ons net wil help wanneer hul hiernatoe op vakansie kom, deur nie vir hul eie taal skaam te wees nie, sal die algemene gesindheid teenoor Afrikaans en Afrikaners wat gedurende die laaste paar jare byna 'n metamorfose ondergaan het, nog veel verbeter. Die handjievul Afrikaners sal dit waardeer en dit sal bepaald daartoe bydra dat die Engelsman sy mede-Afrikaner beter ken en verstaan en dat die hoon en smaad wat hom ten opsigte van Afrikaans te beurt geval het, verander in lof.

Wat die inhoud van die boek betref staan dit bepaald nommer een. Jammer net dat die skrywer nie 'n simpatieker toon aangeslaan het in die bespreking van die vyandige gesindheid van die Engelse bevolking teenoor Afrikaans nie. 'n Bevooroordeelde beredenering is onwetenskaplik hoewel die feite wetenskaplik versamel is. Nogtans gee dit my groot genoeg om met hierdie paar woorde hierdie werk die wêreld in te stuur. Die taal-historikus het lank op hierdie boek gewag en daar sal in die vervolg geen verskoning wees nie as Natal oor die hoof gesien word wanneer die groot Kultuurstryd van ons land bespreek word.

C. M. BOOYSEN.

Pietermaritzburg.

INLEIDENDE OPMERKINGE.

Dit is nodig om sekere punte voor oë te hou as 'n mens die politiek van die Natallers simpatriek wil benader, hulle wil verstaan kragtens hulle verlede, hulle ideale en toekomsdrome, en, vir sover dit ons sirkel van belangstelling sny, tot die kennis wil geraak dat die eise van die Afrikaner vir sy eie taal- en kultuurregte in sommige opsigte die algemene politiek van die land gedwarsboom het. Hier word onder politiek verstaan die rigting deur die maghebbers in verband met landsbestuurlike sake ingeslaan, vroeër soms sonder, vandag ooreenkomstig die volkswil.

Natal is geografies taamlik afgesonder van die res van Suid-Afrika. Van die seekus klim die land weswaarts terrasvormig tot aan die voet van die Drakens- of Kahlambagebergtes, wat soos 'n reuse-elmoog die smal Tuinprovinsie in sy lengte en gedeeltelik in die noordelike kant afskei van die Hoogland. Dit is dan juis opmerklik dat die genoemde bergreeks sy hoogste punt aan die Natalse grens bereik, waar dit torings bou van 'n hoogte van 12,000 voet bo die seespieël, of 7,000 voet bo die vloer van die land aan die bergvoet. Giants Castle en Mont-aux-Sources geniet 'n verdiende reputasie. In die begin was daar net twee hoofpasse oor die bergrug, en hulle was nie eers veilig nie. Die Boere het dan altyd gepraat van „hy kom van Owerberg” (Boniface, 1844). Hierdie reeks het Louis Trichardt lank van die kus hok geslaan, dit was die padprobleem vir Retief se Trek, en van die terugkerendes later. „Geografiese scheidings is de meest directe vorm van afzondering.”¹⁾

¹⁾ P. C. Mitchell: *Evolutie van den oorlog*, p. 100. (Elseviers Uitgevers Mij.)

Daar bly aan die kant van die Sonsopgang die see oor. Hierdie pad verbind Port Natal met Kaapstad, of sedert die tydperk van Verteenwoordigende Bestuur en nog in 'n hoër mate sedert die tyd van Verantwoordelike Bestuur, Durban met Southampton en Liverpool. Natal kyk na Engeland vir sy mark, dis daar ook waar sy winkels is, waar hy sy inkopies doen.

Die blanke bevolking is verder grotendeels van Engelse bloed of bloedmenging, gevolglik word die Engelse taal en kultuur hier hooggehou. Die bevolking word verder aanhoudend versterk van die Verenigde Koninkryk, en dat hierdie seksie dan van „Home” praat en nie die „koloniale” woonland bedoel nie, lê voor die hand. Die verteenwoordiger van die Koning dra verder daartoe by om in sy hoedanigheid die burgers te laat besef dat hulle maar „Colonials” is, 'n woord met 'n bysmakie van „nie net so goed en edel as tuis nie”, of van „hulle in die diaspora — weg van die kweekbedding van suiwerrege beskawing!” Hierdie invloede dring dan deur in die maatskaplike lewe, en in elke tak van bedrywigheid word na-geaap, word die standaard van die hoogste goed geïmporteer. So leer Natal nie om te lei nie, maar om te volg. Dit word alles so vanselfsprekend waar taal en nasionaliteit met alles wat oorwinnaarsgrootheid bring, orals hegter saambind. Die glorie en faam van Engeland word hier gevoel as eiebesit, en nie as leengoed nie. Om die rede kan hierdie provinsie met reg genoem word 'n distrik van Engeland, geografies van hom geskei.

In die ander provinsies het daar in 'n minder of meerder mate 'n ander gees geheers. Die burgers van die twee voormalige autonome Boere-republieke het daar 'n tuiste gevind. Vir hulle was „Oos, wes, tuis bes”, met die oord van vryheid as tuiste. Na die val van die Republieke het die gees nog bly voortlewe in daardie geweste. Dit was ook die geval in die Kaapprovinsie in die tyd. Vroeg was daar al 'n stelsel van selfbeslissing in inwendige staatsake (van 1834) in werking, naas eie reëlins insake skoolkwessies in sekere wyke, e.d.m. Oor die algemeen voel die Afrikaans-

sprekende ook nie meer die bande met die land van herkoms so sterk as die Engelsman nie, om duidelike redes. Die Anglo-Boereoorlog het die Kaapkoloniale Afrikaanssprekende ook laat ondervind dat bloed dikker is as water.

Toe kom die Unie, waartoe Natal by volkskeuse toegetree het. Hier begin nou die botsing tussen twee gedagterigtings, vervat in die motto's: „die Empire eerste” en „Suid-Afrika eerste”. In die grond van die saak is dit wesenseenderse gedagtes, vir die een groep is Suid-Afrika (Natal) se grense ook die grense van hulle tuiste, vir die ander word die grense net verder verskuif sodat dit net die dele alleen nog insluit waar die Empire-gedagte hoogty vier.

Gisting veroorsaak hitte. Woordvoerders aan albei kante word soms gloeiwit van heilige entoesiasme. Dit is om hierdie redes dat die buite-Natalse Suid-Afrikanners soms ontuis voel in die atmosfeer, wanneer hulle daardeur omvang word, en dan sulke uitdrukkinge besig soos „The Union of South Africa consists of three provinces, and one parish”. Een politikus noem hierdie provinsie „die stout kind van die Unie”. Nog ’n ander beskou dit sy roeping om te getuig dat Natal die een voet van die Unie is wat nog slaap en maar heel versigtig moet vorentoe gesit word! As die ander drie provinsies tesaam die „wakker voet” is, kan ’n mens net sê: wat ’n voet!

Die groot les wat vandag aan Natal geleer word, is dat hy ’n deel van Suid-Afrika is, geografies, ekonomies, politiek, sosiaal, net soos die twee gewese Republieke ’n les in wêreldgeografie moes leer. Die gang van die taalstryd in Natal sal ’n gedeeltelike illustrasie wees van wat in die eerste helfte van die vorige sin bewoord is.

Ons staan nog maar aan die begin van die eintlike stryd vir die Hollandse taalregte in Natal. Die warm geveg aan die taalfront duur nog nie al te lank nie. Die stryd begin eers omtrent ’n vyf jaar na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika werklik hoog opvlam, maar dan hang dit ook saam met baie ander faktore, uitwasse van ’n op-

lewende nasionale bewuswording. In Suid-Afrika, en veral in Natal, is die taalstryd veel meer as 'n strewe om die Hollandse taal sy regmatige erfporsie te laat deelagtig word, want dis 'n stryd vir alles wat samehang met 'n taal- en nasionale identiteit, — dit is 'n kultuurstryd, 'n bestaanstryd,¹⁾ dit gaan oor die behoud van wat raseg is.

Die eintlike poginge om die Hollandse kultuur in Natal te behou en te bevorder, het ons jonk genoem. Maar reeds van die vroegste tye af het die Afrikaanssprekendes verseg om hulle taal en gewoontes prys te gee. In dié opsig is die stryd oud. Tog vind 'n mens in wetenskaplike werke oor die Taalbewegings in Suid-Afrika min of geen verwysings na Natal nie. In die boek van prof. dr. E. C. Pienaar, wat 528 bladsye tel (derde druk), of 151 oor die direkte geskiedenis, kry ons net een paragrafie, wat wel waarderend uitklink, maar wat ingelui word met „Natal, arme assepoetster onder die provinsies” (p. 138). Natalse Afrikaners sal seker, en met enige reg, geen smaak vind in die toepassing van die uitdrukking op hulle provinsie nie. Ons wil aantoon hoe die stamgenote in die geïsoleerde oostelike kusstreek stry en gestry het, hoe die latere Voortrekkers nog altyd pad oopkap en weë baan, na die beste van hulle kragte en ten profyte van ons taal en die Suid-Afrikaanse volk.

Hierdie studie loop net oor die tydperk van 1838 tot 1928, 'n periode van 90 jaar. Daar sal van persone gepraat word wat vandag nog lewe, en dit is altyd gevaarlik. Dit is soms ook moeilik om die skepper en sy skepping genoegsaam geskei te hou, in die een lê tot 'n sekere hoogte die ander. Daar is ook die kwessie van perspektief. Party sal meen as hulle hierdie werk lees, dat hulle aandeel groter is as wat hier aangetoon word. Daar is seker niemand wat sal meen dat sy aandeel te deeglik behandel is nie! In baie gevalle kan die beswaar seker goed geld. Tog het ek dit nie as my roeping beskou om na absolute volledigheid te strewe nie. Hoe vervelend moet dit wees om elke besonderheid te

¹⁾ Pienaar, bls. 14—5 (Derde Druk).

beskrywe, selfs al beteken dit in sy ware verhouding tot die eintlike saak al 'n ietsie. Ek verwag alreeds dat sommige lesers my die verwyf van al te groot uitvoerigheid teen die kop gaan slinger.

Hoe onvolledig die werk orals is, een ding moet toegegee word, nl. dat ek deurgaans vir my beywer het om die suiwere waarheid te gee. Om moontlike onsekerhede uit die weg te probeer ruim, het ek veelvuldig (te veelvuldig?) van aanhalingstekens gebruik gemaak. Na sy voltooiing is die studie aan verskillende persone vir hulle wenke voorgelê waarvan ek orals 'n dankbare gebruik gemaak het. Aan hulle wil ek hier my dank betuig vir hulle belangstelling en vriendelike hulp. In die eerste plek wil ek die naam noem van prof. dr. G. Besselaar, aan wie se aanmoediging ek besonder veel verskuldig is. Sy Edele, Minister E. G. Jansen en sy talentvolle gade het my besonder teenoor hulle verplig. Dr. M. R. Breyne het die werk nougeset deurgelees en orals wenke ten beste gegee. Van mnr. F. D. Hugo, die Superintendent van Onderwys in Natal, mnr. C. M. Booysen, Inspekteur van Skole in Natal, dr. P. C. Schoonees, skoolhoof op Vryheid, en mnr. J. S. M. Rabie het ek ook nuttige wenke ontvang. Die Afrikaanse letterkundige raadgewer van die firma De Bussy, nl. prof. dr. G. Dekker, kan nouliks besef hoeveel ek sy kritiek op prys gestel het. Dit het my besonder getref hoe deeglik en noukeurig hy hom van sy taak gekwyf het.

Heel besonderlik wil ek 'n woordjie van dank betuig aan mej. H. J. Möhr, wat die lywige werk vir my getik het sonder om enige vergoeding daarvoor te wil ontvang. Ewe-eens wil ek die naam van mnr. Martin Basson, B.A., die hoof van die Natalse Staatsargief, en van mnr. A. Richter, sy ywerige sekretaris, by wyse van erkentlikheid vir hulle gewaardeerde dienste, hier vermeld.

Deur die tegemoetkomende houding van die Saamwerkunie is dit verder moontlik geword om hierdie werk die lig te laat sien.

HOOFSTUK I.

Geskiedkundige Raamwerk en Europese Bevolkingsverhouding.

Natal is in oppervlakte die kleinste van die vier provinsies wat die Unie van Suid-Afrika uitmaak. Dit beslaan vandag 36,700 vierkante myle, wat tussen 7,000 en 8,000 vierkante myle insluit van wat vroeër as die Nuwe Republiek bekend was, en verder ook die vroeëre Amatonga- of Amapoetaland wat met ander strokies die teenswoordige distrik van Soeloland is.¹⁾ Deur hierdie toevoeging is die oorspronklike oppervlakte van Natal²⁾ byna tweemaal vergroot.

Dit is vir ons doel belangrik om te probeer nagaan hoe hierdie gebied deur Europeane bevolk is. Die Naturelle, wat vandag tienmaal sterker as die blanke in getalle is, laat ons onbesproke.

Toe in 1837 die voorposte van die Groot Trek, bestaande uit Afrikaanssprekendes, langs die oostelike hange van die Kahlambaberge afsak, was daar al 'n Engelse nedersetting van 'n paar families in Port Natal sedert 'n dertien jaar. Kort daarop het die dood die getalle van die Intrekkers laat daal; eers die moord op Piet Retief en sy 66 volgelinge op Hlomoamaboeta, en toe op die 400 tot 500 mans, vrouens en kinders, vir wie daar al gou 'n gedenkteken gestig is in die vorm van 'n dorp, Weenen.

„Ver oor Dingaans Golgota
Loop jou pad, Suid-Afrika,”
sing Langenhoven.³⁾

¹⁾ Russell: *Natal*, p. 5.

²⁾ „Some 19,000 square miles,” sê Theal in *Progress of South Africa*, p. 257.

³⁾ *Die Pad van Suid-Afrika*, bl. 115.

Na die suksesvolle strafgevegte op 16 Desember 1838 kom die vryheidsoekers weer in botsing, nie met 'n ander barbareidom nie, maar met beskaafdes wat met kruit en lood moor. Boer en Brit raak slaags op Congella (= Uitkyk) op 23 Mei 1842, in die eerste geveg tussen Christen en Christen op Natalse grond, toe 51 uit 138 van die Engelse die kus rooi met hulle bloed geverf het en die oorwinning aan die Trekkers gelaat het. Op 15 Julie 1842 het daar vrede gekom sonder veel meer bloedverspilling, en die Boere onderwerp hulle. Die nuwe gebied word soos 'n soort buiteland in 1845 aan die Kaapkolonie geheg, waardeur die Volksraad sy tydperk van tussenregering uitgedien het. Al die ontevrede Trekkers het van 1842 weer die berge oorgegaan, en Natal verloor duisende van sy blanke bevolking. Toe rus weer na hierdie tyd van gisting ingetree het, was daar maar 'n klein Europese bevolking oor. Dr. H. E. Faure skat die getal Hollandse families in hierdie tyd op 'n 500,¹⁾ eerw. Lindley stel die getal op minstens 350, en dr. Theal praat van 400.²⁾ Dit sou seker tog by 'n 2,000 siele gewees het. Daarby word „a couple of hundred English, mostly in Durban”³⁾ geplaas. Die verhoudinge is in die begin van 1848 nog baie gunstig vir die Afrikaanssprekendes van Natal (omtrent 20 teen een). Nog 'n ander punt van belang is die omstandigheid dat die Boere hulle op die land gevestig het, en die Engelse veral vir hulle met die handel aan die „Baai”, en onder die naturelle afgegee het.⁴⁾

'n Keerpunt vorm die jaar 1848. Weens die ontevredenheid onder die Boere op die plase oor die vertraging om die landkewessie geskik te kry en weens die onveiligheid van lyf en hawe tussen die instromende barbare, het 'n tweede

¹⁾ Bird's *Annals*, II, p. 355.

²⁾ en ³⁾ Theal: *History of S.A. since 1795*, dl. III, p. 239.

⁴⁾ Die heer C. J. Uys deel my mee dat daar oorspronklik 'n plan sou bestaan het om Natal parallel met die kus in twee te verdeel: die kusgebied onder Engelse beheer te plaas, en die Westelike deel aan die Boere te laat. Die Trekkers moes net van die hawes afgesny wees!

eksodus begin. Die veldkornette stuur die een rapport op die ander aan die luitenant-goewerneur oor hierdie trek. Meer en meer word Boniface se skertsende aanmerking bewaarheid: „trekken, hulpwerkwoord waarmee het volk van Natal zich nu uitsluitlik bedient”.¹⁾ Weer verloor hierdie provinsie honderde van sy Hollandse burgers. Sir Harry Smith, die nuwe Goewerneur van die Kaapkolonie, het Andries Pretorius dringend versoek om die Trek te stuit tot hy kom, en sy versoenende reëlins insake die toekenning van plase het 'n klompie twyfelaars laat besluit om te bly. Hulle het groter plase gekry²⁾ en wel in die streke wat taamlik kaffervry was, aan die bo-ent van die Toegela-rivier en langs sy sytakke. So het daar in Kliprivier,³⁾ Weenen en Umvoti⁴⁾ 'n blanke bevolking gewoon wat veral Hollands as moedertaal geëer het.

Van nou af begin die Engelse in getalle die oorhand te kry. Een van die hoofbesware teen die versoek van die Natalse inwoners in 1848 om aan hulle een of ander vorm van verteenwoordigende bestuur te gee, is dat die aantal persone van Britse afkoms te gering is.⁵⁾ Maar die beswaar van prakties-imperialistiese aard het gou verdwyn, in die eerste geval weens die Trek van so baie Boere, en verder weens die Britse aanwas van baie boere onder die immigrasieskema van J. C. Byrne, die groot weldoener van Natal. Gedurende die jare 1848 tot 51 het 57 skepe 4,500 setlaars in Durban afgelaai,⁶⁾ en hulle het Verulam, Richmond, Byrnetown en York opgebou. Nou het die versoek van

¹⁾ *De Natalier*, 1844.

²⁾ Na aanleiding hiervan sê die *Natal Witness*: „If you have drawn the blood of an Englishman you are rewarded with a big farm, free from rent and tax” (net na die slag van Boomplaats). Hier word die Boere dus as bloeddorstige wetverbrekers voorgestel.

³⁾ en ⁴⁾ In G.H.V. 28, word gemeld vir 1855 dat Umvoti 'n distrik is: „which you state is almost exclusively inhabited by Dutch farmers” (Russell).

⁵⁾ Eybers, *Select Constitutional Documents*, etc., Inleiding, p. 50 (L).

⁶⁾ Russell's *Natal*, p. 209, Theal, V, p. 350, etc.

1848 in 1852 opnuut gestel, 'n gunstiger onthaal ontvang, en op 15 Julie 1859 is 'n Koninklike Charter uitgevaardig om Natal as 'n aparte kolonie te konstitueer met sy eie Wetgewende Raad van 16 lede, 12 gekose, en met 'n eie Luitenant-Goewerneur (John Scott as die eerste).¹⁾ Van nou af word 'n streng Engelse staatspolitiek gevolg. In 'n sekere sin is dit ook nodig, omdat die bevolking nogal heterogeen saamgestel is. Daar is nog te noem die aankoms van 183 Duitsers²⁾ (in 1848 e.v.) onder die skema van J. Bergtheil vir katoenkweking, persone wat hulle in Nieu-Germany, Nieu-Hannover, Kirchdorf, Hermannsburg en omgewing gaan vestig het; en ook van 'n 93 persone uit Holland wat hulle in Nieu-Guelderland en Doesburg gaan neerlaat het; waar hulle hul veral aan die suikerbou gaan wy het en na 'n tydjie die grootste meul in die hele provinsie besit het.³⁾

Die Britse immigrante van die Kaapkolonie en van die Verenigde Koninkryk het na die aankoms van Byrne se setlaars maar stadig vermeerder. Daar het 'n ooreenkoms bestaan dat vir elke persoon wat uitgebring word uit die Verenigde Koninkryk £10 aan die Goewerment deur die persoon verantwoordelik vir die immigrant se koms sal betaal word vir elke volwasse en £5 vir elke kind. As iemand op die manier werklui wil kry, dan lê die weg oop. Maar alleenlik 1,703 persone is op die manier in die ag jaar 1857—64 na Natal getransporteer.⁴⁾ Ander ondernemings van Engeland het ook nie veel uitgerig nie. Die „Natal Land and Colonization Company” het dit voordeliger geag om die aangekoopte grond aan kaffers te verhuur as om dit deur geïmporteerde landgenote te laat bewerk. Natal het toe self begin te roer, en die Superintendent van

¹⁾ Eybers, p. 50 (L).

²⁾ N.W. van 14/12/'49 sê dat die Duitse Immigrante Hollands en Engels aanleer, „which is advantageous in every way”.

³⁾ Theal, V, p. 352.

⁴⁾ Theal, V, p. 350.

Onderwys, dr. Robert J. Mann, M.D., word in 1866 na Engeland afgevaardig vir 'n volle twee jaar om persone na hierdie kolonie te lok. Baie sukses het nie op sy sending gerus nie. Die Nederlandsche Emigratie Maatschappij was veel deurdrywender. Daarby kom nog dat die ontdekking van die diamant- en later van die goudmyne baie persone uit Natal daarheen gelok het. Onder hierdie soort inkomelinge wat weer uitgegaan het weens hulle goudsug, kan genoem word die jongeling Cecil J. Rhodes.

Die aanwas van die koeliebevolking in hierdie tyd laat ons buite beskouing.

So het Natal dan al meer en meer 'n Engelse bevolking gekry. Hierdie getalle het sterk aangeswel gedurende die Anglo-Boere-oorlog, toe Engelse uitgewekenes uit die oorlogsterrein hier o.a. 'n tydelike tuiste kom soek het, baie om vergoed te bly. Volgens die Sensusopgawe in 1904 is omtrent drie-vyfdes van die blanke bevolking Natallers van geboorte. Maar ook moet 'n aanwas van die kontingent Afrikaanssprekendes in hierdie tyd aangestip word, deur die inlywing van die distrik Vryheid en aangrensende dele by die vredesluiting in 1902. Russell vat die toestand in 1904 in die opsig mooi saam: „The British live mostly in the towns, on the coast and in the Midlands; the Dutch, who number about 16,000,¹⁾ are South African born and are settled as sheep or cattle farmers in the upper districts. In the northern territories nearly all the white inhabitants are Dutch farmers.”²⁾

In die Sensusopgawes voor 1918 is geen kennis geneem van hoeveel persone Hollandssprekend en hoeveel Engelsprekend is nie. Voor 1900 is alle blankes saamgevat onder „Europeane”, en in Natal³⁾ sluit dit ook die Kleurlinge en „St. Helena's” in; die ander hoofde is: Naturelle en Asiate. Dit is daarom dat ek nie die verhoudinge van die

¹⁾ Sensus van 1904.

²⁾ Russell, p. 44.

³⁾ Natalse Blouboeke.

twee vernaamste blanke rasse in Natal na 1848 kan bepaal nie. 'n Metode om 'n benadering te kry, is om na te gaan hoeveel lede van die Hollandse Kerke daar in Natal is, en dit met die totaalsyfers te vergelyk. Maar hier spring 'n groot moeilikheid dadelik in die oog. Daar is voor 1861 maar net een predikant van 'n Hollandse kerk in Natal. Dit is tog onmoontlik vir die leraar van Pietermaritzburg om so 'n gemeentewyk te bearbei, waarvan die grense saamval met die van die hele kolonie. Die opgawes na 1861 is uiters onvolledig en sekerlik misleidend. Vir 1870 word 'n sieletal van 20 aangegee vir Umvoti-dorp en niks vir die hele distrik nie; dieselfde jaar vertel ons ook in die opsig niks van Newcastle nie. Die beste opgawe is vir 1890. Die veronderstelling wat ten grondslag lê, is dat hierdie lede almal Afrikaanssprekend is. Hier volg die resultaat van die optelsomme volgens die gegewens in die Natalse Blou-boeke saamgestel:

JAAR	1861	1870	1880	1890	1904	
Getal Europeane insluitende St. Helena's...	12,538	17,737	25,271	46,788	97,109	216 Nederlanders
Lede van Hollandse Kerke	1,200	2,500	—	4,650	11,381	¹⁾
% van Hollandse Kerklede : ander Europeane	10,6	16,4	—	10,8	13,3	

'n Mens kan uit die bostaande aflei, dat die Afrikaanssprekende element van die Natalse blanke bevolking voor die aanhegting van die Noordelike Distrikte 'n bietjie meer as een-tiende van die res is, volgens die ledetal van Hollandse Kerke, insover as die opgawe kan vertrou word. Dit sal dus sekerlik geen oorskating wees as ons aanneem dat omtrent 12½ % tot 15 % van die hele bevolking Afrikaans

¹⁾ *De Kondsapper* van Junie 1910 sê 12,536.

as moedertaal gebruik het nie. Daar sal tog 'n hele klompie wees wat nie langs hierdie weg onder Afrikaanssprekendes geregistreer is nie!

Getalsverhoudinge is 'n belangrike faktor om te verklaar in hoeverre daar met reg sprake kan wees van onderdrukking, of verongelyking van algemene regte, en ook, om te sien hoe sterk 'n gedagte of rigting is, hoeveel aanspraak gemaak kan word op die ontvangs van sekere voorregte wat net uit hoofde van die poging om die aanspraakmakers te bevredig, vergun word.

Ons kyk kortliks na die toestand sedert 1902. Dan is twee veranderinge opvallend. Die verhouding slaan oor meer ten gunste van die Afrikaanssprekende deel as voorheen, en dit veral deur die aanvoeging van die in hoofsaak Afrikaanssprekende nuwe distrikte in die Noordweste. Daar is in 1904 naasteby 16 ten honderd Afrikaanssprekendes (bo).¹⁾ Die latere statistieke, veral die uniale van 1918, 1921 en 1926, maak 'n willekeurige onderskeid tussen die twee vernaamste blanke nasionaliteite van Suid-Afrika, na dit my voorkom. Die statistiek vir 1926²⁾ gee ook nie die provinsiale verspreiding van die nasionaliteite nie. Maar baie belangrik word die voorbodes van 'n gestadige verskuiwing van die Afrikaanssprekendes na die stede. Die geleidelike industrialisering van ons land, met groter kans vir die bywoner- en die arbeidersklasse in die nywerheidsplekke, die herhaaldelike stiefmoederlike behandeling van die boer op klein plasies deur droogtes en deur siektes onder die vee en graan, en eindelijk die groter mate van geriewe vir die ryk rentenier op die dorpe en in die stede, veroorsaak dat so baie Afrikaanssprekendes die plaas verruil vir die erf. Dit is ook in ooreenstemming met die algemene rigtings

¹⁾ J. Herschensohn Jnr. gee die getal aan as 1 : 7 blankes. (137). Lesing voor Pietermaritzburgse Lett. en Debatsver., 17/4/09, apart uitgegee in pamfletvorm.

²⁾ *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, en deel IV van die 1926-Sensus, getiteld: *Spreekkennis van Offisiële Tale* (Europeane).

van ontwikkeling in ander lande van die wêreld. Dit is ten opsigte van die Afrikanervolk een van die opmerklike gebeurtenisse, dat hy vandag 'n plekkie in die handels- en fabriekswêreld kom opeis, en so die streke gaan opsoek waar hy sy kragte en talente op 'n nuwe manier gebruik. Van die plaas verskuif die surplus na die dorp en stad. Die bywonertipe verdwyn stadigaan.

Dit is veral opvallend in Natal. Die heer J. S. M. Rabie, vroeër redakteur van „De Afrikaner”, vertel my hoe daar in sy tyd, omstreeks 1905, omtrent 'n halfdosyn Afrikaanssprekende families in Pietermaritzburg was. Die Natalse Boere was nog boere; hulle erwe was plase van groot afmetinge. Hieroor sê prof. G. Besselaar in *Neerlandia* van Mei 1926: „Vijftien jaar geleden (dus so teen die tyd toe die Unie gestig is) telde bijvoorbeeld Ladysmith buiten de pastorie geen Afrikaner gezin, thans bestaat de meerderheid der inwoners uit Afrikaners. Pietermaritzburg had destijds niet meer dan vier of vijf families, tans wordt het aantal daar op 3,000 begroot, met vier Hollandse kerkgemeenschappen en een bloeiend verenigingsleven!...”²⁾ Verder skat hy die Afrikaners op 10% van die blanke bevolking.³⁾ In Durban, waar eers in 1918 'n gemeente

¹⁾ „Unie van Suid-Afrika”.

²⁾ Ook *Die Afrikaner* van 2/7/1926.

³⁾ Na aanleiding hiervan skryf S.Ed. minister Jansen: „Ek dink nie dat dit heeltemal juis is om te sê dat daar in 1905 maar net 'n half-dosyn Afrikaanssprekende families in Pietermaritzburg was nie. Dit was wel die geval op die omliggende platteland maar nie in die stad nie. As bedoel word die meer goeiede klas mense, dan ook is dit nie ver verkeerd nie, maar daar was 'n aansienlike aantal families van Afrikaanssprekende mense wat nie „welaf” was nie. Wat Ladysmith betref het ek geen persoonlike kennis nie maar ek dink tog dat dit te veel geseg is dat daar buite die Pastorie geen Afrikaanssprekende gesin was nie. Ek weet dat vroeg in die neëntigerjare daar enkele Afrikaanssprekendes op die dorp gewoon het. Ook twyfel ek daaraan of die meerderheid van Ladysmith se inwoners nou uit Afrikaners bestaan. Die aangroei van die Afrikaanssprekende dorpsbewoners in Natal was te wyte aan die groot getalle mense wat van ander Provinsies ingetrek het. Die trek het begin toe Mnr. Rabie nog in Natal was en hy het die mense genoem „Die nuwe Voortrekkers”.”

van die Nederduits-Gereformeerde kerk gestig is, is vandag (1928) tussen 5,000 en 6,000 Afrikaanssprekendes. So seldsaam was dit om in die strate van Natal se twee hoofstede Afrikaans te hoor praat, dat die mense jou as 'n vreemde verskynsel aangestaar het, en gedurende die Wêreldoorlog kon so iemand versekerd gewees het van die eer om met 'n nuwe beroep gekrediteer te word: „A German *spy* in a British Colony”.

Die Afrikaanssprekendes in Durban, Pietermaritzburg en in ander Natalse dorpe kan onder die hoofgroepe ingedeel word: ryk renteniers, hulle vorm 'n baie klein groepie; professionele persone, w.o. onderwysers, ook maar nog 'n Danielsbende; staatsamptenare en arbeiders op die spoorweg, in fabriek en nywerhede. Die laaste twee groepe vorm seker 90 ten honderd of meer van die Afrikaanssprekendes in Natalse stede en dorpe. Die siviele amptenare is grotendeels persone wat 'n klein maandelikse salaris ontvang. Nou is dit opvallend, dat die oorgrote meerderheid van stedelike Afrikaanssprekendes swak kapitaal- en kultuurkragtiges is. Al is die getal soms betreklik groot, as in aanmerking geneem word dat byna al hierdie persone nuwe inkomelinge is, dan is hulle as ongeorganiseerde enkelinge vandag nog 'n betreklike swak bate vir die Afrikaanse taal- en kultuursak. Die groot gros ontvang bevele, moet na die oë van die base kyk, en dié is selde Afrikaanssprekend. Hulle wil moet wees die van die baas gedurende werkure, en dit is soms ook die geval in rusure!

Tog is hierdie aanwins nie sonder groot moontlikhede vir die toekoms nie.

Die slotsom is dat die Afrikaners numeriek sterk toegeneem het in die stede, en ook 'n bietjie op die platteland. Nou sal ons nagaan hoe die Hollandse, wat later uitloop op alleen die Afrikaanse, taalsak gegroei het. Want dit is seker dat die getalle-aanwas bevorderlik is vir die eise insake taalgelykstelling; dit is die latente krag waarop die propageerders gesinspeel het as hulle van die maghebbers hulle volksregte kom opeis het.

Getalle beteken nog lank nie alles nie, en getalsverhoudinge is in kultuursake nie 'n faktor wat verkeerd mag verstaan word deur dit matematies geldig te wil maak soos in lengtebepalings nie. 'n Voorbeeld: Volgens Colenbrander is $50\frac{2}{3}$ persent in die bloedmenging van die Afrikaanse volk teen 1806 Nederlands,¹⁾ of volgens die gewysigde persentasiewe syfer van drs. D. B. Bosman en Geyer, 53 %.²⁾ Maar die taal, nasionale, kerklike en algemeen-kulturele tradisie van die hele gemeenskap is byna suiwer Hollands.³⁾ Waar logika volgens matematiese sillogisme die invloed op 53 % gaan stel, wys die werklikheid dat dit veel hoër is, sê 'n 90 %. Dieselfde geld vir die syfers oor die bevolkingsverhoudings bo aangehaal, naas ander faktore soos geografiese verspreiding. As 'n honderd Afrikaners bymekaar woon tussen eenmiljoen Engelse, is daar groter moontlikheid vir taalbehoud as wanneer hulle taamlik eweredig onder die res verdeel is. Die Franse Hugenote in Suid-Afrika lewer 'n bewys op. Eindelik, al is hier geen enkel Engelsman in Natal nie, dan nog hang die invloed van die Engelse kultuur nie noodsaaklik af van die getal verteenwoordigers daarvan hier te lande nie. Die handel, die letterkunde en ander kultuurgoedere soos die lied, selfs maar op grammofoonplate, sal invloed uitoefen, omdat die Engelse invloed nie aan Natalse Engelse gebonde is nie. 'n Mens hoef net aan Engelse leenwoorde, soos in verband met die autohandel, in Nederlands, Duits, Frans en ander kultuurtale te dink.

Hoe dit sy, al hang die betekenis van bevolkingsgetalle in verband met kultuur gebring, van so baie faktore af, die getalle het hulle waarde om te wys hoe sterk die element of elemente is wat reg het om aanspraak te maak op 'n plekkie in Gods wye wêreld waar hulle tuis en gelukkig kan voel, waar die owerhede hulle so moet of behoort te

¹⁾ Colenbrander, *Afkomst der Boeren*, veral p. III.

²⁾ Bosman: *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, I, iv. pp. 206 e.p.

³⁾ Boshoff: *Volk en Taal van Suidafrika*, p. 120.

laat voel. Dit geld in die hoogste mate vir die Afrikaanssprekende minderheid in Natal, wie se voorouers die mag van die barbaardom gebreek het, barbaretrou gewen het, die grond gebraak en beplant het, 'n nuwe geloof en 'n ander leefwyse gebring het — wat Natal vir die Europese beskawing gewen het.¹⁾ Die Afrikaanssprekende het die reg van 'n eersgeborene in Natal.

¹⁾ Voor die Rotariërsklub in Pietermaritzburg het prof. Cory in Maart 1929 gesê: „If ever a people earned the land by their blood, the Voortrekkers did that for Natal!”

HOOFSTUK II.

Die Stryd tot 1900.

Sir George Cory wys daarop ¹⁾ hoe 'n mens by die studie van die Voortrekker-geskiedenis getref word deur die gebrek aan organisasie en deur die aanwesigheid van 'n eenheid van doel onder die Trekkers. „Beyond that of getting as far as possible from British influence, there was no general plan or concerted action.” Die negatiewe aspek, weg van die politiek van Downing-sstraat, het verreweg oorheers. Die verset het bepaald nie teen die mens Engelsman gegaan nie, en stellig ook nie in 'n sterk mate teen die Koloniale Engelsman nie, maar wel teen die politiek wat die lewe en besitting en daarmee die ras in gevaar gebring het. Aan die positiewe kant weer het die Trekkers 'n onmiskenbare neiging openbaar om, waar die ander, die oligargiese owerheid, faal om die land goed te bestuur, self die roer van sake in hande te neem en die stem van die volk te laat besluit, die volk se raad! „Die eerste demokratiese wetgewende liggaam in Suid-Afrika dateer van die vergadering van die eerste Voortrekker-Volksraad van 2 Desember 1838, onder Potgieter.” ²⁾ Die Natalse Volksraad dateer van 17 April 1837, toe Retief tot Kommandant-Generaal uitgeroep is. ²⁾

Hierdie mense is dan, soos blyk uit hulle trekbeweging, gekant teen die Engelse politiek en regering. Dit het hulle

¹⁾ Sir Geo. E. Cory, M.A., D.Litt.: *The Rise of South Africa* (London 1926) Deel IV, p. 1.

²⁾ E. G. Malherbe: *Education in South Africa*, p. 181, en Preller: *Voortrekker Wetgewing, 1839—1845*.

een van sin gemaak. Ander bindende faktore is die gemeenskaplike spreektaal; dieselfde God en Godsdienst wat hulle bely het as Protestante, as *getuies* onder die barbare; ¹⁾ hulle tradisie en nie minder nie: die algemene gevare onder wilde diere en barbare. Soos 'n Israëlitiese kolonne deur die woestyn weg van 'n Farao na Vryheid, het die Trekkers hulle weg voortgesit.

Dat daar, om hierdie innerlike en uiterlike redes, onder die Trekkers 'n sterk gevoel van saamhorigheid geheers het, sal niemand bevreesd nie. As 'n groep wat teenoor die barbaarse swart nasies en kort daarop teenoor die Engelse moes stry vir hulle lewe en vryheid, moes daar altyd genoeg dryfvere gewees het om hulle te laat saamstaan. In die verband is een van die belangrikste besluite deur die Trekkers geneem die bepaling wie ware burgers van die land Natal en die republiek Natalia is; 14 April 1841 is dit deur die Volksraad neergelê en lui: „All South African Dutch farmers, at present residing within the limits of this Republic.... and all strangers” (sic!). ²⁾

Die nuwe regeerders moes dus deeglik kennis neem van hierdie gesindheid, en Haar Majesteit se Kommissaris, Henry Cloete, het dit ook gedoen. Sy eerste instruksie is ook baie duidelik: „There shall not in the eye of the law be any distinction of colour, origin, language or creed....” (kort na die vryverklaring van die slawe!) Hier is 'n waarborg vir die Trekkers in onbewimpelde taal; hulle eie spraak word duidelik bestaansreg toegeken. Dade en besluite wys hoe letterlik die Trekboere hierdie instruksie verstaan

¹⁾ Interessant en leersaam in verband met hulle godsdienst is twee inventarisse van boekkladinge vir J. Bergtheil, handelaar in Pietermaritzburg. In V.R. XIII, 71 en 86 vind ons die volgende lyste: 10 Brakel: „Redelijke Godsdienst”; 26 Melli: „Lust der Heiligen in Jahweh”; 26, „Donderslag der Goddelozen”; 8, v. d. Kemp: „Over de Catechismus”; 100, „Hellenbroek”; 40, Smijtegeld: „Twee viertal leerredenen”; Lodenstein: „Geestelijke Opwekking”; en enige Bybels en Nuwe Testamente.

²⁾ Eybers, *Documents*, No. 103, p. 162.

het. Toe die Volksraad in 1843 ver wag het dat die Britse Regering die beheer van die landsake binnekort gaan oorneem, het hulle op 'n vergadering van 4 September wenke aan die hand gegee vir die toekomstige bestuur van die land op 'n republikeinse grondslag en H.M.K. Henry Cloete versoek om die aanbevelinge na Engeland deur te stuur. Die taalgelykheid moes in sekere gevalle sterk deurgevoer word. In Artikel 7 word vasgestel wie nie lede van die voorgestelde Raad kan wees nie, o.a. „one unable to read and write the English and Dutch languages”, en vir die hof stel hulle voor dat die taal Hollands sal wees tensy die meerderheid van die inwoners Engels is.¹⁾ As onthou word dat die blanke inwoners nog byna almal van Hollandse afkoms is, dan sal die billikheid van hierdie voorstelle ingesien word.

Maar van hierdie wenke het niks gekom nie, daar die kolonie aan die Kaapse bestuur ondergeskik gemaak is.

HOLLANDS IN: (a) DIE HOF.

Toe die Britse Regering so lank draai om sake in die nuwe koloniale aanwins te reël, het die vertroue onder die inwoners, byna almal Hollandssprekend, weer toegeneem. In Augustus 1844 is 'n nuwe Volksraad gekies daar die dienstryd van die oue verstryk was. By die bymekaarkoms van die nuwe lede het die meeste geweier om die eed van getrouheid te neem en nie gemeen dat hulle gebind is deur die daad van oorgawe van hulle voorgangers nie. Die ou Volksraad is toe weer as herkies verklaar, maar ook onder hulle was daar 'n paar onwilliges.²⁾ Hierdie moeilikhede is stadigaan verwyder met die skikking van die kwessie van Natal se distrikskap.

Onder die nuwe reëling het die Wetgewende Raad van die Kaapkolonie Hollands-Romeins-Reg as die fundamentele

¹⁾ Eybers: *Documents*, No. 107, Cory, IV, bl. 185, Theal, II, p. 391, ens.

²⁾ Theal, II, p. 398.

wetstelsel vir Natal vasgelê (27 Augustus 1845), en naderhand enige wysiginge aangebring, b.v. vir persone in Engeland gebore insake die bemaking van eiendom aan die nageslag, e.d.m. Dit het vir byna al die Hollandse inwoners bevrediging gegee, dat die betwisbare punt van die regspleging in hierdie distrik so afgehandel is. Maar dit is net natuurlik dat die Kolonie op eenvormigheid mik en daarom sake hier so gereël het soos dit by hulle is. Wat die taal betref, is daar geen noodsaak vir spesiale bepalinge nie, want ook hier is ipso facto die bestaande Kaapse gebruik heelhuids oorgeneem, of ingevoer. Volgens daardie bepalinge is alleen Engels die taal vir die Hooggeregshof en die distrikshowe sedert 1828.¹⁾ Waar die blanke bevolking toe omtrent 100 Afrikaners teenoor 5 Engelse tel, is die skikking seker nie bereken om die onderdane te paai wat genoeg aan onderdrukking van die aard gehad het nie. Enigsins versagtend in sy bedoeling is in ordonnansie no. 14 van 1845 (gedateerd 16 Oktober)²⁾ vir die instelling van 'n Distrikshof in en vir die Distrik van Natal, die bepaling dat niemand net om sy onkunde van die Engelse taal as jurielid sal gediskwalifiseer word nie. Maar die Hollandse taal is van die begin af uit die Natalse Howe verban. Dit bly dus nog altyd 'n vraag hoe die wetgewers hulle die praktiese uitwerking van bostaande bepaling voorgestel het. Dit is wel 'n toegewing volgens opdrag no. 1 aan H.M.K. Henry Cloete verstrekkend (bo), maar seker nie een waarvan ooit gebruik gemaak is nie.

Duidelik weer is die plek van Hollands aangegee in 'n Ordonnansie³⁾ (no. 16 van 1846, gedateerd: April) deur die Goewerneur van die Kaapkolonie uitgevaardig om Resident-magistrate aan te stel in die Distrik Natal. Volgens artikel 20 hiervan moet alle vonnisse, dokumente, ens.

¹⁾ Vgl. my artikels oor „Taal tirannie” in *Ons Vaderland*, 22 Mei 1929 e.v.

²⁾ Eybers, *Documents*, no. 137, p. 329.

³⁾ Dies., no. 107, p. 233.

in Engels wees. Onder die eie plaaslike Regering sedert 1857 is dieselfde politiek voortgesit. Daar is reeds op gewys dat 'n Wetgewende liggaam toegestaan is toe die Engelse in getalle¹⁾ die oorhand gehad het. Een van die eerste besluite van die nuwe Regering, wat plaaslike toestande behoort te ken, is geformuleer in wet no. 10 van 1857 oor Hoër en Rondgaande Howe. Ordonnansie no. 14 van 1845 word herroep met sy toewysing insake die aangehaalde bevoegdheid vir 'n jurielid. In artikel 29 word Engels as hoftaal op die troon gesit. Deur wet no. 39 van 1896 is die vorige wet teruggetrek. In 'n artikel hiervan lees ons o.a. „The pleadings and proceedings of the said Supreme Court shall be carried on, and the sentences, decrees, judgments and orders thereof pronounced and declared in the English language and in open Court, and not otherwise....”²⁾

Dus, gedurende die bestaan van die Republiek van Natalia en byna deurgaans gedurende die Volksraad-interregnum voorafgaande aan die aanbidding van Natal aan die Kaapkolonie, d.i. vir 'n tydperk van 'n bietjie oor die vyf jaar, is die Hollandse taal in die kantoor van Landdros en Heemrade in alle regspleging gebruik, en daarna is dit deur Engels as hoftaal geheel en al in alle howe (Hoër-, Rondgaande, distriks- of magistraatshowe) vervang.

'n Heel beskeie plekkie het Hollands ingeneem as taal waarin persone getuienis aflê of waarin 'n klein groepie in die Boeredistrikte aan die resident-magistrate geskrywe het. Ons lees herhaaldelik in die regeringskorrespondensies oor die aanstelling van vertalers. Een van die eerstes vir Natal en vir Pietermaritzburg is die heer Charles Etienne Boniface.³⁾ Die tolke moes die getuienisse van die persone

¹⁾ In sulke gevalle word altyd bedoel dat die Naturelle- en Koelie-bevolking uitgesluit is.

²⁾ *Statutes of Natal, 1845—1899*, compiled and edited by R. L. Hitchins, and revised by G. W. Sweeney, 1900, Dl. 1, Courts (Supreme), p. 7.

³⁾ Vgl. my artikels oor hom in *Die Afrikaner* van 6/7/1928 e.v. en in *Ons Vaderland*, 13/6/29 e.v.

wat net Hollands ken of Engels baie sleg praat in Engels oorbring, en weer in Hollands waar nodig vir die informasie van die betrokke persoon. In die praktyk werk dit dikwels langs 'n ompad; 'n persoon lê 'n verklaring in Hollands af, dit word in Engels opgeneem en in 'n vertaalde vorm weer aan hom voorgelees voor hy dit onderteken.¹⁾ In hierdie opsig word Hollands gelykgestel met Soeloe, Tamiel en Duits. Dat die Boere hierdie reëling nie altyd goedskiks gadeslaan het nie, lê voor die hand. Daar word aan die Luitenant-Goewerneur bv. verslag gedoen van 'n vergadering van 45 Boere, gehou in Umvoti op 26 November 1851. Hier is die ontevredenheid gelug oor die versuim om gevolg te gee aan die beloftes wat die Regering gedoen het t.o.v. die behoud van die Hollandse taal, en wat by monde van Sir Harry Smith weer bevestig is. Dit blyk duidelik dat daar mondeling bepaalde beloftes insake die Hollandse taal in regeringskantore in Natal gedoen is. 'n Resident-magistraat moet aangestel word, maar dit moet iemand wees „speaking their own language”.²⁾

Die tuig van die taalreëlings het dus hard geskawe. Dit moet ook onthou word dat die magistraatskantoor gewoonlik die kanaal is waardeur die Boere in aanraking met die Regering kom.

Vir eentalige Engelse magistratsamptenare het die Hollandse briewe van sommige Boere partykeer baie hoofbrekens gegee. Hier het die amptelike vertaler altyd gehelp. Van staatsweë is egter goedgevind om aan hierdie gewoonte om Hollandse korrespondensie met 'n klein minderheid te voer, stop te sit. Dit het byna 'n kwarteeu na die oorname van Natal deur die Britse regering en na twaalf jaar van selfbestuur plaasgevind. Die Goewermentskennisgewing no. 56 van 1869 lui:³⁾ „His Excellency the Lieutenant-Governor directs it to be notified for general information

¹⁾ Saak van John Chester vs. Piet Klaas in N.W. 13/10/51.

²⁾ C.O. 25, no. 165.

³⁾ G.N. Deel XXII, p. 70.

that for the future in the Country districts in which there is no Dutch Interpreter attached to the Magistrate the Government cannot undertake to translate letters written in the Dutch language, and that if such letters cannot be understood they will be returned to their writers for translation." Dit is getekend deur D. Erskine, Koloniale Sekretaris.

Van belang is hier die onverskillige houding van die regering. Dit is opmerklik dat die kennisgewing die „country districts” geld, waar die Boere-element soms net so sterk is as die Engelse, byvoorbeeld in Kliprivierafdeling. Volgens die leer van politika moet die regering die belange van die publiek behartig na die beste van sy vermoë. As die publiek boonop nog belasting betaal, dan het hulle 'n stem in landsake. Die groot beginsel van 'n goeie regering is: Bestuur vir die welsyn en gerief van die volk. Volgens bostaande bepaling is die Hollandse publiek daar vir die welsyn en gerief van die eentalige Engelse amptenaar en vir die regering. Dit is verder opvallend dat daar nêrens poginge aangewend word om tweetalige amptenare vir die Boeredistrikte te kry nie. Ons gebruik die term „Hollandse publiek” met opset. Kort hierna word aansoeke ingewag vir die pos van vertaler „in the Kaffir language, to a Resident Magistrate” teen 'n jaarlikse besoldiging van £150,¹⁾ en effens later, van 'n vertaler in die koelietaal teen £60 per jaar.²⁾

Dit is tog duidelik dat sulke kennisgewings soos die van 1869 'n eenaardige uitwerking op die Boeremense moes hê. Die klagte van hulle is nie goed in Hollands nie, wel in Engels. Die een taal ken hulle, die ander nie. Daarom moet hulle swyg, omdat hulle Hollands praat, as hulle nie 'n middel gebruik wat hulle nie kan en nie ken nie. Dit werk tog duidelik 'n neiging in die hand om hulself as vreemdelinge in Natal te beskou, net goed genoeg vir

¹⁾ G.N. Deel XXVII (27), p. 220, Notice no. 196 van 1874.

²⁾ Notice No. 218 van 1875.

belastingdoeleindes. Dan is hulle verder geneig om in staatsake soos 'n skilpad kop-in te trek en om afgesonderd op die plase te woon waar hulle soos koninge kan lewe, nadat die belastings betaal is.

(b) DIE STAAT.

Toe die Boere nog die leisels in hande gehad het, is alleenlik Hollands in die Raadsale gehoor. Sedert 1845 het dit totaal padgegee. Die Luitenant-Goewerneur en sy amptenare is almal eentalige Engelse. In die hoogste en invloedrykste kringe is Engels dus alleenheersend. Hier sit ook die kapitaalkragtige here. Die kolonie is as 'n Britse besitting beskou, en gevolglik het die heersende klasse ook in die gees gedink en gehandel. Daar is in die toeganklike bronne geen aanduiding van die feit dat die gesaghebbendes ooit probeer het om die Boeretaal aan te leer nie. Tog het hulle heelwat van die wette en bepalinge wat die Boere raak, laat vertaal in Hollands. Tot in 1849 het party kennisgewings gereeld tweetalig in die twee koloniale nuusblaie verskyn, maar met die ondergang van *De Patriot* het die *Natalsche Getuige* al minder en minder in belang van die Afrikaanssprekendes getuig. Nog was daar persone wat gekla het dat hulle van sommige besluite insake grondbesit niks geweet het nie, deurdat die net in Engels verskyn het.¹⁾ 'n Sekere S. W. v. d. Merwe het twee briewe²⁾ kort op mekaar hieroor geskrywe en gekla dat hy en ander al baie skade deur die manier van kennisgee gely het. Die persoon wat sy briewe moes vertaal, kon gerus langer skoolgegaan het! Langs die weg om sulke kennisgewings ook in Hollands bekend te maak sal die Regering „prevent a great deal of mistake”!

Na die uittog van so baie Boere in 1848 het die wette in Hollands ook ge-exodeer; ons vind die Regering vanaf

¹⁾ „Oorspronklike Grondbriewe is in albei tale uitgereik” (min. Jansen).

²⁾ C.O. 14; 91 en 97.

1857 selfs bepaaldelik teen Hollands. Die stryd hieroor teen die einde van die eeu word later behandel.

(c) DIE SKOOL, TOT 1887.

Die Trekkers, wie se Hoop God was, die Toeverlaat in die gedurige gevare tussen wilde mense, wilde diere en 'n wilde natuur, het dan ook as die hoogste roeping van die onderwys beskou die voorbereiding om die openbaring van die wil van God ten opsigte van die mensdom self te kan lees en verder om te kan belydenis doen as lede van die Kerk, die gemeenskap van heiliges op aarde. Onderwys was dus veral godsdiensonderwys, en die dosente was die ouers self of 'n „Catechiseermeester”. Die medium van onderwys was Afrikaans of 'n „stertjie-Afrikaans”,¹⁾ soos nog lank deur die „Dietse Sappe”¹⁾ na 1918 gebesig is. Met die koms van die Kaapkoloniale administrasie word 'n duidelike skeiding merkbaar: die skool in die stad (dorp) en op die platteland.

Die term „stad” is natuurlik toe nog 'n eufemisme vir Durban en Pietermaritzburg, laasgenoemde se bevolking het in 1850 maar 1,397 siele, klein en groot, getel.²⁾ Dit is belangwekkend om die skoolwese in die Natalse hoofstad vir die eerste paar jaar kortliks te omlyn, en op die 8 vakke te let, veral daar niemand dit totnogtoe gedoen het nie. Mej. Olivier (later mevr. Louis Nel) het toesig oor die eerste klein skooltjie gehad. Genl. Joubert het sy eerste onderwys hierin ontvang.³⁾ Daarnaas was daar nog 'n paar katechiseermeesters,⁴⁾ en privaat-onderwysers. Na 1845 word die nadruk op Engels gelê in die privaatskole en ook in die later gestigte staatskool. Dr. E. G. Malherbe gee die datum vir laasgenoemde aan as 1848,⁵⁾ maar volgens

¹⁾ Langenhoven se terme.

²⁾ *Natal Witness*.

³⁾ Malherbe, p. 183 v.n.

⁴⁾ Malherbe, ald., Preller, *Voortrekkersmense*, I, p. 135.

⁵⁾ Malherbe, ald., p. 184.

die *Natal Witness* in sy by-inleidingsartikel van 16 Februarie 1849 is dit eers die volgende jaar geopen, toe 'n lid van die Kommissariaatstaf, die heer J. D. Marquard, later scribe van sy gemeente, die Nederduits-Gereformeerde kerk van die stad en van Natal, as die eerste onderwyser verwelkom is. In hierdie skool, wat gehou is in 'n gebou op erf no. 16, Langmarkstraat en wat van Mckenny en Murphy gehuur is teen £75 per jaar,¹⁾ is waarskynlik die Kaapkoloniale skoolrooster van werksaamhede ingevoer, met Engels as leervak en voertaal, net soos in die ander regeringsskool in Durban (1849).

Onder die privaatskole noem ons die volgende. In 1846 was daar drie: die van Boniface,²⁾ waar veral Hollands en Frans gedoseer is, driemaal per week;³⁾ die naaiskool van mevr. Lundie, vrou van mnr. John Lundie; sy onderneem om in haar woning, no. 23, Pietermaritzstraat, die kinders van die ouers wat dit wens ook te leer: „Reading, writing, etc. in the English language”,⁴⁾ en eindelik die van mnr. Jackson („just arrived from the old colony”) en mnr. Lezar in die huis van A. Pistorius, Pietermaritzstraat.⁵⁾ Hier is Engels weer die hooftaal. In 1848 het weduwee mevrou W. Lang ook 'n dagskool in Kerkstraat geopen. Hoeveel skoliere hierin opgelei was, kon ons nêrens uitvind nie, en ook nie hoelank die skole hulle verheug het in 'n voordelige bestaan nie. Hoe dit sy, ons hoor telkens weer van nuwes. Mevr. Watts adverteer haar skool in Kerkstraat 'n paar keer gedurende 1849 en 1850.⁶⁾ Mnr. Phipson, wat 'n taamlike rol in 'n paar mislukte ondernemings gespeel het, het waarskynlik die eerste aand-skool vir die jeug geopen om hulle vol te stop met Engelse

¹⁾ *Natal Witness*, 7/4/'48.

²⁾ Sien my artikels oor hom.

³⁾ *Natal Witness*, 12/6/'46.

⁴⁾ *Natal Witness*, 12/6/'46.

⁵⁾ *Natal Witness*, 6/11/'46.

⁶⁾ *Natal Witness*, 18/4/'49, 9/1/'50, ens.

grammatika, aardrykskunde, lees en reken, saam met Frans, Latyn, Grieks, Hebreeus en Matesis, indien dit verlang word. Hy is dan ook iemand „having been accustomed to tuition in England”.¹⁾ In die jaar kondig nog 'n mevr. Oekermann van Pietermaritzstraat die opening aan van 'n naaldwerkskool vir jong dogters, met ander skoolvakke. Die volgende jaar is 'n ander en ernstiger poging aangewend in belang van die jong dogters van 5 tot 15 jaar, toe mevrou en mejuffrou Robinson 'n *English School* hier geopen het waar alle vakke behalwe Hollands gedoseer is.²⁾ Die seuns is versorg geword deur mnr. W. M. Wood³⁾ van Antwerpe in die Congregational Meeting House, maar Hollands ontbreek in die leerplan. Dit is ver genoeg om die gestadige verbanning van Hollands uit die stedelike private seuns- en meisieskole en uit die staatskole te sien. Opvallend is die baie privaatskole. Hulle het die regeringskool aangevul (naaldwerkskool) of geopponeer. In 1851 het mevr. en mej. Barrett selfs 'n dagskool vir jong meisies *teenoor* die staatskool geopen. Hulle het onderwys gegee „in every branch of a sound English Education”. In verband hiermee is ook 'n koshuis geopen, waarskynlik die eerste vir Pietermaritzburg. Die Kaapse regering het die saak van onderwys hier nog nie ernstig aangepak nie, en private persone kon dus hulle onderneming met sukses voortsit. Maar na die eie sake in eie hande gekom het, is ook hierdie werk nie langer afgeskeep nie. Die Uitvoerende Raad van Natal het 'n gekose komitee aangestel (1857) om die toestand van onderwys in Natal te ondersoek en daarvoor verslag te doen.⁴⁾ Nou sal die Regering na aanleiding van die aanbevelinge ook die skool na die platteland gaan bring, en ook die Boere gaan help met die opvoeding van hulle kinders. In die tussentyd het onder hulle nog maar die

1) *Natal Witness*, 4/6/'49, ens.

2) *Natal Witness*, 21/6/'50.

3) *Natal Witness*, 25/2/'50, en 24/5/'50, ens.

4) Govt. Notice No. 22 van 1858.

ou toestande voortgeduur. Hier en daar is tot die regering vertoë gerig om Hollandse predikante en Hollandse onderwysers te laat uitkom. Op die reeds genoemde vergadering van 26 November 1851 in die Umvotidistrik het die Boere protes aangeteken teen die verwaarlosing van die onderwys van hulle kinders. Hulle vra nou 'n skoolmeester, bekend met Hollands, en 'n predikant.¹⁾ Luitenant-Goewerneur B. C. C. Pine vertel in 'n missiwe, gedateerd 9 Augustus 1851, dat hy die Boere in die Kliprivier-afdeling gaan besoek het en dat hulle vergader het om hulle griewe voor hom te bring. Naas die begeerte om die moeilikhede met die kaffers opgelos te kry was hulle vernaamste wens om geestelik bearbei te word en 'n „meester” vir hulle kinders te kry. Tussen duisende barbare en heeltamal afgesonderd van die beskaafde wêreld, kom die versoeke uit die diepte van die hart vir die laafnis van die beskawing. Iemand wat nie weet hoe stadig 'n ossewa kan gaan, hoe moeilik dit voortsukkel in 'n ongebaande wêreld, hoe groot die afstande na die Baai is en hoe dunbevolk die streke, het nouliks 'n flou besef wat afsondering in 'n bergagtige land met sy riviere sonder brûe beteken. Daarom is die geroep na geestelike en verstandelike bearbeiding 'n noodgeskreeu om behoud van die Kliprivierse Christendom in swart Natal. Vir my is dit veel minder 'n aanklag teen die Boere dat hulle hul taal wou prysgee, as wel 'n bewys hoe sterk hulle die behoefte aan geestelike brood gevoel het en die hoogste amptenaar wou vlei, veral om die aangeduie motief, toe hulle eenparig besluit in antwoord op Pine se vraag of hulle 'n Hollandse of Skotse predikant wou hê, om vir die laasgenoemde te vra, want hy „would be able to superintend the instruction of their children in the English language”.²⁾

Dit sal nog lank duur voor aan hierdie wense gevolg gegee word. 'n Sekere Hollander, 'n heer Stuart, stuur eindelik aan die einde van die jaar (1851) 'n memorie aan

¹⁾ C.O. 25, no. 165.

²⁾ G.H. 50, no. 106, 20.

die Koning van Holland deur die bemiddeling van die koloniale sekretaris. Hierin pleit hy vir die benoeming van 'n Nederlandse konsul vir Natal, want „in the absence of a fixed Nederlands Consulate they (the Dutch Settlers) have in vain exerted themselves to obtain fit Dutch ministers and teachers”.¹⁾ *Dutch* sien hier op die taal en nie noodwendig op die nasionaliteit nie.

Die Boere was nooit onverskillig oor die opvoeding van hulle kinders nie. Solank as dit moontlik is help hulle hulself. 'n Paar span saam en huur 'n rondtrekkende meester. 'n Voorbeeldige groepie om selfs die owerhede te beskaam, is die Boere. Toe die klompie van Umvoti tevergeefs geprotesteer het, het hulle positief opgetree, en in die begin van 1855 het die Afrikaners die hoeksteen van 'n skoolgebou laat lê.²⁾

Maar die staat het dan eindelijk kom help. As gevolg van die aanbevelings van die Gekose Komitee is in 1859 Robert James Mann, M.D., F.R.A.S., aangestel as Superintendent van Onderwys. 'n Nuwe tydperk breek aan. Daar sal nou ernstig gepoog word om die hele land Engels te laat leer. In die tweede deel van artikel 9 uit die verslag van die gekose komitee wat vir die Superintendent van Onderwys (S.O.) as gids moes dien, is vasgelê, dat die komitee „distinctly recommend that it shall be compulsory on the schoolmasters to devote part of the time of tuition to English teaching”.³⁾ Nou is daar 'n oulike skema uitgewerk om die bepaling ten strengste toegepas te kry. Waar dit moontlik is, word vaste staatskole opgerig. Dit geld veral van die dorpe. Verder sal daar rondtrekkende onderwysers wees, om in die dunbevolkte plattelandstreke 'n paar leergierige kindertjies saam te hok, hulle à l'anglaise te beskooldmeester, om na 'n tydjie 'n ander wyk te gaan besoek.

¹⁾ G.H. 50, no. 124, pp. 264—5.

²⁾ G.H. 5, 28.

³⁾ G.N. 28 v. 1858.

Die skema om Engels orals te laat deurwerk, kom op die volgende hoofpunte neer:

- a. Salariëring van onderwysers.
- b. Vakke.
- c. Engelse onderwysers.
- d. Inspeksie en eksamens.
- e. Engeland se invloed op die skoolstelsel van Natal.

Dit sal wenslik wees om net op die houding van die Boere ten opsigte van die staatskole te let, sover as dr. R. J. Mann dit in sy eerste jaarlikse verslae voor die strenge toepassing van die anglisasie-skoolpolitiek laat uitkom. Dr. Mann is as medikus waarskynlik minder bevooroordeel as baie ander persone wat nie met die breë massas in aanraking kom nie. Hy het simpatiek teenoor die Boere gestaan en het probeer om hulle te verstaan. Dit sal nodig wees om hier en daar 'n paar aanhalinge te doen, om te laat uitkom hoe hy hulle leer ken het in hulle opvattinge oor skoolsake.

Sy algemene getuigskrif van die Boere vind ek vereers belangrik genoeg om neer te skryf, veral daar dit goed bewys *waarom* baie van hulle later afsydig van die skool gestaan het, naamlik nie omdat hulle teen die skool was nie, maar teen die gees wat daarin geheers het. Dr. Mann sê: „Upon the whole I found the Dutch farmers much more approachable than I had expected. They invariably listened to all I had to say with patience and attention and often with deference and respect. In every case they evinced a marked desire to meet me and converse with me on matters connected with the schools. Many of them are men of natural shrewdness and sagacity. As a class the Dutch farmers are not without prejudice and suspicion, but I believe they are very ready to appreciate common-sense reasoning and frankness.”¹⁾

¹⁾ G.N. no. 12, 1859, p. 4 b.

Toe hy deur die land gereis het, het hy twee seksies onder die Boere gevind. Daar is die wat liewers niks te doen wil hê met die staatskole of ondersteunde skole nie. Van almal met wie die S.O. gepraat het, is hulle, na ek uit sy verslag aflei, ver in die minderheid. (4b.) Dit skyn asof daar twee redes vir hierdie houding bestaan het, een openlik en een bedek. Daar is vereers die sluimerende vrees onder die koloniste „that the government volunteers to educate the children for some purpose of its own”. Die regering het klaarblyklik nog altyd nie die vertrouwe van ’n deel van die Boere nie — dit gaan vir baie maar moeilik om te vergeet hoedat ’n sekere deel van hulle geskiedenis met hulle eie bloed in die geskiedrolle opgeteken is. Verder was daar nog ’n kleiner seksie wat beslis geweier het dat hulle kinders moes Engels leer. Hulle kan ook sorteer onder die wat die eerste rede aangee. Hier word posisie ingeneem. Dr. Mann rapporteer dat hy hierdie besware *byna altyd* oorkom het deur die aanvoering van twee bewysgronde vir die noodsaaklikheid van Engels: 1. Daar is meer Engelse skoolboeke as Hollandse skoolboeke, en „secondly, on account of the Superintendent being an Englishman”. Dit het eintlik baie min „met die prys van eiers te doen”. Die nasionaliteit van ’n ampsdraer bepaal die medium van instruksie vir kinders van ’n ander nasionaliteit, en oorwin ’n ingewortelde antipatie! Die menigte swig goedsmoeds vir één in weerwil van die deurgestane! Dan kon die besware wat „almost invariably” so verwyder is, nie ernstig gewees het nie! Maar miskien was dit diplomatie om nie daarop te wys dat die regering Engels is nie — daarvan het die koloniste genoeg gehad! — en om dit liewers as ’n persoonlike saak voor te stel, *sy* belang in die onderwys van *hulle* kinders en dat hulle hom so ’n ekstra-bewys gee van hulle erkentlikheid. Ek glo stellig dat dit die politiek van hierdie simpatieke mensekenner, maar ook getroue staatsdienaar, was. Trouens, die Boere was al te begerig om hulle kinders te laat onderwys, en ’n bietjie Engels by kon geen skade doen nie. So verstaan ons ook die ander groot groep wat baie meer

volgsaam was. Hierdie klas van gewilliges sertifiseer die S.O. as „the more intelligent Dutch farmers”. Hy vertel nie eintlik hoe hy hulle intelligensie getoets het nie, maar miskien het dr. Mann van sy kant gedink dat hierdie groep aanmoediging verdien, en waar hy sy taak ernstig opgevat het, wil hy graag ook die owerhede gunstig stem. Van die mense van hierdie volgsame gesindheid hoor ons ook dat hulle gesê het „they prefer an Englishman who could teach Dutch to a Dutchman who could teach English”.

Die positiewe resultaat van die S.O. se diagnose van die toestande onder die Boere van die kolonie is: Hulle is almal begerig om hulle kinders te laat leer en byna almal het alreeds tot 'n sekere mate hierin direk voorsien; byna almal is ook ten gunste daarvan dat hulle kinders moet Engels leer en gee selfs die voorkeur aan 'n hollandskundige Engelse onderwyser.

Nou kan ons die gang van die onderwys onder hulle kortliks nagaan. Billikheidshalwe moet gesê word dat dr. Mann baie versigtig met sy anglisasiepolitiek begin het. Hy waarsku die Regering teen „enforcement of teaching in English among Dutch colonists”,¹⁾ bepleit 'n geleidelike oorgang, en is selfs gewillig om Hollands gedurende die oorgangstydperk te laat leer. Hy wil nie graag agterdog en vooroordeel opwek nie. Dit lyk dan asof die Departement van Onderwys (as ons die naam al mag gebruik) hier teen die administrasie staan. Hier begin al die stryd!

Die stelsel van staatsondersteuning (grants-in-aid) word sedert 1859 ingevoer. Dit word vasgelê dat die Staat op aanbeveling van die Superintendent van Onderwys, wat tegelykertyd ook inspekteur is, sal bydra, volgens 'n sekere skaal²⁾, tot die salaris van onderwysers wat rondtrek in sekere wyke waar geen vaste skole is nie, en waar die bevolking dun verspreid is. Dan moet ook die reëls en regulasies insake staatsonderwys nagekom word. Onder die

¹⁾ Rapport 1861, par. 52.

²⁾ Malherbe, p. 188.

bepalinge kom Engels as verpligtende skoolvak.¹⁾ Natuurlik het die staat wat staatsgeld gee, die reg om die regerings-taal te laat doseer, of die S.O. nou Engels is of nie! Engels as verpligte skoolvak sal vir die nie-Engelse geld, waarvan onder die blankes die Afrikaanssprekende element verreweg die belangrikste is. Ook die naturelleskole val onder hierdie bepaling. In hierdie verband lui artikel 5 in die Verslag van die Gekose Komitee: „The committee therefore recommend and urgently press upon the Legislature of this Colony the necessity of carrying out a comprehensive system of English education for the natives”.²⁾

Hoe dit sy, Engels op skool beteken geld. Waar die onderwysers toe 'n klein besoldiging ontvang het, is so'n aansienlike ekstra gewig vir die beurs soos die regering in die vooruitsig stel een wat 'n dooierige meester seker tot 'n ywerige advokaat sal maak om die ouers wat nie oortuig is nie, te oortuig dat Engels nodig is vir die lewe en sy „saligheid”. Dat sulke gevalle werklik voorgekom het, lê voor die hand.

Nog sterker het hierdie aspek uitgekóm in die stelsel van Betaling-volgens-puntbehaling (Payment-by-Results), wat deur Superintendent Robert Russell in 1875 ingevoer is en die ondersteuningstelsel vervang het. Hiervolgens moet die vakke Engels, Skryfwerk (opstel) en Reken deur die inspekteur ondersoek word. Volgens die resultaat geskied die betaling. Dit is die stelsel wat toe in Engeland (en gedeeltelik in die Kaapkolonie)³⁾ in ere was, maar wat Natal nooit laat vaar het nie — selfs nadat dit in die land van herkoms lank uitgesterf het. In 1891 is 6/— betaal vir elkeen van die drie vakke waarin die skolier slaag. Die resultaat vir die onderwys in Hollands onder hierdie stelsel is, dat dit as 'n nie-gelddraende vak verwaarloos is deur die onderwysers met klein salarisse wat die oog op die

¹⁾ Govt. Notice no. 22 of 1858.

²⁾ Govt. Notice no. 22 of 1858.

³⁾ Malherbe, p. 190.

geld moet hou, en verder, dat ook die inspekteurs weinig of geen notisie van ander vakke, soos Hollands, geneem het nie, aangename nog dat hulle daartoe instaat was. In die inspekteursrapporte word dan gedurig oor Engels as die vernaamste vak 'n noukeurige verslag uitgebring; die enigste verwysing na Hollands is nie na die vak nie, maar na die ras van daardie klomp kinders wat swak is in Engels, en waaroor afsonderlik gerapporteer word. Hier is die uitspraak sleg, daar moet die spelling verbeter, ginds moet meer aandag aan die grammatika gewy word. Die Afrikanerbloedjies wat nie somaar uitblink in hierdie vak nie, begin ook stadigaan insien, en soms voel, dat hulle geboortereg die weg van vooruitgang in Natal, geboorteland, stuit. Hulle Engels moet van die begin af so goed wees as die van 'n Engelssprekende kind, anders word hulle geroskam. „Occasional weakness in English is due to the fact that Dutch is the mothertongue of about $\frac{1}{3}$ part of the school”, en „23 of the failures are those of Dutch children over 12 years of age” (Greytown).¹⁾ Ons hoor nie hoeveel ander gedruip het nie, ook nie waarin nie. Vir dieselfde jaar kry 'n ander skool net hierdie sprekende sinnetjie in die algemene rapport: „The children at Schoonzigt are all Dutch. They passed a very fair examination in the different English subjects”.²⁾ Hollandse leerlinge, Engelse onderwerpe! In die donker middeleeue was dit glo Latynse onderwerpe vir alle nasies wat skoolgegaan het. Dit is egter die uitsondering om onvoorwaardelike lof vir die prestasie in Engels te ontvang. In Weenen is in hierdie jaar twee eksamens afgeneem. „The children, all Dutch, were very backward, both in their own language and in English. The other (examination) was that of children taught by private tutors. The children, mostly English, were bright and intelligent, and passed a very fair examination”. Nou word dit in hierdie een paragraaf van S.O. Russell

¹⁾ Rapport, 1890—91. C.S.O. no. 14 van Blouboek, N. 22.

²⁾ N. 32?

nie duidelik gemaak waar die fout lê dat die Hollandse kinders so agterlik is nie; daar is drie moontlikhede: omdat hulle Hollands is (so lyk dit tog volgens die bewoording), omdat die onderwyser sleg is (so kan dit wees blykens die kontras met „private tutors”), omdat die medium van instruksie en vakke van inspeksie (vir „payment-by-results”) nog nie by die jong volkie ingang gevind het nie, en dan lê die „agterlikheid” by die beramers van hierdie leerplan van verpligte vakke en nie by die kinders nie!

Laat ons nou ook op die vakke let. Die vakke van onderwys waarin die Superintendent-inspekteur belang gestel het en waaroor hy statistieke gekry het, is vir 1860 e.v. die volgende: Bybellesing; lees, skryf; Engelse grammatika, Engelse komposisie, rekenkunde, algemene en bybelse aardrykskunde; Engelse en algemene natuurgeskiedenis; sang en kaarttekening.¹⁾ Dit is nou wat genoem word 'n „sound English Education”. Die hoofklem val nog op die beskrywende hoedanigheidswoord: Engels, in plaas van Suid-Afrikaans. Natal besef nog nie dat hy sy eie probleme het en 'n eie geskiedenis nie. 'n Jong baba het meesal nog net 'n geboortedatum. Maar ook sy geografie kom nog nie op die leerplan voor nie, asof 'n Nataller in die wêreld buitekant Suid-Afrika die eerste 'n plek gaan besoek, sê, vir die inkoop van huisbenodighede, of vir 'n mark vir sy produkte. Daar is darem baie ander moeilikheidjies wat nog eers moet weggeruim word vir 'n jong land, voor vaderlandse geskiedenis en aardrykskunde op skool geleer kan word.²⁾

In die Rapport van die Onderwyskommissie wat in 1872 aangestel is en in 1874 verslag uitgebring het, word vir

¹⁾ Rapport van 1861, G.N. 42 van 1861 en G.N. 53 van 1862, G.N. no. 16 van 1863 e.v.

²⁾ Vgl. pt. 14 v. Notule v. Vergadering v. Onderwysraad op 5 Aug. 1880 gehou (Minute Book A, p. 133) toe besluit is om 'n prys van £ 25 uit te loof vir die beste geskiedenis v. S.A. vir skoolgebruik; die werkie moet omtrent 50 gedrukte bls. in oktaaf beslaan.

laer-onderwys dieselfde vakke aangegee met die toevoeging van orde-oefening en teken.¹⁾ Suid-Afrikaanse geskiedenis en Hollands ontbreek nog altyd, „History of the British Empire” is op die gebied van die wêreldgebeure nog van uitsluitlike belang vir die kind van Natal (en van die Kaapkolonie).

Met die invoering van die stelsel Betaling-volgens-Uitslag word die hoofvakke „the three R's”, naamlik: Lees, Skryf, Reken. „Lees” sluit in: Engelse grammatika, sinsontleding, woordbetekenis en algemene kennis;²⁾ en „Skryf”: Engelse opstel en Engelse diktee. Van die drie groepe handel twee in Engels oor Engels as taal en een *in* Engels as medium. Rekenkunde hier is soos in Engeland.

Naas die inspeksionele kom daar die skriftelike eksaminering, wat aanvanklik geheel en al op die lees van die „middleclass examination” van Engeland geskoei is. In die verslag van 1869 meld die waarnemende S.O. dat die tyd gekom het om hulp van Engeland te soek deur die invoering van hierdie eksamen. Hy het toe aan die Raad van Cambridge oor die saak geskrywe en 'n antwoord ontvang ten effekte „that Natal is so remote from England”, en as die koloniale kinders dieselfde stelle gaan beantwoord en hulle werk opgestuur word, kom dit in Cambridge aan in Maart, wanneer die Raad al ontbind is. Trots hierdie aardrykskundige lesse aan die adres van die agerende S.O. voeg hy ewe naïef by in sy rapport: „Under the present arrangement, therefore, it seems impossible to do more than to accept the offer of sending us the examination papers for the use of our middle-class schools”.³⁾ Dit lyk asof die hoop bestaan om in die toekoms die reëling meer bevredigend te kry. Dis dan 'n klugtige poging om die skoolwerk in Natal gestandaardiseer te kry — maar volgens die eksamens

¹⁾ Dokument 57 v. 1874, Sessional Papers, 177. Vgl. wet no. 15 van 1877 en no. 16 van 1877.

²⁾ S.O. se Rapport vir 1881, C.S.O. 32, N. 13.

³⁾ T. 16 in Blouboek 1869, no. 20.

wat 6,000 myl ver afgeneem word sonder inagneming van Natalse toestande.

Die stelsel is in die tagtiger-jare ingevoer. Intussen het Natal die wenk aanvaar en aansluiting by die Kaapkoloniale eksamenstelsel gesoek en gevind. Vir die kollektiewe eksamens wat in November afgeneem is, is in 1882 vir die eerste keer die volgende vakke en faktore in aanmerking geneem: Skoonskrywe; spelling en diktee; rekenkunde; Engelse opstel; Engelse grammatika; aardrykskunde van Amerika en Australië, teken; Engelse geskiedenis van 1603—1714; politieke ekonomie vir seuns en huishoukunde vir meisies.¹⁾ Weer is Hollands deeglik en volmaak uitgesluit. Gestel selfs dat dit nie uitgeskakel is nie, dan bly die vraag nog hoeveel dit as vak kon doseer — laat staan die medium. Van vroeg af is net eentalige onderwysers ingevoer uit die Verenigde Koninkryk. Daar is van die begin af 'n groot behoefte aan leerkragte. Dr. Mann vertel dat hy hom in 1861 in verbinding gestel het met die stigter van die Glasgow Seminary, met die heer David Stow, en hoop om van hierdie inrigting onderwysers vir Natal te kry.²⁾ Toe hy in 1866 na Engeland afgevaardig is om persone te beweeg om hulle hier te kom vestig, het hy ook besondere pogings aangewend om jong en goedopgeleide leerkragte te kry. Hoeveel daar van tyd tot tyd uitgekom het, kon ek nie uirvind nie. Die stroom het begin inkom in die kolonie, stadig maar seker en onophoudelik, en in 1930 is dit nog nie heeltemal gekeer nie. Vir ons studie is die feit van belang dat hierdie persone nes „Backvelders” eentalig is en dus Hollands nie eers as vak kan onderwys nie. Baie wat in die Boeredistrikte ingaan, wend nooit 'n poging aan om hulle in die taal te bekwaam nie. Hierdie „home made”-leerkragte is baie as rondtrekkende onderwysers gebruik. Daarteen het selfs dr. Mann geen beswaar gesien nie, want die Boere het mos om sulke persone gevra!

¹⁾ N. 26, C.S.O. 32.

²⁾ Rapport 1861, par. 41.

In 1861 vermeld hy b.v. „opening a public school with an English teacher at the Dutch settlement of New Geulderland”. Maar toestande het sleg geword vir die Afrikaanssprekendes. Die Hollandskundiges het al meer en meer begin afneem. In 1891 was daar 68 plaasskooltjies wat staatstoelae ontvang het. Op 13 van die 68 skooltjies was net Hollandse kinders, getrek uit 35 families maar geleer deur 20 onderwysers, wat, met die uitsondering van een Duitser, almal Engelse was. Ek kon geen aanduiding vind of daar onder hulle was wat Hollands geken het nie. Sulke aanduiding is trouens ook as oorbodig beskou.

Die Engelse onderwysers en die volgens die Engelse model plaaslik opgeleide leerling-onderwysers het Engeland se onderwysbeginsels met skoolvakke, waarvan baie aan die Natalse Engelse kind vreemd was en meer nog aan die Natalse Afrikaanse kind, in hierdie kolonie ingevoer; die owerhede het 'n vir die Afrikaanssprekende nadelige Betalingvolgens-uitslae-stelsel direk van Engeland heelhuids vir plaaslike toestande oorgeneem en daarmee 'n gradering in „standaards” nes in Engeland. Dit alles het in ons skole 'n gees gebring wat op die Afrikanerkind se volksgevoel en taaltrots 'n nadelige uitwerking moes hê, 'n toestand wat al erger in omvang tydens die superintendentskap van Robert Russell geword het. Dit is dan geen wonder dat die Afrikanerouers wat hulle kinders nie onder die juk wou plaas nie, hulle maar afsydig gehou het met hulle bloedjies. In die onderwysrapporte word dan ook gedurig oor hierdie feit geklae. Reeds in die tyd van die versigtige dr. Mann is al deur hom opgemerk dat die Boere van Kliprivierafdeling die Ladysmithse skool nie ondersteun nie, omrede alles Engels is. Dieselfde klag het hy teen die bywoning van Hollandse kinders in die Greytown-skool, net al dat daar nog ander bydraende faktore is, en teen Weenen, waar genoeg „Dutch” kinders is om die skool vol te maak. Die saak word dan so voorgestel dat die skuld nie by die vakke, skoolmeester of autoriteit lê nie. Van die Boere word getuig deur Russell: „The almost universal desire

of the Dutch farmers is to give their children a thoroughly good English education" (1891). Nou wonder 'n mens waar dan die skuld lê! Hoekom is die skool dan leeg?

In die Kaapkolonie was onder hierdie omstandighede leë regeringskole¹⁾ en in Natal in die distrikte waar veral Boere gewoon het, ook tot 'n sekere mate; maar juis omdat daar genoeg Engelse kinders was, is die skole aan die gang gehou — anders sou hulle bepaald ook doodgeloop het.

Dit lyk tog of die verantwoordelike owerhede nou en dan die moeilikheid deur 'n skeurtjie raakgesien het. Die superintenderende Inspekteur het in sy rapport van 1872 sy opinie uitgespreek, wat net op papier gebly het, dat vir die drie noordelike distrikte onderwysers moet aangestel word wat Hollands en Engels ken, want „the Boers, while ready to let their children learn English, naturally enough dislike their neglecting Dutch”.²⁾ Dit gebeur maar selde dat iemand die wortel van die kwaad raak waarom die Afrikaanssprekendes die skole so sleg bywoon. Van alle redes word gewoonlik 'n inventaris opgemaak, maar die werklike oorsaak uit moedswil of onkunde tersy gelaat.

Toe word in 1875 as Superintendent-Inspekteur aangestel die heer Robert Russell. In die begin het die masjinerie goed gewerk, maar die meulstene gaan die Hollandse kinders nog druk. Dit is belangrik om daarop te let dat die Raad van Onderwys wat drie jaar daarna in die lewe geroep is,³⁾ Hollandse onderwys van die begin af goedgesind was. Die Superintendent ('n nuwe pos wat ook nou ingestel is) en die Raad sal van nou af juis oor hierdie saak soms die teenoorgestelde opinie toegedaan wees.

Toe die Hollandse bevolking van Umvoti verneem dat Greytown 'n staatskool gaan kry, het hulle die Raad van Onderwys gepetisioneer, gesteun deur 'n brief van ds. Turnbull van Greytown, en in 1882 vra hulle dat Hollands ook

¹⁾ Eybers: T.W.K., veral IV, iv en V i.

²⁾ Blouboek 1872, C.S.O. 23, T. 6.

³⁾ Wet no. 15 van 1877.

in die nuwe skool moet onderwys word, ook dat die hoof tweetalig moet wees.¹⁾ Die laasgenoemde versoek kon nie toegestaan word nie want 'n aanstelling van 'n eentalige was alreeds gemaak. Oor die eerste deel van die versoekskrif skrywe ook 'n mnr. W. K. Ente²⁾ van Greytown, en ds. Bosman namens die noordelike distrikte. Na hierdie bewyse van die ernstigheid waarmee die inwoners hulle begeerte vir onderwys in Hollands bekendmaak, word besluit om die hoof van Greytown opdrag te gee om 'n kursus in te stel vir onderrig in lees en skryf in Hollands so gou as dit doenlik is, en dat dieselfde reëling vir die ander distrikte geld waar 'n soortgelyke versoek vandaan kom.³⁾ Kort hierop het Ladysmith ook van hom laat hoor deur 'n petisie wat ds. G. A. Döhne en 18 inwoners opgestuur het. Die gesertifiseerde onderwyseres word opgedra om aan die versoek van die petisionarisse gevolg te gee en met so 'n les te begin.⁴⁾ Maar hierdie lesse is nie aangemoedig nie. Ek kon nie met sekerheid vasstel wat die moeilikheid veroorsaak het nie, hoewel latere gebeurtenisse die S.O. skyn aan te wys.

Die heer J. Boshoff, L.W.V., het hom nou hard beywer om Hollands as verpligte skoolvak in die Noordelike distrikte⁵⁾ ingevoer te kry, maar die naaste wat daarby gekom het, is die besluit wat die Raad op 25 Maart 1885 aangeneem het, ten effekte dat waar ouers van ses skoolgaande kinders in 'n laere skool om onderwys in Hollands versoek, dit toegestaan sal word „if possible”.⁶⁾ Herhaaldelik daarna het hy die saak weer voorgebring maar sonder sukses.

Van al hierdie besluite het so te sê niks gekom nie; eers in 1889 sal daar positiewe stappe in die rigting van onderwys in Hollands geneem word.

¹⁾ Minute Book A 201—2.

²⁾ Hy is 'n Hollander.

³⁾ A. 233.

⁴⁾ 26 Sept. 1883, A. 241.

⁵⁾ *De Afrikaner*.

⁶⁾ A. 319.

Tot nou (ongeveer 1890) het die Afrikaanssprekende element veral passiewe teenstand gebied; van nou sal hulle ook hier en daar georganiseerd optree in aktiewe verzet. Tot hiertoe was ook die politiek van die owerhede en onderwysdepartement opsetlike verengelsing en denasionalisering van die Afrikaanssprekende deel, en die opbouing van 'n onderwysstelsel wat dieselfde as die van Engeland was, net altyd agterlik in sake van verbeterings of hervormings. Hy volg almelewe, hy lewe nie *saam* nie!

Dit sal goed wees om op 'n paar ander faktore te let net voordat die aktiewe verzet geskets word.

(d) DIE KERK.

In Natal is die Hollandssprekendes wat aan 'n kerk behoort het, byna almal lede van die Nederduits-Gereformeerde¹⁾ kerkgenootskap.²⁾ Die heel-eerste kerkgebou vir blankes in die Transgariëse of buitekant die „Ou Kolonie” is die geloftekerk van die Voortrekkers wat in Pietermaritzburg opgemessel is in 1840 en wat vandag as die Voortrekkersmuseum diens doen en bekend is, nadat dit gebruik is as kerk, skool, spuitwaterfabriek, smidswinkel en as koffiehuis.³⁾

Dit is dan die moederkerk vir die Noorde! Hier was ook altyd een of ander arbeider besig in die wyngaard van die Heer, met onderbrekinge tussen beroepe. Die leraar het ook van regeringsweë 'n traktement ontvang.⁴⁾

Die Pietermaritzburgse gemeente was eers groot; toe die gebou klaar was kon dit nie 'n kwart van die lidmate hou nie: 'n groter gebou het 'n dringende vereiste geword. Maar met die trek na 1848 het die getalle so afgeneem,

¹⁾ Oor die verskillende name, kyk art. G. Besselaar, no. 10 van Beredeneerde Inventaris van die Argief van die Ned. Geref. gemeente van Pietermaritzburg, i. d. *Afrikaner*, 1926.

²⁾ Sien *Almanak van die Ned. Geref. Kerke in S.A.* vir die jaar 1929 p. 262.

³⁾ *Die Voortrekker*, Deel I, no. 6 en 7.

⁴⁾ Dr. G. Besselaar se artikels.

dat in die statistieke van 1857 en later die sieletal as omtrent 200 opgegee word. Die Boere het hulle ook in Umvoti-, Weenen- en Kliprivierafdeling gevestig, veral na 1848, en het herhaaldelik die regering met 'n versoekskrif genader om hulle predikante te stuur (soos al eenmaal aangetoon is). Eindelik is aan die wense gehoor gegee, en die regering het in 1861 besluit om die som van £ 450 op die begroting te plaas vir die salaris van die leraars, een vir elk van die genoemde afdelings waar gemeentes van die Nederduits-Gereformeerde kerk gestig is (1859, 1859, 1854).¹⁾ Daar is dadelik uitvoering aan die besluite gegee, en in 1861 is ds. L. G. F. Biccard vir Umvoti,²⁾ ds. F. Lion Cachet vir Ladysmith,³⁾ en in 1862 ds. J. Mc. Carter vir Weenen⁴⁾ aangestel. Dis opmerklik dat twee van die drie leraars Skotse name het; maar dit is in ooreenstemming met die wense van baie Hollandsprekendes gewees, soos aan Luitenant-Goewerneur Pine reeds in 1851 meegedeel is.

Wat die gesindheid van die predikante teenoor Hollands was en watter invloed hulle in die opsig uitgeoefen het, is nie altyd te bepaal nie. Dit is algemeen bekend dat in die Kaapkolonie baie van hierdie dominees heeltemal opgegaan het in die Afrikanerelement, veral in die meer afgeleë streke, dog ook dat 'n groot klomp hulle maar nie met die kudde se gewoontes en wense wou of kon vereenselwig nie. Die verengelsing van die volk van Hollandse afkoms word dan deur sommige in hoofsaak ook aan hierdie geestelike leiers toegeskryf,⁵⁾ wat Engelse dienste en liedere in die godsdiensoefeninge ingevoer het of instrumenteel was om Afrikanerouers hulle dogters ter goeder trou in die Seminaries te laat opvoed, waar hulle in ruil vir 'n bietjie praktiese kennis in Huishoukunde middellik geleer

¹⁾ G.H. 54 no. 9.

²⁾ G.H. II, no. 7.

³⁾ G.H. 54, 86.

⁴⁾ G.H. 54, 86 en G.H. 12, 48; vir sy portret kyk *De Kondschapper van Maart 1910*.

⁵⁾ Vgl. Malherbe, *Afrikaanse Letterkunde*, Inleiding, bl. V.

word om hulle eie volk, taal en ouers te verag of te minag.

Dit is tog natuurlik om te vermoed dat die twee Skotse predikante Engelse simpatieë sal hê, en ds. F. L. Cachet het ook, soos geskiedkundiges beweer, met die Britse saak saamgeheul.¹⁾ Maar om 'n saak soos hierdie aan persone soos di. Cachet en Biccard vas te knoop is vir wie iets van hulle verdere lewe weet, nie gewigtig nie. Die vername feit is dat Skotse predikante aanvanklik 'n rol van belang in die Hollandse kerk gespeel het.

Verengelsende invloede het van alle kante op die Natalse Afrikaners ingewerk — sou dit ook kom van die kant van die kerk?

Vir die gemeente van Pietermaritzburg kon ek net die volgende paar feite opspoor, wat ek aan dr. G. Besselaar se meergenoemde artikels ontleen. Baie lede van die kerk word deur huwelik met Engelse afgetrek van die gemeente en raak dus so verlore. Waar die getalletjie juis klein is, wil die predikant, ds. P. Huet, graag ook hierdie persone behou, en op sy voorstel word op 27 Julie 1863 besluit om eenmaal per maand 'n Engelse aanddiens te hou (no. 8). Voorlopig lei ek af dat hieraan gevolg gegee is, hoewel ek geen direkte bewys vir die aanname het nie; maar juis die feit dat op 8 Julie 1867, dus vier jaar later, onder konsulentskap van ds. J. Turnbull met drie teen twee stemme besluit word om voortaan tweemaal per maand aanddienste te hê in Engels, skyn tog die aanname te bevestig van een aanddiens in die maand, wat waarskynlik eers eksperimenteel bedoel, met soveel sukses bekroon is dat daar tot uitbreiding besluit is. Daar moes dus 'n groot gedeelte van die klein gemeente gewees het wat hieraan hartlik hulle goedkeuring geheg het. Een hiervan, 'n jonkman, het in 1865 selfs by die kerkraad aansoek gedoen om in die Engelse taal gekatkiseer en aangeneem te word! (Art. 9). „Geboren Engelschman” skrywe in *Natal Afrikaner*, 26 Februarie 1892, o.m. dat daar vir Afrikaners in Afrikaanse

¹⁾ C. J. Uys, M.A. in *Die Afrikaner*, 1929.

kerke soms in Engels gepreek word en „ik heb ook sommige kinders aangetroffen die in 't Engelsch moesten worden ondervraagd bij gelegenheid van eene aanneeming, en wel i.d. gemeente van Greytown”. Die heer Gert van Rooyen ontken egter dat in Greytown Engelse dienste gehou is vir Afrikaners, wel vir Engelse inwoners. Die kinders wat in Engels aangeneem word, behoort ook net tot twee families (Otto's en Keyters). Verdere gegewens is nog voorlopig afwesig. Dit is bekend dat die gemeente geldelik so verswak en die leiers so moedeloos en wankelmoedig was, dat daar sprake was, net na die Anglo-Boereoorlog, om die Hollandse gemeente te laat opgaan in die Presbiteriaanse kerk.¹⁾ Die vrouens het weer, soos na die moorde van Weenen, die stemme hierteen verhef, met die gevolg dat die kerk nog staan as die moedergemeente van die Protestantisme in die Transgariëpse en as 'n blywende getuienis ter ere van God.

In die Sinode het verder eenkeer onder behandeling gekom die kwessie om die kerkraadsnotule in Engels te hou, soos op 'n spesiale geleentheid deur een gemeente gedaan is, maar eenpariglik is toe deur die vergaderdes „de verwachting (uitgesproken) dat dezelve voortaan steeds in 't Hollandsch zal worden gehouden” (Dinsdag, 26 April 1892).

En so geraak ons daartoe om ook op die keersy van die penning te wys. Die aangehaalde gevalle — en daar sal wel meer wees — verdwyn tot 'n stippeltjie in die groot

¹⁾ Dr. G. Besselaar in *Neerlandia*, Mei 1926. S.Ed. Min. Jansen teken hierby aan: „Dit is ondinkbaar dat daar ooit na die Anglo-Boereoorlog sprake van was om die Gemeente in enige engelse Kerkgenootskap te laat opgaan. Dit is ook nie die geval nie. Ek het nooit van so iets gehoor nie en ek was inwoner van Pietermaritzburg van 1902 af. Daar was een tyd wel sprake van engelse dienste maar daar het niks van gekom nie. Ek dink dat daar waarskynlik verwarring is met 'n tyd vroeg in die neëntiger jare toe daar, as ek my nie vergis nie, wel sprake van was om die Kerkeiendomme te verkoop.

veld van konstruktiewe werk deur ons leraars verrig. Hulle gemeentes was nie in die stede of op die dorpe nie — dit was op die platteland. S.Ed. Minister Jansen vertel my hoedat dit in sy jong dae nog die gewoonte was om in tentwaens elke drie maande vir Nagmaalsviering na 'n aangewese kerkplek op te trek, en hoedat hy selfs in 1906 nog dikwels ossewaens op die Pietermaritzburgse markplein sien staan het.

En hier moes die leraars werk. Dit het hulle ook gedoen ten behoeve van die geestelike en tydelike heil van die kudde. Waar die kerk kom, het Gods Werk gekom (ook andersom), en waar dié is, staan die skool op. Hiervoor is oorvloedige bewyse voorhande.¹⁾ Die kerk het die Hollandsprekendes bymekaar gebring, en daarom is die regeringsbesluit van 1861 so gewichtig vir ons geskiedenis in Natal. Gedurigdeur ook het die kerk hom ten sterkste beywer om ongeletterdheid te bestry, en het altyd by die staat aangedring om meer onderwysgeriewe daar te stel onder die ver-verspreide plattelandsbewoners. So byvoorbeeld het die Weenense Kerkraad in 1872 die Regering met 'n versoekskrif genader om onderwysers wat net in Hollands onderrig verskaf ook toelae te verleen. Die versoek is natuurlik geweier, 'n reël wat sedert 1859 sonder uitsondering toegepas is.²⁾ Langs die individuele propaganda van kerkrade begin daar deur die Algemene Kerkvergadering, die offisiële naam van die Natalse Sinode, ook van die kant van die gehele kerk eendragtige optrede ten bate van die opvoeding van die kinders. Gebore as 'n uitweg uit 'n moeilikheid, het die eerste Sinodesitting van die Natalse N.G. Kerk in Pietermaritzburg op 7 Junie 1865 e.v.d. bymekaar gekom.³⁾ Gesamentlik het hulle dan opgetree, ook in belang van onderwys deur die kommissies vir die jeug en vir die

¹⁾ Vgl. *Die Voortrekker*, no. 13 en *Verlede en Hede van 'n Voortrekker*, deur E. Coetser.

²⁾ Blouboek, 1572, C.So. 23, T. 16, par. 46.

³⁾ *Kerkalmanak*, 1929, pp. 32 en 263.

opvoeding wat in die lewe geroep is. Van hulle werksaamhede sal ons een en ander verder nog aanstip.

HOLLANDS IN DIE MAATSKAPLIKE LEWE.

Die vryheid moet my gelaat word om onder die term „Maatskappy” te verstaan al die aspekte van die samelewing wat nie onder die reeds behandelde punte val nie.

Hollands moes aanvanklik ’n magtige lingua franca onder blank, bruin, en tot ’n sekere mate, swart, in Natal gewees het. Die kaffers (Soeloes) het met die witmense in Afrikaans onderhandel. So bepleit die *Natal Witness* in sy inleidingsartikel van 12 Oktober 1849 die aanstelling van boodskappers onder elke veldkornet as ’n soort van „telegrafiese verbinding” (telefonies sou beter gewees het!); en hiervoor kom in aanmerking Soeloes met kennis van Hollands „as they would become a means of ready communication with the kraals who could not otherwise be made to understand the functionaries appointed by the Government”. Waarskynlik moes die boodskappers Hollands met die blankes gebruik het, van wie hulle die bevele ontvang, en nie met die inboorlinge self nie. Maar reisigers vertel herhaaldelik hoe ’n mens tot ver in die binnelande met Afrikaans tereg kom by die naturelle. Vermaaklik is die mededeling van ’n meneer Gie¹⁾ oor hierdie vroeë periode, waar hy sê dat die kaffers ’n Boer geredelik gehelp het as hy iets vra, maar ’n Engelsman alleenlik dan as hy 1/— betaal! Dit kom vermoedelik van die Engelse gewoonte om ’n fooi te gee, wat die kaffers ge-interpreteer het as ’n betaling, wat dan, soos in ander besigheidstransaksies soms, die ontvangs van die artikel of waarde moes voorafgaan!

Die stedelike kleurlinge is waarskynlik die vroeëre agterryers van die Voortrekkers wat van baas verander het. Hulle kon ook net Hollands praat, dit meen dat die omgangstaal met die diensbodes Afrikaans was. By die deurlees

¹⁾ *De Natal Afrikaner*, 29/6/1886.

van die Volksraadsnotule word 'n mens ook getref deur die tipiese Hotnotsname soos: Jan Afrikaner, Windvoël, Speelman, Geswint, Jannewarie, ou Bet, Mieta, ens. Waar voorsiening vir geestelike bearbeiding in die begin van die Engelse Bewind gemaak is, het dit ook altyd plaasgevind deur middel van Afrikaans. Thomas Phipson in *An Emigrant's Letter Home*¹⁾ vertel hoe die Wesleyaanse predikant vir die „Hottentots and negroes” tweekeer Sondae 'n diens laat hou en 'n Sondagskoolklas, alles in Hollands; en kort daarop, in November 1849, het die Congregational kerk, waarvan hy die leraar was, ook 'n begin gemaak om dienste onder die gekleurdes in Hollands te hou.²⁾ Dit was egter 'n soort van oorgangsmatreël, Engels het stadig-aan die plek begin inneem. Die groot aanleidende oorsaak hiervoor is die werk van die Engelse sendelinge onder hulle en onder die kaffers. Die dopelinge kry Bybelse name in Engelse vorm,³⁾ word deur die sendelinge Engels geleer, maar die kaffers ontvang darem ook onderrig in Soeloe. Reeds in Januarie 1850 is die eerste nuusblad in die inboorlingtaal uitgegee, gedruk „at the American Mission Press”. In dieselfde jaar het ook ds. Posselt se *Zulu Companion* verskyn teen die prys van 3/— per eksemplaar. Langs die weë en deur die skool (bo) is Hollands tot banneling gemaak in kleurling- en naturelvergaderinge en -onderwysinrigtinge.

Hoe het dit onder die blankes toegegaan? In die begin was die gevoel by sommige baie sterk teen die Engelse. Op publieke vergaderinge het dit maar kwaai toegegaan, en harde dinge is gesê. 'n Bewys van wat in die gemoedere van party jongeres omgegaan het, kan gelewer word deur die voorval in Pietermaritzburg in die nag van 8 Augustus 1843, so teen eenuur se kant, toe die jong seuns die wonings van regter Boshoff e.a. bygedam het, en aan die huismense die vraag gestel het: „Is julle Engels- of Hollandsgesind?”

¹⁾ *Natal Witness*, 10/7/1849.

²⁾ *Natal Witness*, 10/11/1849.

³⁾ *Bv. Natal Witness*, 25/7/1853.

Die huise van al die verdagtes is onder klippe gesteek en die jong vrugteboompies afgesny.¹⁾ Maar die gemoedere het gekalmeer, en die agtergeblewenes wat hulle nie op die plase teruggetrek het nie, is stadigaan deur die stroom meegesleep en het self nog leiers geword. In die stadsbibliotekie, of soos dit toe genoem is, die „Reading Room”, was in 1846 192 Engelse, 155 Duitse, 144 Nederlandse, 79 Franse en 4 Latynse boeke.²⁾ Van nou af word vir die 50 lede ingeteken op 'n menigte vooraanstaande Engelse tydskrifte; Nederlands en Duits verdwyn al gaandeweg vinniger as nodig is van die lyste en rakke.³⁾ Tog sê Phipson in 'n latere „Emigrant's Letter Home” (1851) van die hoofstad „... and while we of this town are a little given to Africander and colonial conventionalism...” is hulle in Durban „intensely English”. Maar die gees is tog ook in Pietermaritzburg in 1851 al suiwer Engels. 'n Paar gevalle kan dit genoegsaam bewys. Daar is die verskillende soorte Engelse sport, waaronder die belangrikste die weeklikse perdewedrenne is, wat hulle oorsprong aan die manier waarop die koningin se geboortedag jaarliks herdink is, te danke het. Die funksie word afgesluit met 'n publieke, subskripsie-„Race Ball”. Die vermaaklikheid in die vorm van 'n toneelopvoering van melodramatiese aard en ander ligte stukke in die Viktoria-teater, Fort Napier, deur die Amateurgeselskap van die 45ste Regiment, het meegehelp om Engels onder die publiek van die hoofstad verder in te bring. Die eerste opvoering het plaasgevind op 30 Oktober 1846, toe voorgestel is *Arden of Feversham* en 'n klug *Who's to blame or No Fool like an Old One*.⁴⁾ Tipies vir soldate-spelers en -vermaak is die klug: *Love à la Mode*!⁵⁾ 'n Ander sportsoort kan genoem word: kantienbesoek. Dit was 'n uitsondering in die Boeredorpe, reël in die Engels-

1) V.R. I, 167.

2) *Natal Witness*, 4/4/1846.

3) *Natal Witness*, 28/9/1849.

4) *Natal Witness*, 30/10/1846.

5) *Natal Witness*, 27/11/1846.

Suid-Afrikaanse dorpe. Opvallend is dit, dat die *Natal Witness* in sy tweede nummer die publiek uitnooi om te skrywe oor „Can Durban continue to exist with its present number of canteens? or How many of its inhabitants have died of delirium tremens during the last twelve months?” Phipson het ons al vertel wat die Durban-gees was. En die „bars” is ook in die hoofstad volop gewees, kantiene was soms op Sondae oop.

In publieke sake van stedelike belang vind ons die munisipaliteit wie se openbare vergaderinge en ander veringtinge alles deur middel van Engels gedoen is; stadsvaders soos Zietsman en J. Boshoff moes natuurlik in die span saamtrek. Dan kan ten besluite nog die koerant, die *Natal Witness* genoem word. Dit is nie die eerste poging om die publiek van nuus te bedien nie. Die *Natalier*¹⁾ het in 1844 gekom en in 1846 gegaan, uit sy as het *De Patriot*¹⁾ opgestaan maar dit was ’n halfdooie feniks, en na naamsveranderinge het dit in 1848 gesterwe. Die poginge om nuus in Hollands of in Hollands en in Engels te verkoop het weens gebrek aan belangstelling en ondersteuning van die klein Afrikaanse gemeenskap misluk, maar die *Natal Witness* het soos ’n eikeboom wortel geskiet, en sterker geword. Dit het vir die eerste keer op 27 Februarie 1846 verskyn as ’n weekblad in albei tale, Engels voorop, maar in die loop van 1847 het die redaksionele kolomme net nuus in Engels bevat. Die moontlikheid word genoem om ’n Hollandse byvoegsel uit te gee,²⁾ wat ook werklik die 20ste Augustus, in die middag om drie-uur sy verskyning gemaak het. Die bestaan van die *Byvoegsel van De Natalsche Getuige* was kort, ’n paar nummers maar, en om die rede: „the want of means of communication with the various farms defeated the enterprise”,³⁾ ⁴⁾ soos die redakteur vier

1) Vgl. Bylaag A.

2) Notes of the Week, 13/8/47.

3) Notes of the Week, 4/4/51.

4) Vgl. oor posverkeer in hierdie tyd my artikel in *Die Afrikaner*, Julie 1928.

jaar later in sy terugblik „getuig”. Dit is egter weer in Januarie 1848 ’n paar keer voortgesit, toe dit die oorfloei van die staatskennisgewings in Hollands bevat het vir verspreiding, terwyl dit ook die kontrak vir die druk van sekere staatsadvertensies wat *De Patriot* die vorige twee jare gehad het, nou van die Regering gekry het.

Die *Natal Witness* is van die begin af ’n geweldige faktor in die verkondiging en propagering van die Brits-imperialistiese gedagte in Natal. David Dale Buchanan, die grondlegger en eerste redakteur, was baie beslis op hierdie punt. Hy het ook sy eie sienswyse oor die toekomstige taal van Natal gehad, skeef en krom, maar ondubbelsinnig geformuleer. Vroeg in 1847 wys hy daarop hoedat Hollands op skool deur Engels vervang word, en nog altyd verder vlieg sy ambisieuse planne vir ’n Esperanto in Natal: „The delay and waste, spent in acquiring a language (deur die sendelinge wat hierheen kom) which will soon become extinct (naamlik Soeloe) would be materially diminished by the immediate introduction of English in the native schools”;¹⁾ dit na aanleiding van die feit dat die stedelike kaffers Hollands en Engels maklik aanleer.

Sy houding in die taalsaak het nooit verander nie, sover as ek dit kon nagaan. So bietjies-bietjies het dit geval op die lesers, laat iemand hier protes aanteken, ontvang instemming daar, en hoe meer die handel, administrasie, regspleging, skool, sport, lektuur en gees Engels geword het, hoe parmantiger het hy gepraat. Met die ontdekking van die diamant- en later die goudvelde, het die Boerepolitiek al meer en meer op die voorgrond getree, en kragtens tradisie en ingebeelde roeping, het die *Natal Witness* dit geopponeer, geleidelik ’n meer kwetsende toon teenoor die Boere aangeneem, en ten tyde van die Tweede Vryheidsoorlog nie altyd verkwiklike leesstof oor hulle verskaf nie.²⁾

¹⁾ No. 63, 7/5/47.

²⁾ Interessant is dit om te weet dat selfs die Engelse nie altyd kon instem met die politiek van die blad nie. In 1852 reeds is die staat deur

Tog was dit een van die gematigste blaaië oor die bedrywighede van die Natalse Regering, en selfs 'n sterk ondersteuner.¹⁾

Van die ander Engelse blaaië noem ons nog net die *Natal Mercury*. Dit het die *Natal Witness* in 1852 kom help. Die twee koerante het ook naasteby dieselfde politiek verkondig.²⁾ Maar dit het vinniger in sirkulasie toegeneem, wat miskien gedeeltelik toe te skrywe is aan die feit dat die stigter, mnr. John Robinson, oor kapitaal beskik het (ib. p. 304), en dat die blad in Durban uitgegee is. Die Luitenant-Goewerneur, J. Scott, sê reeds daarvan in 1858: „it is, however, I regret to say, the most popular paper . . .”³⁾ Die blad was later baie vyandig gesind teen die Regering, en in sy vertroulike missive van 1871 sê R. W. Keate dat die rede moet gesoek word in die terugtrekking van die Regeringskennisgewings daarin en dus: „it went into very bitter and libellous opposition, and became even for a colonial newspaper exceptionally scurrilous and mendacious . . .” (p. 305).

Dit is genoeg om te laat sien hoe dit soms selfs teen die hoofde en regering van die eie staat kon te kere gaan, teen die eie volksgenote!

Die gesamentlike uitwerking van al die genoemde faktore op die numeriek klein klompie Afrikaanssprekendes was inderdaad groot, en in 'n oneindig hoër mate daar waar hulle daaglik hieraan onderworpe was, d.i. in die stede en dorpe. In die *Natal Afrikaner* word herhaaldelik geklae oor die feit dat Afrikaanssprekendes hulle taal verwaarloos. Baie Hollandse families praat met hulle kinders in Engels, om hulle in die medium te bekwaam, en as iemand hulle vermaan, dan word geantwoord: Hollands *kom* vanself.

„111 of the most respectable inhabitants of the town Durban” gevra om die *Natal Witness* te onderdruk. G.H. 2, 25.

¹⁾ G.H.C. 90, no. 57, bl. 302 en 304.

²⁾ G.H.C. 90, no. 57.

³⁾ G.H. 52, 267, p. 471.

Wat hulle egter vergeet is dat Hollands onder sulke omstandighede ook so maklik vanself kan *weggaan* (en dit het al baie gebeur) en ook dat geen enkele Engelsman hierdie stelling met die praktyk bevestig nie. So vertel iemand wat hom *Onpartydig* noem: Engels is 'n vreemde taal en moet aangeleer word, Hollands is moedertaal en die kinders ken dit! Vergeet die verlede!¹⁾ Dis hierdie „breedgesindheid” wat 'n toestand uitgebroei het dat kinders Hollands soms nie genoegsaam ken om daarin aangeneem te word nie.

Dit is veral die kinders, die produk van die dorpskool, wat Engels so onnodiglik in die omgang gebruik het. „Zo erg ging het smachten naar alles wat naar Engels zweemde dat velen van onze jeugdige Afrikaner meisjes en jongens in bijzijn van de ouders die nooit anders dan Hollands of Afrikaans met de kinders spraken, met elkander in 't Engels gezelsden, ja de ouders op Hollandse vragen in 't Engels antwoordden en met verachting neerzagen op de maats die in 't publiek anders dan in 't Engels durfden spreken”.²⁾ Baie van die ouers verstaan nie eers 'n woord Engels nie, en tog gesels hulle kinders in hulle bysyn in die taal.³⁾ Iemand wys daarop dat Afrikanerkinders na die Hollandse kerk gaan, tot voor die deur Engels praat, in die gebou so hard vir mekaar iets in Engels toefluister, dat die omsittende nagmaalgangers dit moes hoor, en buitekant die kerkdrumpel weer dieselfde viool bespeel.⁴⁾ Dan is daar nog die klompie donkies met perdemaanhare, die wat omtrent „twee maanden” Engels geleer het, en nou orals die woorde gebruik, sodat „een vreemdeling moet hooren dat zij ‚educated’ zijn”.⁵⁾ Die name van kinders, d.i. van seuns en dogters, van honde en katte en perde,

1) 18/3/'92.

2) J. Herschensohn, voorlesing van 17/4/'09.

3) „Belangstellende” in *De Afrikaner*, 13/3/'96.

4) „Amice” in *De Afrikaner*, 27/11/'96.

5) 26/2/'92, of *De Natal Boeren Vriend*, 28/1/'87.

van plase en dorpsrwe, word verengels. Solank as die onkeerbare handel en administrasie Engels bly, voel 'n mens jammer, maar wanneer die eienste dierbaarste besittinge die vlag neerhaal en 'n vroeëre vyandsvlag in eie skans hys, wanneer die hart oorgee, dan is dit dat 'n mens die roulanfer aan die mou en hoed wil werk, want daar is 'n volk wat vergaan het. Dit alles gee aanleiding tot 'n ander gevolgtrekking:

'n Mens moet baie min van jou eie taal dink om in jou eie vaderland met ras- en taalgenote 'n ander, vreemde taal te praat wat jy nie eers altyd magtig is nie. Jy het al verloor om besit te neem van jou eie erfporsie, jy meen al dat dit aan iemand anders behoort; en as hy sê: gee pad! dan gehoorsaam jy hondgedwee. Wat die ander man dink van jou taal en van syne, word ook vir jou die maatstaf. Baie Afrikaners het eintlik onrustig geslaap oor 'n klein taalfoutjie as hulle in Engels 'n toespraak gehou of aan 'n Engelse gesprek deelgeneem het, maar die brabbelmors van 'n eie taal maak nie meer seer nie.¹⁾ So bring die oorheersers die Afrikanertaal in oneer, en aan die vernedering werk die Afrikaner self mee. Sulke uiterlike dinge moet innerlik verklaar word. Hy is skaam vir dieselfde ding waarop die ander man trots voel — die moedertaal, die nasionaliteit! Dit kom omdat hy moes opkyk na die ander man, en die ander persoon sy taal verag en beledig. So dra die Afrikaner nie alleen die blaam nie (as dit blaam is) of die eer nie (as dit eer is).

Hoe ontvang die Engelse nou hierdie verengelsde „waaghalse”? „Geboren Englischman” sê dat hulle soos half-naatjies verag word. Vir 'n beginsellose Afrikaner sal dit egter moeilik wees om 'n veilige posisie in te neem. Hierdie seksie wat hom as 'n renegaat beskou, en meen dat wat eenmaal renegaat was dit dalk weer kan word, eis tog ook, hoe paradoksaal dit mag wees, dat die oorloper moet oorkom. Bly hy Afrikaner, is dit verkeerd, kom hy oor, is dit nog

¹⁾ Sien verder vir voorbeeld.

verkeerd. Een treffende voorbeeld. Op die 20ste September 1890 is op Dundee 'n vergadering gehou wat talryk deur Engelse en Afrikaners bygewoon is en waarop die saak van Verantwoordelike Bestuur (let wel!) bespreek is. In die *Natal Afrikaner* onder datum 3 Oktober lees ons dat die heer John Herschensohn (snr.) met 'n paar woorde die vergadering in Hollands toegesprek het „waarop het grootste deel der Engelschen de zaal verlieten”. Gaan 'n Afrikaanssprekende oor dan word hy om sy verraaiery verag, bly hy palstaan dan kan hy vir 'n selfrespekterende mens op die gruwelikste wyse in die publiek openlik beledig word, en onder diesulkes sal rasgenote wees. Ook onder sy eie mense geld die onstandvastige as 'n soort van „hensopper”, met die gevoelswaarde wat die woord tydens die Engelse oorlog verkry het. S. Pretorius, een uit die volk op die platteland, sê van hierdie oorlopers: „Het is zeer zeldzaam dat men een Engelsche Afrikaner ontmoet, en de weinigen worden niet geacht.”

Dinge het darem te ver gegaan. Groot planne het verongeluk deur oormatige ywer. Die Boere op die platteland het gesien wat onder die dorpelinge aangegaan het, en toe iemand hulle geleer het om te organiseer, het daar gedurigdeur proteste opgegaan.

Die protesterende liggaam was by uitstek die Boerevereniging. Die man wat die Boere geleer het om saam te staan is Joshua R. Herschensohn. Aan 'n lewensbeskrywing van hom in *Die Afrikaner* van 27 Junie 1912 ontleen ek die volgende paar hoofteite. Hy is in die jaar 1834 uit Duits-Joodse ouers gebore in die Russiese distrik Ekaterinoslav, waar hy 'n baie liberale opvoeding geniet het. Op 'n nog jeugdige leeftyd het hy by die leër van sy geboorteland aangesluit en deelgeneem aan die bloedige veldslag van Alma, toe sy hele regiment op 8 na platgeskiet is. Na die oorlog het hy Rusland verlaat en 'n avonturiersreis onderneem deur Turkye, Palestina, Egipte en Indië, vanwaar hy na Kaapstad gegaan het. Aan die kus is die skip waarin hy was, gestrand, en nadat hy twee uur in die water moes

bly is hy deur 'n boot opgeneem in 'n staat van volkome uitputting. Van Kaapstad het hy in 1858 na Natal gekom waar hy taalonderwys gegee het, en is toe na die Vrystaat en die S.A. Republiek. Hier het hy 'n lewendige aandeel aan publieke sake geneem. Hy was 'n boesemvriend van kommandant-generaal Piet Joubert met wie hy in Wakkerstroom 'n tydlang as wetsagent saamgewerk het. In die Eerste Vryheidsoorlog het hy as onderdaan van Engeland teen die S.A. Republiek geveg, en na 1881 het hy teruggekom na Natal. Hier het hy hom aan die joernalistiek gewy. Deur sy toedoen is die „Natal Publishing and Printing Company, Ltd.” opgerig, 'n maatskappy wat in 1885 ook kontrole oor die *Times of Natal* gekry het. Onder redaksie van John R. Herschensohn is deur hulle toe ook 'n Hollandse blad uitgegee, *De Natal Boeren Vriend*. Tot sover die beskrywing.

Mnr. Herschensohn sal altyd as die vader van die Boerevereniging en van die Afrikanerboer se politieke organisasies in Natal beskou word. Na sy terugkoms van die Transvaal het hy 'n reis deur die Natalse Boeredistrikte gemaak en sy planne vir 'n Hollandse koerant en 'n politieke Boere-organisasie voor belangstellendes en invloedryke persone gelê.¹⁾ Hy het so baie Afrikaners op sy rondreis gevind, dat hy in sy berekening meen dat hulle twee-vyfdes van die blanke element van Natal uitmaak. Met die oprigting van 'n weekblad wat vier bladsye beslaan het, het hy dadelik sy politiek verkondig wat ten doel het 'n verenigde Suid-Afrika en gelyke regte vir alle blanke seksies. Daarom het hy seker²⁾ by die verontregte Afrikaners begin. Hy het ook dadelik as 'n pleitbesorger opgetree vir die stigting van organisasies waardeur die Boere hulle belange behartig kon kry. Op die elfde November 1885 is ten huise van D. Pieters die eerste van die soort liggame in Natal gestig: die Helpmekaar-Boerevereniging, as gevolg van persoonlike

¹⁾ J. Herschensohn, aangehaalde artikel.

²⁾ *De Natal Boeren Vriend*, No. 1.

aansporing en om die instigerende koerantartikels. Daarop het Weenen gevolg, toe Ventersspruit en ander. Ek het nege Boereverenigings opgeteken wat in die loop van die jaar 1886 gestig is. Hulle het dadelik die wenslikheid van wolkwekers-koöperasies bespreek en besluite geneem insake die bestryding van brandsiekte. Maar nie alleent punte wat die boerdery raak is in hulle program opgeneem nie; na die voorbeeld van die Afrikanerbond en Boerebeschermsverenigings van die Kaapkolonie¹⁾ het hulle hul ook met die landsake bemoei, en selfs so dat die politieke ideaal van hulle model ook oorgeneem is. Kandidate vir die Raadsaal is gestel wat bereid is om volgens die wense van die Boere wetgewing in te dien of te ondersteun. Hierdie beweging het geleidelik in invloed en omvang toegeneem en 'n betekenisvolle faktor in die noordwestelike distrikte geword waarmee die Regering moes rekening hou as hulle vrede wou hê.

Die Boereverenigings het elkeen afsonderlik in plaaslike en algemene sake opgetree. Die flukse liggaam in Newcastle-afdeling het b.v. in 1897 gevra dat daar 'n tolk vir Hollands in die magistraatskantoor van hulle dorp moes aangestel word, en gesorg dat hulle wens moes geëerbiedig word.²⁾ Maar die groot krag het van die jaarlikse kongresse, die gesamentlike aksie van alle verenigings, uitgegaan. Dit is die kongres veral wat so'n aktiewe deel in die stryd vir die erkenning van die Hollandse taalregte in Natal, vir die eie moedertaal geneem het. Hier gaan politiek en taalstryd hand-aan-hand. Dit is ook onmoontlik om dit in 'n land waar taalregte onderdruk word te skei. Orals in die wêreld is daar voorbeelde van die samegaan van die twee aspekte onder sulke omstandighede. 'n Mens moet net Paul Fredericq se *Schets eener Geschiedenis der Vlaamsche Beweging* lees

¹⁾ Dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, maar veral *Die Afrikaanse Almanak ver 1882*, pp. 32—59, met naamskaartstelling van die konstitusies van die B.B.V. en A.B.

²⁾ N.A. 16/1/97.

om te sien hoe dit in België toegaan, 'n land waar die taaltoestande in meer as een opsig ooreenstemming vertoon met ons eie, en waar die Vlaamse vorm boonop nog baie na aan die Afrikaanse staan. Dit is in ons land ook so opmerklik dat die politieke helde sedert 1879 ook taalhelde is — vir of teen Hollands. Die getwis gaan oor iets veel, veel gewigtigers as oor die taalvorm of taal, dit is in hoofsaak 'n stryd tussen die twee rasse van ongeveer dieselfde beskawingspeil vir die reg van die een om die ander te laat opgaan in hom soos suikerkorrels in 'n koppie koffie. Hierdie voor-stryd is die noodsaaklike en natuurlike groei-pyne van 'n nuwe volk wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan, 'n nuwe volk wat vol erkentlikheid teenoor die erwe van die volkere van herkoms staan maar ook trots is op die eie-besit en gelukkig in sy selfsyn — wat die nuwe volk tipeer as iets anders as die volkere vanwaar die stamvaders gekom het, al is hierdie wordende volk as 'n geheel hom nog nie van sy heerlike besit en karakter bewus nie. Taal en nasionaliteit hang innig saam. Die eerste is 'n besit wat die individu gou laat voel onder watter volk of groep hy sorteer; en die sekerste manier om 'n volk te denasionaliseer is om hom eers aan sy eie volksaard ontrou te maak en om hom dan 'n ander taal te gee. Dis hierop wat alle veroweraars dit nog altyd gemunt het, en gewoonlik sterker of swakker namate b.v. die verskil in kleur (geur), beskawing en afstamming kleiner of groter is, naas, natuurlik, ander staatkundige oorwegings.

Taalstryd kan dus 'n deel van die politieke stryd wees, 'n sirkel in 'n sirkel, en hoe groter die onderdrukking van die taal of die verdrukking daarvan en hoe sterker die begeerte van die verongelyktes om hulle spraak op sy eie regmatige setel te plaas, des te meer sal die binneste (konsentriese) sirkel 'n groter en groter plek inneem in die gebiede, waar die verdruktes woon. Waar die Boereverenigings, wat hulle aanvanklik met boerderysake besig gehou het, veral uit Afrikaanssprekendes bestaan het wat bittere rede gehad het om oor die taaltoestande te klae

in distrikte waar hulle verreweg in die meerderheid is, daar het die (politieke) Boereverenigings meer in die loop van tyd 'n taalvereniging geword, en die (politieke) kongresse taalkongresse. In 'n sekere mate het ons hier Natal se Eerste Taalbeweging waar ons onder die woord verstaan wil hê, soos Paul Fredericq dit uitdruk: „de poging om dat jammerlijk verval der Vlamingen (lees: Afrikaners) te stuiten en om hen terug te brengen in den stroom der moderne beschaving door middel van het eenig voertuig der gedachten: de moedertaal”.¹⁾ Op die derde kongres is toe ook bepaal dat die offisiële taal van die Boereverenigings Hollands sal wees,²⁾ en as orgaan die *Hollandse* blad van Natal, *De Natal Afrikaner*.

Die verset onder aansporing van die Boereverenigings teen die verengelsing sal veral op die terrein van die skool afgespeel word.

(e) DIE SKOOL, 1887—1900.

Net soos een persoon die middel verskaf het waarlanges die Boere hulle verlangens en wenke kon kenbaar maak, so het sy seun weer die wondeplek in die lewe van die Natalse Afrikaner aangewys en self begin aansmeer. As neëntienjarige is John M. Herschensohn as onderwyser in wiskunde aan die Pietermaritzburgse Kollege aangestel. Hy het verlof van die hoof gevra en gekry om les in Hollands te gee, na die gewone skoolure. Dit is deur die seuns fluks bygewoon. Veral met jeugdige entoesiasme vir die saak het hy drome gedroom en wou met 'n Aleksanderplan verower wat Raadslid Boshoff jarelank probeer verrig het. Op uitnodiging van mej. Rowe, prinsipale van die Collegiate-skool, is die eerste onderwyserskongres van Natal op 27 Desember 1887 in die Collegiate-gebou, Pietermaritzburg geopen. By die geleentheid het die heer J. M. Herschensohn

¹⁾ t.a.p., bl. 2 van Deel I.

²⁾ *De Natal Afrikaner*, 5/5'93.

'n voorstel ingedien dat „het daarstellen van Hollandse klassen in de Koloniale Scholen het werk van opvoeding in Natal grootliks bevorderen zal”. Hy praat nie net van Natalse staatskole nie! Hierdie voorstel het 'n warm bespreking uitgelok. Die voorsitter, Kol. Hime, raai hulle aan om tog nie van Piesangkolonie 'n „Dutch Colony” te maak nie, en mnr. Flemming van Howick is weer besorg oor die intellektuele peil van die kinders, want onderwys in die Hollandse taal sal die kinders se verstand verlaag en, logies geredeneer, die onderwyser syne natuurlik ook. Die hoof van die Maritzburgse Kollege sou as sekundant optree, maar na die bespreking het hy sy steun teruggetrek en die voorstel het by gebrek aan 'n ondersteuner verval.

Hierdie aanslag is die begin van 'n sware stryd. In die *Natal Afrikaner*, die blad wat die heer Joshua R. Herschensohn in 1886 gestig het na hy weens onenigheid met die Printing and Publishing Company, Ltd. uit die vennootskap uitgetree het, het hy sy seun hartlik en onvermoeid gesteun en die Boereverenigings aangemaan om die saak eendragtig aan te pak en tot 'n gelukkige einde te voer. Vader en seun Herschensohn het ook persoonlik met lede van die Wetgewende Raad oor die saak gesels en hulle oortuig en aangemoedig. Die heer H. Escombe veral was baie tegemoetkomend en het selfs op die Tweede Onderwyskongres die onderrig van Hollands op skole bepleit.¹⁾ Na die raad is geluister, en op die 17de Julie 1888 is deur die Kongres in sy sitting op Ladysmith 'n besluit geneem om by die Regering daarop aan te dring dat Hollands as 'n verpligte vak in die regeringskole moet ingevoer word. Die resoluëie is toe deur die heer F. Moor, L.W.R. in die Wetgewende Raad ingedien. Toe Sy Eksellensie die Goewerneur hierdie mosie op die ordepapier sien, het hy dit as sy opinie uitgespreek dat dit behoort aangeneem te word, en hoewel baie van die lede bitter vyande van Hollands was, is tog met algemene stemme goedkeuring aan die

¹⁾ Aangehaalde artikel van J. Herschensohn.

mosie soos ingedien op die 14de dag van Augustus 1888 geheg. Dit lui:

„Dat hierdie Huis van gevoelens is dat dit raadsaam „en nodig is dat onderwys in die Hollandse taal 'n deel „van die gewone onderwys in alle goewermentskole in „hierdie Kolonie sal uitmaak en dat 'n eerbiedige adres „aan die Goewerneur aangebied word en Sy Eksellensie ver- „soek word dat dit hom mag behaag om die nodige stappe te „neem om gevolg aan die bogenoemde resolusie te gee”.¹⁾

Die saak is deur die Goewerneur na die Raad van Onderwys vir uitvoering verwys en op die eersvolgende maandelikse vergadering, gehou op 27 September 1888, het die Raad die punt vir ondersoek aan sy onderkommissie opgedra. Die Administratiewe kommissie moes navraag doen by die skoolhoofde oor die uitvoerbaarheid van die invoering van Hollands in die gewone leerplan.²⁾ Omsendbriewe is toe uitgestuur,³⁾ en na aanleiding van die ontvangte antwoorde beveel die Administratiewe Kommissie aan, dat, as die Raad besluit om tot die stap oor te gaan, Hollandse onderwys vereers net gegee word in kommersiële centra, soos Durban (wat Pinetown insluit) en Pietermaritzburg, en dat twee „Visiting Masters” aangestel word wat alle skole waar die opsionele vak Hollands in twee plekke gegee word, moet besoek, en wel gedurende die gewone klasure. In die Noordelike distrikte sal die vak ook gedoseer word waar daar behoefte bestaan en waar dit geen stafuitbreiding gaan veroorsaak nie. Op 28 November 1888 is hierdie aanbevelinge aanvaar, en nou sal geywer word om uitvoering daaraan te gee so gou as moontlik. Die Goewerneur wys egter daarop in 'n minute van 24 Desember 1888, dat hierdie besluite die vasgestelde leerplan enigsins versteur en hy vra die Raad om die saak weer te oorweeg.⁴⁾ Die kommissie

¹⁾ Vgl. *De Natal Afrikaner*, 17/8/'88. (Hier is die teks verafrikaans.)

²⁾ Minuteboek B. p. 23, pt. 19.

³⁾ B. p. 27.

⁴⁾ B. 53.

voel, sê hulle, hoe belangrik dit is „to provide for such class of education as in their opinion is most suited and useful for those that are being taught....”. Hulle sien dus nie kans om van hulle voorstelle af te sien nie, maar gee aan die hand dat aan die vakke vir Laer Onderwys „Moderne Tale” toegevoeg moet word, en in die Sekundêre Onderwys moet Frans vervang word deur „Moderne Tale”.¹⁾ Hulle verklaar die term „Moderne Tale” in die woorde van die Cape University Matriculation Examination as omvattende: Frans, Duits, Hollands, Kaffers en Sesoetoe. Sy Eksellensie die Goewerneur word versoek om 'n amenderende wetsontwerp in die Wetgewende Raad te laat inbring om wette nommers 15 en 16 van 1877 ooreenkomstig die aanbevelinge te laat lees,²⁾ wat gedoen is.

'n Mens verwonder jou oor al die beslommering om vir die Afrikaanssprekendes taalregte op skool erken te kry wat nog minder is as wat die kaffer en koelie sonder enige getwis geniet. Die hele deftige besigheid gaan net oor die *vak* Hollands, wat nogal opsioneel is, maar wat tog die moedertaal is van byna een-vyfde van die blanke bevolking.

Die toestand is nou: baie inwoners, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes, wil Hollands op skool as vak hê, die Regering het toegestem, die Raad van Onderwys tree ook beskermend op, maar die S.O. haat dié taal, en saam met hom byna die hele skaar van sy eentalige dosente wat hulle alreeds in 1887 daarteen uitgespreek het. Die persone wat moet simpatiek wees, is daarteen gekant. Die heer Robert Russell het elke geleentheid te baat geneem om Hollandse onderwys die nek om te draai, en blaai soos die *Natal Mercury* het hom gesteun. Sy vyandskap kom die treffendste uit waar hy in 1891 o.a. die volgende rapporteer oor die Jaarlikse Kollektiewe eksamens: „The work on Dutch is of a low average. The tendency all through the papers is to

¹⁾ B. 54.

²⁾ B. 62, pt. 5.

write phonetically and in accordance with the South African taal. Only 25 took up this subject and only one gained as much as 75 % of the marks.

These results do not seem to justify the considerable amount spent by the Government for the instruction of this subject." ¹⁾

Kortweg uitgedruk heet dit: skaf die Onderwys in Hollands af en laat die twee onderwysers vir die vak, Kleinschmidt en Müller ²⁾ van Pietermaritzburg en Durban respektiewelik, trap!

Russell meet alles volgens eksamenuitslae. Dis maar sy gewoonte, dis die soort van statistiek wat hy verskaf: soveel leer Engels en behaal soveel punte! Hy is ook die man van die „standards” en „Payments-by-Results”.

Dieselfde teenwerping het Russell in 1892 herhaal, nadat die Raad duidelik 'n ander sienswyse uitgespreek het. Sy beswaar bestaan dan uit twee dele: „considerable amounts paid” en „bad results”. Die ontsaglike somme is £450, uitbetaal as salaris en reiskoste aan die twee „besoekende” onderwysers wat les gee in vyf skole. Die tienduisende ponde vir Engelse onderwys betaal tel nie! Dan is daar die uitslae; ons beskou die van 1892. Van die 1,196 Afrikaanse kinders leer 135 Hollands (byvak) in die vyf skole. Daaruit lei hy af dat die vak onpopulêr is! Die inspekteur se rapport is ook nie aanmoedigend nie. Laat die onderwys in Hollands dus afgeskaf word! 'n Mens verwonder jou oor die logika van 'n Superintendent van Onderwys van 'n Britse kolonie aan die end van die neëntiende eeu! As die onderwys in Hollands so sleg is, is dit nie tyd om te maak soos met Engels in so'n geval sou gedoen word, nl. om aan te dring op *verbetering* nie, om dit selfs aan te help deur die onderwyser se gevoeligste sintuig tot aksie te prikkel — sy beurs? As die huistaal dan so baie swak is,

¹⁾ Bl. 18, Report on the Annual Collective Examination, en B. 325.

²⁾ Min. Jansen sê: „Die klasse het nie veel beteken nie. Müller self was 'n Duitser en 'n baie gawe kêrel.”



S. E. Minister E. G. JANSEN.



JOSHUA R. HERSCHENSOHN.

lê die skuld nie dalk by die onderwys nie? Daar is twee onderwysers vir vyf skole, is dit genoeg? Maar nou blyk dit ook dat die onderwysers ander vakke moet doseer as 'n klasonderwyser of een van die vyf skole se leerpersoneel siek is! En verder, kinders uit standerd IV sit saam met kinders uit Matriek in die Hollandse les — en, let wel, Robert Russell is die man van die Standerds! Maar die Raad het ook 'n ander manier van beoordeling gesien en gevolg. Dit blyk dat 400 skoliere in die twee centra wat aangedui is, onderrig in Hollands ontvang, en ook dat die hoofde van die skole waar Hollands gedoseer word, baie gunstig oor hierdie werk rapporteer.¹⁾ Met die oog hierop beveel hulle aan dat die werk voortgesit word. 'n Duideliker voorbeeld van 'n nadelige dualistiese stelsel kan 'n mens nie kry nie. Die Raad is deur die Ladysmithse Boerevereniging en deur die kongres hartlik bedank vir hulle manmoedige besluit.²⁾

Dit sal seker nie nodig wees om by bostaande te vermeld dat ons S.O. nog 'n verdere rede gegee het nie, nl. dat die leerlinge wat onderrig in Hollands geniet hulle gewone lesse hiervoor versuim. Hollands is dus 'n soort van blinderderm, onnodige aanhangsel, dit val buite die „gewone lesse”. Maar naas die openbaring van 'n gebrek aan perspektief insake onderwys in Hollands is daar nog by hom 'n neiging om feite in hierdie verband opsetlik te verdraai, om te maak dat 'n vierkantige jukskei in 'n ronde gat moet pas om mooi laswerk te lewer! Een bewys ontleen ons aan sy skoolrapport van 1891. Hy gee eers die feite. Daar is 68 plaasskooltjies wat staatstoelae ontvang, en op 13 van hulle is byna uitsluitlik Afrikaanssprekende kinders, getrek van 35 families, en geleer deur 20 onderwysers(esse), almal Engelse behalwe een Duitser. Dan kom sy aanval. In die geautoriseerde skoolsillabes is 'n klousule bygevoeg ten effekte dat in Standerds IV tot VII 'n Engelse leesboek

¹⁾ B. 327.

²⁾ *De Natal Afrikaner*, 22/1/92.

vervang kan word deur 'n Hollandse of Duitse boek in 'n Hollandse of Duitse skool. Van hierdie „voorreg” word deur al die Duitse skole in Natal gebruik gemaak maar nie deur die skole wat deur Hollandse kinders besoek word nie. Die S.O. lei af: „The almost universal desire of the Dutch farmers is to give their children a thoroughly good English education. Their young people are taking readily to the English tongue as well as to English ways and they evince no desire to know the language of their fathers as it is written. . . .”¹⁾ Mnr. Mudie is as Assistent-Inspekteur aangestel om sy kennis van die Hollandse taal, maar in dié rigting is daar geen aanvraag vir sy dienste nie!

Nou sal 'n nuuskierige in verband met die gekursiveerde deel kan vra: Kan die 19 Engelse en een Duitse onderwyser Hollands doseer, en as van hulle kan, voel die uitsonderinge wel vir 'n taal wat die S.O. in diskrediet probeer bring? Kan hy, die S.O., hier praat namens al die Afrikaanssprekende kinders van Natal as daar maar net van 35 families lede vir die bewuste plaasskooltjies getrek word — en wat van die honderde in privaatskole of beter, protesskole, waar Hollands die medium is? En as die kinders geen Hollandse leesboeke het nie, is dit nou juis *hulle* skuld, of die van die onderwysers, of S.O.?

Russell het ook daarin geslaag om baie persone te mislei aangaande die juiste toestande. So het dr. Sutherland, L.W.V. voor die Newcastlese Boerevereniging in Januarie 1893 gesê dat in Umvoti waar baie Afrikaners is en 'n goeie Hollandse onderwyser, „net twee kinders Hollands leer”.²⁾ Die wakker sekretaris van die Boerevereniging, die heer J. J. Müller, het ondersoek ingestel en gevind dat daar geleentheid is om Hollands te neem, maar *na* skoolure, „en dat dit zoo is vastgesteld door den heer Russell”. Nou sal iemand, wat die Natalse somerklimaat ken, weet wat dit beteken om na vyf uur skoolwerk, met nog meer vir

¹⁾ Ons kursivering.

²⁾ *De Natal Afrikaner*, 13/1/93.

die aand, nou tyd te moet gaan wy aan 'n vak wat verag en verguis word deur die wat die voorbeeld moet gee. So gesien is dit snaaks dat daar nog twee leerlinge is! In die korrespondensiekolomme van *De Natal Afrikaner* verskyn eltelange stukke oor die behandeling van Hollands van owerheidsweë. Die heer John Herschensohn het op die kongres van Boereverenigings voor 'n groot gehoor vertel hoe die kinders les in Hollands na skoolure moes ontvang, of „in dieselfde kamer waar 'n ander klas van 80 tot 100 onderwys geniet”.¹⁾ Maar, om saam met ds. F. Sypkens, J. Herschensohn en die Redakteur van die *Natal Afrikaner* te praat,²⁾ die ergste is dat Russell en Mudie hulle invloed by die onderwysers teen Hollands gebruik het. Baie skoolhoofde, soos die heer Richmond, het die S.O. se optrede ook in die publieke pers verdedig. Hierdie meneer sê dat die aanlering van Hollands verkwisting van tyd is.³⁾ Die hoofonderwysers van Durban en Pinetown het ook protes by die Raad aangeteken teen die verordening om vier uur per week aan Hollands te wy (N.A. 5/9/'93). In die Wetgewende Raad het die heer Reyley dan ook die onpopulairiteit van die onderwys van Hollands toegeskryf aan die onsimpatieke houding van die skoolhoofde (*De Afrikaner*, 4/5/'94). Dit kan haas nie doller nie as toe die S.O. probeer het om die uitreiking te belet van twee erepenninge wat die Boerevereniging vir die beste leerlinge in Hollands in die twee grootste Natalse stede gegee het.⁴⁾

Dan is daar die kwessie van die bevoegdheid van die heer Mudie om in Hollands inspeksiewerk te verrig. Dit is in twyfel getrek (wat ons maar liefdeshalwe verbyloop), en toe daar sprake was van die aanstelling van 'n addisionele Assistent-inspekteur het die Boerevereniging in kongres op

¹⁾ *De Natal Afrikaner*, 5/5/'93.

²⁾ *De Natal Afrikaner*, 16/12/'92.

³⁾ *Natal Witness*, 25/8/'94.

⁴⁾ *Natal Afrikaner*, 16/12/'92.

Ladysmith dadelik die saak in hande geneem, petisies laat teken en aan die Goewerneur gestuur, waarin hulle versoek het om geen nuwe benoeming van Assistent-Inspekteurs te maak of goed te keur nie tensy sulke persone deeglik vertrouwd is met die Hollandse taal.¹⁾

Hier dwarsboom die Kongres Russell se planne. Hy het die noodsaaklikheid van 'n nuwe aanstelling bepleit, maar net omdat sy afgestudeerde seun 'n pos gesoek het.²⁾ Tog moes hy hierin die onderspit delf, die pos is ingestel, maar die heer Joseph Fourie, van Ceres, K.P., wie se aanstelling op die Raadsvergadering van 30 September 1892 aanbeveel is, is toe benoem.³⁾ Russell wil nou drie kolle skiet: die onderwys van Hollands op skool ontmoedig of vermoor, die lewe vir die nuwe ampsgenoot ondraaglik maak en die nuutingestelde pos laat uitvee. Na 'n diensperiode van een jaar het die heer J. Fourie sy ontslag aangevra en gekry;⁴⁾ sy rede was swak gesondheid maar die redakteur van die *Natal Afrikaner* het luidkeels verklaar dat die rede hierin lê dat die S.O. en Inspekteur Mudie vir hom die lewe onuithoubaar gemaak het. Nou glo Russell dit is „een overwinning door hem behaald op het gehate „Dutch”.”⁵⁾ Hier was die heer Herschensohnn snr. in sy diagnose waarskynlik reg, want toe die vakature moes opgevolg word, kom daar allerhande ontwykende puntjies voor. Die Administratiewe Kommissie wat saam met die S.O. op die wenslikheid van 'n nuwe aanstelling moes ingaan,⁶⁾ het dan gerapporteer: a. dat daar geen behoefte vir 'n Hollandse inspekteur op die oomblik is nie (sic!), b. dat die Hollandse predikante hierin werk kan doen in hulle gemeentes gedurende die herderlike besoeke en c. dat £ 200 op die begroting geplaas word vir „Contingent and

¹⁾ *Minute Book*, C. 13.

²⁾ *Natal Afrikaner*, 5/6/'93.

³⁾ C. 40.

⁴⁾ C. 184.

⁵⁾ 6/10/'93.

⁶⁾ C. 202.

other expenses, Dutch examination".¹⁾ Die wenke is egter nie deur die Goewerneur-en-Rade aanvaar nie en die pos bly behou, later opgevolg deur die aanstelling van die heer J. Kleinschmidt.²⁾ Maar die klugtige verset van wie die instrument moet wees om die besluite van die Raad van Onderwys uit te voer, eindig nog nie hier nie. Op die Begroting vir 1894 kom alleen voor „Dutch Inspection” i.p.v. „Inspector”. Die doel is duidelik. Toe minister F. Moor van dié spesifikasie verneem, was hy verontwaardig. Wat Russell daardeur sou wen is dat sy hande tot willekeurige handeling gesterk word. Die volle som van £ 250 hoef nie uitbetaal te word nie, die Raad is nou ook nie sonder meer gedwonge om 'n inspekteur aan te stel nie en eindelijk, as die Raad van Onderwys afgeskaf word (soos daar sprake van was en soos ook in dieselfde jaar gebeur het) dan berus die aanstelling in Russell se hande.

Dit is wel eienaardig dat so'n ongehoorsame verantwoordelike amptenaar geduld word; maar dit is eintlik net ten opsigte van Hollands wat sy ongehoorsaamheid gaan. Vir daardie tyd was dit juis die gewenste eienskap om vir iemand die naam van 'n durwende held te besorg onder seker die grootste deel van die skool- en staatsverantwoordelikes. Want dit is tog opmerklik dat hy handel teen die uitdruklike wense van die Raad van Onderwys, die Wetgewende Raad en van die breedgesinde Engelse van Natal, dat hy hom nie steur aan die Sinodale Besluite, aan publieke petisies en nie skroom om die Hollandse publiek van Natal die een klap op die ander in die gesig te gee nie — die man wat die toekomstige publiek moet opvoed!

¹⁾ C. 216, vergadering 28 Des. '93.

²⁾ Dr. Sutherland meen dat die heer Mudie goed genoeg is vir die werk, daar hy vir die laaste twee jaar al Hollands leer. (Vergadering 22 Febr. '94.) Dit is uiteindelik besluit dat die Uitvoerende Komitee die heer Russell sou raadpleeg oor die bekwaamheid van die heer Mudie om in Hollands te eksamineer — en Russell „verstaat geen enkel woord Hollands”!!! (*De Natal Afrikaner*, 2/3/'94).

Hollands is as opsionele skoolvak erken en op 'n paar plekke ook onderwys. Nou wil die Boerevereniging nog hê dat dit in die Jaarlikse Kollektiewe Novembereksamens moet erken word. Die Newcastlese tak het op 5 Januarie 1893 aan hulle lid, dr. Sutherland met eenparige besluit opdrag gegee om hiervoor in die Raad van Onderwys, waarvan hy lid is, te ywer. Hy het nie baie entoesiasties oor die saak gevoel nie en ook geen belofte afgelê nie. Hy is ook die man wat vyf maande later in die sitting van 17 Mei 1893 in die Wetgewende Raad voorgestel het om die woord *Hollands* na „Assistent-Inspekteur” te skraap! Die sekretaris van die vereniging het toe direk aan die Raad geskrywe, en die diskussie hieroor in die Februarievergadering van die Raad gehou sal ten allen tyde 'n kleinood wees van moedswillige blindheid vir wat voor hulle oë in die twee vernaamste handelsentra op skoolgebied aangaan, vir feiteverdraaiing in soverre as hulle sanksie gee aan die brief van Russell, en vir die aankweking van rassehaat. Die georganiseerde Boereliggaam het hierop te kragtiger opgetree, en by geleentheid van die e.v. kongres is besluit om die Regering te petisioneer en so die verset teen Hollands ¹⁾ op die staatskole van Pietermaritzburg en Durban teen te werk. As die antwoord hierop en op ander sake aangaande onderwys onbevredigend is, sal 'n spesiale kongres opgeroep word. ²⁾ Dit was nie nodig nie. In die „Government Gazette” vir Desember 1894 word aangekondig dat Hollands een van die onderwerpe vir die aanstaande jaarlikse elementêre eksamen sal wees (1895). Uit Elffers se *Elementaire Grammatica* word 'n minimum van 95 bladsye vereis, naas 34 bladsye uit van Moerkerken se *Nederlandsch Leesboek voor de Lagere Scholen*. ³⁾ Om aan te toon watter gebruik daar van die geleenthede gemaak is om Hollands as skool- en eksamenvak te neem, gee ons die volgende tabel, waar-

¹⁾ Vgl. o.a. *De Natal Afrikaner* van 28/2/'93.

²⁾ 15/5/'94.

³⁾ Ook *De Natal Afrikaner*, 11/1/'95.

voor die syfers vergader is uit die onderwysrapporte vir die aangegewe jaartalle:

	1895	1896	1897	1898	1899	1900
Ll. wat Hollands leer..	288	318	305	356	136	—
Ingeskryf vir Nov.-ek-samen.....	25	32	24	38	—	—

Dit is opvallend dat die getalle vreeslik stadig styg, die spoortjie loop taamlik reguit met 'n opwaartse neiging, maar daal teen die end van 1899 skielik. En tog is daar 'n hyging na onderwys in Hollands. Daar is geen treffender bewys dat iets in die skole verkeerd is as juis dit nie: daar word onderwys in Hollands gegee, en tog is daar 'n hongersnood by die Boerebevolking na die brood van die moedertaal in die skole. Die Sinodale skoolkommissie het hom veral tot taak gestel om die skool na die kindertjies te bring en die kinders na die skool, want die feit is dat so baie-baie Boerekinders sonder skoolgeleentheid moes opgroeï.¹⁾ Ds. F. Sypkens uit Newcastle wys daarop dat die getal kinders van Hollandse ouers in die skole op Ladysmith en op Umvoti „zoo klein is dat het bijna niet in aanmerking komt”.²⁾ Van elke 100 Boerekinders van skoolgaande ouderdom kry geen tien staatsondersteuning nie, en hierdie klein getalletjies is nog kinders van goeie ouers wat self kan sorg en gedeeltelik wel sorg. Die wat hulp nodig het, kry dit nie! Hulle bly ongeleerd, as die bietjie wat die ouers hulle self leer, in die oorweging uitgeskakel word. Die predikante wat op hulle herderlike besoeke die toestande leer ken, voel hierdie saak dan ook die diepste, sodat dit op die Sinodesittinge gewoonlik onder bespreking kom.

¹⁾ Ons gaan hier net die rigting aangee en sal nie op die geweldige groot stryd breedvoerig ingaan nie.

²⁾ *De Natal Afrikaner*, 8/4/92.

Een van die maniere om die saak op te los is om Hollands te laat leer, maar nou ontbreek die onderwysers wat hiertoe instaat is. Aan die kerk van Natal kom ook die eer toe dat hulle ernstig gepoog het om met plaaslike kragte in hierdie behoefte te voorsien. In Julie 1892 is op Greytown 'n skool geopen, wat 'n mens 'n tak van die Hugenote-Seminarie in Wellington, kan noem.¹⁾; ²⁾. Dit het gestaan onder die hoofskap van 'n Amerikaanse dame. Hier kon onderwysers(esse) opgelei word, verder is onder die leiding van mej. Thom, B.A. baie tyd aan Hollands gewy. Ongelukkig het die inrigting nie gebloei nie en eindelik oorgegaan in die hande van die Regering.

Al het die plan van die Sinode om die Afrikaners in staat te stel om hulle self te help, misluk, tog gee hulle nie moed op nie, maar werk nou langes die ander aangewese weg naamlik om die Regering te beweeg om 'n handjie by te sit. Uit die onderwysnood is toe op die 24ste Algemene Kerkvergadering in 1892 'n subkommissie gebore as gevolg van 'n voorstel afkomstig van ds. F. Sypkens. Dit kon ook deur 'n besluit van die Boerevereniging in sy 2de Kongres ingegee gewees het.³⁾ Dit lui: „De Synode stelle een Synodale School Commissie aan, te elken jare te herkiezen, en drage aan haar op de behartiging van het onderwijs in de Gemeenten onzer kerk in het algemeen, en van het onderwijs in de taal onzer kerk in het bijzonder”.⁴⁾ Na die onderwysbepalinge van 1894 het die tweede deel 'n bietjie meer in die agtergrond geraak, maar nooit verdwyn nie — dit kon ook nie. Op Newcastle, die standplaas van die ywerige ds. Sypkens, is, soos raadslid Johnstone in die Wetgewende Vergadering van 20 April 1897 gesê het, al vir die laaste tien jaar om 'n onderwyser gevra. Die Eerste Minister antwoord gewoonweg dat hierdie plek 'n leerkrag

1) Leven van Andrew Murray.

2) *Natal Afrikaner*, 29/7/'92.

3) *Natal Afrikaner*, 22/4/'92.

4) *Natal Afrikaner*, 8/4/'92.

vir Hollands sal kry as die ouers daarom vra! Dit klink voorwaar verspot om te verneem dat in die Hollandse distrikte van Ladysmith, Newcastle en Dundee geen onderwyser vir Hollands is nie! In die *Natal Mercury* van Mei 1898 het daar selfs gestaan dat die onderwysdepartement geweier het om Hollandse onderwys saans aan die Newcastlese dorpseuns te laat gee, en dat die publiek baie verontwaardig daaroor was. Die prokureur-generaal het die stukkie nuus egter ontken in die sitting van die Wetgewende Vergadering op 31 Mei 1898. Maar op hierdie aspek is al genoeg gewys. Die Sinodale Skoolkommissie het sy aandag later veral aan die eerste deel van sy opdrag gewy. Dit het eers 'n rukkie geduur voor hulle koers gekry het, en toe is hand-aan-hand met die Boereverenigings gewerk om groter toelae van staatsweë te kry vir plaasskole waar Hollands of Hollands en Engels geleer word. Daar is 'n hele paar voorstelle gemaak wat byna altyd in die kantoor van die heer Russell stukkend gebreek het. Om die rede, en ook omdat die motiewe hulle net in ander vorm herhaal, sal ons die ontwikkeling nie op die voet volg nie, maar net een van die belangrikste momente aanstip. Die verwagting om ondersteuning te kry waar net Hollands gedoseer word, is deur die besluit van die Raad van Onderwys, geneem op 28 Junie 1894, vergoed die kop ingedruk. Die Sinodale deputasie wat op 30 September 1898 sy opwagting by die minister van Onderwys (die heer Bale) en die S.O. gemaak het, bepleit toe 'n verandering in die heersende medium-toestande in die sin dat die opvoeding van Hollandse kinders afgerond mag word deur uitsluitlik onderrig in en deur middel van Hollands te ontvang in Standaard IV nadat in Standerds I tot III ook Engels geleer is. Die antwoord van die minister (ged. 14 Febr. 1899) is karakteristiek waar hy sê dat kinders tot standaard IV hoofsaaklik in Engels behoort geleer te word, en verder dat hy geen belofte wil maak nie. Hy skyn egter simpatiek te wees en verseker die afgevaardigdes: „Gij kunt er echter op rekenen dat het Departement van Onderwijs al het mogelijke zal doen

om in de scholastieke behoeften van de Hollandsche afdeling der bevolking te voorzien." ¹⁾ Die Natalse Sinode kan dringende algemene sake gou afhandel waar daar elke jaar 'n sitting is. Daar word nou in die Aprilsitting besluit om memories aan die Parlement op te stel waarin gevra word om 'n klousule in die Akte van Opvoeding in te vleg ter bepaling „dat toelagen van Goevernementswege zullen gegee worden aan scholen (of klassen in scholen) waarin alleen 't Hollandsch onderwezen wordt, zonder enige voorwaarde erbij dat kinderen daartoe enige Standerds in 't Engelsch moeten gepasseerd zijn". ²⁾ Daar is toe stappe geneem om hieraan uitvoering te gee en ook met parlamentslede is oor die saak gepraat.

Dit is die tragiese in die taalstryd van Natal, dat sodra 'n reg wat die Skepper deur die natuur aan elke mens gegee het en nou onbillik weerhou word, verkry is langs die weg van stryd, geld- en tydsbesteding, dit deur onsimpatieke amptenare of deur politieke toestande genadeloos ongedaan gemaak word.

Die Boereverenigings het ook nog ander taalskanse bestorm en... verower. Dit strek hierdie politieke en boerdery-verenigings tot blywende eer dat hulle so wakker was op taalgebied, en veelmeer, dat hulle soos Geuse aangehou het om te stry, bulhondagtig bly veg het, onder die mees ontmoedigende omstandighede en allerlei wederwaardighede. Wie 'n Boer op sy plaas ken, die groot afstande, dunbevolktheid en stadige vervoermiddels nie vergeet nie, en ook aan sy betreklik geringe opleiding en kultuurvorming dink, staan eerbiedig stil waar die groepie by die onregverdige regters aanhou vir die erkenning van hulle kultuurgoedere. Maar dit is veral die doelbewustheid van 'n paar drywers of gees-inenters, wat nieteenstaande die afname van die getal verenigings of die rigting om by die latere Engelse Farmers' Association aan te sluit, tog die Afrikaner-

¹⁾ *Natal Afrikaner*, 2/5/92 en *Notule*, 1892.

²⁾ *Notule en Natal Afrikaner*, 5/5/92.

boere as 'n gedugte strydgarde byeengehou het en juis deur die stryd hulle simpatieë vir 'n heerlike doel geëksploiteer het. Daarom pas dit om name te noem soos die van die sekretarisse, die here J. J. Müller en John Herschensohn jnr., van die ywerige voorsitter die heer S. H. F. de Jager, van die stigter en blywende ondersteuner, die heer Joshua Herschensohn snr. Dit is opmerklik om te sien hoedat die Beweging ook gewillig was om vir steun en innerlike versterking aansluiting buitekant Natal te soek. In *De Natal Afrikaner*¹⁾ is daar 'n uitstekende verslag van die Taalkongres wat op 31 Oktober en 1 November 1890 in Kaapstad gehou is. Die oproep aan „Alle Voorstanders der Hollandsche Taal in Zuid-Afrika” om takke te stig, en die Statute van die Taalbond in hierdie oproep vervat, is ooglopend geplaas op wat toe die kabelblad was, en ook inleidingsartikels is geskrywe waarin afdelings van die Boereverenigings aangemoedig word om takke van die Taalbond te stig.²⁾ Die Newcastlese Boerevereniging was die eerste om gevolg aan hierdie wenk te gee en het op 20 Januarie 1892 op die plaas Doornpoort so'n tak gestig. Veel weerklank het die oproep egter nie in Natal gevind nie en van die paar takke het geen eintlike invloed uitgegaan nie. Die hoofrede vir die flouheid sal wel wees dat die Boere-organisasie later wesentlik dieselfde beoog het as die Taalbond, net beter geakklimatiseer vir Natal as die beweging van Kaapland. Die vereniging van die Boere het in die taalsaak maar selfstandig gestry en sonder om rekrute van buite te probeer trek.

(f) DIE WETGEWENDE RAAD.

Reeds op die Tweede Kongres, die van 12 en 13 April 1892, is by akklamasie die voorstel van John Herschensohn—Müller aangeneem, dat: „Het Congres een memorie opstelle naar den Wetgevenden Raad, hem verzoekende eene wet

¹⁾ 21/11/'90, en 28/11/'90.

²⁾ Bv. *Natal Afrikaner*, 27/2/'91.

te ondersteunen en aan te nemen de leden toelatende de Hollandsche taal, desverkiezende in den Wetgevenden Raad te bezigen, waarin hun gevoelens uit te drukken. . . .”¹⁾ Die raadslede uit die afdeling wat op die kongres verteenwoordig is, sal versoek word om in die gees voorstelle in te dien. Die heer F. A. R. Johnstone, L.W.R. vir Newcastle-afdeling het aan die versoek gehoor gegee. Op Maandag, 16 Mei 1892, in die aansitting is aan die Koloniale Sekretaris gevra: „Is it competent for Members of this Council to address the House in the Dutch language?”²⁾ Die antwoord het gelui dat daar geen wet of reël is wat dit verbied nie, maar daarop word gewys dat die doel van ’n debat nie is om die spreker te onderrig nie, maar die toelusterende lede.

Die Kongres het dus gesorg dat daar sekerheid op die punt bestaan. Wat nou nog oorbly is die toepassing van die reg, wat feitlik onmoontlik was sonder die hulp van ’n tolk, daar omtrent niemand die agbare spreker wat Hollands gebruik sou verstaan nie — dit ter regverdiging! Die woord „spreker” word opsetlik in die enkelvoud gebruik, want onder die gekose lede van die Wetgewende Raad van 1892 kom net die naam van een Afrikaner voor, die van die heer T. Nel.³⁾ Hiermee is die redakteur van *De Natal Afrikaner* nie tevrede nie en vra: „Nu, moet het daarbij blijven? (Dat ons die reg het.) Waarom van dit voorrecht (Nee: reg!) niet gebruik maken?”⁴⁾ Ek kon egter geen enkel geval vir hierdie periode uitsnuffel waar van hierdie reg ooit gebruik gemaak is nie — in die sitaat word dit genoem ’n „voor”reg!

(g) BOERDERYSAKE.

Die kongresgangers het in 1892 ook besluit om te ywer vir die invoering van Hollands in die Staatskoerant as een

¹⁾ *Natal Afrikaner*, 6/5/92.

²⁾ *Votes and Proceedings*, 1892, C.S.O. p. 36.

³⁾ Sien Lys vooraan in *Debates*, 1892.

⁴⁾ 14/7/93.

van die twee tale waarin regeringskennisgewings moet verskyn. Die takke was nog vol vuur, en binne 'n maand het G. P. Kemp en 34 ander Boere van Umsinga- en Dundee-afdelinge 'n petisie opgetrek en deur raadslid Johnstone laat indien.¹⁾ Die uitwerking was so-te-sê nul; op die vyfde kongres was daar meer as genoeg rede om oor hierdie toestand te klae. 'n Besluit word geneem om die Regering te versoek om offisiële stukke wat van belang is of kan wees vir die Afrikaanssprekende plattelander, in die Hollandse blaaie te laat publiseer, daar die magistrataatskantoor waar die goewermentskennisgewings te krye is, gewoonlik ver van die meeste plase lê. Boendien is daar baie Boere wat Engels nie verstaan nie.²⁾ Dit was my nie moontlik om uit te vind wat van hierdie besluite geword het nie, maar dit was in alle gevalle vir die Kongres nodig om drie jaar later byna gelykluidende besluite te neem, toe die terughou van informasie aan die Boere wat daar belang by het, bestempel was as „niet alleen een onrecht maar tevens een affront voor de Hollandsche Afrikaners” (die heer de Waal). 'n Mens kan gerus aflei dat die Regering maar die „sakies” probeer doodsmoor het. Oor die merite van so'n behandeling kan daar wel verskil van opinie bestaan, maar die „sakie” verloor darem sy groot niksbeduidendheid as gevind word dat die Engelse Afrikaner met meer as toevallige toegeeflikheid in die opsig van verstrekking van belangrike boerdery-informasie bejeën is. Die Regering het besluit om in 1898 'n Landboujernaal te laat uitgee ten behoeve van die boer. Volgens tender moes dit in albei tale uitgegee word, maar toe die half-maandelikse *The Agricultural Journal and Mining Record* op 18 Maart 1898 sy eerste verskyning maak was daarin 1½ bladsy Hollandse lektuur uit 32 paginas, en in die tweede nummer 3 uit 32. Die blad het by sy derde verskyning tussen 40 en 50 intekenaars gehad, d.i. Engels-

¹⁾ *Votes and Proceedings*, 1892, no. 8, bl. 35.

²⁾ Kongres 11 April, 1895.

sprekende boere. ¹⁾ Teen hierdie behandeling van Hollands, en dus van die behandeling van die Hollandse boer, het die heer Joshua Herschensohn (snr.) sterk protes aangeteken en dit 'n belediging genoem vir die seksie wat sy blad verteenwoordig. ²⁾ 'n troubreuk volgens die tender, want dit moet om die helfte in die twee landstale verskyn. Die eersvolgende kongres het die saak warm bespreek en 'n eenparige mosie goedgekeur om by die Regering ingedien te word, dat die Joernaal ook in Hollands deur die regering moet uitgegee word (de Waal). Dis mos 'n blad vir landbouers en veeboere, en daar is meer Hollandse boere in Natal, volgens de Waal, as Engelse boere. In die antwoord van die Regering soos vervat in die brief van C. Bird, gedateerd 14 Junie 1898, lui dit dat daar genoeg voorsiening vir die Hollandse boer gemaak word (sic!), en dat die blad in hierdie taal te duur sal wees! Voor die saak weer hervat kan word, is 'n gebeurtenis aan die ontrolle, wat vir die Hollandssprekendes van Suid-Afrika van die grootste betekenis is — op 11 Oktober 1899 is die ultimatum uitgevaardig, wat die begin is van 'n bitter en bloedige stryd, en wat meteens die vernietiging van alle regte en voorregte is wat die Boere van Natal met moeite en deur aanhou verkry het!

¹⁾ *De Natal Afrikaner*, 3/5/98.

²⁾ 6/4/98.

HOOFSTUK III.

Van 1900 tot Vandag.

Toe die klokgelui die wêreld oor 'n ou jaar en 'n ou eeu uitskal, het kanonnegebulder in Suid-Afrika die oorlogsgesing en so die gekerm van sterwende mense versmoor. Dit was 'n bitter tyd vir die Hollandssprekendes in die hele Suid-Afrika, noudat die twee jong Republieke in 'n stryd op lewe of dood met die magtigste wêreldryk gewikkel is — 'n stryd wat in sy einduitslag na dit lyk antwoord sou gee op die vraag aan watter van die twee blanke rasse die regering van hierdie wêrelddeel sou toevertrou word. Waar die twee strydvoerende magte so sy aan sy vir 'n eeu saamgelewe het, dikwels teenstrydige politieke belange gekoester het, moes die twee nou aanmekaar spring in alle felheid en erns. Natal as 'n ultra-Britse kolonie het natuurlik sterk en „heelhartig” saamgevoel met die strydende aanvallers en die inwoners van Hollandse nasionaliteit alles ten deel laat word wat 'n klein groepie van die baie kan verwag in 'n tyd wanneer primitiewe instinkte uitlaai in die kudde-vyandigheid. In die Natalse Engelse koerante was hooftoon en bytoon: „They must be taught a lesson”, en die „they” was in sy algemeenheid al sprekend. Die grofste belediging en een vol van die kwaaieste gif en veragting was die benaming „a Boer”, die sterkste verwyt: „he is a pro-Boer”, terme wat tot vandag toe nog nie in Natal hulle angels verloor het nie. Dit was dan net natuurlik dat die Hollandse taal ook die gevolge van hierdie haat sou ondervind al was vier-vyfdes van hierdie kolonie se Hollandse inwoners in gedrag (hoewel natuurlik nie altyd

in simpatieë nie) getroue onderdane van Haar Majesteit die Koningin van Engeland.¹⁾

Die pos „Onderwys in die Hollandse taal” kom nou nie meer op die begroting voor nie. In die Wetgewende Vergadering (27 Mei 1901) het die heer Th. Nel hierteen geprotesteer, en in die Wetgewende Raad het die here D. Uys en C. Labuschagne die volgende dag dieselfde gevoelens gelug. Die Tesourier-generaal het wel belowe om hulle gevoelens aan die Minister van Onderwys bekend te maak, maar dit was maar paaiery, sonder enige verder verpligtinge. Die Afrikaners kon niks meer doen as om te protesteer nie, want dit het hulle nie geluk om 'n mosie aangaande Hollandse Onderwys ingedien te kry nie. Trouens, Th. Nel het dit vroeër alreeds probeer (6 Mei) toe op voorstel van 'n heer Hitchins besluit is met 17 teen 16 stemme om tot die volgende punt oor te gaan, d.i. om die mosie-Nel onbesproke te laat. Dit kom dan hierop neer dat daar geen voorsiening vir onderwys van Hollands in Natal sal of kan gemaak word nie, en dit wel terwyl die staat £3,750 vir Koelie-onderwys, £2,500 vir kaffer- en £1,000 vir kleurling-onderwys stem. Maar dit beteken ook verder dat 'n lid van 'n Huis wat byna uitsluitlik uit Engelssprekendes bestaan berowe word van die vrye reg om 'n vrye *opinie* uit te spreek, soos die ultra-Britsgesinde *Times of Natal* dan ook protesterend opmerk. Dit dien ook onthou te word dat dit nie hier 'n kwessie van verpligtende onderwys in Hollands is nie, ook nie van Hollands as medium nie, maar net van 'n klein sommetjie van wat Natalse Boere aan die Staat betaal, om Hollands as skoolvak te bevorder waar dit gedoseer word.²⁾ 'n Historikus moet hier seker daarop wys dat die voorgewende rede van Brittanje se optrede die beskerming is van die regte van wat genoem is Uitlanders en Onderdrukte!

Toe die vrede weer oor die land geheers het, moes die

¹⁾ Prok.-Genl. in 'n toespraak van 1900.

²⁾ Vgl. *Het Zuid-Westen*, 13/6/'01.

Afrikaner hom as 'n oorwonnene behandel sien. Een van wyle Pres. Steyn se geveuelde woorde lui: „Wij hebben de oorlog verloren, maar Zuid-Afrika gewonnen”. Die aanskoulike vervulling daarvan het nog op die dag van more gewag. Maar vandag het die Afrikaner hom klein gevoel, en Lord Milner het nog nooit op Vereeniging vrede gesluit nie. Hy is die auteur van die betekenisvolle woorde: „Wipe out the last trace of Africanderism, and damn the consequences”;¹⁾ waar dit kom van 'n verantwoordelike leier, bevat dit 'n verskriklike gedagte, maar tog die gedagte wat ook in Natal geheers het in administratiewe en ander kringe. Die Hollandse taal, en daarmee natuurlik die reg en regte van die Hollandse element, is tussen 1902 en 1910 in hierdie kolonie soveel as maar moontlik is, geïgnoreer. Die Boer is goed as 'n klerk in die besigheid van Suid-Afrika maar nie as 'n vennoot nie! Vir iemand wat nie die tydperk van onderdrukking in sy sterk krag deurlewe het nie, bring die woord „onderdrukking” maar 'n flou beeld van die werklike toestand. Ons wil net 'n paar tekens van die „crush”-koors aanwys, soos ons dit in Natal in die dae voor die Unie van Suid-Afrika leer ken het, en kies daarom vereers 'n paar van die regeringsdepartemente, nie ten opsigte van die taal wat hulle met mekaar gebruik nie, (want hier val niks abnormaals op te merke nie) maar van die manier waarop hulle die Hollandse publiek in die taalsaak behandel het.

In die poskantoor van die hoofstad was vermoedelik niemand wat iets van Hollands af geweet het nie. Die posmeester teken met sy eie hand sy eie naam onder aan 'n brief wat in Hollands geskryf is en afgestuur is aan *Die Afrikaner*; maar ongelukkig gee 'n woordeboek nie ook die regte woordorde aan nie!²⁾ Hollandse telegramme word gewoonlik verskriklik verdraai ('n ondervinding wat

¹⁾ E. C. Pienaar: *De Toekomstige Volkstaal van Zuid-Afrika*, p. 5 en vgl. Herman v. Broekhuizen, *Natal Witness*, 3/12/29.

²⁾ *Die Afrikaner*, 8/9/13.

ons vandag nog dikwels opdoen!); iemand het sy kop gekrap om die geseinde berig te verstaan: „Harteluk geluk wenschen praat gelaah ou gertf”.¹⁾ As „unknown” is die volgende adres gesertifiseer en die brief teruggestuur: „Ds. E. Z. de Beer, Marktplein, Alhier”.²⁾ „Postbus 169” word „Try Box 169”.²⁾ *Die Afrikaner* se Redakteur kon maar die bedoeling van die slegte Hollands in 'n brief deur die posmeester in 1913, drie jaar na die totstandkoming van die Unie, aan hom geskrywe nie begryp nie en het werk van die saak gemaak, sodat daar dan tog verbetering gekom het en ook die kennisgewingsbordjies tweetalig geword het in... 1914.³⁾ Tweetalig beteken natuurlik: Engels *altyd* bo-aan, en dan Hollands, wat in soverre goed is as dat 'n mooi muur op 'n sterk en vertrouwbare fondament moet staan! Kennisgewings ten behoeve van die publiek was verder orals eentalig. Die gewoonte was so sterk dat na die inwerkingtreding van artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet, 1909, omtrent geen verandering aangebring is nie. Dit het veral treurig gegaan in die spoorwegdepartement, wat tog tot nut en vir die gerief van die publiek daar is. Van en na 1910 was dit haas onmoontlik om gevolg te gee aan die bepalinge insake die gebruik van die twee amptelike tale. Sir Percy Fitzpatrick het by wyse van protes teen die omsendbrief van die Minister van Spoorweë in 1911 ten effekte dat die spoorwegbeamptes hulle met Hollands moet vertrouwd maak, sy Kimberleyse gehoor verseker dat 80 %—90 % van die spoorweglui geen Hollands ken nie.⁴⁾ Dit is my nie moontlik om sy berekening te kontroleer nie, maar as dit by benadering die toestand in Suid-Afrika weergee, hoe moes dit dan in Natal gelyk het? Dit is tog duidelik dat eentalige Hollandssprekendes, sodra hulle met die departement in aanraking kom dit swaar kan kry. Van

¹⁾ Desember 1906.

²⁾ *De Afrikaner*, 18/9/'05.

³⁾ *De Afrikaner*, 3/7/'14.

⁴⁾ Toespraak 13/11/'11.

'n menigte gevalle, waarvan tog net 'n baie klein persentasie die pers bereik, dien die volgende geval wat verbatim weergegee word. M. J. Gregory uit Pietermaritzburg wou graag die Howickvalle op Uniedag 1912 gaan besigtig. Toe hy op die terugreis om sy reiskaartjie gevra word het hy gevra om in Hollands aangespreek te word maar is nie verstaan nie. „Te Pietermaritzburg bracht de kondukteur nog een hogere beampte bij die heel onbeleefd en sarkasties zei dat het hem scheen dat ik Frans sprak. Door de kondukteur werd ik opgehouden totdat de andere 'n politieagent ging halen. De hoogere beampte dreigde mij over te geven aan deze politiemans die... ook geen Hollands scheen te verstaan. Toen men eindelijk zag dat er niets aan te doen was, werd mij toegesnuwt: „Biljet!”¹⁾ Dit alles geskied dan in 1912 ten aansien en aanhore van die amptenare wat moet toesien dat reg geskied! Die hof het Hollands al lankal verban en het elke skeurtjie bewaak waarlanges hierdie taal kon indring. Op Dinsdag 26 Januarie 1903 het advokaat Greene namens die Vryheidse Executeurs-Kamer en Voogdij Maatschappij voor die hof opgetree en aansoek gedoen vir die registrasie van hierdie maatskappy, waarvan die „Articles of Association” in Hollands opgetrek is maar wat die Registrateur nie wou aanteken nie al was die dokumente vergesel van 'n beëdigde Engelse vertaling. Sy rede was dat Natal 'n Britse kolonie is en dus erken hy geen ander offisiële taal as Engels nie. Miskien was die gemoed nog te onstuimig na wat minder as 'n jaar tevore plaasgevind het. Maar sedert 1910 kon die beswaar nie meer geld nie. Hierdie ou taalreëling is ook konsekwent toegepas waar die Engelse bestuur na die Boeredistrikte gegaan het. Daar het gedurig klage ingekom oor die onbevoegdheid van magistrats om die Hollandse inwoners te verstaan, wat veroorsaak dat die staatsdiensars die mense soms sleg beledig. In Vryheid is daar voor 1910 omtrent 1,000 Hollandssprekendes en van die „kwart dozijn magi-

¹⁾ *De Afrikaner*, 6/6/12.

straten" om hulle te bedien kon geeneen hulle taal praat of selfs verstaan nie.¹⁾ Dit is juis waar 'n mens by Vryheid en die ou Nuwe Republiek, later deel van die Suid-Afrikaanse Republiek kom, en waar Hollands natuurlik amptelike taal was, dat hierdie taalpraktyk swaar moes gedruk het en bitter gevoelens onder selfrespekterende, eerwaardige ingesetenes moes gaande gemaak het. Maar soos dit hier was, was dit orals. Iemand wat hom 'n „Afrikaner" noem, vertel hoedat 'n „arme zetelaar" wat geen woord Soeloe of Engels geken het nie en by die magistraat van Soeloeland gaan klae het, moes hoor: „go back and get somebody who can speak English and come back again!" — woorde uit die mond van die magistraat self.²⁾ Ook die polisie kon maar selde Afrikaans praat. Die Boereverenigings en die Landbou-unie het keer op keer hulle stem ten gunste van dienders wat ook hulle taal ken laat hoor. As 'n mens sulke versoeke 'n paar keer teëkom, dan kan hy al tussen die reëls lees wat dikwels plaasvind en hoekom daar 'n behoefte aan sulke dienders bestaan. Afrikaners wat nie Engels ken nie, moes hulle soms van Soeloe bedien! Iemand vertel hoedat die kantoor-kaffers partykeer lag as hulle getuie van 'n toneel is waar die blanke partye mekaar nie kan verstaan nie en dan sê „Hizituta ze Boena leze!" (= Dis 'n gek van 'n Boer hierdie!)²⁾ Dis nie die eentalige staatsamptenaar wat 'n gek is nie, maar die eentalige Afrikaner, of anders uitgedruk, dis nie een-taligheid wat 'n mens selfs in die oë van ongeleerde naturelle 'n gek maak nie, maar wel die feit dat hy nie Engels ken nie! Kennis van Engels beteken geleerdheid. Die Moor-ministerie van 1908 is uitgeskel vir sy pro-Boersheid, en tog vind 'n mens dat die Bestuurder van die Landbank gedurende hierdie tyd, die heer W. J. O'Brien,³⁾ botweg geweier het om aandag te skenk aan aanvrae vir lenings as dit in Hollands gestel is. Hy

¹⁾ *De Afrikaner*, 5/7/'07.

²⁾ *De Afrikaner*, 23/2/'14.

³⁾ Tans L.V. vir die kiesafdeling Pietermaritzburg-Noord.

meen dat almal wat geholpe wil word by magte moet wees om die aansoekformulier in Engels in te vul.¹⁾ Blykbaar word dus nie die Boer aangehelp nie, maar die Engelsheid, of, kennis van Engels is die weg om staatsteun te verkry, en nie die talente, toegerustheid of behoefte van die aanvrager nie. As eentalige Boere die formuliere oor grond- en inkomstebelasting moet invul, ten bate van die Staat, moes hulle dit deur 'n agent laat doen en hom van 5/6 tot £1.0.0 vir sy werk betaal!²⁾ Dit is dan onder sulke omstandighede verstaanbaar dat blaaië wat die boer van raad moet dien, nie in Hollands sal verskyn sonder 'n gebaklei daarvoor nie. Vir Hollands moet altyd baklei word.

Een van die faktore wat meegehelp het in die stryd, is die Boereverenigings, wat in 1906 weer opgestaan het. Op Pietermaritzburg is 'n tak gestig, met E. G. Jansen as sekretaris, wat die kongres in hierdie hoedanigheid ook gedien het. In ooreenstemming met punt 2 van die Reglemente, waarvolgens bepaal is dat Hollands (soos vroeër) die offisiële voertaal van die Vereniging sal wees, is gestry daarvoor dat die Landboujoernaal ook in Hollands moet verskyn. Dis net die ou eise opnuut na vore gebring. Dis 'n gebeurtenis van baie groot belang; die Boer wat in die oorlog moeg gestry was en toe gerus het, om weer langs die weg van ingesonkenheid en introspeksie tot verhaal te kom, tree die politieke arena binne en verskyn ook hier weer strydvaardig. Die bostaande versoek van 1907 het nie die ernstige aandag van die Regering geniet nie. Hulle het die saak probeer afskuiwe deur 'n waarborg van 200 intekenare te vra,³⁾ en toe op die onbillikheid van so'n eis gewys is, antwoord die minister dat as die getal intekenare op die Engelse uitgawe waarin die vernaamste artikels in Hollands vertaal sou word, aansienlik styg, die blad in Hollands sou verskyn. Aan hierdie belofte is uitvoering gegee toe in

¹⁾ 24/9/08.

²⁾ *De Afrikaner*, 4/2/09.

³⁾ Kongres van 10 April 1907.

Februarie 1908 die deel oor boerdery ook in Hollands die lig gesien het, wat moontlik gemaak is deurdat die som van £ 200 hiervoor op die begroting geplaas is, teenoor £ 800 vir die Engelse gedeelte. 'n Volledige, selfstandige Hollandse uitgawe is selfs vanaf Januarie 1910 in die vooruitsig gestel.¹⁾

HOLLANDS IN (a) DIE MAATSKAPLIKE LEWE.

Na die oorlog was daar ook groot bitterheid in die samelewing teenoor die Afrikaanse element, wat in die begin maar swak in die stede verteenwoordig was. Daar was die veragting vir die Afrikaners in die algemeen, vir hulle leiers en veral vir hulle taal. Ten koste van die Boere is allerlei „grappies” in omloop gewees, wat gewoonlik laat uitkom hoe arm, dom of wreed hulle is, en getuig in watter agting die Engelse bure hulle gehou het. In *The Globe* staan byvoorbeeld: „In 'n vergadering van hierdie dom here is eenkeer 'n besluit geneem om die drie persone wat verantwoordelik was vir die oorlog op te hang, t.w. Joe Kimberlin, Alfred Milner en Frank Ise” (lees „franchise”).²⁾ Dit word ook vertel hoe 'n arm Boer in 'n eerste-klas-wa geklim het en net een medereisiger gehad het, 'n R(ailway) M(edical) O(fficer). Toe die reiskaartjies ondersoek word, antwoord ons heer „R.M.O.” en die Boer, ewe-eens sonder kaartjie, val ook in met: „ek is ook 'n arm ou!” Hulle is flou, smaakloos en onwaarskynlik, maar beantwoord aan hulle doel. Van hierdie soort is daar 'n menigte, en hulle openbaar die kwaadwillige gesindheid van die ander teenoor hulle. 'n Treffender voorbeeld (om net sages te noem) van die veragting vir die Hollandssprekendes bied miskien die opmerking van iemand uit Pietermaritzburg wat hom teken as „Een Africaner”, iemand wat blykbaar heelwat met die hof te doen het: edele en slegte daade deur Afrikaners

¹⁾ *De Afrikaner*, 13/12/09.

²⁾ *De Afrikaner*, 23/11/08.

gepleeg word in die pers aangekondig as gedaan deur „Dutchmen” (wat in Natal ’n peperwarme skeldnaam is), goeie dade van Engelse as die van ’n „Englishman”, hulle slegte dade as die van ’n „European”.

Net so sterk moes die Afrikaanse en Nederlandse tale dit ontgeld. Daar is verskillende kante vanwaar pyle van kleinlike vernedering op die taalvorme afgeskiet is. In ’n konsepwetsontwerp oor die uitroeiing van sprinkane kom die woord „voetganger” voor. In die Wetgewende Vergadering (6 Julie 1904), het die heer Joseph Baynes, vroeër minister van Openbare Werke, vir hom geroepe gevoel om teen die invoering van hierdie „foreign word” te protesteer! Totnogtoe het die Engelse taal, sover ek dit ken, geen algemeengeldige plaasvervanger gekry nie. Hierdie voorbeeld het die *Natal Witness* of vergeet of nie geken nie toe daar ’n aanval op die „gebreklike” Afrikaans gemaak is wat geen goeie woord het om „Power Bill” te vertaal nie!¹⁾

Dit is in hierdie tyd ’n verskriklike belediging gewees om ’n Engelsman in Natal in Hollands aan te spreek. So iets is feitlik ondenkbaar. Daar is haas geen enkele Hollandssprekende wat in hierdie tyd aan die stedelike samelewing deelgeneem het wat nie ’n menigte staaltjies kan vertel van hoe Afrikaners stilgemaak is omdat hulle met mekaar in hulle moedertaal gesels het nie — en wat sê nog met Engelssprekendes! ’n Gedokumenteerde geval vyf jaar na artikel 137 van die Uniewet in werking getree het, gee die heer Ben Vorster ons. Hy het die Bestuurder van die Zuidafrikaanse Onderlinge Levensverzekerings-Maatschappij daarop gewys dat hy graag sy kwitansies in Hollands wou hê, wat die heer A. G. Tatham as ’n belediging beskou het en toe bygevoeg het dat dit ’n „onregverdige eis” was om aan hom as ’n Engelsman ’n tjek in Hollands te gee.²⁾ Dit sal interessant wees om te weet hoekom die heer Tatham nie die Hollandse tjek van 1915 *geweier* het

¹⁾ Maart 1911.

²⁾ *De Afrikaner*, 2/7/15.

nie, hoekom hy maar net gevoel asof hy „onregverdig” behandel is!

Dit is juis hierdie gesindheid wat verklaar waarom alles wat die oog van die reisiger tref, Engels is. Die Afrikaner word uit sy taal „geboellie” — vir die Afrikaanse volk 'n vreemde begrip, vir die Afrikaanse taal 'n vreemde woord! Iemand gee sy indrukke van die „Dutch Town” (Greytown) weer en eindig met die effektiewe opsomming: „Komt men in de banken, Engels; komt men in de bezigheden, Engels; komt men in 't hotel, Engels; komt men op 't station: Engels; komt men op 't postkantoor: Engels; komt men in de private huisgezinnen, heel dikwels van Afrikaners, Engels; Engels — overall, Engels; het is alsof de lucht de capaciteit bezit Engels uit te broeien.”¹⁾ Dit is dan geen wonder dat baie Afrikaners vir hierdie invloede geswig het nie! Die geel taal van goud is Engels. Die Greytownse Boerewinkel dra dan ook op die uithangborde die doopnaam van „Umvoti Trading Station!”²⁾ Sulke voorbeelde is daar baie, selfs waar geen direkte aanleiding bestaan nie; Greytown se Afrikaners registreer hulle nuwe plase onder die name „Rose Cottage”, „Umvoti Villa”, ens., of dit vir 'n plaas passend is of nie! 'n Greytownse inwoner van Hollandse afstamming het 'n „London House”; 'n andereen se woningnaam klink „Harmony” — waarlik 'n poging om te harmoniëer met die Engelse gewoontes! Sommige gaan verder en herdoop plase om, soos van die beskrywende „Nauwklouf” na die kommersiëel-droë „Craig Lands”, wat self spore dra van Afrikaanse invloed!³⁾ Hierdie rigting is in daardie tyd in alle Boere-dorpe tot 'n sekere mate gevind, en Afrikaans is orals tot swye gebring. Die ergste is wanneer Afrikaners self hard hieraan meegewerk het, veral die kinders en die dames, die een onder invloed van die skool, die ander van die mode. Dit word

¹⁾ *De Afrikaner*, 23/4/'06.

²⁾ *De Afrikaner*, 30/4/'06.

³⁾ David Hopwood: *South African English Pronunciation*, p. 65.

vertel hoedat baie kinders van die dorpe weier om op 'n vraag in Hollands vir hulle ouers in die taal 'n antwoord te gee.¹⁾ Die heer A. L. Pretorius van Spitskop, Swartfologiesie, deel mee hoedat 'n Vryheidse dame met 'n Hollandse van 'n „Boere“-debatsvereniging op Durban bygewoon het, en toe sy deur die voorsitter gevra is om ook iets te sê antwoord: „Ladies and Gentlemen, you have to excuse me for I can't express myself in Dutch.”²⁾ Miskien is dit die beskroomdheid van 'n dame wat 'n uitweg gesoek het, maar nog vandag merk 'n mens die feit op dat sommige Afrikaners in Durban hulle nasionaliteit tydelik kwytmaak — gewilliglik! In hierdie tye van hitte in die Rooi-land het die Afrikaanse dogters nog verder gegaan en nie net hulle taal nie maar ook hulle volk verag. Vir Boere-seuns word die neus opgetrek.³⁾ Ten aanhore van die heer A. L. Pretorius het een dame aan haar vriendin gesê: „Yes, Bessie, it is awful to take a Dutch farmer, it looks like being hardup to do so....”⁴⁾ Wanneer sulke persone met 'n Engelsman trou dan het hulle die oorgawe van nasionaliteit psigologies al lankal gemaak, terwyl dit tog beweer word dat in hierdie sake die man gewoonlik geleer word om soos die vrou te dink. Advokaat (nou S.Ed. Minister) E. G. Jansen deel dan ook mee: „My ondervinding is dat waar een ouer Hollands- en die ander ouer Engelssprekend is daar is die kinders in die reël met enkele uitsonderinge Engelssprekend.”⁵⁾ Hierdie spesifieke gevalle is voldoende om 'n algemene karakteristiek te probeer gee.

In die samelewing geld kennis van Engels dan vir opgevoed, geleerd, modieus, om mee te spog, en in sekere kringe om sonder sonde en ergernis getroud te raak. Die hoofvereiste is nie hoe dit staan met die siel en die intellek nie, maar

¹⁾ *De Afrikaner*, 7/11/'07.

²⁾ *De Afrikaner*, 21/3/'12.

³⁾ *De Afrikaner*, 7/11/'07 en J. Herschensohn Jnr. bo aangehaal.

⁴⁾ *De Afrikaner*, 21/3/'12.

⁵⁾ Antwoord aan Sir Thomas Watt, *De Afrikaner*, 3/9/'15.

hoe goed jy Engels kan praat, en tot watter mate jy jou Afrikanerskap afgesweer het!

(b) DIE SKOOL.

As die toestande om die skool so is, hoe sal dit dan nie in die skool lyk nie! Die heer Mudie is, soos Russell, 'n Skot en het as S.O. in die agterstelling of verdrukking van Hollands dieselfde taalpolitiek gevolg, alleenlik meer bedektelik of diplomaties. Hierdie politiek is in die gees van Lady Curzon se uitlating: „Kry die kinders, maak Engelse van hulle!” en dit was dieselfde rigting as die wat gevolg is in die ander vier kolonies na die oorlog.¹⁾ Daar was die volgende soorte skole in en kort na 1902:

Privaatskole, wat gewoonlik amper skoon Hollands, Engels of Duits is;

Staatsondersteunde privaatskole, waar Engels as verpligte vak 'n groot deel van die skoolure in beslag neem;

Vry Staatskole, in die groot stede en kusstreke, met staatsgeld onderhou. Hier is alles Engels. In die Noordelike dele waar 'n groot deel van die blanke inwoners Hollands is, word in hierdie skole byna alles in Engels onderwys;

Kerkskole, soos „De Goede Hoop” in Greytown vir seuns, in 1903 onder prinsipaalskap van die heer Piet J. du Toit, B.A. (nou predikant) geopen, die „Greytown-Seminarium” vir dogters deur die ywer van ds. D. Rousseau opgerig, maar in Junie 1910 deur die Onderwysdepartement oorgeneem; en die Kerkskool op Utrecht. Hier is aan Hollands veel meer reg geskied, hoewel ouers tog soms oor die agterstelling van die moedertaal moes klae;

*Ch(ristelik) N(asionale) O(nderwys)-skole.*²⁾

¹⁾ Vgl. Pienaar: *Taal en Poësie*, 3de dl. blss. 17—21 en veral Brinsley—White, *The Language Question*, blss. 1 e.v.

²⁾ Heel interessant oor hierdie punt is „Enrique” se artikel: „Van K.N.O. in S.A. in vanmelewe se dae” en van dieselfde onderwys in Spanje van teenwoordig, in *Die Skoolblad*, 15 Maart 1930.

Artikel 6 van die Vredestraktaat van Vereeniging bepaal: „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony where the parents of the children desire it and will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effectual administration of justice.”

Hierdie bepaling geld tog ook vir die distrikte Vryheid en Utrecht en 'n deel van Wakkerstroom, wat in 1902 by Natal ingelyf is. Maar aan die ouers is nog geen kans gegee om onderrig van hulle kinders in Hollands te vra nie; die ink waarmee die traktaat onderteken is, was nouliks droog of Vryheid, Utrecht en Paulpietersburg met hulle byna geheel Hollandse bevolking word versier met drie alleenlik Engels-sprekende skoolhoofde. Dit is om verstaanbare redes ongewens om by die toepassing van hierdie politiek in die resente tye lank stil te staan. Maar daar moet tog op gewys word dat waar dit die gees van die Onderwysdepartement is, die vroeër vryheidgenietende Boer sy kind nie maar gewilliglik gaan gevange gee nie. Daar het baie proteste teen hierdie taalanneksasie opgegaan. Die vrede is op 'n plek gesluit met 'n betekenisvolle naam, Vereeniging; die onderwysautoriteite het probeer om die ideaal van die naam in die praktyk toe te pas, en die twee rasse bymekaar te bring wat dan moet amalgameer — soos die hongerige jakkals en die buitgemaakte hoenderhaan! Die vrede-liewende Boere het maar weer hulle ou manier van aanval herhaal: weggevlug van die gevaar en rondreisende onderwysers gekry, waar die kerk nie kon help nie. Dit het moeilik gegaan om 'n meester te besoldig in die tye toe alles op die plaas verwoes, dood of weg was, toe uit die puine moes opgebou word. Uit die drang van die tye het die handhawingsdrif eendersdenkendes laat sameskaar, en na die voorbeeld van Transvaal is op Natalse bodem die C.N.O.- en kerkskole gebore. Christelik-Nasionale onderwys, d.i. „onderwijs gegrond op de noodzaaklikheid om kinderen vroeg met Gods Woord bekend te maken”, (as protes teen die sekulêre onderwys van die staat), het ten doel om „het

voortbestaan van de Afrikaanse natie te verzekeren, door o.a. op de voorgrond te stellen het aanleren en de handhaving van de Hollandse taal, het op prijs stellen van onze geschiedenis en de opbouwing van de Hollandse kerk". Geweld vernietig eers sy skepping, dan homself. Duideliker bewys dat die ouers onderrig vir hulle kinders in die Hollandse taal begeer, is daar nie as die opkoms van hierdie soort skole, waar arm ouers wat lede van die beweging word, gewillig is om minstens 5/— elk per jaar te betaal. Daar is ook geen duideliker aanklag dat artikel 6 van die vredesvoorwaardes van 1902 deur die oorwinnaar nie nagekom word nie — dat hy hom aan troubreuk skuldig maak! Die taal van die veroweraar „is thrust down the throats of the Dutch children", soos een korrespondent van die *Natal Witness* aanmerk: die skool was vir die Hollandse kinders 'n soort van Chapelle ardente, 'n roukamer en nie 'n plek vir aangename tydverdryf soos vir die Griek nie! In alle gevalle was dit nodig vir die onderwysdepartement om nota van hierdie nuwe beweging in die Noorde te neem. Geduld, naby Dannhauser, is die eerste skool van hierdie soort in Natal, en op 31 Oktober 1904 is op Brakhoek in die afdeling Newcastle, waar die sterk handhawer J. C. Adendorff woonagtig was, die tweede gestig, spoedig gevolg deur ander. Toe die eerste stoot gegee was, het die beweging vinnig gegroei, moreel en geldelik gesteun deur die Natalse Hollandse kerk met geld uit Holland per ds. W. P. Rousseau. So is uit die Sinodale kas in 1905 aan die kerkraad van Newcastle byvoorbeeld £ 30 betaal ter ondersteuning van twee sulke skole waarin 7 arm kinders gratis onderrig ontvang het. Toe die C.N.O.-skole in 1904 en 1905 so vinnig in getalle en invloed toeneem, is daar deur die onderwysdepartement gedurig poginge aangewend om hulle met die Staatskole saamgesmelt te kry, maar die struikelblok bly nog altyd die eise insake die Hollandse taal.¹⁾ In 'n brief van die minister van Onderwys, die heer (later Sir)

¹⁾ Vgl. *De Afrikaner*, 26/6'06.

Thomas Watt oor hierdie saak, en gedateerd 22 Maart 1906, sê hy o.a.: „De Regering laat zich op geenerlei wijze in met de hoeveelheid aandacht welke besteed wordt aan het onderricht in de Hollandsche taal,” maar waar dit Engels geld klink dit ondubbelsinnig dat die kinders 'n „redelike hoeveelheid onderricht in de Engelsche taal ontvangen moeten”¹⁾ waarvoor die inspekteur natuurlik sou sorg. Tog is die departement meer en meer tot inskiklikheid gedwing, en daar word nog ander poginge aangewend om die wederstrewiges te versoen en tot die regeringskole terug te bring of vir die eerste keer in te kraal. Die woorde van inspekteur Dukes ten opsigte van die politiek is baie belangwekkend. Hy sê o.a. : „It is to the credit of the more intelligent of the population (ou kompliment vir wie wil volg!) that they realize the necessity for this (om Engels te leer of hulle kinders dit te laat leer) and to smoothe the initial difficulty of such a change very liberal concessions have been made with regard to the teaching of Dutch where desired (let wel!) in the lower classes of the Aided Schools.” Gee genoeg Hollands — as lokaas, as „initial” paaiery — uiteindelik moet dit daar darem anders uitsien, is wat 'n mens tussen die reëls lees. Deur hierdie konsessie word die oorgang maklik gemaak, en ouer en kind gevang! Die S.O. spreek hom baie duidelik uit oor die punt in sy rapport van 1906, waar hy sê: „The Department, while remembering that this is a British Colony....” laat tog onderrig aan die jong kinders deur die moedertaal gee in sekere plekke „where desired”, d.i. in die Noordelike distrikte. Langs hierdie geleentheid vir moedertaalmedium is Hollands as vak in 1906 nog onderwys in Pietermaritzburg-kollege, die staatskole van Greytown, Vryheid, Utrecht en Paulpietersburg. Opmerklik is die afwesigheid van Weenen, Ladysmith en Durban, laasgenoemde om handelsoorwegings. Die taalkonsessies van die Onderwysdepartement het die uitwerking gehad dat die C.N.O.-skole eindelijk oorgegaan

¹⁾ Vgl. nog „Een Buitenman”, in *De Afrikaner* 28/1/05.

het in die regerings- of ondersteunde skole.¹⁾ Hierdie oorgang het veral in 1906 plaasgevind, toe tussen vyftien en twintig van die skole hulle ou identiteit prysgegee het.²⁾ In die rapport oor die jaar 1907 is ook die wenslikheid uitgespreek om 'n inspekteur ter wille van sy kennis van Hollands aan te stel, waaraan die volgende jaar voldoen is deur die verkryging van die dienste van die heer F. D. Hugo, B.A., die teenswoordige Superintendent van Onderwys in Natal. Gedurende die vakature van die pos sedert die aftrede van die heer Kleinschmidt is daar geen inspeksie van Hollands gehou nie.³⁾ Wel het minister Watt in antwoord op 'n vraag van raadslid Bosman uit Utrecht in die Wetgewende Vergadering van 5 Julie 1906 geantwoord dat die here J. Herschensohn en Gebers „zo spoedig mogelijk” inspeksiewerk in Hollands sal uitvoer. In die Wetgewende Vergadering was dit veral dr. Niemeyer, ewe-eens uit Utrecht, wat vir die taalbelange van die Hollandssprekendes in sy kiesafdeling en aangrensende streke geveg het, en beloftes afgedwing het. Op 6 Desember 1909 het hy byvoorbeeld weer vir die Koloniale Sekretaris gevra: of daar met die oog op die klimmende belangstelling in Hollands in Utrecht en Vryheid waar 90 % van die inwoners Hollands is, hoofonderwysers aangestel sal word om die vak tot in die Matrikulasieklas te doseer? Hoewel die antwoord ondubbelsinnig „Ja!” geklink het, is daar op 1 Februarie 1910, dus minder as twee maande later, 'n eentalige Engelssprekende skoolhoof vir Vryheid benoem.⁴⁾ Dit is my uit die toeganklike bronne nie duidelik of daar geen geskikte tweetalige persoon vir die pos te kry was nie; in die Hollandse koerant van Natal teken 'n korrespondent hierteen sterk protes aan en sê: „De Keizer van Rusland

¹⁾ Die ondersoeker na die C.N.O.-beweging in Natal kan die onderhandelinge oor die oorname op die voet volg in 'n goed gedokumenteerde stuk van N. Tromp in *De Afrikaner* van 26/6/06.

²⁾ Rapport S.O. vir 1907.

³⁾ Vgl. ook Junius, *De Afrikaner*, 4/12/11.

⁴⁾ Junius, *De Afrikaner*, 4/12/11.

en de Paus van Rome zijn dwergen tegen de heer Mudie in diens despotisme." ¹⁾

So land ons aan by 1910 — Uniejaar!

Voordat die stryd in sy verdere verloop vervolg word, is dit interessant om die splitsing na te gaan wat daar voor 1910 in Natal oor die verkieslikheid van die twee taalvorme, Nederlands en Afrikaans, gekom het.

AFRIKAANS IN NATAL VOOR 1910.

Die spreektaal van die Voortrekkers was natuurlik Afrikaans, behalwe in gebed en publieke toesprake, wanneer dit vormlike aansluiting by Nederlands gesoek het met 'n mate van sukses wat gewoonlik afhang van die genote onderwys en belesenheid van die persoon as hy nie 'n gebore Hollander is nie. Hierdie „stertjie-Afrikaans" van die „Dietse Sappe" is gewoonlik 'n benadering van die taal van die Hollandse Bybel in formele opsigte, en word ook in die skryfblok oorgedra wanneer die Afrikaner sy taamlik onbeminde vriend, die pen, ter hand neem. ²⁾ 'n Goeie voorbeeld van verafrikaanste Nederlands bied die *Dagboek* van Louis Trichardt, 'n werk wat veel taalkundige betekenis naas sy historiese waarde het.

Ons wil ons egter streng bepaal by suiwer Afrikaans in sy geskrewe vorm of by poginge om die doelwit te bereik.

Die oudste bekende voorbeeld van skriftelike Afrikaans sover as ons weet is die gesprek wat M. D. Teenstra in sy sesde brief uit sy herinnering opgeteken het as illustrasie van die Boere se taaleienaardighede, soos hy die by die Caledonse warmbaddens teen 1825 leer ken het. ³⁾ Daarop volg dan in tydsorde die gesprek tussen die twee Bethalsdorpse („Bedeldorpse") Hottentotte, Grietjie Drillboutsen

¹⁾ Junius, *De Afrikaner* 4/12/11.

²⁾ Vgl. my artikel in *De Nieuwe Taalgids*, XXIII.

³⁾ Dr. J. L. M. Francken in *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927, en dr. F. C. L. Bosman in *Drama en Toneel in Suidafrika*, Dl. I pp. 539—40.

en Manus Kalfachter met mekaar en met hulle rasgenote, soos weergegee word deur Charles Etienne Boniface in sy hekeltoneelstuk: *De Nieuwe Ridderorde, of De Temperantisten*.¹⁾ Daar bestaan geen eenstemmigheid oor die ontstaansdatum van *Kaatjie Kekkelbek* nie, wat, soos vermoed word, deur Bain en Rex geskrywe is. Dr. Laidler gee 1834 aan as die datum toe dit vir die eerste keer voor 'n Grahamstadse gehoor voorgedra is, en ook die feiteversamelaar Duncan C. F. Moodie vertel in sy *History of the Battles in Southern Africa*²⁾ dat die twee genoemde here „composed it long ago — about 1834”. Om die aangeduide redes van dr. F. C. L. Bosman lyk dit my egter of ons die geboortejaar omstreeks 1844 moet stel.³⁾ Dit is ook toe wat C. E. Boniface 'n stuk in Afrikaans opgestel het om te wys hoe die Natalse Boere praat.⁴⁾

Na Boniface en „Een Olivant Soekker” is in Natal angsvallig aan die Hollandse taalvorm gehou. Dit is eers 'n veertig jaar later dat ons weer twee stukkie in Afrikaans raakloop, naamlik in *De Boerenvriend* gedateerd 20 Mei 1887 (no. 87) en 24 Junie 1887 (no. 92). Die eerste is in die toe so baie gebruiklike dialoogvorm en heet „'n Gesprek tusse oom Jan en Neef Klaas”. Die onderwerp van gesprek vorm 'n briefwisseling tussen twee korrespondente van hierdie blad en is 'n bedekte aanval op 'n oom Jan. Die taal is die suiwerste Afrikaans, en die atmosfeer tipies van landelike Boere-mense. Daar is die groetery, koppie koffie en die gemoedelike geselsery. Dit ly geen twyfel nie dat die insender 'n leser van *Die Patriot* is, soos o.m. blyk uit die spelling, b.v. „oek”. Sy styl is besonder lewendig en die situasietekening bepaald 'n sukses. Die man het

¹⁾ Bosman, ald. pp. 299—319.

²⁾ Deel II, pp. 554—7.

³⁾ Aldaar, p. 539. Prof. Smith noem net die jaar wat dit in Sam Sly's Journal verskyn het (A.S.B.-Gedenkboek, p. 35).

⁴⁾ Sy lewe is deur my taamlik uitvoerig beskrywe in *Ons Vaderland*, 13 Junie—9 Julie 1930; vgl. F. Bosman, ald. pp. 119—225; 274—339, ens., 'n paar feite is daar verkeerd aangegee. Kyk Bylaag C.

talent, maar die redakteur van die blad het gou kou water op sy warm taalpatriotisme gegooi solank as hy hom nie van Hollands bedien nie. „Wij houden ons niet aanbevolen voor verdere dergelijke stukken, altijd namelijk in deze taal (Afrikaan geschreven.”¹⁾ Net 'n rapsie oor 'n maand na die taalbeleid duidelik openbaar gemaak is, kom „Een Burger der Nieuwe Republiek” in goeie Afrikaans enige nuusstukkies meedeel, en stel verdere berigte in die vooruitsig, sonder om sy belofte te vervul. Op 4 November 1887, het *De Natal Boerenvriend* opgehou om te bestaan. Van die tyd af moet die Afrikaanse literêrhistorikus hom veral op *De Natal Afrikaner* beroep. Die oue heer Herschensohn, en sedert 1892 ook sy seun, het Afrikaans as 'n dialek van Nederlands beskou, en wou dit geen plek in die blad gun nie. 'n Soort van tussenvorm is 'n paar keer toegelaat,²⁾ waarskynlik omdat die korreksiewerk te groot was. By geleentheid van die aankondiging van ds. S. J. du Toit se *Fergelykende Taalkunde*³⁾ is daar teen Afrikaans as skooltaal opgetrek, maar dit word gekonstateer dat die boekie sy nut sal hê vir die man wat die omgangstaal wil leer! Hier is die opvatting nog dat daar 'n noodsaaklike grens moet wees tussen skryf- en spreektaal, en dat 'n „dialek” vir literêre of skriftelike doeleindes onbruikbaar is, want dit is „te arm” in vorme en woordeskat. Waar daar niks in Afrikaans in die redaksionele, nuus-,⁴⁾ korrespondensie- en advertensiekolomme verskyn nie, neem 'n paar penvoerders die saak op oor Afrikaans as landstaal, maar die here A. A. Beneke, J. J. Müller, J. C. Adendorff en ander, almal lede van die strydende Boereverenigings, oorrumpel die nuwe advokate keer op keer in debatsverenigings en in openlike

¹⁾ Voetnoot van die Redakteur.

²⁾ Die bedoelde gevalle is waar „Boervrou” van Noord-Vrystaat oor landsake skrywe in *De Natal Afrikaner*, 9 Aug. 1889; „Oom Piet van die Vrystaat” (Sandhoek) in *D. N. Afr.* van 23 Aug. 1889, en „Englishman” in *D.N.A.* 14/2/90.

³⁾ *De Natal Afrikaner*, 16/3/97.

⁴⁾ Een uitsondering is toe 'n berig uit *Die Patriot* oorgeneem is.

briefwisseling. ¹⁾ Waarskynlik het hulle 'n verbrokkeling van kragte gevrees.

Dit is opvallend dat die paar stukke wat sover wel in die gewone spreektaalvorm verskyn het, nooit daarop mik om iets lagwekkends te verskaf nie, soos dit gewoonlik die geval is in die Afrikaanse stukke wat, veral vòr 1875, in die Kaapse, Vrystaatse en Transvaalse blaaië verskyn het. ²⁾ Waar die doel nie illustrasie is nie (Boniface) lyk dit asof die dryfveer gesoek moet word in die poging om ander te oortuig. Orals verraai die pleitbesorgers hulle dissipel-skap van die Patriot-beweging.

Hierdie strewe om die eenheid onder die Afrikaanssprekendes te bewaar deur op die reeds gelegde en toe as heg erkende fondament te bou en Nederlands alleen en uitsluitlik teenoor Afrikaans voor te staan, het eindelik 'n geweldige skok van tydelike aard gekry toe *De Natal Afrikaner* op 4 Oktober 1904 sy bestaan moes inboet, en die heer J. Herschensohnn snr. die redaksiëpen moes neerlê. Hy was nooit 'n vereerder van Pres. Kruger nie en het sy politiek teenoor die Uitlanders tydig en ontydig veroordeel, die Anglo-Boereoorlog en die ondergang van die twee Republieke voorspel, al het hy waarskynlik seer gevoel oor die verlies van die vryheid. Veral gedurende die oorlog het hierdie houding 'n vervreemding veroorsaak tussen nuusverskaffer en nuusverteeders, en die gang van sake na 1902 het hom genoodsaak om hierdie werk prys te gee. Maar vir die voortbestaan van die Hollandse ras in Suid-Afrika met sy tiperende karakter het hy altyd kragtig gestry. Hy het veral die Hollandse taal heldhaftig en ywerig voorgestaan as 'n vername middel om die rasidentiteit te verseker. Deurgaans het hy 'n sterk persoonlikheid en 'n eie wil, gegrondves op eie oortuiging, geopenbaar, was hy 'n onverskrokke maar simpatieke persoon wat helder en vaderlik gepraat het, die Engelse soms hard aangeval

¹⁾ Vgl. *De Natal Afrikaner*. 10/2/'93.

²⁾ Vgl. o.m. J. J. Smith, t.a.p.

en verkeerde handelwyse van die Afrikaners wreed geses het, maar hulle selde oor goeie dade geprys het. Aan die vader van die Boereverenigings en -politiek, die advokaat vir die Hollandse taalregte in Natal, en pleitbesorger vir 'n heerlike broederlike gesindheid tussen die twee vernaamste blankerasse kom veel eer toe.

Sy poging om vir Natal 'n Hollandse koerant te gee het darem nie aan floute gesterf nie. 'n Drukkersmaatskappy is gevorm waarvan die eertydse mede-eienaar van die ontslape blad en die vroeëre sekretaris van die Boereverenigings, John M. Herschensohn besturende Direkteur was. De Afrikaner Drukkers- en Uitgevers Maatschappij Beperkt het op 14 Oktober 1904 *De Afrikaner* uitgegee, onder die redakteurskap van die heer J. S. M. Rabie, B.A., vroeër van die staf van die Bloemfonteinse koerant *De Express* wat in die oorlog ondergegaan het.

Met Rabie kom daar 'n verandering ten opsigte van die taalpolitiek. Hy is iemand wat in die voorste linie geveg het in die poging om waar die oorlog deur die Boere verloor is, die vrede deur die Boere te laat wen, waartoe nodig is nasionale selfkennis.

Die nuwe redakteur het sy inleidingsartikels in Hollands volgens die ou spellingwyse geskrywe. Maar kort na sy ampsaanvaarding is hy versoek om saam met di. H. de Wet en H. Schoon 'n taalkonferensie in die Hugenote-saal, Kaapstad by te woon,¹⁾ wat gehou is onder toesig van die Taalbondbeweging. Die doel was om die voorgelegde skema van spellingvereenvoudiging te bespreek en in sy geheel aan te neem of te verwerp; die onderwysers wat 'n vaste skema vir hulle leerlinge wou hê, het veral druk uitgeoefen ten gunste van die inslaan van 'n definitiewe gedragslyn. Die voorgestelde vereenvoudiginge wat goedgekeur en aangeneem is, betref veral spelling (mens i.p.v. mensch), buiging (die genitief word deur voorsetsels omskrywe, *den* word nie gebruik nie, e.v.) werkwoordvervoeging, die gebruik

¹⁾ *De Afrikaner*, 6/1/'05.

van voornaamwoorde, en woordekeus. Veral die laaste aanbeveling dra 'n baie arbitrêre karakter. Daar is nou opening vir „woorden en uitdrukkingen die naar 't karakter van ons volk en aard van ons land ontstaan zijn” en „woorden en uitdrukkingen die aan vreemde talen ontleend en ook in Zuid Afrika algemeen gebruik en geschreven worden”.¹⁾ Die strekking is tog al te duidelik: nie net in die spelling is daar afwyking van Europees-Nederlands nie, maar ook in „hart en niere”, in gees en gevoel!²⁾ Dit kan dus idiomaties Afrikaans wees, al is dit na die vorm te oordeel, byna heeltemal Nederlands (— ook nie altyd suiwer nie!). Die uitwerking kan tog net as 'n erkenning opgevat word dat daar wel iets in die beweging vir Afrikaans as skryftaal sit, en hierdie vereenvoudiging, wat veel meer 'n *spelling*-vergemakliking is, vorm die eerste pilaar van die brug om op die Afrikaanse oewer aan te land. Dit is die begin van wat uiteindelik sal wees — om die skryftaal ook *formeel* in ooreenstemming met die spreektaal te bring, waarvoor klimmende getalle van verantwoordelike en selfbewuste Afrikaners stry.

Onder hulle staan die heer Rabie. Na aanleiding van hierdie besluite deel hy mee dat hy ook die vereenvoudigingsvoorstelle gaan toepas en motiveer sy standpunt in twee stellinge: Dit gee eenvormigheid oor Suid-Afrika, en dit is veral „een eersten stap op de weg die leiden moet tot vestiging van een eigen Zuid Afrikaanse taal en letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of *niets*”.³⁾ Hier begin hy al propagandisties optree. Afrikaans is vir Afrikaners „hun eigen nuttig dialekt” wat die ereplek moet kry, maar intussen moet die kalf naby die moederkoei bly om deur haar horings beskerm te word.⁴⁾ Hy het miskien verder

¹⁾ Vgl. *De Z.A. Taalbond en de Taalvereenvoudiging*, 1904; die beginsels hier toegepas is al ten dele aangetoon in *Zullen wij nog voor onze Moedertaal ijveren?* 1891; bv. op p. 6.

²⁾ Vgl. E. C. Pienaar, t.a.p., bl. 23.

³⁾ *De Afrikaner*, 20/1/05. Sy kursivering.

⁴⁾ *ib.*, hierdie beeld het mnr. Rabie reeds gebruik by geleentheid van 'n debat wat die krygsgevangenes oor Afrikaans gevoer het; daar

gegaan as enigeen om van die vryheid t.o.v. tipiese Afrikaanse woorde en uitdrukkinge volledig gebruik te maak. Sy redaksionele Nederlands van hierdie tyd is in idioom suiwer Afrikaans, nie uit blote toeval nie maar opsetlik.

Hy soek die natuurlike om te geraak tot die ware. Waar hy Hubertus Elffers se nuwe boek: *Voor God en Vaderland* aankondig sê hy o.a. „Afrikaanse toneelen naar waarheid zonder Afrikaans” is ’n onmoontlikheid — ’n beskouing wat egter nie altyd steek kan hou nie, b.v. in ’n Spaanse geskrif! Maar sy bedoeling is duidelik: as jy vir die Afrikaners oor hulle skrywe, dan moet hulle spraakgebruik waar dit weergegee word nie vol formele aanlassings en swysplekke wees nie. Dit is ’n leer wat hy gepreek en self toegepas het, so in sy *Indrukken van Natal*, waarmee hy buitekant die redaksionele kolomme in sy blad gedebuteer het. In die nuusrubriek van die eerste nommer van die nuwe koerant vind ons al ’n paar „grappies” in die volkstaal. Dit is alles nie maar net die gevolg van ’n poging om te vermaak nie, maar dis die gelukkige voorbeduidenis van sy ernstige planne in verband met Afrikaans as skryftaal. In hierdie tyd het Rabie met sommige van sy vriende, soos met Vaelzwaer,¹⁾ alreeds in Afrikaans gekorrespondeer, wat uitbring hoe heilig oortuig hy was van die bestaansreg van hierdie taalvorm ook in literêre en skriftelike gebruik, en verklaar hoekom hy so ywerig geveg het om sy landgenote bewus te maak van hulle eie besitting, iets wat juis nou so broodnodig was waar die verlies van vryheid die gemoedere met twyfel aan die eie krag en toekoms geslaan het. Die Vereenvoudigde Spelling was maar ’n oorgang daarnatoe. Nou tree hy op om deur remonstrasie en dan deur demonstrasie te pleit vir Afrikaans, as ’n deel van ’n nuwe en heerlike groeiende gesindheid van ’n groot Suid-Afrikaner-

in die vreemde het hy en ander al as oortuigde apostels van Afrikaans proseliete gemaak!

¹⁾ *De Afrikaner*, 13/1/05 en *Die Nuwe Brandwag*, Deel I, nos. 2 en 3.

dom, in teenstelling met 'n spesifiek uitheemse Engelse of Hollandse gees. „Maar wij gaan die weg op — Afrika word Afrikaans”¹⁾ (d.i. ons kyk na ons eie belange en kweek 'n gevoel van trots aan vir ons eiebesit). Vroeër het hy reeds daarop gewys dat ons in hierdie wêrelddeel meer 'n klassestryd tegemoetgaan as dat ons 'n rassestryd het om voort te sit.

Omtrent hierdie tyd het ds. W. Postma se artikels oor „Afrikaans als Schrijftaal” onder die pennenaam „Jong Afrika” in *De Vriend*²⁾ verskyn. Hulle is met instemming oorgeneem deur *De Volkstem* en *De Afrikaner*. Hierdie ontboeseming het gegloei van oortuigde taal- en nasieliefde — dis 'n egte juweeltjie in ons propagandistiese literatuur. Vir Rabie was dit soos 'n manifes. Treffend in dr. O'kulis se stukke is die spontaneïteit van gevoel en segging, die goedigheid van 'n simpatieke heelmester („Oogdruppels”) wat hoop het vir die toekoms. „Dit is mij 'n eer en 'n behoefte van mij hart om die pen voor die taal van mij moeder op te neem, ja, om desnoods daarvoor te stry....” begin die eerste vers. „Dit hinner mij altijd as ik zien dat van mij taal 'n grap gemaak word. Die taalkwessie is nie 'n grap nie, maar 'n lewenskweessie ver die Afrikaner en is in mij oog van die grootste belang ver onze toekoms als volk....”³⁾ Dan worstel hy met sy volksgenote om die bestaansreg van hulle moedertaal te erken, want dit is die manier om alle departemente te dwing om reg aan hulle moederspraak te laat geskied. Hulle het mos geen rede om skaam te wees vir hulle taal nie — dit is ook so maklik, „makliker als Hollands om te praat en om te skrywe”, en as Engels.⁴⁾ Daarby besit ons eie taal die vereistes van „algemeenheid” en van „gasvryheid” —

¹⁾ *De Afrikaner*, 27/4/'05. Pienaar het dit uit verband geruk.

²⁾ 2/6/'05, 16/6/'05 en 30/6/'05. Vgl. ook *Die Brandwag* van 10 Desember 1918, waar vertel word hoe die stukke ontstaan het. Vir informasie oor hierdie stukke, b.v. wanneer hulle in *De Vriend* verskyn het, wens ek om mej. Riekie en Hilda Postma van Bloemfontein hartlik te bedank.

³⁾ 11/8/'05.

⁴⁾ 17/8/'05.

hoekom sal ons dan nog op twee gedagtes hink, soos twee honde wat om 'n been veg totdat die derde (Engels) daarmee heenloop? Hy toon die gevolge van so'n tweeslagtigheid aan, om die sterkes swak te maak, die swakkes weg te ja en die selfrespek te ondermyn. Dan klim hy af na die wortel van die kwaad: „Ons schaam ons ver onself, waar ons toch sterk genoeg en goed genoeg is om baas te wees. 'n Kaffer is trots op zijn taal, 'n Boesman op zij gesnater, maar ons schaam ons voor onze taal. Waarom? Ja vra dit: waarom? *Ik weet dat dit nie aan die taal sheel nie. Wat ik wel weet is dat dit aan ons sheel.* ¹⁾ Zeg nie, Engels is te sterk, te magtig! Maar zeg, ons is te swak, te blind om ons eie voordeel te sien en te gebruik.” Om die Afrikaner verder te laat sien wat sy taal is, waag hy hom aan 'n teorie oor die wording, ²⁾ beweer dat Afrikaans 'n gesonde nuwe loot van die ou Hollandse stam is nes nieu-Nederlands, dat veranderde omstandighede nuwe woorde gebring het, en dat die fleksiewysiging niks abnormaals is vir 'n lewendige, groeiende taal nie, soos te sien is aan Frans en Engels. Daar is nie die kleinste bewysie dat ds. Postma kennis dra van Hesseling se beskouing nie, maar sy eie opvatting, so treffend in ooreenstemming met die van prof. Otto Jespersen oor taalevolusie, veral ten opsigte van fleksieveranderinge, doen hom as ernstig-gesinde pleitbesorger groot eer aan. Hy kom tot die besluit dat die Afrikaner nou moet ontwaak. „Maar dit gaan met ons zoals met 'n jong kerel wat te jong gaan trouw het en toen schaam is dat hij ook al vader is. Die kind is nou eenmaal daar, ons is toch vader. Laat ons dan vader staan... laat ons als 'n moeder maak, die meen dat haar kind die mooiste en zoetste kind van die wêreld is en te pas of onpas die kind wijs aan die mense.” Dit is absoluut nodig dat ons so optree. „Onze ganse zelfrespekt

¹⁾ My kursivering.

²⁾ 21/8/05. Dit is later effens gewysig verkondig in *Die Brandwag* van 1915; vgl. ook S. P. E. Boshoff: *Volk en Taal in Suid-Afrika*, blss. 76 en 77.

gaat al meer en meer verlore, onze nasionaliteit blijf in naam, onze toekoms duisters, onze nageslach 'n prooi voor die wat wil neem." Na hierdie pleitrede kom hy met konkrete voorstelle voor die dag. Die leuse moet wees:

„Laat ons Afrikaans praat en skrywe." Dit is opmerklik dat die kwessie van „lees" agterweë bly, ¹⁾ in sover as die koerant nie daarvoor sorg nie. Om vir die skryfkant te sorg moedig hy indirek die mense aan om met mekaar in hulle eie taal te skrywe, en direk om aan die koerant nuus en opinies op te stuur. „Hieruit volg natuurlik dat onze koerante voor die taal moet wees. . . ." en vir 'n Afrikaanse blad lê hy hiermee middellik 'n bekentenis af. Om Afrikaans as spreektaal aan te moedig noem hy twee punte: ons moet die voormanne nie toelaat om Hollands (Nedls.) te praat nie, 'n taal wat hulle net verbrou en „waarom moet ons nou van ons gekke maak? Dit *hoef* nie. Dit *moet* anders". Dan gee hy 'n ander wenk ten beste, en meen dat Afrikaans die „opperste plek" moet inneem in Debatsvereniginge; „ik stel voor dat al die vereniginge besluit om as offisiële taal aan te neem: Afrikaans, en ons zoveel molik Afrikaanse voordragte, resitasies, enz. te lever. En kan ik mij doel bereik dat al die debats verenigings onderling zich verenig in 'n Bond, dan kan ons op onze Kongres die zaak aanpak, en dan weet ik: daar is geen mag op aarde wat ons zal keer nie om te win met onze taal nie." ²⁾

Veral hierdie laaste punt is van groot belang. Dit is in essensie die kern van 'n Afrikaanse taalbeweging. As die tyd van hierdie planne in aanmerking geneem word, naamlik Augustus 1905, dan styg 'n mens se bewondering vir hierdie taalpionier. Daar is baie dinge wat hy nie helder sien nie, maar die is meer puntjies van besonderhede. Die groot saak lewe in sy hart in volle krag en ook in die hart van sy vriend Rabie. Die ongeluk is net dat Rabie byna heeltemal alleen in Natal staan. Hierdie stukke het in Natal in min

¹⁾ Vgl. b.v. Johs. Visscher in *Zuid-Afrika*, no. 1.

²⁾ *De Afrikaner*, 24/8/05.

harte weerklank gevind, maar een ywerige adjudant het tog aan sy sy kom staan — J. P. R(heeder), die Vryheidse korrespondent van *De Afrikaner*. Hierdie persoon het sy instemming met die oorgenome artikels van die redakteur betuig en self ook al vroeër 'n pleidooi gelewer, waarin die grappige 'n te groot en valse rol speel, en hy 'n taktiese fout begaan deur van „Hollands” te wil losbreek. Die mense praat so baie van „Eenvoudige Hollands”, sê hy, „maar ons is mos nie eenvoudige Hollanders nie!” — 'n punt vir die student van logika! Hy praat nog van „reilwy”, en nou merk die redakteur goedig aan: „dis 'n kwesplekkie en geen brandmerk op die kalf se blad nie!”

Dog hierdie twee het nie alleen die Afrikaanse volk uitgemaak nie! Rabie wou die volk se steun hê — dit is sy politiek blykens openlike bekentnisse, en as man van aksie het hy aan P. R. R(heeder) van Nondweni 'n brief gerig en hom versoek om 'n Debatsvereniging in die lewe te roep waarby alles in Afrikaans moes bespreek en voorgedra word. Die Boerevereniging van Babanango en die Komitee vir C.N.O. het op 18 Januarie 1906 op die plaas Driefontein, Nondweni, 'n vergadering gehou toe P. R. die brief van *De Afrikaner* se redakteur voorgelees het. Na 'n warm bespreking was almal eenparig teen Afrikaans, „zodat daar voorlopig,” berig P. R. op optimistiese toon, „voor een Afrikaanse Debats Vereniging geen kans” is nie.

Geen kans! Dit het gemaak dat daar vir Natalse Afrikaners geen kans sal wees om die voortou te vat in die stryd vir die eie taal.

Direk nadat Rabie hierdie pleidooi oorgeneem en so die onkruid van vooroordeel teen Afrikaans probeer uitpluk het — kom hyself om handelend, dit is, demonstrerend op te tree. Die eerste inleidingsartikel wat in 'n Natalse blad in suiwer Afrikaans van begin tot end verskyn het, is van sy hand in *De Afrikaner* van Maandag, 28 Augustus 1905. Hy wou so graag sy lesers raak en dit was so nodig in 'n tyd van nasionale opbouingswerk! Nou kom hy met nog 'n ander skema voor die dag. Weekliks word uit eie beurs

£1 uitgelooft vir die beste hydrae van tussen 500 en 2,000 woorde „in Afrikaans of Hollands” (let op die volgorde!). Dit was vir die yweraar verblydend om te kon aankondig dat van die paar ingesonde stukkie die meeste in Afrikaans opgestel is. Langs hierdie weg het Rabie talent „ontdek”. Dit was maar veldsperde, en tog het party later net pronkerig in ’n Afrikaanse tuig getrek. Een van die persone wat hy so „ontdek” het, is Paula, (mevr. M. Laubscher), skryfster van *Donkere Wolke* e.m.

Vir die kindertjies word ook gesorg. Die aantreklike Afrikaanse stories van „Jaap en Bettie”, „Waarom word Uil gehaat” e.a. het seker baie lesertjies gehad. Kinders het ook fluks raaisels opgestuur.

Na omtrent anderhalwe maand van hierdie taal en spelling gebruik gemaak is, kom proteste in. Op 9 Oktober 1905 spreek die heer Gert van Rooyen, Pinedale, Seven Oaks vir hom uit teen die „vernedering” en „verlaging” van die Afrikaanse volk deur die gebruik van ’n „kombuistaal” of „Boesmanstaal” wat Rabie hulle spreektaal noem. So word die volk afgetrek tot die „laagste posisie” in stede dat die koerant „ter leering” is. Die Redakteur antwoord dat hy hom boeglam geskryf het oor die noodsaaklikheid om die kloof tussen skryf- en spreektaal te oorbrug, dat niemand beswaar teen sy opinies gemaak het nie¹⁾ en dat hy toe van praat tot doen oorgegaan het. Hy noem dit ’n „opklim” na die „kombuistaal”. Nederlands en Afrikaans het, sover dit die publiek betref, in ’n publieke koerant gelyke regte. Daarom versoek hy *al* sy lesers om aan hom ’n briefkaartjie te stuur met die woord „Kombuistaal” of „Hollands” (lees: Nederlands) daarop, wat beteken dat hulle vir die koerant die voorkeur gee aan die een of die ander vorm. Hierdie briefkaartjies moes voor die 31ste Oktober aan hom afgepos word. Waar die volgende kom van iemand wat in die Vrystaat jarelank ondervinding van

¹⁾ Ook die korrespondente J. P. R., A. v. S., F. P. en „Inwoner” het in Afrikaans geskrywe.

redaksionele werk opgedoen het en nog steeds sy brood as joernalis verdien, van iemand dus wat op hoogte van sake aangaande die koerantepolitiek is, kry dit 'n besondere waarde om ons te laat verstaan wat agter die skerms gepraat word: daar is „baie (Hollandse Suid-) Afrikaanse koerante, wat al te graag die sprong wil neem, maar wat nie weet waar hulle zal aanland.... Laat ons zien of Natal hulle nie 'n beetje kan help....”¹⁾

Sy gebruik van die woord „kombuistaal” is seker baie ondiploomas, maar hy regverdig die gebruik van die skeldnaam aan die hand van die geskiedenis wat leer hoe baie keer daaruit 'n erenaam gevorm word — die watergeuse het waterreusse geword! Rabie noem ook die oorsaak van al die miskenninge: „ons weet te min van onze afkomst en daarom is ons so papperig dat ons elkeen zoo maar op ons kop laat zit!” Dit is bepaald die waarheid. As 'n mens wil hê dat die Afrikaner aan homself, aan sy volk, taal en kerk ontrou moet word, waarsku hom dan om van sy geskiedenis weg te bly! Uit die diepte van moedeloosheid galm dit van Rabie se mond teen die steil wande op: „Afrikaner lezers, hoe lang moet ons nog groot kinders blij? Moet ons nog 'n paar honderd jaar wag?”²⁾

'n Hele paar persone het hom in staat gestel om vir die teenswoordige 'n diagnose van die behoefte na Afrikaans as skryftaal te maak. Die predikante van die tyd skaar hulle teen die „nuwigheid”. As ons aan Nederlands hou, sal baie barbarismes uit ons taal kan geweer word en sal die kloof tussen „Hollands en Kaaps” kleiner word — ongelukkig sê ds. H. de Wet nie hoe nie! Die Onderwysers van Hollands sluit hulle hierby aan — Afrikaans is maar net 'n dialek! Van die wese van taal en dialek gee die persone hulle geen rekenskap nie. Nog iemand noem die Afrikaner se spreektaal „behoefstig en schraal”. Die

¹⁾ *De Afrikaner*, 9/10/05.

²⁾ *De Afrikaner*, 12/10/05.

meneer konkludeer dan: „Hollandsch ben een echte taal, terwijl Afrikaans onecht is.” Die besware van die afwesigheid van 'n letterkunde en grammatika duik ook weer op.¹⁾ Daarteenoor staan weer die klompie ondersteuners. Van 'n 18 antwoorde op die plebisciet het die stemme „ten gunste van Wolf” (Afrikaans) geloop. „Moeg” is die opskrif waaronder die Redakteur die uitslag bekend maak, en as 'n man wat moeg is na 'n kwartjaar se alleen-staan in die ongelyke stryd teen konserwatisme en vooroordeel sluit hy hierdie poging vir die erkenning en toepassing van Afrikaans as skryftaal af. Rabie was nie net moeg nie, hy was ook moedeloos, sodat hy vir 'n volle week van Natal „weggelopen” het, maar daar bo-op die rug van die bergvlaktes het hy weer die verfrissende lug ingeasem, moed gevat en na die tuig terugekom!

Na hierdie teëslag en die volgende een oor die stigting van Afrikaanse debatsverenigings, het Rabie nie meer aktief deelgeneem aan die taalstryd in Natal nie. Buitekant het hy nog baie erkenning ontvang en is o.m. as bestuurslid van die Afrikaanse-Taalgenuotskap benoem (13 Desember 1906). Verder het hy in sy blad die lewenskets van Piet Retief uit *De Volkstem* in vervolgstukke oorgeneem, en ook pleidooie ten gunste van Afrikaans uit ander blaaië. Een jaar en tien maande was hy hier besig toe hy na Bloemfontein vertrek het as hoofredakteur van *De Vriend des Volks*, hier in Augustus 1906 opgevolg deur die heer C. E. van Schermbeek, iemand wat Afrikaans geen goeie hart toegedra het nie. Daar het wel nog 'n dun stroompie Afrikaanse lektuur geloop, soos berigte uit *De Vriend* (Rabie), en die korrespondensie van J. P. R., stukkie van „Eier Dop” e.s.m., maar so-te-sê niks is oor Afrikaans geplaas nie. Nou en dan het 'n Afrikaanse rympie in die Patriot-trant sy gesiggie gewys. Met sy „Bog-Praatjies” het Oom Kool van die begin van 1908 af die lesers vermaak met sy stukke

¹⁾ *De Afrikaner*, 16/10/05.



Prof. Dr. G. BESSELAAR.



J. S. M. RABIE, B.A.

in Nederlands, in Nederlands-Afrikaans en in Afrikaans opgestel

„Lees zijn ‚Bog-Praatjes‘, moet niet verzuim,
Dit is geschrijf om jul op te ruim.”

Die „op-ruim”-stukkies was grappies en grappige insidente wat nogal goed deur ’n aangename geselser vertel is. Baie volop is sy spotstukkies in rym of in prosa gegee. Ons haal ’n voorbeeld aan:

„Dr. Jelligo (adv. Jellicoe — woordspeling!) het gekom,
Maar de oudje is weer weg.
Dr. Jelligo zeg: „verdom”,
De Natallers is te sleg.
Miss Colenso sit en huil (Kol —)
Haar oogies amper vuil
Terwijl Dinizulu zing:
God help de ‚Zulu King’.”

(*De Afrikaner*, 10/2/’08).

Nog een:

„Als jij jou leve wil verander
En rijk word zoals Pres. Staner,
Dan zeg ik jou, maak net gou
En teken in voor ‚De Afrikaner’.”

(*De Afrikaner*, 4/6/’08).

Vir persone wat Nederlands moeilik vind was ook geen medisyne om aan te bied nie. „’n Engelsman” is bly oor die vereenvoudigde spelling maar kan die het-woorde nie onthou nie en stel voor om die bepaalde lidwoord deurgaans *de* te maak, maar die nuwe redakteur meen dit „zal aan de schrijftaal het vloeiende” ontnem. ¹⁾ In die opsig is Afrikaans en Engels dan nie vloeiend nie!

¹⁾ *De Afrikaner*, 20/9/’06. Hierdie wenk is nie nuut nie, die *Zuid-Westen* het na aanleiding van die spellingvereenvoudiging dieselfde onding vir Nederlands aanbeveel!

UNIE EN DAARNA.

Die bloedreuk was nog nie eers heeltemal van die slagvelde afgewai nie, toe daar in die land gerugte van 'n Verenigde Suid-Afrika begin rondgaan. Van die Natalse blaaië was sommige heftig teen hierdie nuwe planne gekant, veral die *Natal Witness*, waarvan die heer F. Horace Rose redakteur was, iemand bekend om sy hatige artikels teen die Boere, hulle helde, taal en geskiedenis.¹⁾ Na aanleiding van wat in die redaksionele kolomme van hierdie blad verskyn het oor die saak van aansluiting, sê Klaas Waarze'er: „wat 'n mens tref... is dat dit nie gaan oor die vraag of federasie of unifikasie voordelig is ver die algemene welzijn nie, waar dit ver hulle om draai is: sal dit nie daartoe lei dat die Boer katje-van-die-baan word nie? En dit is in hulle oog nog erger as om onder Turkije te verval. Liewers Turks as Boers, is die grondtoon van al die stukke.”²⁾ Dit is omtrent dieselfde wat Cecil Yonge herhaaldelik op die vergaderinge teen aansluiting gesê het: „You can spell 'unification' with five letters — D-U-T-C-H.” Die gevaar van „Dutchification” of „unification” was o.m. in die taal geleë, die hoogste indeks van 'n Afrikaner se identiteit.³⁾ Oor hierdie sogenoemde gevaar het die Engelse koerante dit keer op keer gehad en wel in so'n toon dat waar dit in Anderland se nuusblaaië as weerklank opgevang is, dit geïnterpreteer is as byvoorbeeld haat teen Engels (*Morning Post*) of selfs erger. Die Londense *Standard* vind dit „disloyaal, dom en achterlik, zoals de Vrijstaatse

¹⁾ Die „skynheilige” Pres. Steyn is dieselfde lot toegewens as komdt. Scheepers (Des. 1908); die Vrouemonument is 'n „sculptured lie”, en die Rebelle „curs and cowards all”, ens. Die grootste sonde van die Afrikaanssprekende (die indruk wek sy artikels!) is die omstandigheid dat hy die brutaliteit het om te lewe en jou wragtie nog langer wil lewe!

²⁾ *De Afrikaner*, 24/9/08. Let op die A.T.G.-spelling!

³⁾ Dit is seker nog bekend hoedat T. van Kimberley in die *Saturday Review* voorgestel het om fondse te versamel met die doel om Hollands aan die wurgpaal te kry — want Hollands is „onze werkelijke en enige vijand in dit land”. — Aangehaal deur *D. Afr.* 28/4/09.

en Kaapse Regeringen de rechte van de „Taal' handhaven".¹⁾ Dit is 'n standpunt wat nog vandag nie al sy venynigheid in sekere kringe verloor het nie — taalpatroisme beteken deloyaliteit! 'n Mens wonder partykeer stilletjies aan watter kant die agterlikheid oor hierdie saak skuil. Dit is een van die sielkundige stellinge dat 'n bang persoon en 'n bevooroordeelde of suspisieuse mens orals gevaar en spoke sien.

Maar hoe nader die moontlikheid van unifikasie kom, hoe duideliker die antagonisme teen Hollands hom openbaar. Toe die nuusblaaië publikasie verleen aan die konsepsvoorstelle van die Nasionale konvensie vir unifikasie, het daar in Natal 'n geweldige lawaai teen artikel 138 (later: 137) ontstaan behelsende dat Engels en Hollands gelyke regte in die staatsaangeleenthede van Suid-Afrika moet geniet. Oor die helfte van Natal se blanke bevolking woon in die twee vernaamste stede,²⁾ en dit is juis hier waar die rumoer so groot was (en is). By die bespreking van artikel 138 by geleentheid van 'n vergadering van belangstellendes in die Pietermaritzburgse stadhuis op 18 Maart 1909 gehou, is deur advokaat Hathorn, K.C. voorgestel en algemeen aangeneem: „Engels sal die offisiële taal van die Unie wees. Bestaande geriewe vir die gebruik van Hollands mag voortduur en deur die Parlement uitgebrei word, mits daar geen uitbreiding van sulke geriewe in die Provinsie van Natal sal wees nie, tensy op gesag van die Provinsiale Raad. Die parlement sal geen bevoegdheid hê om hierdie artikel te wysig nie.”³⁾ Durban het die eer dat dit nie by yweraars van die hoofstad agtergestaan het nie. Daar het oor die algemeen 'n vrees bestaan dat die taal van die Hollandse burgers deur Natalse amptenare sal moet aangeleer word en dat daar Hollandse oorheersing kan kom; wat dit beteken

¹⁾ Aangehaal deur *De Afrikaner*, 24/9/08.

²⁾ In 1926 woon in P.M.Burg en Durban 57 ten 100 van Natal se blanke bevolking.

³⁾ *De Afrikaner*, 29/3/09. (Ons vertaling.)

is alreeds aangetoon! Die hele saak met betrekking tot Natal se opgaan in die Unie van Suid-Afrika is toe in die hande van die volk gelaat. Referendum-kaartjies is uitgeskryf, waarop net in Engels die woorde YES en NO gestaan het. Die Hollandssprekendes moes egter ook stem, 'n feit waarmee die anti-Unioniste wel rekening gehou het; 'n klomp „groot kanonne” is na die platteland uitgestuur met propagandistiese anti-Unie-bomme. Handelsoorweginge het die deurslag gegee, driekwart van die stemmers het hulle ten gunste van die aansluiting van Natal verklaar, waardeur hulle ipso facto ook hulle goedkeuring geheg het aan die taalooreenkoms, wat lui: „Beide die Engelse en Hollandse tale sal die offisiële tale van die Unie wees, en sal op 'n basis van gelykheid behandel word, 'n gelyke mate van vryheid, en dieselfde regte en voorregte hê en geniet. . . .”¹⁾

Hierdie gelykstelling van die twee tale as landstale het verreikende gevolge meegebring waarvan die volle omvang eers kan bepaal word as jare wat kom ons in staat stel om die perspektief suiwer te kry. Deur hierdie bepaling is baie onnodige stryd gestil, want die Afrikaner sou tog so nooit as nooit in rus gelewe het voordat hy die erkenning van sy regte afgedwing het nie. Die Britse Regering het deur die bekragtiging van die Unie-akte met hierdie artikel ook ontwyfelbaar erken dat Hollands, wat, volgens Generaal Hertzog se verklaring, toe al bedoel was om Afrikaans in te sluit, reg van bestaan in hierdie land en in die ry van wêreldtale het. Daar Afrikaans noodwendig die stryd teen Hollands in Suid-Afrika moes wen, meen dit die erkenning van hierdie taalvorm alleen op die ou end. So het die wêreld in werklikheid Afrikaans in 1909 mondig verklaar — al het die Afrikaners self dit nog nie so ingesien nie, al was dit ook nie die presiese bedoeling van die Britse parlement nie!

Artikel 137 van die Uniewet is die Afrikaner se pleganker.

Dit het die strydery laafnis gegee, was vir die wankelende

¹⁾ Artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet, 1909. Ek het die teks verafrikaans.

'n steun, en vir die reeds oortuigde 'n nuwe spoorslag. In opgetoënheid juig Oom Arie van Paddafontein en sê aan die Natalse Afrikaners dat die tyd van „Afrikanerhou-jou-bek” verby is.¹⁾ In die sitting van die Wetgewende Vergadering in Januarie 1910 het die heer Ernst Rabe, lid vir Vryheid, die Hollandse taal in die saal laat weerklink — vir die eerste keer na die dae van die Natalse Volksraad. Selfs met die voorspieëling van die regte wat binnekort aangeneem word (31 Mei 1910), vereis dit nog leeuemoed om so op te tree. In die Hollandse koerant is Rabe toegejuig; N. G. C. Scheepers van Ingogo-spoor noem hom die „vul” van die beroemde hings Sieraad en spreek die wens uit dat ons nog meer slae Hollands in die raadsaal gaan hoor „niet om deze of gene redenen, maar om het heilig recht dat die taal toekomt.”²⁾

Vanaf 1910 word die taalstryd in ander bane gelei. Natalse Afrikaners het nog alleen moes stry, maar het bloedweinig uitgerig omdat hulle klompie nie teen die groot en onwillige oormag kon opweeg nie. Met die steun van ander taalgenote in die sonnige suidhoek van Afrika het hulle onder die Unie-Regering verkry waarna die hart gesmag het. Tot nou was dit 'n suiwer provinsiale (koloniale) stryd, maar sedert 1910 behoort Natal weer aan Suid-Afrika — wat hy nog nie heeltemal besef nie! Daar bestaan nou duidelik twee administrasiegebiede — 'n uniale en 'n provinsiale. Alle departemente wat onder die Uniale beheer val moet die beginsel van taalgelykheid huldig, en regeringskennisgewings word orals in Natal gepubliseer, gesirkuleer en aangeplak, eers in Engels maar tog ook in Hollands. Departementele verslae, wat nog altyd net in die een taal opgestel was, moet nou vertaal word, en al is daar baie keer rede van die kant van die Hollandse publiek en koerante om oor verontagsaming van die wetspunt of oor vertraging van die oorsetting in Hollands te murmureer,

¹⁾ *De Afrikaner*, 28/6/'09.

²⁾ *De Afrikaner*, 10/2/'10.

tog het dit altyd beter gegaan. Die eentalige amptenare het besef dat 'n kennis van Hollands noodsaaklik is, al word die ouere amptenare beskerm deur artikel 145 van die Zuid-Afrika-Akte; 'n hele klompie het Hollandse grammatikas en woordeboeke gekoop.¹⁾ Hollandse woorde in 'n boek beteken nog nie dat hulle in die kop is nie — daarvoor word verstandelike inspanning ge-eis. Dit is swaar om 'n taal in 'n paar weke aan te leer, en stadige vordering wek ontmoediging en soms verbittering. Dit verklaar die gees. Engelse blaaië het ook nie meegewerk om eensgesindheid of beter gesindheid op hierdie gebied in die hand te werk nie. Hulle moet natuurlik in die publieke aanvraag voorsien. Daar is 'n repeterende geluid in die wekker om op die „high” en „unnecessary” geldverkwisting te wys soos veroorsaak deur die vertaling van die verslae en kennisgewings. Vanaf hierdie tyd word ten opsigte van Hollands onder „tweetaligheid” deur die Natallers verstaan: „tweede-taligheid”. *De Afrikaner* het weer uitbetaal deur in byna elke uitgawe iets te bring wat sy lesers se volksgevoel kan streef of bereken is om hulle taalliefde op te wek. Daar word gewys wat Holland ekonomies en intellektueel presteer, byvoorbeeld hoeveel Nobelpryse hy gewen het; die taalstryd in België word behandel, Onse Jan se taaldade word verkondig en die korrespondensie van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst oor die erkenning van Hollands in kadetoefeninge, op die militêre oefenparades, die spoorweë, e.s.m. gepubliseer. Daar is dan ook onder die Afrikaanssprekendes 'n kragtige groei van nasionale selfbewussyn wat gaan uitbot in 'n ongekende handhawingsdrang. „Het is maar bovenal een zaak van de „aanhouder wint”, en als we maar aanhouden zullen we ten slotte met de Belgiese overwinnaars kunnen uitroepen: „we wisten wat we wilden en kregen wat we wilden.”²⁾ Dit is opmerklik dat die Afrikaners weer geleer

¹⁾ Mededeling van die heer John Herschensohn.

²⁾ Dr. J. Vrolik, *De Afrikaner*, 17/11/10.

het om te jubel en te sing, getuige maar die baie Unieliedere van die tyd soos die van Jan Celliers, C. E. Viljoendr. Beck; F. W. Coetzer uit Reddersburg, ¹⁾ e.a.

Voor die taaltoestande verder onder die provinsiale beheer nagegaan word, wens ons om 'n paar getuie oor die nasionale oplewing te dagvaar, soos dit hom nou onder die Afrikaanssprekendes begin te toon.

DEBATSVENERINGINGE.

Die Afrikaners het al geleer om saam te span, as hulle iets wil uitrig. Orals in die wêreld geld die wil van die massa. ²⁾ Veral na die oorlog was eendragtige optrede in selfbeskerming teen verbrokkelende faktore nodiger as ooit. Die Boere het hulle eers op onderwys- en toe op politieke gebied verenig. In die Transvaal het die Het-Volk-Party sy septer in belang van die Afrikanerbevolking gebiedend geswaai, die Oranje-Rivier-Souvereiniteit het die Orangia-party gehad, die Afrikanerbond was die liggaam van die Kaapkolonie, en „Het Kongres” vir die Natalse Afrikaners. Maar belangrik ook was die saam-staan-stryd vir die geestelike goedere van die volk, soos vir die taal, en hiervoor was die eerste stap buitekant die kerk, skool en die politiek, gesellige samekomste, debatsvereniginge, Christelike Jongeliedevereniginge, en Hollandse toneelgeselskappe. Reeds lank voor die oorlog het 'n hele paar Debatsvereniginge in Natal (D.Ve.) gebloei tot stigting en vermaak van die lede. Dit is hier waar die jongmense en oues met jong harte saamgekom het om in Hollands onderwerpe te bespreek, resitasies voor te dra, oorspronklike opstelle voor te lees, samesprakies te gee en die kunstalente op die klavier, viool of met die stembande te toon. Daar was in 1908 'n hele paar sulke kweekplekke van die Hollandse taal, soos die D.Ve. van

¹⁾ *De Afrikaner*, 1/12/10.

²⁾ Vgl. die interessante werk van die Amerikaner Gerald Stanley Lee: *Crowds*.

Vryheid, Newcastle, Greytown, Babanango, Tientaskop, Utrecht, Normandien, Kingsley, die Alpha-D.V., en die Debats- en Letterkundige Vereniging¹⁾ op Pietermaritzburg. Die laasgenoemde liggaam het hom in die Natalse taalstryd blywende roem verwerf as die moedervereniging van die tans so kragtige Saamwerkunie van Natalse Vereniginge (S.U.N.V.), die organisasie uit wie se skoot die vernaamste Afrikaanse taalhelde van Natal kom, die bond wat ook geboorte gegee het aan die Organisasie van Hollandse Taalvrienden in Natal (O.H.T.V.). Dit is daarom passend om te let op die stigting, groei en invloed van hierdie D.V.

'n Voorlopige komitee, waarvan die heer John Herschensohn voorsitter en dr. J. Vrolik sekretaris was, het veral op aandrang van Ben Vorster, aan die baie klein groepie Pietermaritzburgse Afrikaners 'n rondskrywe gerig en hulle versoek om teen half-ag op Saterdag, 29 Februarie 1908 in die Creamery-gebou, Langmarkstraat, bymekaar te kom, teneinde die wenslikheid van die stigting van 'n debatsvereniging vir die stad se Afrikaners te bespreek. „Oompie” rig verder in die plaaslike Hollandse blad 'n „open brief” aan alle „oompies, tantes, niggies, neefs” om hulle tot opkoms aan te spoor; in sy rympie heet dit:

„Onthouw de 29ste bij de Creamery-gebouw
 Wees tegenwoordig, gij zult 't niet berouw.
 Het wordt gezegd: „Eendracht maakt macht”,
 Maak dus een verband,
 En werk hand in hand
 Dan wordt de Vereniging van kracht.”²⁾

Op hierdie aand van 29 Februarie is die vereniging gestig. Dit het die middag al begint reën en aangehou tot die aand, asof so wasdom aan die nuwe beweging gebring word.

¹⁾ Die naam is later verander tot die Pietermaritzburgse Letterkundige en Debatsvereniging.

²⁾ *De Afrikaner*, 27/2/08.

„Dr. Vrolik,” deel min. Jansen mee, „had ’n kamer in die Creamery-gebou (’n hotel en teekamer) en toe ons daar kom was dit al plek waar hy ons na toe kon neem. Die kamer egter was so klein dat selfs die klein klompie van ons onmoontlik daarin vergadering kon hou. Ds. Pellissier het toe aan die hand gegee dat ons afgaan na die Pastorie. Dit het ons gedaan en die Vereniging is gestig in die eetkamer van die Pastorie.”

Die Vereniging wil lede die geleentheid gee om hulle verstandelik te oefen deur die bespreking van belangrike onderwerpe, ook om hulle estetiese dore te les deur hulle te bring by die bronne van anderlandse en hierdielandse literatuur en deur die oorgawe aan strelende musiek en voordrag. Na die stigtingsbesluit is ’n bestuur gekies wat as volg saamgestel is:

Ere-voorsitter: die predikant van die Nederduits-Gereformeerde gemeente van Pietermaritzburg (ds. G. Pellissier, B.A., nou van Carolina, Tvl.); Voorsitter: advokaat E. G. Jansen, B.A., L.L.B.; Vice-voorsitter: die heer Otgaar; Skrywer: die heer B. I. Vorster, en as gewone lede: die h.h. John Herschensohn en Wolhuter. Intellektuele Jong Suid-Afrika organiseer om te handhaaf.

Die vereniging werp hom midde-in die aktuele taalprobleme. Op die stigtingsvergadering het advokaat Jansen in Afrikaans oor die wenslikheid van Debatsvereniginge gepraat, en ds. G. Pellissier oor Afrikaans. Hy het vir die erkenning daarvan gepleit en wou ook aan die *Doel* van hulle beweging, soos dit vasgelê is in die voorgestelde huishoudelike reëls, toegevoeg sien: „Om te ywer vir die ontwikkeling van Hollands (lees: Nederlands) en Afrikaans.”¹⁾ Dat hierdie twee persone so veel vir hulle taal in sy gewone spreekvorm voel, sê al baie vir die nuwe vereniging. Dit is dan ook opmerklik dat die Afrikaanse selfkant al breër en breër word. Daar word in *De Afrikaner* ook al baie korrespondensie in Afrikaans gevoer, soos deur Mal-Mal

¹⁾ Vgl. *De Afrikaner*, 2/3/’08.

van Vryheid, Een Boer; Klaas Waarze'er (oor die „Bontspan”);¹⁾ Storielezer; Ou Volstruis, en ander, onder wie Ou Vale met sy uitstekende sketsies, b.v. „Die Voorzinger”²⁾ spesiale vermelding verdien.

Die onderwerpe vir debatte of van voorlesings toon verder aan hoe hoog die peil van die werk was. In 1909 was voor die gehoor: Afrikaanse Skrywers; Evolusie en Darwinisme; Natal voor die dae van die Voortrekkers; die lewe van Pres. Steyn, van Louw Wepener e.a. Ook *Eigensinn* van Benedix, deur dr. W. J. Viljoen vertaal en verwerk as *Koppigheid* is tot vermaak van die ondersteuners opgevoer.³⁾ By een van sulke opvoeringe, naamlik van die toneelstukkie *Die Bedriegers*, het die voorsitter hom so „laat bedrieë” dat hy 'n huweliksaanbod gemaak het aan die dame wat sy vrou geword het. As die onderwerpe vergelyk word met wat sommige D.Ve. partykeer besiggehou het, dan kom die kontras pragtig uit. Hier is drie wat ek uit die notule van ander Vereniginge soos in die nuusblad gepubliseer is, opgeteken het: Wat is lekkerder, piesang of wors?⁴⁾ Wat is warmer: vuur of liefde? Wie praat die meeste, mans of vrouens? Dat sulke lawwe goed oppervlakkigheid in die hand werk en, afgesien van die taaloefening, geen opbouende waarde het nie, is ongelukkig 'n waarheid. Maar teenoor aanleiding vir onsinnige gebabbel staan weer ernstige temas wat opbou en vorm, soos: Heeft de grondindustrie Zuid-Afrika verriekt? Wat is beter, landbou of veeteelt? Betekent meerdere beschaving meerdere geluk? 'n Groot moeilikheid vir die groepie Afrikaners was om 'n geskikte vergadersaal te kry. Nadat die Creamery-gebou om verstaanbare redes nie meer gebruik is nie, het die lede in 'n kamer agter Perk se teelokaal vergader maar naderhand oorgetrek na die Wesleyaanse Kerksaal op die hoek van Kerk- en Boshoffstrate, totdat in 1914 die Gedenk-

¹⁾ *De Afrikaner*, 17/8/'08.

²⁾ *De Afrikaner*, 17/12/'08.

³⁾ *De Afrikaner*, 28/2/'10.

⁴⁾ Niks te doen met die stryd tussen groente- en vleiseters nie!

saal in Langhamstraat, wat deur die ywer van die Natalse Christelike-Vrouevereniging opgerig is, tot hulle diens gestel is. Die D.V. het van krag tot krag gegaan. Dit tel vandag byna 150 lede; die bywoning is partykeer so groot dat die sitruimte binne die vier mure vir al die opkomelinge te klein is.

Van hierdie vereniging het in 1909 ook die eerste ernstige poging uitgegaan om 'n unie van debats- en jongeliedevereniginge te stig soos daar toe in die Kaapkolonie, Transvaal en Orangia alreeds bestaan het. Daar was bowendien 'n gees van ontwaking en versoening in Suid-Afrika vaardig, wat tot handeling geprikkel het. Die nasionale oplewing openbaar hom in deinende breedte soos 'n veldbrand in najaarsgras oor die heuwelruens slaan. Natalse Afrikaners ywer vir die terugkoop van die ou Voortrekkerskerkie, toe 'n „Dining and Refreshment Room”; R. Baldini se buste van Pres. Kruger word by honderde verkoop; Dingaansfeeste word in erns gevier; die 45 families (min of meer 150 siele) van Durban besluit (2 April 1910) om elke Sondag in die Y.M.C.A.-saal vir gereelde godsdiens oefening bymekaar te kom en belas 'n gekose komitee om predikante wat vir hulle vakansie aan die kus vertoef, te vra om die dienste waar te neem. (*De Afrikaner*, 4/4/'10, ook op die Sinode van Mei 1910 bespreek.) Die Z.A. Akademie nader sy eintlike stigting en die Zuid-Afrika-Akte van 1909 sy inwerkingtreding. Ou Stam berym die toestand treffend in die paar woorde:

Leeraar Schoon, Janse Advokaat
Taalvegters voor geheel Natal,
Dink aan Retief, Dingaans verraad,
Verhef jul stem uit berg en dal,

O mog die Unifikatie,
Taalkongres, Ko-operatie
Ons Taal behoed voor renewasie,
Afrikaners opbouw als een Natie.¹⁾

¹⁾ *Het Westen*, P'Stroom, 6/9/'09.

Dis in hierdie tyd dat die sekretaris van die Pietermaritzburgse Letterkundige en Debatsvereniging, die heer B. I. Vorster, onder datum 24 Februarie 1909, in die kolomme van *De Afrikaner* vertel dat hy 'n paar briewe oor die saak van unifikasie van Natalse D.Ve. gekry het. Hy gee aan die hand dat 'n kongres van afgevaardigdes op 'n sentrale plek, sê op Dundee, gehou moet word. Hierop het verskillende individue skriftelik hulle instemming met so'n beweging betuig.¹⁾ Die Pietermaritzburgse D.V. het toe van praat na die daad oorgegaan en twee afgevaardigdes gekies met die opdrag om so'n unie-stigting te bepleit. Dit blyk ook verder dat die onmiddellike aanleidende oorsaak vir die byeenroeping van hierdie kongres was om 'n unie te stig, sodat die Unie met die Zuid-Afrikaanse Akademie kon affilieer en verteenwoordiging daarop kry. Dit is, word beweer, onmoontlik vir elke vereniging om 'n verteenwoordiger te stuur; nou moet hulle maar saamwerk soos die ander provinsies. Die rede waarom in Natal nog nie so'n sentrale kultuurliggaam bestaan het nie, moet veral gesoek word in die feit dat die Afrikanerbevolking betreklik klein was en ook daarin dat die aantal D.Ve. nouliks tien getel het. Totsover het 'n unie van die aard geen praktiese doel beoog nie, iets wat nou wel aanwesig is.

Op Donderdag 20 Januarie 1910 was alreeds baie mense op Vryheid wat vir Nagmaal ingekom het. Advokaat Jansen, wat eers 'n voorlopige kongres vir die 10de Januarie byeengeroep het, het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om sy unifikasieplanne van die D.Ve. te laat bespreek. Die middag om 2-uur het die belangstellendes toe vergader in 'n saal wat mnr. Levetzow vir die doel vir hulle ingerig het. Die opkoms was goed en behalwe een vereniging²⁾ was almal verteenwoordig. Trots die skuurteenstand van

¹⁾ *De Afrikaner*, 23/3/09.

²⁾ Erasmus-D.V. Teenwoordig was: Vryheid wyk III, Kingsley; Babanango, Tientaskop; Alpha; Pietermaritzburg; Slangrivier, Skurweberg, Newcastle en Zandspruit.

een remskoen, is die voorstel M. Ebersohn—Botha „eenparig staande” aangeneem, nl. „dat de tijd gekomen is om een Unie te stichten”. ’n Bykommissie bestaande uit die voorsitter (adv. E. G. Jansen), die sekretaresse (mej. Sannie van Rooyen) en mnr. Ebersohn is benoem om die konsep-statute op te trek, wat by die hervatting van die vergadering teen vyfuur die middag voorgelê moes word. Die konsep is so aangeneem en na die verskillende verenigings vir bespreking en nuwe voorstelle verwys.¹⁾ Die finale reëlings kon dan geneem word op die kongres wat gedurende die paasvakansie op Dundee sou gehou word. Dit het op Dinsdag 27 Maart plaasgevind, toe die nege verenigings se afgevaardigdes formeel tot die stigting van ’n Debatsunie besluit het, en die konsep-konstitusie na bespreking en sommige wysiginge bekragtig is.²⁾

Dit is van die grootste belang om daarop te let dat ons hier in die aangenome reëls en bepalinge die fondament van die Saamwerkunie se konstitusie het, nou net met mooier mure gebou en vir nuwe ontwikkelinge groter gemaak. Die grondslag en beginsels is presies dieselfde. Artikel 13 van die ou konstitusie bepaal weer dat die offisiële tale Hollands (Nederlands) en Afrikaans moet wees.

Van hierdie Unie het so te sê geen invloed uitgegaan nie. Die doel was duidelik genoeg voor oë, maar dit het in algemeenhede verloop. Ook was die aanleiding tot die stigting nie van so’n aard wat die voortbestaan voldoende regverdig nie, so was die geboortedatum ook die laaste kongresdag! Dit het egter die groot voordeel meegebring dat dit gewys het watter weg Natalse Afrikaners moes inslaan as hulle wou organiseer. Dit was die proefperiode om ondervinding vir latere stryd op te doen en om later aan gans Suid-Afrika die weg te wys. Daar moes geleer word om goed te kon dien.

Al meer en meer sal die behoefte aan ’n *strydende*

¹⁾ *De Afrikaner*, 24/1/’10.

²⁾ Vir konstitusie kyk *De Afrikaner*, 31/3/’10.

Unie van D.Ve. groei en 'n dringende eis word, d.i. daar sal 'n doelwit wees, nie net om verteenwoordiging op die Akademie te kry nie, wat toe self, na die resultate geoordeel, nog maar 'n flou liggaam was, maar om die wapens te voer vir die hart se besittings.

So'n toestand sal geskep word deur die behandeling wat die Hollandse taal op die skool sal ondervind, naas ander faktore, soos die groei van die Afrikaanse gedagte in die ander provinsies en hier.

HOLLANDS IN DIE SKOOL SEDERT 1910.

Deur Natal se toetreding tot die Unie moes hy van taalpolitiek effens verander — nie heeltemal nie, daarvoor was hy nog te onbekeerd. Die beginsel van taalgelykheid is deur die Unie-akte erken, en die Natalse administrasie moes probeer om uitvoering aan die bepaling te gee, ook in die skoolwêreld. Daardeer word die posisie vir die leiers baie moeilik, want die trekkiers was min en swak. Alleenlik 'n vyftigtal onderwysers, byna almal van Hollandse afkoms, was in staat om deur of in Hollands te onderwys.¹⁾ Een vername rede vir die klein getal is dat so'n groot kontingent uit Engeland en Australië ingevoer is; in 1911 is net die helfte van die onderwysende personeel in Suid-Afrika geboortig.²⁾ Tog skyn dit nie asof die verantwoordelikes ernstig geneë was om plaaslike talent teenoor buitelandse aan te moedig nie, want waar die koloniale kwekeling 'n aanvangsalaris van £175 per jaar trek, ontvang die ingevoerde klas £200 p.j.³⁾ Volgens hierdie basis geniet die vreemdelinge die voorkeur bo die eie seuns en dogters, wat bowendien bekend is of behoort te wees met die plaaslike toestande: dit, terwyl daar 'n opleidingskollege

¹⁾ Die Superintendent van Onderwys aan die Administrateur — Verslag, 1919.

²⁾ Verslag S.O. bl. 2.

³⁾ Antwoord Admin. Prov. Rd. 1913.

vir onderwysers in die provinsiale hoofstad is! Hierdie inrigting het darem al meer in die eie behoeftes voorsien, behalwe in die opsigte dat dit baie min mans getrek het weens die geringe besoldiging aan die pos verbonde, en min tweetaliges voorberei het. Daar was 'n skreiende nood aan leerkragte wat bekwaam was om te doseer in en deur medium van Hollands. Omdat die ander provinsies die man wat tweetalig is beter betaal, het Natal hulle eenvoudig nie gekry nie, terwyl die ouers juis sulke persone eis volgens reg. Die ou gewoonte van „invoer” het toe weer so'n vorm aangeneem dat 'n beroep op Nederlandse leerkragte deur die Hoë Kommissaris van Suid-Afrika namens die Natalse Administrateur gedoen is; 10 persone het hulle in 1921 hierop aangebied.¹⁾ So kon dit egter nie aangaan nie; die landsvaders het 'n ander skema baie gunstig oorweeg, naamlik om 'n aparte opleidingskollege iewers in die Noorde te stig, (later het Vryheid veral as setel in aanmerking gekom), dus onder die sterk Boerebevolking, om vandaar Hollandskundiges te kry.²⁾ Om geldelike en ander redes het die skema egter al verder weggesak en later uitgesak. Die behoefte het al intenser geword, sodat daar op die opleidingskollege voorsiening gemaak is vir die aanleer van Hollands (Afrikaans). Sedert 1929 volg aspirant-onderwysers ook die lesse aan die Natalse Universiteitskollege, alwaar hulle 'n jaar lank akademies opgelei word, ook in Hollands. Vandag swel die regiment van tweetalige onderwysers in Natal aanmerklik aan en verminder so die druk wat op die Departement uitgeoefen word. Dit is die weg om tot selfstandigheid te geraak!

Omdat daar so'n gesukkel was om bekwame onderwysers vir Hollands as vak te verkry, grotendeels as die gevolg van 'n vroeëre enghartige politiek, was die toestand van die Afrikanerkind ten opsigte van sy eie taal op skool

¹⁾ Prov. Raad, Notule 27/7/20.

²⁾ Vgl. Notule Prov. Raad 1921, bl. 31; en dr. G. Besselaar se getuienis voor Kom. van Ondersoek, 1921.

maar beroerd treurig. 'n Paar getalle sal dit duidelik aantoon. In 1910 was daar in die 53 staats- en 225 staatsondersteunde vaste en Boereskole 14,000 kinders ingeskrywe, waarvan by die 2,000, dus 'n sewende, van Hollandse ouers was. Van die 14,000 het 1,200 in die laer skool onderrig in Hollands as vak ontvang, gegee deur 20 onderwysers.¹⁾ Daar was dus $\frac{1}{12}$ ($\frac{7}{84}$) wat die moedertaal van $\frac{1}{7}$ ($\frac{12}{84}$), hulle inkluis, geleer het. As ons terwille van vergelyking aanneem dat omtrent 200 kinders van Engelse ouers (die getal in Durban alleen was al groter) Hollands geleer het, dan beteken dit dat die helfte van die Afrikanerkinders nie eers hulle eie moedertaal as vak geleer het nie! Die provinsiale administrasie het die saak so aangesien en so laat staan. Van die Unieregering is 'n memorandum ontvang in die sin dat albei die landstale op gelyke voet in die skole moet gestel word. Die here landsvaders van Natal het op 27 Maart 1912 die saak terdeë bespreek, en om uitgesproke *en versueë* redes, die voorstel met 14 teen 8 stemme verwerp.²⁾ In hierdie einste jaar is daar „bij benadering 1,450 kinderen welke in de Hollandse taal in Natal onderwezen worden”, volgens 'n antwoord van die Administrateur aan 'n lid.³⁾ Hierdie klein klompie kom veral van die Noordelike distrikte en van Durban.

Let op die beginsel wat hier verwerp word, naamlik die van ideale tweetaligheid vir almal in Natal!

Party Afrikanerouers was heeltomal tevrede met die toestand op skool. Die volgende staaltjie tipeer hulle. Iemand skrywe in *De Afrikaner* oor die verwaarlosing van die Hollandse taal op Waschbank en vertel afkeurend hoedat Afrikanerkinders net Engels leer. „Onpartydige” was bitsig en antwoord dat die kinders Engels moes leer (wat niemand

¹⁾ Informasie deur die S.O. aan die Administrateur verstrek op versoek van die eerste Unie-regering. *De Afrikaner*, 9/12/11.

²⁾ Vgl. *Votes and Proceedings*, 1912, onder datum, en *De Afr.* 28/3/12 en 1 en 4 April '12.

³⁾ Notule v. d. Prov. Raad 1912, bl. 22.

weerlê het nie!) sodat, as hulle „misschien (sic!!) bij een Engelsche ‚meeting’ aan het hoofd geplaats word as voorzitter, dat zij dan niet misschien daar zitten zoals een ‚fool’, maar...”¹⁾ Die hele redenering kom dan hierop neer dat ’n kind hom moet bekwaam vir ’n „misschien” wat omtrent een keer in duisend en meer gevalle mag voorkom soos in ’n groot lotery, en hom moet diskwalifiseer vir ’n gek, wat hy sonder kennis van Engels is. Dit is heel interessant om hier te vra: deur wie word die nie-Engelskundiges as gekke bestempel? Dis waarlik ’n treffende geval van kleinlike miskennning, liederlike selfveragting en verfoeilike slaafgedweë behaagsug, die gevolg van onkunde of min intelligensie en tipeer ’n morele hensopper, daadwerklik of potensieel.

Maar die groot meerderheid van Afrikanerouers was ontevrede oor die taaltoestande op skool. Vryheid het begin roer en strewende na ’n ideaal aangedui in die dorpsnaam. Op die skool is 162 Afrikaanse, 115 Engelse, 9 Skandinaafse en 3 Duitse kinders, maar die hoof is ’n rou Engelsman en die rigting heeltemal Engels. Op inisiatief van die publiek het die kerkraad ’n vergadering van ouers in die begin van 1913 byeengeroep, toe ’n waaksaamheidskomitee (W.K.) gestig is om te waak vir die goeie reg van Hollands in die Publieke Skool. Daar is vername besluite geneem wat in die vorm van ’n memorie van 5 Mei 1913 aan die Uitvoerende Komitee toegestuurd is. Die drie hoofpunte kom uit in die antwoord, wat dus alleen aangegee word. Vereers word gepoog om die besluite te diskrediteer deur hulle te bestempel as besluite van die Kerkraad, terwyl dit tog die publiek is wat sy stem laat hoor het, blykens die naamtekeninge alleen. Die Uitvoerende Komitee sien nie kans om in die skool enige verandering insake die taal toe te laat nie, want „45 % van de kinderen die tans de school bezoeken (gebruiken) het Hollandse taal niet als hun moedertaal...” (sic!) Verder lui dit: „het wordt

¹⁾ *De Afrikaner*, 30/1/12.

erkend dat het in het belang van de school zou zijn indien tenminste de helfte van de onderwysers degelyk bekend was met de beide offisiële talen, maar . . . Er schijnt geen noodzaaklikheid te bestaan dat de Hoofdonderwyser van Afrikaner afkomst moet wezen . . .” Die Raad is ook bang om aan ’n plaaslike komitee kontrole oor die benoeming en ontslag van onderwysers aan staatskole te gee. Een rede vir die weiering lê voor die hand, en dit is, tussen hakies, ook ’n vername rede waarom Natal vandag nog geen skoolkommissies soos die ander provinsies het nie, omdat dit dan uit sou wees met die opsetlike aanstelling van eentalige, dus Engelse, onderwysers en skoolhoofde in Vryheid en die Noordelike distrikte, waar tweetaligheid veral ’n vereiste moet wees. In die demokratiese twintigste eeu is politieke sentralisasie (monargisties of oligargisties) altyd sinoniem met tirannie in een of ander vorm; tirannie bestaan daarin dat die volk gedwing word om iets te ontvang wat dit uitdruklik verklaar het nie te wil hê nie omdat dit iets anders nodig het. Die betekenis van hierdie antwoord lê juis daarin dat dit die vyandige, onsimpatieke gesindheid van die Provinsiale Uitvoerende Raad by herhaling onomstootlik bewys. Die volk sal moet veg vir elke strooitjie van sy regte, vir elke letter. ’n Mens moet hier miskien ’n deurwerking sien van die antagonisme teen wat in Natal na die de Wildt-toespraak as „Hertzogisme” bekend is. Die ironie is juis dat die tweestroom-politiek in der waarheid deur die Raad bevorder word, terwyl dit teoreties deur hulle so verfoei word.

Die sekretaris van die W.K., die heer Wiggett, sien geen verdere heil in briefwisseling nie, en gee aan die hand om protesvergaderinge oor die hele wyk te hou. Hiermee het die jaar al ten einde geloop, en ’n ander een begin. Dit was in ander centra maar net so treurig as in Vryheid, en nou dat ’n voorbeeld gegee is om saam te span en toestande verbeter te kry, het die ander plekke ook hulle stem laat hoor. Pietermaritzburg, die Voortrekkerstad, neem deel en gee, soos dit behoort, van die begin af leiding aan

die koor. Van die Debats- en Letterkundige Vereniging het 'n beweging uitgegaan om ondersoek in te stel na die toestand van onderwys in Natal met betrekking tot artikel 137 van die Unie-akte van 1908, en die saamroeper, prof. dr. G. Besselaar, het in sy besadigde rapport die bevinding van sy komitee meegedeel nl. dat daar verbetering insake onderwys aan Hollandse kinders moontlik is en dat die komitee diensgevolge besluit het om 'n vergadering byeen te roep vir 22 Mei 1914 om planne vir verbetering te oorweeg.¹⁾ Op die bepaalde Vrydag het die Hollandse ouers en belangstellendes oor die saak van moedertaal-onderwys, onder voorsitterskap van die yweraar, ds. G. Pellissier, daar in die Gedenksaal, Langhamstraat, oorgegaan tot die kiesing van 'n sterk komitee met die opdrag om verder ondersoek in die saak in te stel, om petisies op te trek, te laat onderteken en aan die S.O. aan te bied met die versoek om moedertaalonderwys, en om later aan die vergadering rapport uit te bring.²⁾ Hier lê die kiem van 'n magtige nuwe protesorganisasie. Miskenning lei gewoonlik tot 'n stryd vir erkenning.

Die sterk komitee was egter swak weens uiterlike omstandighede en illogiese faktore. Die groot wêreldoorlog het hulle nie so verlam as die Rebelle nie. Die bedanking van genl. Beyers, die verraad van genl. M. Maritz, die terdoodveroordeling van genl. Jopie Fourie, die moord op genl. de la Rey en die politieke beroeringe het alles oordonder en gemoedere van selfs pasifisties-gesindes opgesweepte. Dit was 'n tyd van bloedige daade en bloedige woorde — wat nie die weg van hierdie komitee was nie. Hulle het dus vir die teenswoordige geswyg.

Tog was daar hierom nog geen rus op taalgebied nie — die tyd maak dit onmoontlik en taal is te eng aan nasionaliteit samesgesnoer. Politieke liggamme is nou die kanaal waarlangs die stryd voortgesit word. Deur die organisasies

¹⁾ *De Afrikaner*, 2/6/14.

²⁾ *De Afrikaner*, 26/5/14.

van die Natalse Nasionale en Suid-Afrikaanse Partye het petisies die provinsie gesirkuleer vir tekening deur ondersteuners waarin die Provinsiale Raad versoek word om deur wetgewing aan Hollands waar dit verlang word dieselfde regte as skoolvak en voertaal van onderwys soos in die ander provinsies toe te staan.¹⁾ Voordat hierdie versoekskrifte, (Petisie No. 6 van 1916) deur 1282 inwoners van Natal onderteken, deur mnr. P. Wessels, lid vir Utrecht, voor die Raad gebring en behandel is,²⁾ het genl. Myburgh die geval van Natal ook onder die aandag van die Parlement gebring (op 29 Maart) en wou dat die Praathuis 'n besluit moes neem om die provinsie daartoe te dwing om die beginsel van taalgelykheid op skool toe te pas, maar daar dit te veel na dwang sou lyk, is hy gevra om sy mosie terug te trek (— 'n voorbeeld van hoe „konsiliasiepolitiek” toegepas word!) Die Provinsiale Raad moes dus sterk onder die indruk verkeer het dat daar oë op sy handelwyse gevestig was sover dit hierdie saak betref. Die indiener het egter die versoekskrif ingetrek (11 Mei 1916) omdat 'n spesiale kommissie belas met die optrekking van 'n Konsep-Onderwysordonnansie die taalkwessie in die ontwerp sou behartig.³⁾ Die derde lesing is aangeneem en Ordonnansie no. 15 van 1916 van krag geword. Ten opsigte van die taalkwessie word bepaal dat die ouer kan kies in watter medium sy kind onderrig moet ontvang.

Dit is 'n slegte wet wat boonop nog sleg uitgevoer is.

Die beginsel wat gehuldig word sien 'n mens duidelik: divide et impera! Daar is die onkundige ouer wat alreeds getipeer is, wat die moedertaal verag en nie instaat is om vir die kind te kies nie, of wat ook andersins te eenvoudig is om oor die welsyn van sy kind te besluit. Die kind behoort ook aan die staat, waarvan hy 'n toekomstige burger is en 'n goeie een behoort te wees. Waar die ouer onbekwaam

¹⁾ *De Afrikaner*, 18/1/16.

²⁾ *Notule* Prov. Raad 1916, bl. 9.

³⁾ *Notule* Prov. Raad 1916, bl. 79.

is om te kies, moet die staat ingryp. Die grondprinsipe van alle staatkunde is tog dat die staat die individu moet beskerm, ook teen sy eie dwaasheid, — dit is een van die redes waarom daar leiers is en waarom elke nasie 'n wetskode het. Die wet moet volgens reg en billikheid neerlê, wat die kollektiewe ervaring as die beste aangedui het, naamlik moedertaal-medium in hierdie geval. As die volksvaders nie geweet het wat die beste is nie, dan strek dit hulle nie tot eer nie; as hulle dit wel geweet het en dit tog nie in die ordonnansie laat vaslê het nie, strek dit hulle ook tot oneer. Nou word alles aan die ouerlike keuse oorgelaat. Dit is duidelik dat hier net van Hollandse ouers gaan sprake wees. Baie wat tog nog op die gevoel af reg sou gekies het, het soms die strekking en bewoording van die formulier wat moet ingevul word, verkeerd verstaan en kry dus vir die kind wat hulle nie wou hê nie. Daarby het nog gevalle van moedswillige misleiding en verleiding van die arglose ouer voorgekom.

Daar is ook nog die intelligente en beginselvaste vader en/of moeder. Ook hier is die praktiese moeilikhede groot. Tot sover was die medium byna altyd Engels, en as die kind nou moet omspring, kan hy dalk agterraak of moet agtergehou word; die ouer is dalk 'n groot vriend van die Engels-eentalige hoofonderwyser en raadpleeg hom; sy advies sal daarop mik om die kind *breed* te laat ontwikkel; daar is nog die gevalle van ander taalgenote wie se kinders op die gebaande weë bly, om van faktore soos die numerieke en kulturele oorheersing van Engelssprekendes in Natal te swyg.

As al hierdie en ander faktore die ouer ¹⁾ nie van stryk bring nie, en moedertaalmedium gekies word, wag ander moeilikhede binnekant die skool. As Jannie van History na Geskiedenis of van Maths. na Meetkunde moet oorspring, wie kan hom leer? In Engelse centra kom byna uitsluitlik 'n eentalige Engelse onderwyser, Hollands is

¹⁾ In al die gevalle word bedoel: „Hollandssprekende”.

onnodig as 'n kwalifikasie; na Hollandse centra *kan* ook tweetaliges gestuur word, maar Engels is 'n vereiste. Engels is daar altyd, so eis die owerhede dit. Daarom het daar in hierdie opsig eienaardige onreëlmatighede voorgekom. 'n Sekere dame vertel dat sy vir haar drie kinders onderwys deur Hollands verlang het, maar die papiertjie is teruggestuur en haar is gevra om in te vul: Hollands as vak. Hoewel sy toegegee het, moes sy tog later uitvind dat nie eers dit gegee word nie, en op navraag verneem sy dat geen skikkinge „konden of zouden gemaakt worden”.¹⁾

Die wet is gemaak en behoort uitgevoer te word. Dit lyk asof die gedagte was om die bepalinge langs die weg te laat verongeluk — die toepassing was in elk geval partykeer baie deursigtig. In die middel van die skooljaar, met die publieke eksamens effentjies voor in die leerpad, moet die ouers besluit watter taal hulle as medium van onderwys vir hulle kinders kies. Daar is geen geleentheid vir die geleidelike oorgang van 'n bestaande sisteem na 'n ander nie, dit moet nou dadelik en hede geskied. *De Afrikaner* se redakteur vertel dat sommige kinders Vrydag met die briefie na die ouers gekom het en dit Maandag moes terugbesorg het, sodat daar geen tyd vir gesamentlike raadpleging van die ouers en die W.Ks. was nie.

Dit is wat genoem word: 'n slegte wet sleg uitgevoer, of summum jus, summa injuria.

Van ruim 2,000 kinders van Afrikaanssprekende ouers in Natal het in 1916—1917 672 onderwys deur Hollands ontvang as 'n gevolg van ouerlike keuse, dus net maar een-derde!

Daar was weer werk vir die W.K.s; hulle het dit gesien, en gedoen. Reeds op 11 Mei 1916 het die hoofstedelike tak 'n besluit geneem wat om die bulhond-gedetermineerdheid wat daaruit spreek, wys dat ons op die drumpel van 'n ander soort Groot-Oorlog staan. Bybels klink die styl van dr. G. Besselaar waar hy sê: „Wij zullen agiteren en

¹⁾ *De Afrikaner*, 3/10/16.

getuigen en de onrechtvaardige rechter aanlopen als een waterstroom, totdat hij ons ganselik recht doe." ¹⁾ Deur middel van die korrespondensie- en redaksionele kolomme van *De Afrikaner* word die Afrikanerouers opgekommandeer; twee nuwe W.Ks. is in die lewe geroep, nog ander is in die geboorte-uur; daar is orals lewe en roering. In 'n warm hoofartikel van *De Afrikaner* onder datum 13/6/'16 (waarin ons dr. Besselaar se hand meen te herken) word nou vir 'n Natalse Taaldag of -kongres of -fees gepleit, en intussen moet propaganda vir Huistaal-skooltaal deur woord en daad gemaak word. „De strijd zal u sterk maken, en moedig”. Die gedagte aan 'n taaldag het vermoedelik uitgegaan van die Taalfees wat in Kaapstad gehou is, of het Vlaandere en die Vlaamse studente dr. G. Besselaar voor die gees geswewe? Van die woord na die daad. Uit die W.Ks. van Pietermaritzburg en Greytown is 'n „Kommissie van Voorbereiding” vir 'n taalkongres benoem en di. G. Pellissier (P.M.Burg) en M. W. Odendaal (Greytown) het namens die kommissie 'n „persoonlike” oproep geplaas in die laaste uitgawe van die Natalse Hollandse blad vir die jaar 1916. ²⁾ „Ons is nou moeg,” sê hulle, „ons is doodmoeg om nog langer te soebat om meer Hollands in ons skole, ons wil die Departement wys dat dit ons erns is en dat ons als burgers van die land moedertaal medium vir ons kinders kies en kry....” Op 25 Januarie 1917 het mense van wyd en syd van Natal en selfs van die Kaap ³⁾ opgetrek, daar was afgevaardigdes van die Hollandse kerke van Natal (en die Kaap), van die N.C.V.V. en die W.Ks.; belangstelling in Natal se eerste taalkongres het die provinsiale grense ver oorskry, telegramme is gelees van pres. Reitz, genl. Hertzog, dr. D. F. Malan, moderator ds. Pienaar en baie ander.

Plegtig moes die openingswoorde van Natal se oudste

¹⁾ *De Afrikaner*, 16/5/'16.

²⁾ *De Afrikaner*, 29/12/'16.

³⁾ Ds. Malherbe van Villiersdorp.

leraar geklink het: „In 's Heeren naam zijn wij hier vergaderd om zamen te beraadslagen over de belangen van ons moedertaal...” Gepleit het die grysaard met die Afrikaner om sy taal orals en altyd te praat, te respekteer en te laat respekteer — dan sal dit bly voortlewe en hulle sal God tot in die lengte van dae daarin nog kan lowe. ¹⁾ Baie ander sprekers het na ds. Schoon opgetree. Dr. Besselaar het met Transvaalse skoolstatistiek gewys hoe voordelig moedertaal-onderwys is, ds. Malherbe het aangemoedig, advokaat Jansen het in Afrikaans 'n kragtige en weldeurdagte pleidooi vir die goeie reg van Hollands as taal in staat, kerk, skool en omgang gelewer, en die volk aangeraai om vas te trap. „Daar was altyd 'n neiging gewees by die Hollandssprekende mense van Natal om pad te gee van die plase en pad te gee op taalgebied.” ²⁾ Vaderlandse Geskiedenis op ons skole (A. T. Spies), Hollands in die Siviele Diens (A. I. J. Nel), Bybelonderwys en Moedertaal (Eerw. W. J. Esterhuysen) en Die Praktiese Sy van die Taalkwessie (Eerw. Poën) is almal sake wat bespreek is. Die gees was warm, die samewerking hartlik, die wil onbuigsaam en die doel duidelik omlin. Die volk spreek hom beslis uit — hy speel nie somaar nie! Erns is die grondtoon gewees by almal, die duidelikste by Ernst Jansen. Al het verontwaardiging soms oor die taalverdrukking opgelaai, tog was die toon gematig en beheers, die kritiek regverdig en ingetoom. Een spreker kon darem nie help om twee strawwe staaltjies mee te deel nie. Een meester het onderaan die aantekeninge wat 'n kind moes leer geskrywe: „The Boers are bad men who went to Natal and stole cattle from the natives.” 'n Ander seuntjie het De la Rey as 'n generaal opgenoem, met Botha vir sy tweede probeerslag, maar moes telkens hoor: „He is not a general!”

As vrug van die besprekings is aan 'n komitee, bestaande uit ds. Pellissier, dr. Besselaar en advokaat Jansen, opgedra

¹⁾ *De Afrikaner*, 2/2'17.

²⁾ *De Afrikaner*, 6/2'17.

om die genome besluite tot die kennis van die behoorlike autoriteite te bring. Die vernaamste punte ten opsigte van die taal en onderwys is: dat by die Provinsiale Raad aangedring word dat die wette insake onderwys in ooreenstemming met die van die ander provinsies moet gebring word; dat die Regering versoek word om die wette en regulasies oor tweetaligheid van amptenare strenger toe te pas, dat aan die Opleidingskollege voorsiening gemaak word vir 'n volledig-bevoegde staf om tweetalige onderwysers behoorlik op te lei, en dat voortaan Hollandskundige inspekteurs moet aangestel word.

Ten opsigte van organisasie is besluit om orals waar geen W.Ks. is nie, die in die lewe te roep om in die wyk vir die belange van die Hollandse taal te waak. Daar is ook 'n voorlopige hoofkomitee benoem wat konsepreëls vir die beweging moes optrek.¹⁾ Volgens die goedgekeurde reëls sal „Ons Moedertaal”, soos die organisasie gedoop is, met „Voor land en volk, voor kerk en taal” as leuse, elke jaar 'n taalkongres hou; in die tussentyd sal die W.Ks. werksaam wees om te sorg vir die verwesenliking van die in die doelstelling vervatte ideaal, naamlik die erkenning en handhawing van Hollands as huis-, skool- en omgangstaal, en as korrespondensietaal onderling, met die staat en met die besighede. 'n Hoofkommissie van vyf lede deur die kongres gekies, sal die Sentrale Bestuur uitmaak.

Daar word dus kollektief en individueel gewerk. Die belangrikste resultate is verkry deur die ywer van takke in die wyk. Hulle ken die omstandighede en geniet die steun van die ganse beweging in hulle optrede. Van die lewendigste W.Ks. was die van Durban een, deur wie se poginge daar 'n skool met Hollandsmedium totstandgekom het,²⁾ en

¹⁾ *De Afrikaner*, 30/1/17.

²⁾ *De Afrikaner*, 15/5/17. Ds. Poën was naas mnr. Boonstra „die kêrel met sy medium” (12/9/20) die twee vernaamste yweraars. Vgl. *Die Vooortrekker*, Febr. 1930. Die skool het met 2 leerlinge begin, en na 9 maande (Nov. 1917) was daar 35 en 2 onderwysers; en in Greyville is ook 'n skool vir Hollandsspr. kinders in aanbou gewees.

die van Pietermaritzburg, waarvan die „Vader van de Komitees voor waakzaamheid”,¹⁾ dr. G. Besselaar, die sekretaris was. Ook hierdie tak het hom vir 'n Hollands-mediumskool beywer. Daartoe was vereers nodig — die kinders. In die Sondagskool van die Nederduits-Gereformeerde kerk was 113 kinders.²⁾ As hulle almal kon gekry word, was dit al 'n klompie. Een van die planne om hierdie doel te bereik, was om ouers en veral intrekkelinge met kinders van skoolgaande ouderdom te voorsien van gedrukte briefies vir ondertekening met die volgende inhoud (soos ook in Durban): „Ik verlang dat mijn kind.... (naam) onderwezen zal worden door Hollandsmedium en Engels als een taal zal aanleren”.³⁾ As die kinders orals met die versoek kom sal daar wel vir hulle volgens wet voorsiening gemaak word, en dan sal saamgroepering die goedkoopste vir die Departement wees! Die inspanning van die takslede is sover beloon dat daar in Augustus 1917 9 kinders in die hoofstad die Hollandsmediumklasse bywoon. Die ouers van 20 kinders het dit onmoontlik gevind om die kinders na die aangewese plekke vir Hollandsmediumonderwys te stuur. Hulle het toe die Departement versoek om parallelklasse in Bergstraat- of Havelockweg-skool in te stel. Dit is die begin van 'n aparte skool!

Deur die takke is daar ook 'n soort van taalsensus van die land geneem. Die Sentrale Bestuur het op die hoogte probeer kom deur in 'n persoonlike en kollektiewe rondskrywe aan die lede van al die takke sekere vrae te opper, wat indirekte leiding is om hulle te laat sien wat gedoen moet of kan word — 'n oulike manier om met grootmense te werk! Daar word informasie verlang oor punte soos: Hoe gaan dit in die skool met Hollands as medium? as leervak? met Suid-Afrikaanse geskiedenis? met Hollands op die publieke kantore? Die antwoorde hierop toon hoe

¹⁾ Ds. Odendaal by Greytown-Taalfees.

²⁾ Volgens dr. Besselaar in *De Afrikaner*, Januarie 1917.

³⁾ *De Afrikaner*, 15/5/17.

treurig dit op plekke gaan, maar ook hoe daar darem stadig vordering gemaak word. Vir 1919 word gemeld dat daar op Weenen as gevolg van die plaaslike W.K. se bemoeiinge drie tweetalige onderwysers aangestel is wat 50 leerlinge onder hulle sorg het; Melmoth het die heer Buys gekry, e.s.m., maar aan die ander kant lees 'n mens weer dat 33 uit 80 leerlinge in die Westonse Industriële skool Afrikaanssprekend is maar dat die Departement nie na die wens van die W.K. 'n Hollandse onderwyser daarheen kon stuur nie, want daar is nie een beskikbaar nie en die leerlinge en ouers het ook nie daarom gevra nie! In die Pietermaritzburgse verslag word ook 'n stukkie humor-in-tragiek meegedeel oor die toestande op die Vleidraaise skool waar 7 van die 15 kinders „mekaar Hollands leer, maar eenmaal in die week en dan nie eers elke week nie!” Die blinde moet die blinde lei! ¹⁾ Dis die groot voedselbron vir die kongres — hierdie navrae! Hiervandaan kom die stene, nie om ruite mee stukkend te gooi nie, maar om mee te messel.

Met Argusoë het die takke na alles gekyk. In Pietermaritzburg is besluit om die publiek beter in te lig omtrent die waarheid van wat deur die heer Tol Nel in die Praathuis verkondig is naamlik dat alles ten opsigte van Hollands hier na wens sou gaan; in Durban en elders is die eentalige kennisgewings op die uithangborde van die spoorweggeboue vervang deur tweetalige opskrifte. Een voorbeeld van kleinsieligheid kan gerus vermeld word. Toe die tifuskoors en 'n bietjie later die Spaanse Griep uitbreek het, is deur die Durbanse stadsvaders inligtings oor voorbehoedmiddels en versorging van gevalle uitgestuur in Engels, Soeloe en in die Koelietale, maar nie in Hollands nie. Die Kommissie van Waaksaamheid het toe aangebied om die inligtings kosteloos te vertaal en die adresse van die Hollandsprekendes vry te verstrek, as die stadsraad die druk- en versendingskoste (£ 2) wou dra. Die antwoord lui dat hulle nie bereid was om die onkoste te maak nie. Pluizer sou

¹⁾ *De Afrikaner*, 11/7/19.

hier veral op drie moontlikhede kon wys: die Durbanse Stadsraad was geldelik bankrot; of, die Afrikaners is nie onderhewig aan pes nie; of, dit is vir Durban geen skade as hulle maar uitsterwe nie: die Koelies wou die Stadsraad darem nie graag verloor nie!

Naas die plaaslike inisiatief staan die gemeenskaplike optrede by geleentheid van kongresse. Dit is soos 'n Israelitiese uittoeg uit Egipte na die Land van Belofte en Tuiste, soos wanneer woestynperde by 'n oase kom drink. Die geesdrif was dan baie groot. Nege maande na die eerste kongres is die tweede gehou, toe het die takke van die O(rganisasie van) H(ollandse) T(aal) V(rienden) van vier tot sewe gestyg. Daar het op 1 en 2 November 1917 op Utrecht die grootste kongres sitting gehad wat nog ooit in Natal gehou is. 'n Seldsame gesig was die plaat van waens en wit tente wat op die kerkplein gewys het, getuieis van die skaar van opgekome plaasmense, party vir die basaar, ander vir die Kerk (hervormingsfees), en omtrent almal ook vir die kongres. In die saal was vir oëwede sulke, op Vlaamse propaganda gelykende, wandtekste opgeslaan soos: „Baadjie uittrek — genl. Botha”; „Wees Uzelven — genl. Hertzog”; „Is het u ernst? — Onze Jan”; „Trap zoetjes maar trap vast”. Dit word „welkomswaarden” deur die rapporteur genoem. Onder die besprekings, gekrui met inspirerende toesprake van persone waarvan party van oorkant die Berge kom, is die betekenisvolste die wat daarop mik dat ouerlike keuse moet afgeskaf word en moedertaalonderwys verpligtend gemaak word, en die wat op „moedertaal” slaan. Daar word besluit dat Nederlands en Afrikaans as amptelike tale, gelykstelling in die Organisasie moet geniet. Met 14 teenstemme word ook besluit dat vir Afrikaanssprekende kinders Afrikaans tot en met Std. IV as moedertaal sal beskou word en dus as medium van onderwys en as leervak, hoewel nie met uitsluiting van Nederlands nie. In verband met die taalvorm het die O.H.T.V. van die begin af 'n verenigde front gewys, en kon geprofiteer word van die stryd wat alreeds

in die ander Provinsies oor hierdie punt byna volstry was.

Die O.H.T.V. het veral oortuigingswerk op die Kongresse verrig,¹⁾ saad vir die toekoms gesaai, ander bewegings aangehelp, vegtende individue (soos F. W. van Reenen) gerugsteun en so die behoefte aan Hollandsmediumskole laat deurdring — wat nog moes kom of waarvan die embryo reeds aanwesig was. In sy baanbrekerswerk lê die grootheid van hierdie beweging. Die droë gras word aangesteek, die winde begin blaas en binnekort sal die brande nog onkeerbare oor die bulte slaan en hindernisse verteer. Die Departement van Onderwys moet al begin notisie neem — die S.O. is verteenwoordig deur 'n inspekteur van skole, mnr. Hugh Bryan, wat die kongres in Hollands toegesprek het. Die *Times of Natal* het 'n verslaggewer gestuur, wat geen tolk behoef het nie, „merkwaardige gebeurtenisse” noem *De Afrikaner* dit!²⁾

AFRIKAANS IN DIE SKOOL.

Na 1910 het *De Afrikaner* (die bepalende lidwoord is eers op 17 Januarie 1919 vervang deur „Die”) al meer en meer stukke in Afrikaans bevat, dikwels is inleidingsartikels in die taalvorm opgestel, maar sedert die tyd tot 1917 is daar van 'n *Afrikaanse*-Taalbeweging nog geen sprake nie. Die oorlog wat die O.H.T.V. ten behoeve van Hollands gevoer het, het die voorstanders laat besef dat die Afrikaanse taalvorm, dit is die volkstaal, 'n beter wapen as Nederlands is om die eie volks-ek die oorwinning te laat behaal, trots die ryke literatuur van die kultuurvolk van „die laghe landen bider see”, 'n skat wat vir die breë volksmassa van Afrikaanse afkoms van gener waarde is, omdat hulle daarvan geen gebruik gemaak het nie. Vir

¹⁾ Ander kongresse is gehou: 19 Junie 1919 op Dundee; 29/9/21 op Newcastle, en 19/11/26 op Dundee. Is dit maar net toeval dat „protes” so mooi rym met „kongres” en andersom?

²⁾ *De Afrikaner*, 6/11/17.

iemand wat nie weet dat hy £1,000 besit nie, beteken die £1,000 niks! Maar die Natallers het ook die voorbeeld van die ander provinsies as 'n soort van leidster gehad. Persone van beginsel en invloed in Natal het hulle nog ten gunste van Afrikaans uitgespreek. Verblydend was dit om te sien hoe 'n groot persentasie van die Hollandse predikante die sienswyse toegedaan was; onder hulle word getel di. D. Erasmus en G. Pellissier, manne wat duidelik laat hoor het: „Afrikaans is ons moedertaal, en nie Nederlands nie, en allermens Engels.” Hulle is onder die vernaamste staatsmakers van die O.H.T.V. en die Saamwerkunie. Natalse Afrikaners het aan die predikante van hulle kerke oneindig veel vir die moedige stryd te danke. Reeds in 1919 het die Sinodesitting Afrikaans amptelike erkenning in die kerk laat geniet. Die ouderling van Pietermaritzburg het 'n beskrywingspunt ingelei dat Afrikaans naas Nederlands as die offisiële taal van die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Natal moet beskou word. Die punt word duideliker formuleer en *a.* die predikant van Greytown stel voor dat Afrikaans naas Nederlands op die kansel kan gebruik word, waartoe, na enige teenwerpinge in die debat en vermaninge om versigtig te wees, eenparig (sic!) besluit is; *b.* die aanbevelinge van die Raad der Kerke dat die formuliere en belydenisskrifte in Afrikaans moet vertaal word, word met 19 teen 2 stemme aanvaar, terwyl die predikant uit Newcastle afgevaardig word om die vertaalkommissie van die Raad der Kerke hierin behulpsaam te wees, volgens hulle versoek. ¹⁾

Dit verklaar tot 'n sekere mate die eendragtige optrede van die geestelike leiers in die taalorganisasies. Deur sulke en ander steun, en deur voorbeelde van elders het daar ook in die Raadsaal 'n geroep weerklink om deur wetgewing Afrikaans as voertaal in die skole te kry soos in die res van Suid-Afrika. Die voorstel van die heer Frik van Reenen van Vryheid het darem een ondersteuner gehad (die

¹⁾ *De Afrikaner*, 16/5/19. Sinodale Notule, 1919.

sekundant), maar op daardie 17de dag van Junie 1917 kon hulle twee teen die eenparige teenstand van die res niks meer vir die saak uitvoer nie.²⁾ So het die beginsel van onderwys deur die volkstaal vir hierdie landsvaders nog onaanneemlik gelyk! Mnr. van Reenen was nie klaar nie; hy het aan die tweede kongres van die O.H.T.V. gesê dat hy weer in die volgende sitting so'n mosie gaan indien en vra vir onderrig deur Afrikaans aan kinders in die laere en benede-standers. Hiervan het egter niks gekom nie. Intussen gaan ook van ander oorde stemme op ten gunste van Afrikaans as skooltaal. Die N.C.V.V., Nasionale Party, O.H.-A.T.V., die Saamwerkunie, die Kerk en ander liggame en beweginge oefen geweldig sterk druk uit. Selfs in die departementele geledere word die opinie vryelik gelug. In sy rapport oor die jaar 1919 stel die een Inspekteur van Hollands in die Skole, die heer F. D. Hugo, hom op 'n suiwere utiliteitstandpunt aangaande die saak en sê dat Afrikaans bo Nederlands die voorkeur by beide Afrikaans- en Engelsprekendes dien te geniet. Laasgenoemdes tog leer Hollands „to use it in South Africa, and surely here Afrikaans is of more value to them than Netherlands? It is strongly urged... that the Executive Committee... (take steps in this direction)".¹⁾ Hy is deur inspekteur J. Fouché in hierdie houding sterk ondersteun, en in 1920 is weer vir die invoering van Afrikaans op skool gepleit.²⁾ Dit alles het die Natalse landsvaders van die billikheid van die eis oortuig. Op 3 Augustus 1920 is die volgende voorstel van mnre. G. T. van Rooyen en Hulett ingedien: „Dat 'n opdrag aan die Uitvoerende Komitee gegee word om spoedig in ernstige oorweging te neem die wenslikheid om die onderwys van Afrikaans op die skole in te voer soos reeds in die ander Provinsies geskied is.”³⁾ Die lid Van der Merwe het hierteen gepraat en gemeen dat daar nog 'n vyftig jaar

1) Onderwysrapport, 1919, bl. 41.

2) Onderwysrapport, 1920, bl. 16.

3) Notule Prov. Raad, bl. 129.

moet gewag word, maar die voorstel is tog eenparig aangeneem. Die volgende dag het die lid P. Wessels (nou Senator) dit nog nodig geag om te verklaar dat as hy teenwoordig by die bespreking was, die opposisie skerp sou gewees het. Nou ja, hy was afwesig!

Daar sou nog proteste van 'n ander kant af kom. 'n Paar persone het beslis geweier om hulle kinders onder enige omstandigheid Afrikaans te laat leer. Een hiervan was 'n baie hooggeplaaste amptenaar en vroeër een van die ver naamste voorvegters vir Nederlands op skool. Hierdie proteste het die Departement van Onderwys in 'n moeilike posisie geplaas en lelik laat skrik. Soos versigtige manne moet doen, het hulle 'n referendum oor die taalkwessie gehou onder die ouers van kinders wat Hollands leer en onder die onderwysers van Hollands: hulle moes tussen die twee taalvorme kies. Tagtig per honderd van die Hollands-sprekende ouers het vir Afrikaans gestem,¹⁾ en van al die ouers tesame: 66 %.²⁾ Kundiges kan op die kompas lees! Vier-vyfdes van die onderwysers het Afrikaans verkies, en 'n deel van die een-vyfde was seker beïnvloed deur die feit dat hulle nie in die taalvorm opgelei is nie en dus moeilikheid of moeite in die aanleer daarvan op hierdie tydstip voorsien het. Die uitslag was egter so beslis ten gunste van Afrikaans, dat daar haas geen alternatief bestaan het nie as om vergunning te gee vir die oorslaan van die een na die ander vorm waar dit verkies word. Waarvoor anders is die telling gehou? Net 'n paar dae voor die heropening van die skole in 1921 is die Departement toe reg verleen om so'n verandering goed te keur. Die gevolg was dat daar 'n vertraging voorgekom het in die verstrekking van die lyste van voorgeskrewe en aanbevole leerboeke en in die lewering daarvan: eers in die middel van Maart is die

¹⁾ Mnr. F. D. Hugo, by geleentheid van sy dankwoord aan E. Hullebroeck, *De Afrikaner*, 23/11/'20.

²⁾ Die heer F. D. Hugo in die Onderwysrapport van 1921, bl. 16.

lyste verkrybaar gestel. Die O.T.V.N. ¹⁾ het op die kongres besluit om Afrikaners aan te moedig om van hierdie voorregte gebruik te maak; takke is verder sterk aangemoedig om getuienis af te lê voor die Kommissie van Onderzoek wat aangestel is om te kyk hoe dit op skool gaan en waar verbeteringe wenslik is. ²⁾ Oor die punt van Afrikaans word die volgende (vertaalde) uittreksel aangehaal: „Die massa van getuienis wat voorgelê is toon die groot belangstelling van die Hollandssprekendes in die taalkwessie, en is bewys van die oorweldigende mening dat Afrikaans die medium van onderrig en 'n vak behoort te wees waar Hollands gekies word. Terwyl ons dit aanvaar, voel ons dat die gemeenskap nie met die koste wat by die onderwys van 'n verdere taal betrokke is, belas behoort te word nie, en beveel derhalwe aan dat Nederlands of Hoog-Hollands van die leerplan behoort uitgeskakel te word.” ³⁾ Die aanbevelinge is aanvaar; vanaf 1923 geniet Afrikaans volle erkenning in die Natalse skole. In Junie van hierdie jaar is die heer C. M. Booyen ook aangestel as Inspekteur van Skole met die oog spesiaal op die vak Afrikaans in sy afdeling.

Noudat wetgewing gegee het waarna so baie ouers so vurig verlang het en voor geveg het, word die stryd meer en meer toegespits op die aanvraag vir 'n Afrikaans-medium-skool.

'N AFRIKAANSMEDIUM-SKOOL.

Hierdie toegewing beteken nog nie die oorwinning nie. Baie ouers moet oorree word om die wetgewing toegepas te kry. Per slot van sake het die ouer met sy vrye keuse die hef in die hande. In Utrecht, waar „seker 80 % van

¹⁾ Die Organisasie van Taalvriende in Natal — die naam het telkens verander! (Dr. Besselaar merk op: „Net eenmaal, toe die woord Hollands verval het.”)

²⁾ *De Afrikaner*, 4/10/'21.

³⁾ 16/5/'22 en 2/6/'22.

die kinders op die rol Afrikaanssprekende kinders... is", ontvang in 1923 omtrent „16 % van die kinders onderwys deur middel van Afrikaans as voertaal", ¹⁾ en dit boonop terwyl die hele staf van die Juniorskool Afrikaanskundig is en vier onderwysers uit ag in die Seniorskool. ¹⁾ In Pietermaritzburg leer nog net 52 uit 307 Afrikaanse kinders deur die medium van hulle moedertaal, ²⁾ en in die hele Natal 7.1 %. ³⁾ Die skielike omswaai van taalvorm in die loop van die skooljaar sal tot 'n sekere mate vir die klein syfer verantwoordelik wees, maar uit die baie briewe wat in *Die Afrikaner* van hierdie tydperk verskyn, kom baie interessante punte aan die lig, waardeur dit duidelik word hoe diep die vooroordeel in die ouers ingewortel sit, nieteenstaande die uitslag van die telling deur die Departement afgeneem. Die betekenis van *Die Afrikaner* vir die geskiedenis van hierdie tyd en om die standpunt van die ouer te leer ken, kan haas nie oorskat word nie. Die redakteur van die blad, die heer J. A. Smith, het hom midde-in die kamperk gestel; deur voorlesings te gee, artikels te skrywe, deur rondskrywinge en propagering langs ander weë, het hy die oer vir die saak probeer wen. Die werk van die onderwyservormer van Denemarke, biskop Grundtvig, is ellelang in hierdie blad bespreek en as model voorgehou vir Natalse Afrikaners. Die inspekteurs rapporteer aan die einde van die jaar gunstig oor die vorderinge in Afrikaans. Ander persone tree as propagandiste op; onder hulle is predikante, onderwysers, professore, joernaliste, klerke en privaat persone. Liggame ywer ook in die rigting, die saak word bespreek op die kongresse van die Saamwerkunie en die Natalse Helpmekaarvereniginge; die Nasionale Party besluit selfs om van die saak 'n „plank te maak" in die verkiesingsstryd vir die Provinsiale Raad. (26/10/'23 in

¹⁾ *Die Afrikaner* 9/2/'23.

²⁾ In 'n lesing van J. A. Smith, informasie van die Onderwysdepartement ingewin. *Die Afrikaner*, 9/3/'23.

³⁾ *Die Afrikaner*, 16/2/'23.

Die Afrikaner). Dit bruis al soos aanstromende golwe in breë deining oor 'n rotsige strand; die mooi witrug-bare tref die oog van die aanskouer en verruk hom, maar vir die denker getuig die skuim ook van wrywing, botsing! Die was daar genoeg. Uit die korrespondensie van lesers van *Die Afrikaner* lei ons die volgende paar feite af wat wys waar die wrywing was. Baie ouers is onkundig, hulle weet nie wat die onderskeid is tussen vak en voertaal nie; ander is weer bang dat die kinders kan agterraak. 'n Groot klomp is onverskillig, hulle laat die keuse van die medium aan die kind oor, in die huis word met hom in Engels gepraat, wat nie juis taalliefde gaan aankweek nie! Die keuse word dikwels ook aan die onderwyser oorgelaat: „Meester is geleerd en behoort te weet!” Daar is ook 'n skaar wat meen dat Engels nodiger as Hollands is en dus nie mag verwaarloos word nie, selfs nie al gaan dit ten koste van die moedertaal nie. Dit is 'n moeilike klompie logika-beoefenaars om mee te redeneer. Hulle lê maar altyd die hoofklem op die feit dat hulle kinders Engels kan verstaan (asof die hoofdoel van taalonderwys nie is om die leerlinge in staat te stel om hulle uit te druk of hul self aan ander daarin verstaanbaar te maak nie!) en dat hulle Engels beter kan leer deur medium van Engels, „'n mens kan sy moedertaal mos nooit verlear nie!”

Dit is 'n gevaarlike gesindheid!

Terwille van die kind en van die Afrikanervolk en -saak is daar al vroeg poginge aangewend vir 'n moedertaal-medium-skool. Die O.H.T.V. het die saak ernstig aangepak, en ook die Departement van Onderwys, wat deur die belastingbetaler geroepe is om vir die onderrig van die kind te sorg. Ook buitekant die Departement om is vir die saak gewerk, en hier teken die naam van mevrou advokaat E. G. Jansen hom die duidelikste af. By geleentheid van 'n kongres van die N(atalse) C(hristelike) V(roue) V(er-eniging) op 27 Maart 1919 het sy daar op Greytown die saaklike beskrywingspunt ingedien, dat die N.C.V.V. 'n Afrikaanse skool op Pietermaritzburg moes stig. Sy wys

hoe noodsaaklik so'n skool is vir die goeie opvoeding van die kind, vir die bewaring van 'n kerngesonde nasionaliteitsbewussyn en as 'n teenwig teen die dreigende opswelging in die Engelse maalstroom, en eindelik terwille van die kind se sedelike vooruitgang en krag, om die vorming van minderwaardigheidskomplekse wat in die Engelse skole aangekweek word, teen te werk. Daaraan moet 'n kosinrigting vir meisies verbonde wees, en, as dit kan, ook vir seuns. Die medium van onderwys is „die moedertaal”. Sy vra geen uitstel nie, die saak is dringend, moet deur die kongres oorweeg word en nie soos die voorsitster aan die hand gegee het na 'n kommissie verwys word nie. 'n Kommissie van vier moet aangestel word om die oorwoë saak deur te voer, gelde vir die doel in te samel en te beheer. Hierdie voorstel¹⁾ is met 'n meerderheid van twee stemme aangeneem.²⁾ Die saak van 'n Afrikaanse middelbare meisieskool het ook op die Algemene Kerkvergadering ter sprake gekom, maar die notule is baie skraal op die punt.³⁾ In dieselfde jaar (19 Junie 1919) het die O.A.T.V. in kongres die saak ook aangepak. Daar word op gewys dat as 'n kind in Std. 7 in Hollandsmedium slaag, hy of die skool moet verlaat of weer na Engelsmedium oorspring, omdat daar geen geleentheid bestaan om verder as die laere skool deur middel van Hollands te leer nie. So moet party kinders in drie jaar driemaal van medium verander.⁴⁾ Mevrouw Jansen was ook op die kongres teenwoordig en het weer as pleitbesorgster vir die saak in dieselfde terme as op die N.C.V.V.-kongres opgetree. Daar het groot geesdrif geheers en 'n wonderlike bereidwilligheid om bydraes te gee. Een enkele Debatsvereniging belooft £100, 'n ander £50, vyf persone is klaar en spring op om die voorbeeld van

¹⁾ As lede van die kommissie is benoem: mevr. Jansen, ds. Odendaal, die here J. Kemp en A. Nel.

²⁾ *Die Afrikaner*, 14/4/19.

³⁾ Notule, 25/4/19.

⁴⁾ Referaat van dr. G. Besselaar: „'n Afrikaansmedium-skool vir Natal”.

mnr. J. Kemp te volg en £100 elk te gee. Maar voor die benodigde som in hande was sou langs die gewone weg dieselfde doel bereik wees. Omdat soveel belang in die saak van 'n Afrikaansmediumskool in Pietermaritzburg gestel is en omdat dit wys hoe die Afrikaner in Natal moet stry vir wat hy elders vry kry, volg ons die saak enigszins van naby.

Toe die moontlike geskil oor Nederlands of Afrikaans teen die begin van 1923 besleg is, het die ouers van die hoofstad hulle hierby gewilliglik neergelê. 'n Komitee het hulle toe beywer om ouers oor te haal om hulle kinders te stuur vir onderrig deur die medium van Afrikaans. Die Departement het vir huisvesting in 'n gebou naas die Langmarkstraat-meisieskool gesorg. Hier is toe in Afrikaans les gegee deur mej. le Roux, wat „heeltmal onselfsugtig en met ongekende opofferende liefde voortwerk onder die grootste teenspoede en sonder enige hulp of simpatie van die res van die skool en baie weinig van die publiek”.¹⁾ Dit het nie lank geduur nie of die ouers begin die Departement v. Onderwys net lastig te val en te neul soos die vrou by die onregverdige regter. Die klagtes het veral gegaan oor die afskeptoestande wat in die skool na 'n hele jaar se proefneming geheers het. Dit staan onder die prinsipaalskap van die Boys' Model-Skool waar maar net tot Std. VI geleer word, terwyl die Afrikaanse skool geografies langs die meisieskool in 'n ander straat en heeltmal weg geleë is. Maar in die Afrikaansmedium-skool word kinders ook opgelei tot Junior-sertifikaat! Die geval staan dus ongeveer gelyk daaraan om 'n normale seuntjie wat nouliks by die skouer van sy broer haal, baas oor hom te maak.²⁾ Met reg is dus teen die status beswaar gemaak. Die skoolkamers was verder in die buite-afdak van die meisieskool en het op die besoeker die indruk van „pondokkies” gemaak. „Vox Populi” (dr. G. Besselaar?) beskrywe die lokale so: „Die ou geboutjies laat my baie dink aan die ou stalletjies

¹⁾ Red. *Die Afrikaner*, 30/3/'23.

²⁾ *Die Afrikaner*, 11/3/'24.

van 'n derde-klas-hotelletjie op 'n „Backveld“-dorpie. Beter is hulle nie en ek twyfel daar baie aan of 'n perdeboer sy opregte perde in so'n plek sal stel.”¹⁾ Die kamers is verder oorvol, die ruimte onvoldoende, en die plek onaangenaam op warm somerdae. „Dit lyk of die Departement wil eksperimenteer hoe dit lyk om in die plek vleis te braai — ek protesteer ten ene male om van my kind 'n stuk braaivleis te laat maak,” sê Vox Populi. Met die meubels sou nie somar die eerste prys op 'n baie slegte tentoonstelling te behale wees nie. In begin 1924 „is daar 'n paar lessenaars, die een te groot en die ander te klein, die derde lindelam en van die vierde gly jy af — en dan is daar nog nie eens genoeg van hulle nie! Sommige kinders moet maar met gekruisde bene soos koelies sit”.²⁾ Een persoon het die toestand darem as te dol beskou en 'n medikus gekry om die geboue te ondersoek. Hierdie autoriteit se wetenskaplike sin het selfs in gloeiende woorde uiting gesoek. Die heer R. Boltman, M.B., Ch. B., wat die lokale 'n jaar later besoek het, naamlik op die 28ste April 1925 verklaar by wyse van opsomming (vertaald:) „Die hele plek met sy donker gate vir klaskamers, gebarste, klam en vervalde mure gee 'n mens die indruk van niks anders nie as dat dit 'n lae-klas ‚kaffer-eethuis’ is.”³⁾ Dat sulke omstandighede nie meegewerk het om die kinders van hierdie skool die gelyke van hulle maats in ander mooi skoolgeboue te laat voel nie, spreek vanself. Die hele gees wat daaruit straal is vir die verbyganger die van wegwerplikheid. Iemand noem dit 'n „direkte belediging vir alles wat Afrikaans voel”, en Belangsteller kla verder: „Alles wat Afrikaans is word onderskei as ‚Low Dutch’, of ‚Dirty Dutch’, en dit, meneer, nie net in privaatgesprekke nie, maar in die openbaar, reg in die aangesig van die kinders en onderwysers.....”⁴⁾

¹⁾ *Die Afrikaner*, 18/3/'24.

²⁾ *Die Afrikaner*, 18/3/'24.

³⁾ *Notule Prov. Raad* 1925, p. 82.

⁴⁾ *Die Afrikaner*, 1/4/'24.

Wat die lokale betref kon sulke aanklaers hulle beroep op 'n vergelyking met die van ander plekke om die „low and dirty“-kwalifikasies tot 'n sekere mate te staaf! Dit verwonder 'n mens dus glad nie om in die inspekteursrapporte herhaaldelik te lees hoeveel Afrikaanse kinders nie in die Afrikaansmedium-skool is nie.¹⁾ Wie sal die latere geskiedskrywer, wat die feite eers in 'n suiwer perspektief kan sien, as die grootste skuldiges aantoon — die lyers of die leiers?

Die ouer wat sy kind liefhet kan tog nou nie stilsit nie. Deur die N.C.V.V. en ouers genader, het W. Cox op 22 Julie 1924 weer 'n mosie ingedien (vertaal:) „Dat hierdie (Provinsiale) Raad van oordeel is dat die versoek van die Afrikaanssprekende gemeenskap vir 'n Afrikaansmedium-skool simpatiek deur die Uitvoerende Komitee moet behandel word.“ Die Administrateur antwoord dat die beginsel goedgekeur is (sic!), al wat ontbreek is geld. Dit sal maar altyd ontbreek, solank as geld 'n sekere vorm van vryheid vir die besitter beteken. In hierdie tyd is egter ander skole gebou, selfs in die hoofstad, soos die een in die voorstad Scottsville! Die Prins van Wallis het kort hierna op sy besoek seker maar min van die geldskaarste gemerk! Dit was waarlik nie in die eerste instansie 'n tekort aan geld nie, maar aan erns en goeie wil.²⁾ Die grootste fout was dat die Provinsiale Administrasie onwillig was om die teks van die toespraak van die groot opvoedkundige, sir John Adams, in Pietermaritzburg gehou, te verstaan soos hy dit uitgelê het: „Magister Latinam (lees: Anglicam) puerum (d.i. die agtergrond) docet“.³⁾ Die hoofklem het op die vak geval! — maar *puer* moet in die Akkusatief staan!

Maar die heer W. Cox het hierdie saak nie laat rus nie.

¹⁾ Rapporte 1923, bl. 34; 1924, bl. 31: omtrent 300 Afr.sprekende kinders in Eng.medium-skole in Pietermaritzburg, en ongeveer 100 in Afrikaansmedium-skool, ens.

²⁾ Kyk verder die Administrateur se oordeel oor Afrikaans as taal!

³⁾ Verslag van lesing in *Die Afrikaner*, 24/3/25.

So het hy die volgende jaar (23 April 1925) aan die Waarnemende Administrateur gevra wat die Uitvoerende Komitee al insake die oprigting van 'n Afrikaansmediumskool besluit het, en as antwoord ontvang dat 'n bedrag van £5,000 op die begroting oor die jaar 1925—26 vir so'n skool geplaas is. Die bespreking was hierdie keer gekenmerk deur 'n baie besadigde gees, al is harde waarhede soms gesê, soos die van Cox: „Eentaligheid is rassehaat!”

Nou kon ouers, kinders en meesters darem op hoop lewe. Die hoop beskaam nie. Maar toe 1925 ten einde geloop het, en 1926 die kinders weer na die „bakoonde” gebring het, was daar baie wat op die openingsdag deur die gemoed van ouers en kinders gegaan het. Die ontevredenheid neem 'n ander wending. Die kindertjies, byna almal in wit gekleed, is in gelid geplaas en het deur die hoofstraat na die Koloniale Geboue gemarsjeer, vooraan twee lede van die plaaslike Waakzaamheidskommissie en dan die ouers wat by die opening op hierdie Maandag 25 Januarie teenwoordig was. Die onderwysers ¹⁾ het by die skool agtergebly. Voor die Koloniale Geboue is halt gemaak, 'n deputasie het by die Provinsiale Sekretaris 'n audiënsie verkry en die protes duidelik gemaak as gaande oor die vertraging om die skool te bou en oor die lokale waarin die kinders moes gaan. Die deputasie is vriendelik ontvang en is aangeraai om weer die saak voor die Uitvoerende Komitee en die Administrateur te bring wanneer hy terug sou wees; die raad is aangeneem onder die uitdruklike voorwaarde dat die kinders nie weer sou skool-toe gaan, aler die uitslag van die samespreking met die Uitvoerende Raad bekend is nie. ²⁾ *Die Afrikaner* het toe weer 'n paar sterkgestelde artikels van die hand van mnr. J. H. J. van As ³⁾ oor die saak bevat. Een daarvan lui: „Ontwaak, Wake up, Sir George.” ⁴⁾

¹⁾ Die staf van 5 lede: mnr. O. Maarschalk, die dames Van Rensburg, Snell, L. en D. le Roux.

²⁾ *Die Afrikaner*, 26/1/26.

³⁾ Tans Assistent-redakteur van die Pretoriase dagblad *Ons Vaderland*.

⁴⁾ Sir George Plowman, Administrateur.

Al hierdie proteste en deputasies het dan eindelik die gevolg gehad dat met die bouwerk 'n begin gemaak is. Op Dinsdag 2 Augustus 1927 is die nuwe geboue van die Afrikaansmediumskool in gebruik geneem.¹⁾ Daar is tans 300 leerlinge, en die hoof, mnr. J. Lombard, word bygestaan deur 12 goedgekwalifiseerde onderwysers, twee daarvan met die graad M.A.

GROEI.

Die getal leerlinge van Afrikaans neem gestadig toe; dit toon aan dat daar van die Onderwysdepartement 'n gedurige aanmoediging in die rigting kom. Mnr. F. D. Hugo is 'n stille krag, 'n man wat soos 'n wetenskaplike alles matematies uitwerk en oorweeg, maar seker in een rigting voortbeur. Die heer Hugh Bryan is ook iemand wat blykens die rapporte sy taak met kenmerkende deeglikheid aanpak, en Afrikaans, wat hy 'n goeie hart toedra, profiteer daarvan. Een van die vernaamste kragte is die heer C. M. Booysen, Inspekteur van Skole, veral verantwoordelik vir die vak Afrikaans. Hy het sy visier vir 'n ver distansie gestel, en mik hoog. Onder sy aanmoediging het hierdie vak in die Engelse kusstreke en „Middelende“ flink vorentoe gegaan, na die getalle te oordeel. Uit sy rapporte klink 'n heldere, ondubbelsinnige stem op, en hy waak met jaloerse ywer vir sy vak teen koerantartikels en teen 'n vyandige gees in die skool.

Met deeglikheid strewe hy na die volste uitlewing van tweetaligheid. Kortliks kan sy ideaal vir Natal in die opsig in sy eie woorde so weergegee word: „Ook moet ons die poging om Afrikaans tot Tweede Taal te verhoog nie opgee nie, in die eerste plek tot die trap van Engels as tweede taal en uiteindelik tot die trap van Moedertaal....”²⁾ Of dit

¹⁾ Vernaamste strydere was: dr. G. Besselaar, mev. Jansen, J. le Roux W. Read, mnre. J. A. Smith, Ellemans v. Rooyen, J. v. As, ds. Smit eerw. W. J. Esterhuysen.

²⁾ Rapport 1925, p. 26.

oït verwesenlik kan word, is 'n vraag wat die toekoms alleen kan beantwoord!

Sy beginpunt is statistieke. Daar word deur middel van grafiese voorstellinge¹⁾ aangetoon dat die standaard wat die Afrikaanssprekende kind in Engels as tweede taal bereik, hoër is as wat die Engelssprekende kind ten opsigte van Afrikaans behaal. Die ongelykheid behoort besleg te word deur Afrikaans in die skool deegliker te laat bestudeer. Hierin lê die groot verdienste van sy optrede. Onder sy generaalskap is daar in 1925 die volgende wysiginge, dit is verbeteringe, aangebring:

Daar word meer lesure vir Afrikaans op die rooster geplaas, wat 'n direkte uitvloeisel is van wenke geuit op 'n Inspekteurskonferensie in 1923 gehou en langs departementele weg in die skole gesirkuleer om prakties uitgevoer te word.²⁾ Daarvolgens word Afrikaans weekliks as volg met tyd vir lesgee bedeel:

Stds. I en II ontvang $2\frac{1}{2}$ uur,
 Stds. III en IV ontvang 3 uur,
 Stds. V en VI ontvang $3\frac{1}{4}$ uur.

Hy pleit ook vir meer mondelinge gebruik van Afrikaans. 'n Taal is trouens daar om gepraat te word. Met hierdie beginsel voor oë³⁾ word daar ook 'n mondelinge toets ingevoer in die tweede taal vir die Standaard-sessers wat aan die L(aer) S(kool) V(oortsettings-) K(lasse)-Eksamens deelneem. Ook die skriftelike toets word onderworpe aan die beginsel dat taal in die eerste plek gepraat moet word; nie begrammatiseer moet word nie! In die uniforme skryf-toets in Afrikaans as tweede taal soos teen die einde van November 1925 en daarna deur die Departement uitgegee is vir die gebruik van skole by die finale eksamens, is vrac

¹⁾ Vgl. Rapport 1924, p. 30.

²⁾ Departementele Sirkulêre, 1925, Maart par. 28 en Mei par. 16.

³⁾ Let daarop hoe hy dit beklemtoon in sy *Voorwoord* tot *Juta se Leesboekjies*.

oor formele grammatika heeltemal afwesig. Dit is 'n aanbevelenswaardige verandering wat wyer toepassing al meer en meer sal regverdig, en waardeur die gestelde ideaal sal benader word: die lewende *spreek*-taal liewers as die dorre boektaal. Opmerklik is ook die vername plek wat van nouaf aan „Leestoetse” toegeken word: 'n stukkie prosa (of poësie) word gegee, en na aanleiding daarvan 'n paar kort en saaklike inhoudsvrae vir beantwoording gestel. Die kind moet nie net kan lees of uitspreek nie, maar ook met die verstand kan *gryp*. Taal het nie net 'n formele kant nie, maar meer nog 'n innerlike psigologiese aspek, funksioneel as instrument van *gedagteveruiterliking*. Hierdie soort toetse is ook in die Laer Taaleksamens ingedra as fakultatief by 'n ander afdeling,¹⁾ maar is vanaf 1930 weer uitgelaat, omdat, so word beweer, dit ontaard in verstandsmeting, wat wel die geval kan wees maar nie noodwendig behoort te wees nie.

Dit is goed dat mnr. Booysen, wat eertyds lektor aan die Opleidingskollege was, waar hy die aspirant-onderwysers moes voed met beginsels, in so'n posisie gestel is om hierdie prinsipes toe te pas. Hy is nie net besorg daarvoor om Afrikaans te sien vooruitgaan nie, maar hy simpatiseer ook met die kinders wat dit onder moeilike omstandighede moet aanleer. Dit is om hulle enigsins tegemoet te kom dat hy in sy rapport oor 1926²⁾ vir 'n nuwe graderings-prinsipe ten opsigte van die „tweede taal” by die provinsiale en staatseksamens pleit. In plaas van die gewone tweedeling: Graad A: Moedertaal; Graad B: Tweede Taal, wil hy 'n uitbreiding hê na 'n graad C: Vreemde Taal. Dit is dan die laagste sport, en staan op dieselfde hoogte as Matrikulasie-Duits b.v. in Boshof teenoor Engels (B) as Tweede Taal en Afrikaans (A) as moedertaal in dieselfde eksamen!³⁾ Daar is seker meer voor as teen so'n skema te sê. In Durban

¹⁾ Eksamens, 1928 en 1929.

²⁾ Blss. 25—28.

³⁾ My vergelyking.


is Afrikaans 'n vreemde taal, soos Frans in die Vrystaat, maar 'n leerling uit Durban moet dieselfde peil in Afrikaans bereik as 'n Engelssprekende in Bethlehem, O.V.S., d.i. as tweede taal, terwyl 'n geleidelike styging sekerlik beter sou wees. Vandag geld in die staatsdiens in Natal baie persone as tweetalig wat slegter Afrikaans praat as 'n leerling uit Boshof 'n gesprek in Duits kan voer, en tog.... Daar is ook weer baie wat die B-graad nooit sal bereik nie; as hulle daarteenoor wel tot die C-graad kan opklim, behoort hulle daarvoor erkenning te kry. Die gradering soos dit vandag bestaan is seker mooi vir 'n absolute tweetalige land, maar dit is onregverdig teenoor die baie swak leerling, teenoor die volkome tweetalige in vergelyking met die half-tweetalige, teenoor die onderwyser, die eksaminator, die publiek en die staat!

Bygaande tabel toon die geleidelike groei in die getalle ten opsigte van die twee hooftale aan. Eers in 1922 was daar meer leerlinge in Afrikaans as vak as leerlinge wat die taal onder geen omstandighede in die skool geleer het of wou leer nie. Van 1920 tot 1928 het die getal wat nie Afrikaans leer nie, van .. 15,000 tot 5,000 geval. Van die 5,000 is 50 % uit Durbanstad en -distrik.¹⁾ Naasteby een-vyfde van die skoolgaande bevolking beskou dit dus in 1928 nog as onnodig om Afrikaans aan te leer. En tog wek die vier-vyfdes wat dit wel insien, 'n ou inwoner van Natal se bewondering, temeer nog as die snelle groei in so'n kort tydperk in aanmerking geneem word.

Maar trots dit alles is daar baie dingetjies wat dit vir die Afrikaanse „spesialis” nie altyd aangenaam maak nie. In meer as een sin is die Afrikaanse onderwyser²⁾ die Moderne Pionier vir die Afrikanersaak in Natal. 'n Baanbreker moet baie ongeriewe deurstaan en smaad verduur. Daar is vereers die kinders. Baie is openlik vyandig in die klas; as die tuiswerk in Afrikaans nie gedaan is nie, lui die verskoning

¹⁾ S.O.-Rapport, 1928.

²⁾ Dit sluit byna sonder uitsondering „onderwysers van Afrikaans” in.




Verklaring:

- · — · — Getal kinders in Natalse skole wat deur medium van Engels geleer word.
- Getal leerlinge in Natalse skole wat nie Hollands as voertaal gebruik of as vak leer nie.
- - - - - Getal leerlinge in Natalse skole wat Hollands as vak leer.
- Getal leerlinge in Natalse skole wat deur die voertaal van Hollands leer.

dat daar te veel ander werk is, Afrikaans moet vir die laaste wag. Dit is ook vir baie kinders 'n bitter-swaar vak omdat hulle dit so min hoor, en dan verplaas die antipatie hom soms van die vak na die dosent. Ywerige raadpleging van die woordeboek help ook nie altyd nie, die mislukkinge ontmoedig en maak baie kinders prikkelbaar. „Die Umsindusie-rivier is 'n moesie van die hoofstad” word net duidelik as 'n mens weet dat Steyn—Kritzinger „moesie” as die ekwivalent van „beauty spot” aangee. Mnr. Hugo het op 'n inspeksietog die geval van 'n Std. 7-kind in Durban gehad: „Hoe sal u in Afrikaans by die poskantoor seëls gaan vra vir 2/—?” Antwoord: „Gee my asseblief twee dosyn stampe!” Dan dra party ouers deur hulle vooroordeel teen die tweede taal ook hulle deeltjie by om die onderwysers ontuis te laat voel. In 1925 het 1,144, in 1926 882 kinders die taal nie geleer nie omdat hulle ouers geweier het dat hulle dit moes doen. ¹⁾ Hulle en ander praat verder afkeurend van die taal, en die inspekteurs kla herhaaldelik oor die feit dat ouers hulle kinders nadelig beïnvloed deur aanmerkinge soos „Afrikaans is a patois”; „thrusting the language down your throat”. Afrikaanse onderwysers kla ook dat die gees in hulle klas gedurende eleksietye uiters onaangenaam is.

Die Engelse handelsgees kom treffend uit in die benaming: „Afrikaanse spesialiste”. Dit is hulle ook vir Natalse stedelike skole en omgewing. In die opsig is hulle soos 'n prokureur, en net soos hy taamlik algemene spesialiste: as 'n lid van die staf siek is, moet een van die „deskundiges” inspring! Die kennis van Afrikaans staan op 'n betreklik lae peil, en vir 'n onderwyser is sulke toestande baie swaar. Inspekteur Booysen sê dan ook dat die meeste spesialiste die voorkeur aan gewone klasonderwys sou gee. Die gevolg is duidelik waar die „spesialiste” uit die ander provinsies gerekruteer word: die meeste kom hier — om weer terug te gaan; daar word gepeusel — om vies te word en te trap! Onder hulle moeilikhede is nog een: die groot klasse wat

¹⁾ Verdere syfers nie beskikbaar nie.



PORTRET VAN DIE EERSTE VERGADERING OM 'N UNIE VAN NATALSE DEBATS-
VERENIGING TE STIG.

Onderste Ry van regs: NEEL VERMAAK; B. I. VORSTER; E. G. JANSEN; ROOS?
Boonste Ry van regs:?; J. KLOPPER; ELIAS(?); JAN ADENDORFF;?;?



.Mevr. E. G. JANSEN.

daar soms is. Om veertig kinders te laat belang stel in 'n vak waarvan hulle om verskillende redes nie veel hou nie, vra meer as net 'n middelmatige talent. Daarby kom die oneweredigheid van standaard. Party kinders weier om hulle kennis te verryk deur Afrikaans te leer, maar vind dit tog nodig om daar by standaard VII van standpunt te verander en van meet af aan te begin, en verwag om te slaag saam met die maats wat van onder begin het. Dit is 'n ou storie. Inspekteur F. D. Hugo getuig in 1920 (toe daar nog verskoonbare redes was:) „Every Dutch teacher in the larger schools is always faced with the problem of having pupils at well nigh every stage of progress in one and the same class.”¹⁾ Dit is voorwaar geen benydenswaardige taak om 'n Afrikaanse „spesialis” in 'n Natalse stad te wees nie! Een versoenende faktor is die bepaling van die Administrasie soos vanaf 1927 in werking gestel, om assistent-onderwysers wat geheel tweetalig is, twee verhogings toe te ken, terwyl die gedeeltelik-tweetaliges net vir een verhoging in aanmerking kom. As volkome tweetaligheid geld die bekwaamheid om deur die tweede taal in enige vak in die laerskoolkursus (tot en met Std. VI) les te kan gee; gedeeltelik tweetalig is wie deur die ander taal wat nie moedertaal is nie, volgens die Direkte Metode in die tweede taal as vak tot en met Std. VI kan onderwys. Vir albei gevalle word verder 'n sertifikaat verlang wat gelykstaan met die Matrikulasiestandaard van die taal wat nie die voertaal is waarin hulle opgelei is nie. Die gevolg is dat dit nou in die voordeel van die meester is om albei die landstale te ken. Waar die Natalse onderwyser 'n betreklik klein salaris ontvang in vergelyking met wat die ander provinsies betaal, is die bepaling 'n vetrige happie wat nie versmaai kan word nie, sodat baie onverskilliges hulle nou bekwaam om vir hierdie £30 per jaar in aanmerking te kom. Vroeër is vir Engels betaal (Russell). Vandag bring Afrikaans geld in.

¹⁾ Rapport 1920, p. 10.

So'n feit soos hierdie bepaling toon die Administrasie eindelik as simpatiekgesind teenoor die aanleer van die tweede taal.

Daar is 'n ander beginsel wat eers goedgekeur maar later prysgegee is, naamlik die stigting van Afrikaansmediumskole. Die Administrasie is nou ten gunste van parallelklasse. Op die oog lyk dit mooi en goed, daar word na versoening gestrewe, maar waar die getal Afrikaners klein is, gaan dit soveel moeiliker om die identiteit te bewaar, en daarom is aparte skole in groot centra 'n absolute noodsaaklikheid. Waar die parallelskole wel in werking is met Engelsprekende kinders in die meerderheid, blyk dit dat die Engelse kinders nie met die ander wil saamgaan nie omdat hulle die nie as hulle gelykes beskou nie.¹⁾

Ander geleenthede om Afrikaans te leer bied die Tegniese kolleges in die twee groot stede, waar die aandklasse goed bygewoon word. Baie leer ook deur middel van die korrespondensie-kolleges. Onderwysers het net soveel betalende leerlinge buite skoolure as hulle begeer. Om in die plaaslike behoeftes enigsins te voorsien is daar twee leerboekies vir beginners geskrywe, die een deur C. W. H. van der Post²⁾ uit Durban, en die ander insgelyks deur twee Durbaniete, die here Bauling en J. M. Jooste.³⁾ Daar is eindelik nog die klasse wat deur die „Komitee vir Voortsettingsonderwys in Natal⁴⁾ georganiseer is ten behoeve van die blanke arbeiders op die spoorweg en vir siviele amptenare. Hierdie komitee, bestaande uit vier lede, is in die lewe groep op 12 Desember 1929 met die oog op die voortsetting van die werk wat eers deur die Spoorwegdepartement sedert 1927 onder toesig van mevrou Jansen onderneem is, maar in 1929 afgesluit is. Die komitee het ses goedopgeleide

¹⁾ Inspekteur Booysen, rapport 1928.

²⁾ *'N Een-jaar Afrikaanse Kursus.*

³⁾ *Afrikaans for English Schools.*

⁴⁾ Die komitee bestaan uit: mevr. Jansen (voorsitster), ds. P. A. M. Brink (onder-voors.), mnr. J. Glutz, mnr. G. Nienaber, (sekretaris-penningmeester) en die welvaartsbeampte, mnr. J. du Plessis.

onderwysers op die vier vernaamste centra in Natal (met uitsluiting van Durban) in diens en verskaf jaarliks onderwysgeleenthede aan sowat 500 persone. Op Durban is ook nog die *Afrikaanse Akademie* van mnr. Dreyer waarin onderrig in Afrikaans gegee word.

Die Opleidingskollege waar mnr. H. P. Malan tans vir Afrikaans verantwoordelik is, en die Natalse Universiteitskollege, waar prof. dr. G. Besselaar die hoof van die „Departement Hollands en Duits” is, moet nog genoem word.

AFRIKAANS IN DIE PROVINSIALE RAAD.

Dis nie net in die skool waar kwaai moes geraas en baklei word om Hollands te laat ingang vind nie, dit is in al die Staats- en Provinsiale departemente die geval gewees. 'n Mens kan dit verklaar uit die onwil van die amptenare, baie reeds op gevorderde leeftyd, om 'n taal aan te leer wat hulle min geleentheid kry om te gebruik solank as hulle in sekere dele van die land woon. 'n Treffende uiting van hierdie gesindheid is die protes wat opgegaan het teen die bepaling dat vir die geval van alle verdere staatsdiensaanstellinge op die administratiewe staf tweetaligheid na vyf jaar 'n onontbeerlike vereiste vir bevordering in die diens sal wees. ¹⁾ Die jingoïsties-enge centra, Natal natuurlik inkluis, was verontwaardig daaroor dat amptenare wat die publiek moes dien, nou verplig word om na vyf jaar bekwaam genoeg te wees om die Suid-Afrikaanse publiek ook in Hollands as dit daarop aankom goed te bedien. Vir sommige eentalige Engelse was dit 'n breuk van die Unie-ooreenkoms. Dit raak ook die beurs, gevolglik word nog harder geskreue. Waar Greytown 'n uiters billike wet goedkeur, ²⁾ het die „schreeuwparty van de jingo straatjongens” soos die verslag-gewer van *De Afrikaner* hulle noem, in Pietermaritzburg op 8 Julie 1912, 'n mosie teen die klousule aangeneem.

¹⁾ *De Afrikaner*, 24/6/12.

²⁾ *De Afrikaner*, 5/7/12.

Adv. Jansen het die mosie bestry en gewys dat die Unie vir die volk van Suid-Afrika gemaak is en nie vir die amptenare nie!¹⁾ Ook Ladysmith het so'n mosie aangeneem. Dit is die Natallers se roem en reputasie — protesvergaderinge!

Maar in die verskillende departemente is daar tog stadig aan hier en daar toegegee. *Die Afrikaner* het herhaaldelik gekla dat die notule van die Provinsiale Raad²⁾ en die rapporte van die Superintendent van Onderwys³⁾ en van ander hoofde net in een taal voor die publiek gebring is. Die O.H.T.V. het verder aangedring op die toepassing van die wet op taalgelykheid, sodat daar orals⁴⁾ bordjies met publieke kennisgewings in albei tale aangebring is. Die S.U.N.V. het ook in eie kring die kwessie oor Afrikaans of Hollands finaal ten voordele van Afrikaans in Suid-Afrika besleg. Deur die gedurige proteste van die kant het die vraagstuk die Raad eindelik weer binnegedring van die kant van die skool af. In 1916 is die reedsgenoemde konsessies insake ouerlike keuse gedoen. 'n Paar jaar later duik die taalkwessie nogeens op. Die groot voorvegter vir 'n Afrikaansmediumskool die heer W. Cox, lid vir Pietermaritzburg-Oos, gaan 'n stappie verder en dien op 5 Junie 1923 'n mosie in, gesekondeer deur 'n ander advokaat van reg, billikheid en konsekwensie, die heer Hulett, dat volgens die mening van die Raad die tyd aangebreek het dat die joernale van die Raad asmede alle verslae, wetsontwerpe of ander dokumente wat kragtens die bepalinge van die Raad gedruk moet word, voortaan in Afrikaans in stede van in Nederlands moet verskyn.⁵⁾ Dit is opvallend dat raadslid P. J. Wessels hierdie keer wel ten gunste van die mosie is, nie weens 'n hartgrondige bekering nie, maar

¹⁾ *De Afrikaner*, 11/7/12.

²⁾ *De Afrikaner*, 8/9/13.

³⁾ *De Afrikaner*, April '14.

⁴⁾ „Maar nie by die Dept. van Onderwys nie”.

⁵⁾ Vgl. notule Prov. Raad onder datum, bl. 73, en vir die argument die *Votes and Proceedings*.

omdat „die stroom ten gunste van Afrikaans te sterk” is. Wat verbasing wek is die giftige aanval op Afrikaans van die kant van die Administrateur, Sir George Plowman. Dit is onmoontlik om nie die bekende argumente van die Provinsiale Sekretaris (mnr. J. Herschensohn) raak te sien nie! Die teenwerpinge is van die volgende aard: Afrikaans word net in die Transvaal deur die Provinsiale Raad gebesig, die gebruik in offisiële kringe is dus beperk. ’n Mens kan amper dieselfde van goud sê, en daarom sou Natal dit nie aanneemlik kan beskou nie! „Daar het nog nooit versoeke om hierdie verandering van Afrikaanssprekendes in Natal uitgegaan nie”, en hoekom moet Natal dan die leiding aan Suid-Afrika gee? is die ander beswaar wat heeltemal besye die waarheid is. Is dit verder die sielkunde van hierdie provinsie se raadsliede dat daar nooit leiding deur hulle mag gegee word nie? — dan handhaaf hulle in hierdie geval ’n ideaal wat ons reeds leer ken het. Daar heers geen eensgesindheid by die Afrikaners self oor die saak van Afrikaans as taal nie, lui dit nog. Die beste staatslui vra egter wat die voordeligste vir die land gaan wees en die publiek gaan tevredestel, sekerlik nie hoe om die meerderheid op te offer terwille van ’n baie, baie klein minderheid nie! Afrikaans is ongeskik — is ’n beswaar wat ’n absolute gebrek aan taalkundige insig verraai. Die aanpassende wese mag te klein wees vir die ingewikkelde eise van sy omgewing in die bestaanstryd, die volk mag ongeskik wees, maar ’n taal as sodanig nooit nie. Waar daar behoefte bestaan word woorde vir die begrippe altyd geskep of geleen, — hoe het Engels dan gegroei? En sou leenwoorde selfs ongeskiktheid verraai? Is daar dan ’n „ongeskikter taal” as Engels? — Afrikaans is nie ’n geskikte taal vir offisiële verslae nie, daar die grammatika van Afrikaans nog baie gebrekkig is! Asof ’n klomp grammatikale reëls met uitsonderinge en beperkinge eers moet opgestel word, gegradeer en soms vermoeilik moet word, om ’n bruikbare taal te hê! — Dit sal ’n verandering van die staf van die Provinsiale Raad veroorsaak en dus

ekstra onkoste meebring! Dit lyk asof die staf wat belas is met die vertaling in Nederlands uit Nederland geïmporteer is, soos die onderwysers uit Engeland en Skotland. Die voorsteller het hom egter genoodsaak gesien om sy mosie terug te trek. Op 26 Maart 1925 is Afrikaans toe deur die Parlement as die landstaal naas Engels erken.¹⁾ Hoewel ek nie die bepaling wat die provinsiale vertalers gelas om Afrikaans te besig kon opspoor nie, blyk dit dat alle stukke van die Raad wat gedruk moet word ook in Afrikaans vanaf die begin van 1926 verskyn het. Dan het die Raad hom waarskynlik net neergelê by die leiding van die Unieregering — veral waar dit nie self wou lei nie! Dit is tog opmerklik dat die S.O. se rapport oor 1925 reeds in Afrikaans verskyn het.

Vandag kan die Natalse publiek in enigen van die twee landstale bedien word — in geskifte. Daar is 'n baie bekwame staf wat vir die vertaalwerk verantwoordelik gestel is. Dit sal in baie Departemente egter tyd en moeite bespaar as almal tweetalig is. Dit gebeur soms dat iemand 'n Afrikaanse korrespondensie aan 'n verkeerde departement rig; die vertaler moet dit eers aan die hoof voorlê; hy merk dan dat dit elders tuishoort en stuur die oorspronklike brief aan na die ander hoof, wat dit weer na 'n vertaler deurstuur. Maar die groot troos is tog, dat 'n antwoord in goeie Afrikaans gestuur word, en nie so'n gemors as waarop die Afrikaanssprekende publiek vroeër getraakteer is nie.²⁾ Dit geld vir die afdelings onder die uniale administrasie. As 'n lys moes opgestel word van die skandelijke agterstelling van die Afrikaanse taal in die kennisgewings en formuliere van die Natalse munisipaliteite oor lig, watervoorsiening, vingerpale, oor baaiery aan die strand, ens., alles wat onder toesig van die provinsiale administrasie val, dan sou heelwat velle papier nodig wees. Dit kan as

¹⁾ Vgl. die verslag in *Die Afrikaaner*, 3/4/25.

²⁾ Vgl. die briewe wat afgedruk is in *De Afrikaaner* van 14/5/20, en vertalinge soos „Zie uit voor de trein”.

'n onomstootbare feit gesê word, dat die Afrikaner van Natal in die groot stede en in die kleineres, nie grootmoedig, eerlik en billik ten opsigte van sy eie taal behandel word nie, d.i. dat Afrikaans op die gebiede as 'n melaatse behandel word — uitgeworpe buitekant die poorte van respektable samewoners.

Sonder bittere stryd, selfs vir elke letter, sal die Afrikaanssprekende nie 'n jota van sy taalregte kry nie. Sy medelandgenoot van die Engelse ras behandel hom nie soos 'n vennoot, 'n broer, 'n gelyke nie, maak hom in Natal nie tuis nie. Solank as daar 'n Provinsiale Raad bestaan, lyk dit, sal die griewe voortduur. Sodra die Afrikaner protesteer, word hy beskuldig van engheid, „narrow-mindedness”. Dit is eng van die Afrikaner om in sy eie taal bedien te wil wees, maar nie vir die Engelsman om presies en letterlik dieselfde te eis nie. Daar bestaan eintlik twee stelsels van reg en geregtigheid, en van versoening en breedgesindheid. Die Afrikaner moet toegee — tot sy hele taal; hy moet versoen, sonder om 'n enkel konsessie te verkry — hy moet amalgameer, soos die lam met die leeu, die heuningkoek met die ratel!¹⁾

DIE SAAMWERKUNIE VAN NATALSE VERENIGINGE.

Waar die omgewing vyandiggesind is, span eendersdenkendes saam in die stryd om die bestaan. Daar is bonde wat vermeende griewe bestry, ander is 'n natuurlike gevolg van omstandighede. Die laaste soort is soos medisyne, of dit is 'n poging om toestande te verbeter — 'n soort van aanklag teen die bestaande reëlings. So moet die bond van Hollandse D.Ve. in Natal gesien word — nes 'n leër in oorlogstyd, 'n kerk in 'n periode van martelaarskap. Wat 'n mens van Natalse Afrikaners snaaks sou gevind

¹⁾ Oor die saak, kyk nog die slothoofstuk!

het, sou die afwesigheid wees van 'n liggaam terwille van taal- en kultuursake. Sonder so 'n liggaam is daar 'n hiaat. *Natura lacuno horret!* Toe die eerste poging om 'n unie van so 'n aard te stig misluk het, was dit net 'n tydjie van rus om meer energie te vergaar. Die nasionale oplewing soos geopenbaar in die ander provinsies in politieke en kulturele aksies, en in die besonder in taalhandhawing, moes die voorstanders se moed hier staal. Die ou geloftekerkie, wat net voor die terugkoop, as 'n „Dining and Refreshment Room” gedien het, is in Desember 1912 ingewy en aan die volk van Suid-Afrika geskenk as 'n Voortrekkersmuseum. ¹⁾ So het die handhawingstryd gewoed in die loopgrawe langs die taalfront, waar die grofste geskud gebruik is deur die O.H.T.V. 'n Enigsins vreedsaamer front was die van die Debatsvereniging, nee, dit was 'n taalsanatorium!

Die heer E. G. Jansen het weer tougelei. Na aanleiding van 'n brief wat in *De Bode* van Junie 1914 oor die saak van so 'n moontlike unie van D.Ve. verskyn het, rig hy in *De Afrikaner* ²⁾ 'n oproep aan die sekretarisse van Jongeliede- en van Debatsvereniginge om die saak voor die aandag van hulle besture te lê en die besluite dien-aangaande aan die heer G. L. Nel van die Administrateurskantoor, Pietermaritzburg te stuur. Die heer Nel was toe die skrywer van die P.M.Burgse Letterkundige en Debatsvereniging en sal ook voorlopig as skrywer van so 'n Unie optree. Grappig klink die verskoning: „Verenigingen moeten nu niet gaan denken dat zulk een Unie weer tot niet zal lopen....” — die swak punte van die verlede sal vermy word. Die Groot-Oorlog wat kort hierop uitbreek het, het waarskynlik alle aandag in beslag geneem; in *De Bode*

¹⁾ Twee belangrike stukke in verband met wie die tou gevat het in hierdie saak, staan in *Die Volksblad* onder datum 23 Jan. 1930, en weer, 30/1/30. My erkentlikheid aan mnr. B. I. Vorster, Volksrust, vir die inligting.

²⁾ *De Afrikaner*, 7/7/14.

van Februarie 1915 word dan ook meegedeel dat daar geen enkele korrespondensie oor die saak ingekom het nie. Dit beteken nog geen begrafnis nie. Die beweging het toe 'n effens ander wending geneem. 'n Paar persone het probeer om op dieselfde grondslag te bou as waarop die C.J.V. van die Kaapprovinsie staan, d.i. liewers die uitbreiding van 'n bestaande en deugdelike stelsel te bewerkstellig as 'n nuwe in die lewe te roep. Mnr. Bothma van die Y.M.C.A. in Durban het toe 'n klomp C.J.V.-konstitusieboekies gekry om aan sekretarisse van Natalse vereniginge te stuur as hulle net daarom wil vra. Die redakteur van *De Afrikaner* het hierby ook nog 'n sterk aanbeveling in Afrikaans geskrywe.¹⁾ Maar ook hierdie saad wou nie ontkiem nie.

'n Kragtige pleidooi vir die stigting van D.Ve. lewer kort hierna iemand wat sy naam as „Hansie” aangee (Oswald Maarschalk?). Dit is opmerklik hoe sterk die nasionale element op die voorgrond gestu word — die doel is nie bloot om te debatteer nie! In die eerste artikel van die serie wys hy daarop dat 'n D.V. 'n „skool” is om te leer praat in die publiek, dat dit 'n saamkomplek vir jong mense is om hulle saans van die kwaad af weg te hou, en 'n plek bowendien om die „geestelike, sedelike en verstandelike ontwikkeling van mekaar te bevorder”. In die tweede stuk, ook in Afrikaans opgestel, praat Hansie met besieling en vuur oor die punte: die doel en nut van sulke verenigings, nie net vir jou alleen nie, maar veral vir die ander; hy sê die program moet interessant wees en so dat elke lid 'n kans moet kry; die debatspunte moet nie as 'n grap beskou word nie maar aan 'n deeglike bespreking onderwerp word. *Ons Weg deur die Wêreld* word as 'n hulpboek aanbeveel; Biblioteke moet gestig en Afrikaanse uitgewers ondersteun word, Engelse musiekstukke moet maar tuisbly, en Hollandse en Afrikaanse stukke gespeel en gesing word. Gebruik liefs Afrikaans, „die taal wat ons aan moeders knie geleer het en waarin Celliers, Totius e.a.

¹⁾ *De Afrikaner*, 23/2/15.

dig", maar ook Hollands (Nederlands) is welkom. Toneelstukkies soos *Anjelina*, *Liefde en Plig* is goed vir die planke; ten besluite: soek Afrikaanse voormanne, ondersteun Afrikaanse besighede en onderneminge, kry Afrikaanse „goevernantes" en „as elke Afrikaner sou trou sweer aan sy mede-Afrikaner dan wag 'n heerlike toekoms ons Afrikaanse volk. Laat die leuse van onse Debats Vereniginge (en van ons volk) wees: ‚Help mekaar'. Mag God geef dat elke Afrikaner die erns van die saak sal insien om mekaar te help". Hy roep belangstellendes op om D.Ve. te stig, hulle sienswyses oor die saak te lug en vra die redakteur van *De Afrikaner* om te help, wat laasgenoemde ook in 'n artikel gedaan het.

Dis meer as 'n oproep. Dis 'n pleidooi en 'n handleiding. Hoeveel direkte invloed hiervan uitgegaan het kon ek nie vasstel nie. Van belang is egter die taamlik algemene begeerte om deur middel van D.Ve. en C.J.Ve. Afrikaners onder een vaandel te vergader.

'n Sekere mnr. Naudé, die sekretaris van die Maatskaplike C.J.V. in Dundee, het eindelijk weer die beweging vir die samewerking van D.Ve. en C.J.Ve. aan die gang gesit. In die begin van 1916 het hy lank met advokaat Jansen, die voorsitter van die hoofstedelike D.V., oor die saak gekorrespondeer. As die gevolg van een van die wenke so verkry, het hy uitgevind watter vereniginge bestaan en die name van 15 skrywers en voorsitters aan advokaat Jansen gestuur, wat hierdie Ve. (vereniginge) toe uitgenooi het na 'n kongres¹⁾ in die Gedenksaal, Langhamstraat, Pietermaritzburg, op 24 en 25 Mei 1917. Elke vereniging moet twee afgevaardigdes stuur en ook met beskrywingspunte nie lank laat wag nie. Byna twee maande voor die vasgestelde kongresdatum is die oproep aan die betrokke vereniginge gerig; ²⁾ twee weke voor die tyd is die programme

¹⁾ Vgl. ook *De Afrikaner*, 25/5/17.

²⁾ *De Afrikaner*, 3/4/17.

met 23 beskrywingspunte bekendgemaak. ¹⁾ Daar was deeglike voorbereiding, en geredelik is gehoor gegee, juis om die algemene behoefte wat daar aan so'n samewerking moes bestaan het. Om half-tien die Donderdagoggend van 24 Mei 1917 het 48 afgevaardigdes en besoekers die presensielys geteken — die saal het stilletjies altyd nog voller gestroom. Nadat die saamvergaderdes en hulle belange aan die Skepper opgedra is, het die voorsitter, adv. Jansen, sy openingsrede in Afrikaans gehou. Die vruggevolge van die tweedaagse konferensie was dat die „Saamwerkunie van Natalse Vereniginge” gestig is, die voorlopige statute eers in Afrikaans oorgesit, toe bespreek, enige wysiginge aangebring en goedgekeur is. ²⁾ Die doel van hierdie vereniging van vereniginge is *a.* „Die leiding en bevordering en uitbreiding van die werksaamhede van D.Ve., C.J.Ve. en ander soortgelyke Ve. in Natal; *b.* Die stigting van nuwe vereniginge”. In c. word die deelname aan party-politiek belet (art. 4). Die Bestuur van die Unie bestaan uit sewe lede (art. 7). Een keer elke jaar word 'n kongres gehou (art. 8). Artikel 15 bepaal dat Afrikaans die amptelike taal van die Unie sal wees; dit is die uitvloeiing van 'n warmbesproke voorstel deur die heer Johannes Boshoff ingedien. By die geleentheid is leersame referate gelewer, soos deur eerw. Ross van Witsieshoek oor die C.L.S.S., ³⁾ en deur dr. Besselaar oor „De Opvoedkundige Betekenis onzer Verenigingen”, 'n referaat wat volgens besluit in pamfletvorm uitgegee is. Van die grootste belang was die besluit, op voorstel van die heer Ben I. Vorster, om *De Afrikaner* as offisiële orgaan te kies. Die eerste bestuur is samegestel uit: adv. E. G. Jansen (voorsitter); dr. G. Besselaar (sekretaris-penningmeester); ds. G. Pellissier (vice-voorsitter); mevr. E. G. Jansen (korresponderende sekretaresse); die here F. v. Reenen, Fourie en ds. M. W. Odendaal.

¹⁾ *De Afrikaner*, 8/5/17 en weer 11/5/17.

²⁾ Vgl. ook *De Afrikaner*, 29/5/17 vir die eerste vorm.

³⁾ Chatanqua-Lees- en Studiesirkel.

Die S.U.N.V. het al sterker geword, soos 'n gesonde kind in suiwere lug groei, maar dan soos 'n wonderkind, want daar was geen swakheid êrens te bespeur nie. Dit was van die begin af 'n beweging wat die steun van die intellektuele Afrikanerdom geheel gehad het en die jong mense en ouerige persone met jong harte as die burgers op kommando getel het. Die ouderdom met sy hunkering na gemak en rus het daar weggebly. Die mense wat nog kon sing en kwaadword, wat van 'n toekoms gedroom het en rusteloos na 'n hoë ideaal gestrewe het uit hoofde van gesondheid, borrelende lewenslus en bekwaamheid, — dit was die persone wat nie op hulle laat wag het nie. Waar die ou stigters en die latere ondersteuners nog so-te-sê almal lewe, is dit 'n gewaagde spel om hulle optrede te wil beskrywe, die objektiwiteit word ook eers later goed moontlik. Daarom gaan ek net skematies die vernaamste groeiesels aandui en laat dit aan die toekoms oor om meer oor die bydraes van hierdie Afrikaanse kultuurpioniers te sê. 'n Volk betaal trouens ook maar selde sy dankbaarheid aan 'n baanbreker gedurende sy lewe uit — omdat die lewe van die eenling so kort in die kronieke van die geskiedenis, van watter gesigspunt ook al beskou is!

Die groot krag van die S.U.N.V. lê in:

- a. die jaarlikse kongresse;
- b. die orgaan;
- c. die taaleksamens;
- d. die werksaamheid van die ander subkomitees;
- e. 'n sterk, sentrale hoofbestuur, samegestel volgens streng demokratiese beginsels.

(a) DIE JAARLIKSE KONGRESSE.

Nes die Mohammedane die oë en harte na Mekka rig, klink dit jaarliks van die S.U.-lede: Kongres-toe! Dit is 'n vaste instelling vir elke tak om te probeer om tenminste een verteenwoordiger na die kongres te stuur. Hier leer die kopstukke van Noord en Suid en Wes mekaar ken,

die een se handelwyse bemoedig die ander en laai die batterye om in die besondere oorde weer energie te bring. Alle subkomitees lewer verslae van wat gedurende die jaar uitgerig is, en kom onder die plak waar pligte versuim is — iets wat maar selde gebeur. Van die kongres ontvang hulle opdrag vir verdere handelinge en genome stappe word bespreek en bekragtig. Die kongresse is die kragstasie van die hele beweging.

Naas hierdie werksaamhede van verantwoording-doen en verdere werkverdeling is daar ook tyd vir gesonde wedywer deur middel van debatte of sang-, resitasie- en musiek-wedstrye.

Die humoristiese sy van die samewees word natuurlik nie verwaarloos nie — daarvoor is die afgevaardigdes Afrikaners, kinders van die veld en vlakke.

Iemand wat op so 'n kongres was keer altyd daarvandaan met nuwe moed terug, party gaan selfs verder en moedig persone aan om 'n D.V. of C.J.V. te stig en aan te sluit by die beweging met sy lokkend-mooie, half-pleonastiese naam. Dit is waar dat party D.Ve. doodgaan, maar daar kom altyd nuwes by, party waarvan nogal treffende motto's het, nes vroeër die ou rederykerskamers ('n vergelyking wat selfs verdere uitwerking toelaat!). Die D.V. van Babanango het as leuse:

"Lus en Liefde vir 'n ding,
Maak die moeite seer gering".

Die volgende tabel laat naas ander gegewens die vinnige groei van die S.U. sien (kyk blss. 174—175).

(b) DIE ORGAAN EN DIE TAALEKSAMENS.

In *De Afrikaner* is reeds sedert 1909 'n vaste weeklikse rubriek aan Verenigingsnuus afgestaan (notule van D.Ve., aankondiginge, wedstrye). Hierdie afdeling is 'n vername bron vir die navorser van die geskiedenis oor die verenigingslewe in Natal. Met die stigting van die S.-U. word *De Afrikaner*, op voorstel van die heer B. I. Vorster, as offisiële

orgaan gekies en word die reg verkry om die weeklikse kolomme onder 'n eie redakteur te stel.

Op Vrydag 8 Junie 1917 het die eerste kolomme van die S.U. verskyn, met inleidingsartikels oor die gees van die kongres en die Afrikaanse Taal. Die K(orresponderende) S(ekretaresse) het voortgaande die meeste lig op die taalsy laat val. „Die (Afrikaanse) taal moet groei soos 'n patatrank en die hele Suid-Afrika oorrans, maar sy voet moet staan in Pietermaritzburgse aarde!” is die parmantige idealistiese standplek waarop sy haar stel. Kan uit Nasaret iets goeds kom? sal 'n toeskouer met reg skepties kan vra. Maar dis die gees wat lewendig maak en die stof ander vorme laat aanneem. Deur middel van die rubriek bly mevrou Jansen met die takke weekliks in aanraking, gaan haar invloed verder as die van ander, en waar die verlede nog die hede is, kan sy met die magtige wapen enorm veel goed of skade aanrig. Daar is 'n skoon bladsy om te beskrywe, en die vroeëre lektriese aan die Natalse Opleidingskollege, het ook goed die mag van die pen laat ondervind, weer lektriese geword!

Sonder twyfel kan beweer word dat daar niemand was wat in die beginjare van die S.U. soveel direkte invloed ten goede uitgeoefen het as mevrou Jansen nie! Niemand het dan ook sulke direkte geleenthede en miskien ook soveel beskikbare tyd gehad nie. Die hoofsaak is egter nie net om die tyd en geleentheid te hê nie, maar om dit te gebruik!

Met die takke word in lewendige, beeldryke, frisse Afrikaans gesels oor huishoudelike sake, soos oor wat 'n

Jaar	1917	1918	1919	1920	1921
Kongresdatum	24—5 Mei	22—3 Mei	29—30 Mei	13—14 Mei	5, 6, 7 Mei
Kongresplek	P. M. Burg	Vryheid	Ladysmith	Winterton (Moria)	Paul- pietersb.
Ledetal		± 1000	1201	—	1296
Aantal Ve.	± 15	24	28	28	29
Getal boeke: boekery ...			655		
Byname v. Kongres		Kaboe- mielie- kongres	Orkaan- kongres	Wikshom- kongres	Opstêrs- kongres

joernaal moet bevat en wat nie, watter werk in organisasie voorlê, die pligte van sekretarisse, e.s.m. Takke word aangemoedig om hulle moeilikhede vir bespreking bekend te maak, en waar gehoor hieraan gegee is, voel die raadinwinner altyd 'n aangename „Welkom!” in die gees waarin sy punt behandel word, en hy kry besadigde wenke. Partykeer moes K.S. weer raas en vermaan, b.v. as lede wat werk vir 'n debat gekry het, nie opkom nie. Die stuk: „Wat is Nasionaal?” lees lekker.

Maar die vernaamste verdienste van die orgaan lê in die propaganda vir Afrikaans, die praktiese manier waarop lede van die S.U. daartoe gebring is om Afrikaans te lees, te leer en te skrywe, d.i. om te ontvang, maar ook om te gee! „Het is zaliger te geven dan te ontvangen”. Daar het byna weekliks in die kolomme 'n „Taalparagraaf” verskyn, ¹⁾ waar die Afrikaanse letters, klanke en vormleer in die vernaamste aspekte behandel is. In 1918 is hierdie „taalparagrafe” uit die kolomme oorgedruk en in boekvorm verkrygbaar gestel teen 2/6 per eksemplaar. Die manier van stofindeling en taalkodifisering is dieselfde as die van die bekende ou skoolgrammatikas, maar omdat dit vir sy tyd die beste leidraad in Afrikaans was, mag van die eintlike waarde nie *afgetrek* word deur dit volgens latere beginsels te beoordeel nie. Hierdie boekie van 50 bladsye oktavo is deur mevr. Jansen en mnr. C. M. Booyen

¹⁾ Dit laat 'n mens baie keer dink aan die *Huisgenoot* se *Vraebus*.

1922	1923	1924	1925	1926	1927	1928
24—26 Mei Dundee	10—11 Mei Greytown	30—31 Mei Vryheid	21—23 Mei Weenen	13—14 Mei P. M. Burg	1—2 Julie Ladysmith	Paulpietersbg.
1400 32 848	1150 27	1200 26 670	1300 24 566	1100 26	1200 30	

later omgewerk en aansienlik uitgebrei, en word nog vandag baie op die skole en vir die Afrikaanse Taaleksamens gebruik.

Die S.U.-lede het hier geleentheid gehad om hulle moedertaal te leer skrywe. Dit was maar een van die middele. Reeds op die eerste kongres is besluit dat die Hoofbestuur die Akademie se Spelreëls aan die verskillende Ve. teen inkoopprys moes verkrybaar stel en dat die takke hulle dan weer onder die lede gratis indien moontlik moes versprei. Nog 'n ander middel is die taaleksamens. Lede kon nou getoets word in hulle kennis van Afrikaans, of in die vordering wat hulle gemaak het in die eiemaking van hierdie reëls en in die skriftelike gebruik van die moedertaal. Die gedagte om sulke eksamens in te stel het van mevrou Jansen uitgegaan. Teenstand was van party kante van die Hoofbestuur baie sterk, want dit is ook gevoel dat die S.U. nog 'n kindjie in lang klere was. Na leeftyd was dit wel die geval, na innerlike krag en na intellek nooit en nimmer. Die K.S. het toe die saak in die kolomme aan die Ve. dringend opgedra, die sekretarisse, joernaliste en ander uitgenooi om tog nie op hulle te laat wag nie, veral daar die tyd kort is. ¹⁾ Herhaaldelik ²⁾ het sy op die saak in die kolomme teruggekom. Dit moes verblydend vir haar gewees het om 406 persone vir die eerste eksamen in te skrywe. Heel interessant is dit om die naamlys van geslaagde kandidate deur te lees. 'n Mens ontmoet daar baie bekendes, ou skoolmaats, hoofde van skole, onderwysers, boere, skoliere, jongmense, ou mense wat jonk voel, Natallers, Vrystaters en ander. Dit wek 'n goedige laggie om die name van beproefde veterane in die tweede klas, tweede afdeling te kry — miskien 'n bewys dat eksamens maar baie arbitrêr toets! Dit is opmerklik dat die patatsteggie al binne een enkele jaar oor die Drakensberge gerank het! Van die 316 geslaagde kandidate was 80 % van die ander provinsies,

¹⁾ 3/8/17 is die eerste kennisgewing geplaas.

²⁾ *De Afrikaner*, 7/9/17; 30/11/17.

veral van die Vrystaatse skole Ficksburg, Bethlehem en Boshof. Toe die Ficksburgse Skoolhoof van die onderneming hoor, het hy dadelik sy skoliere aangemoedig om aan hierdie eksamens deel te neem. Dat familiebande alleen nie die oorredingswyer aan die dag laat lê het nie, bewys die ander centra. Opvallend is ook die groot getal wat na so 'n kort tyd van organisasiewerksaamhede ingeskryf het, getuienis van die gees van bereidwilligheid by die oueres om die saak vorentoe te stoot, en nie terwille van die eksamen nie — wat maar net 'n middel is (en behoort te bly) om 'n doel te bereik. 'n Hele klomp onderwysers het ook meegedoen; 'n mooi belofte, aangesien hulle verantwoordelik is vir die rigting op skool. Miskien is hulle deelname deels ook daaraan toe te skrywe dat die provinsiale onderwysdepartemente van die Unie, minus Natal, Afrikaans as die moedertaal van die meeste kinders reeds drie jaar van tevore, volgens provinsiale besluite, moes erken en ook moes onderwys, en dat hulle hier 'n kans gesien het om hulle in die taalvorm te bekwaam. Dan leer Natal vir Suid-Afrika Afrikaans! Dit is die eerste eksamen ooit in hierdie taalvorm afgeneem. Die taak lyk vandag so natuurlik en maklik, maar dit was vir daardie tyd met al sy vooroordeel 'n reuse-onderneming! Daar is vereers die kandidate, sonder enige onderrig in die skool in hierdie vak, alles moes eintlik self bygeleer word. Tog het maar net 25 gedruip. Die standaard sou wel nie te hoog gewees het nie — trouens, dis 'n aanmoedigingseksamen en nie 'n oordeel tot verskrikking nie. Die eksaminator het baie gunstig verslag gelewer oor die taal, en net gewaarsku teen „plat“-uitspraak soos „sjee“, „oener“; wisselvorme is ook baie gebruik, maar verder was die eenvormigheid oor die algemeen glo treffend.¹⁾

Groot was die belangstelling in hierdie sy van die S.U. se werksaamheid. Dit was 'n betekenisvolle gebeurtenis om in die tyd van eksamen-afgodery self 'n uiters belangrike eksamen in te stel. 'n Liggaam soos die N.C.V.V., waar

¹⁾ *De Afrikaner*, 1/2/18 en 28/5/18.

mevr. Jansen ook 'n krag was, het 'n tasbare bewys van sy belangstelling gegee. By geleentheid van 'n kongres in Februarie 1918 is besluit om een goue en twee silwer medaljes aan die beste kandidate in die Taaleksamens uit te reik. Hier word die beginsel om pryse uit te loof vir die eerste keer aangetref;¹⁾ net op die volgende kongres van die S.U. in Mei 1918 gehou bied een van die afgevaardigdes, die heer C. van Rooyen, lid van die Skurwebergse D.V., ook 'n prys aan die vereniging aan wat die meeste name vir die volgende eksamen instuur; tog het die getal van 406 na 265 geval. Die tekort op die eerste eksamen was iets oor die twee pond. Iemand het voorgestel dat dit gedek word deur 'n kollekte, en in 'n klein rukkie was £7 in hande, 'n bewys van die wil om te help en te steun as die regte geleentheid hom maar net wil voordoen!

In 1918 is 'n Hoër-Afdeling en die volgende jaar nog 'n Hoogste ingestel. Waar die vrae van die Laer-, „Taalbond” veral oor spelling, en oor verkleinwoorde, meervoudsvorme of ander aspekte van die vormleer gegaan het, plus opstelle en briewe, daar bevat die Hoër-Afdeling (Deel II) ook nog 'n letterkundige deel. Sulke aanvoorkerk is altyd moeilik vir die kandidate en vir die eksaminator. By die openbaring van heelwat talent („daar was meer as een opstel wat 'n sieraad kon gewees het vir ons tydskriflektuur”)²⁾ was daar 'n groot oes van onryp are. By party examinandi was die kennis maar baie min, al het net 30 nie by die hek kon inkom nie. Sulkes word afgeraai om te gou in te skrywe. Tog kan juis dit 'n bewys wees van hulle entoesiasme! Een kandidaat voel sy magteloosheid, al is die gees hoe gewillig, waar hy die versugting slaak: „Ai, mij dierbare moedertaal, ek gebruik jou dan al suffel jare, hoekom ken ek jou nog nie?” As die vraestelle meehelp om persone selfs so'n smartlike belydenis te laat aflê, dan word dit duidelik hoe die eksamens aanwakker en 'n taalbesef aankweek.

¹⁾ Mevr. Jansen was die eerste met opstel-pryse. Kyk verder!

²⁾ Dr. G. Besselaar in sy rapport, *De Afrikaner*, 3/1/19.

Die grafieke en tabel op blss. 180—181 toon die aanwas van getalle van deelnemers in die verskillende eksamens aan.

Toe die invloed van die S.U. op hierdie gebied so toeneem, veral in die ander provinsies, het naywer die poging bitter gekritiseer. In *De Volkstem* is 'n warm polemiekie oor die saak gevoer, waar dr. G. Besselaar en adv. Jansen die aanvaller goed die waarheid gesê het, en o.m. gevra het waarom die ander provinsies dan nie die voortou gevat het nie.¹⁾ Tog is die uitwerking goed gewees om die verantwoordelikes te laat onthou dat daar van orals oë op hulle gerig is. Die eksamens word nou onder streng toesig afgeneem en alle moontlikhede vir onreëlmaghede so ver doenlik uitgeskakel. Die lyne wat die getal deelnemers aanwys styg van 1921 jaarliks met groot hale; Nederlands as skoolvak verdwyn ook orals van die skoolrooster, en waar die getalle van die Lager Taalbond daal word die S.U. se eksamens al sterker. Vanaf 1921 word hulle ook deur die Natalse Pers geadministreer, aan byna alle skole van betekenis word programmas uitgestuur met die resultaat dat die faktore gesamentlik die Laer-Afdeling al dikker laat uitswel en verreweg die belangrikste deel van die eksamenwerklikheid laat word. In 1924 is dit selfs noodsaaklik gewees om hierdie eksamen in drie afdelings te laat beantwoord en vir elke deel een eksaminator verantwoordelik te hou; vandag moet hierdie persone elkeen 'n paar helpers bykry om die pligte behoortlik te kan vervul.

So het uit 'n mosterdsaad 'n groot boom gespruit. Die aanvanklike doel was om Afrikaans aan Natallers te leer, dit word naderhand 'n volksonderneming, wat selfs die uniale grense oorskry het, van Rhodesië, Argentinië, Brits-Oos-Afrika, ja selfs van Europa²⁾ het inskrywinge gekom. Toe in 1920 net een kandidaat uit Natal hom vir die Laer-eksamen aangemeld het en een vir die Hoër-afdeling, het


¹⁾ Vgl. nog *De Afrikaner*, 28/1/19.

²⁾ In 1924 reeds was daar een kandidaat uit Switzerland!

Verklaring:

Z—X vir getalle wat vir eksamens inskryf.

X—Y vir jaartalle wanneer eksamens afgeneem is.



- Grafiek vir Laer-Eksamen.
- - - - - " " Hoër-Eksamen.
- . - . - . " " Hoogste Eksamen.

Jaar		1917	1918	1919	1920	1921	1922	1923	1924	1925	1926	1927	1928	1929	1930
Laer	Aantal in- geskryf .	406	265	240	285	519	740	737	1210	1414	1945	2979	3118	4048	
	Geskryf ..	341	242	217	267			727		1380					
	Geslaag...	316	230	173	200	450	521	582	916	1218	1360				
Hoër	Aantal in- geskryf .		196	174	61	192	138	335	397	441	876	1260	1309	1498	
	Geskryf ..		168	148	55	174	138	327		433					
	Geslaag...		138	117	43	141	88	250	289	321	738				
Hoog- ste	Aantal in- geskryf .			64	31	61	40	15	19	13		204	124	120	
	Geskryf ..			59	26	55	36								
	Geslaag...			31	13	32	18	8			22				
Nadelige Saldo .		± £2													
Batige Saldo ...								£ 1.9.9	£ 81.13.10	£ 140.6.0					

dit nodig geword om voor die eie deur te vee; die volgende jaar wys dan 55 kandidate aan! Vandag maak die Natalse skole ruim gebruik van die geleentheid om deel te neem en die sertifikaat van die S.U. te verwerf, temeer nog daar hierdie sertifikaat deur sekere staatsdepartemente vandag erken word. Een van die moeilikhede was juis om 'n seker waarde aan die prestasies in die eksamens geheg te kry. Kandidate wil nie iets verower wat so-te-sê waardeloos is nie! In die rapport oor 1921 word gemeld dat drie persone betrekings gekry het op sertifikate van die Unie. So'n papiertjie word nou iets werd, dit moet net algemeen erken word. Op 'n voorstel van mnr. C. M. Booysen voor die kongres van 1922 moes die sekretaris van die Hoofbestuur hom in die sin beywer by die Onderwysdepartemente, die Matrikulasierraad en by die Unierversiteite, sodat die waarde aan die verskillende sertifikate as volg kon vasgestel word: vir die Laer-afdeling as gelykstaande aan 'n tweede klas, Junior-Sertifikaat, Afrikaans B; Hoër aan 'n eerste klas Afrikaans A van Matrikulasie, en die Hoogste aan 2de jaar B.A. in Hollands. Hierdie eksamens is in 1925 deur die Minister van Spoorweë en Hawens erken vir aanstellings- en promosiedoeleindes in sy departement sover as tweetaligheid hiervoor vereis word.¹⁾

'n Belangrike besluit is die wat op 'n hoofbestuursvergadering van 8 Augustus 1922 geneem is, toe die verskillende groot werksaamhede van die S.U. en dus van die Hoofbestuur verdeel is en subkommissies belas is met die voortsetting en behartiging daarvan; as 'n direkte uitvloeisel hiervan is 'n kommissie benoem uit adv. en mevr. Jansen, dr. Besselaar, dr. H. Viljoen en mnr. C. Booysen²⁾

¹⁾ *Die Afrikaner*, 18/5/'26.

²⁾ Mevr. Jansen was eers sekr. van die komitee, in 1924 en '25 dr. P. C. Schoonees, en sedertdien mnr. C. M. Booysen. Die komitee het in 1929 bestaan uit dr. G. Besselaar (voorsitter); dr. P. C. Schoonees, mnre. F. D. Hugo, O. Maarschalk en C. M. Booysen. Met die aftreding van prof. Besselaar in 1931 na sy ampsneerlegging as hoogleraar aan die N.U.K. word die voorsitterstoel deur mnr. F. D. Hugo ingeneem, met mnr. H. P. Malan as sekretaris.

om die eksamens wat die Unie afneem, te reël en te administreer. Die kommissie vaardig twee van sy lede af om sitting te neem op die Hoofbestuur, aan wie hulle verantwoording verskuldig is; op elke kongres moet 'n skriftelike verslag van hulle werksaamhede oor die jaar gelewer word.

Toe die Taaleksamens so'n groot omvang neem is die Zuid-Afrikaanse Akademie genader om die werk onder sy vleuels te neem, aangesien dit gepas gelyk het dat die liggaam hierdie soort werk moet beheer. Die Taalbond het toe nog eksamens in Nederlands afgeneem. Die Akademie het die saak na sy eksamenkommissie, toe nog die Taalbondkommissie, verwys, met die gevolg dat die Taalbond besluit het om sy eksamens gedeeltelik Afrikaans te maak. Die S.U. kon hom hiermee nie vereenselwig nie, en besluit om met die eie eksamens aan te gaan. Vir enige jare is 'n briefwisseling oor die saak met die Akademie en die Taalbond gevoer, totdat 'n bevredigende uitweg eindelijk gevind is.

Van 1927 af word die taaleksamens afgeneem deur die S.U. en die Taalbond gesamentlik; die Laer-Afdeling word uitsluitlik deur die S.U. beheer, terwyl die ander afdelings in die hande van die Taalbond is. 'n Sentrale komitee, die G(esamentlike) E(ksamen-) K(ommissie) genoem, kom jaarliks byeen om oor gemeenskaplike sake te beraadslaag en die verdere politiek te bespreek. Party lede van die S.U. was op die kongres van 1924 bitter teen so'n amalgamasie, en selfs vandag het hulle nog telkens rede om die teenstand van toe as geregverdig te beskou.¹⁾

By 'n baie belangrike kruisplek het die Kongres van 1927 gestaan ten opsigte van sy eksamens toe mnr. C. M. Booyen 'n beskrywingspunt ingedien en bepleit het wat daarop mik dat die S.U. ook Engelse eksamens moet instel. Die Kongres is gelukkig nie deur die moontlike finansiële bate verblind nie, maar het by die beginsel gestaan dat die S.U. nie vir Natal Engels moes leer nie, en daarom is van die saak na 'n langdurige bespreking eindelijk afgestap.

¹⁾ Mededeling van S.Ed. Min. E. G. Jansen.

Veel waardevoller was 'n ander poging (in 1929) om die Ve. te laat lees, deur elke maand 'n boek voor te skrywe en aan die einde van die 30 dae 'n lys van inhoudsvrae op te stel, aan die antwoorde punte toe te ken en pryse aan die beste kandidate uit te loof. Die redakteur van die kolomme in daardie tyd het 'n taamlik noukeurige skema uitgewerk, wat deur die eksamenkommissie bespreek en in hoofsaak aangeneem is; die plan is uitgevoer maar is doodgebore weens gebrek aan ondersteuning. As dit is omdat die boeke al te goed bekend is, dan is die sterfgeval een wat tot blydskap moet stem in ons eksamenmaltyd!

Die eksamens is vandag die S.U. se geldbeurs. Alle kommissies en die hoofbestuur word hoofsaaklik uit hierdie „bank” voorsien van middele.

Vanaf 1923 het hierdie bron nooit opgedroog nie. As die gelukkige dag aanbreek dat die S.U. nie meer vir Suid-Afrika deur eksamens hoef Afrikaans te leer nie, d.i. as hierdie bron van inkomste gestop raak, sal sy bykomstige waarde besef word. 'n Mens kan amper die waarskuwende winterboodskap van Gezelle se raaf hier laat klink: „Spaart!”

Nog in een opsig is probeer om die Afrikaners aan te moedig om hulle moedertaal te besig tot voordeel van die lesers van die kolomme, en van die taal in die algemeen. Die eksamens is maar die begin, dit help jou om korrek te spel en te skrywe. Hierdie bekwaamheid moet verder ge oefen word, daartoe het die K.S. die geleentheid verskaf deur die kolomme vir lede van die S.U. oop te stel. 'n Mens kan jou goed voorstel hoe twyfelmoedig baie sou gevoel het oor hulle joernalistieke talent — sulke persone het behoefte aan aanmoediging wat op verskillende maniere kon gegee word, soos deur persoonlike aansporing of die vooruitsig op tasbare beloning. Vir 'n huiwerige beteken die tasbare altyd die meeste. In die beginstadia van opstelskrywe gee die onderwyser die kind een of meer onderwerpe aan die hand en leer hom langs die weg geleidelik om sy krag te leer ken — hy ontdek die kind aan homself. Wanneer hy reeds sterk is en homself al ken, 'n besef van sy eie-

waarde het, sal hy ook sy beste bydrae in sy sfeer van krag kan lewer. Dit is naasteby die gedagtes wat vir Rabie in 1905 bewus of onbewus voorgeswewe het, en wat mevrou Jansen nou ook weer in die gebied van werklikheid wil oorbring, met minder sukses egter as Rabie. Sy het prysvrae uitgeskryf en boekpryse belowe aan die wenner in die opstelwedstryd. Die doel is om skrywerstalent aan die dag te bring; sy meen dat die joernaliste van Ve. hier 'n pragtige geleentheid het en moedig hulle veral sterk aan om nie op hulle te laat wag nie. Almal word egter uitgenooi om in Afrikaans (die hoofvoorwaarde!) te skrywe oor die onderwerp „Afrikaans as Voertaal” (let op die propagandistiese strekking), of om 'n oorspronklike verhaal in die taalvorm op te stel, en dit alles aan haar te stuur nie later as die 31ste Desember 1917 nie. „Ik sou graag sien dat onse jongmense in Natal meer skrywe...” Die kindertjies word ook nie vergeet nie, hulle kan maar briefies stuur. Die getal deelnemers was maar klein; 8 opstelle en 7 briefies van kinders is ontvang. Heel interessant en lewendig vertel is 'n oorspronklike reisverhaal deur J. M. Jooste; J. J. Grove het die prysopstel gewen, en die 13jarige P. R. Spies die prys vir die beste kinderbriefie.

Om net die dorre notule van gehoue vergaderinge aan die K.S. vir publikasie te stuur beteken om nie leeslus aan te moedig nie, sê sy. Die K.S. het ook hier probeer help en aanmoedig. Van die taksekretarisse word 'n lewendige beskrywing verwag van wat op die vergadering plaasgevind het, dit moet 'n stukkie kunswerk word met kleur en geur, met agtergrond en met karakterisering, die figure moet iets van die tekenende werklikheid besit. Aan die sekretaris wat die beste verslag opstuur word 'n boekprys geskenk as aanmoediging, of liewers, die boek dien as lokaas. Van die 9 boekpryse wat uitgelooft is oor 1917 en 1918 is twee deur *Die Afrikaner* gegee en die ander is bekostig uit die sak van die K.S.

Hierdie saak van droë notule is een wat baie keer op die kongresse in afwysende sin bespreek is; of daar al baie

voortgang van die tyd af te bespeur is trots herhaaldelike prysuitflowing, kan 'n betwisbare punt wees. Dit is egter verblydend om te merk dat daar party persone is wat eer verdien om hulle poginge om die notule boeiend op te stel. Al is daar maar net *een* bekeerde sondaar, is die blydschap al groot.

Toe die kolomme vir die S.U. van so groot betekenis geword het, was daar dikwels die gedagte om dit as 'n aparte blaadjie uit te gee. Op die Vryheidse kongres (2de) van 1918 is 'n besprekingspunt (no. 4) in die voeë ingedien, maar dit is gevoel dat die finansiële las vir die Unie te groot sou wees. Tog het die besware nie vir almal as oortuigend voorgekom nie, en op die volgende (Ladysmithse) kongres is die saak weer ter sprake gebring. Hier is baie kwaai oor die punt geveg, die vinnige woordewisseling oor die orgaankwessie was aanleiding dat die heer J. C. du Plessis, wat uitgeblink het in die gee van byname, die tekenende naam „Orkaan-kongres” in gebruik gebring het. Die advokate van 'n selfstandige blaadjie het eindelijk hulle sin gekry, en op die 18de Julie 1919 het die eerste nummer van vier bladsye verskyn. Op die vorige kongres van die N.C.V.V. het mevrou Jansen, die warme pleitbesorgster vir so'n blad, steun gesoek van die vroueliggaam in geval die S.U. tot die voorgenome stap oorgaan. Die gevoelens was dat die N.C.V.V. nie die eerste stap moes neem nie, maar die S.U. sou help en 200 intekenare waarborg mits voldoende ruimte aan hulle afgestaan word.¹⁾ Van hierdie belofte het egter niks gekom nie.

Die aflewering was baie ongereeld. Op die Wintertonse samekoms is besluit om voort te gaan met die publikasie, maar in September 1920 is die aparte uitgawe om geldelike redes gestaak. Oor hierdie lang tydperk van 15 maande het net 16 nummers in plaas van 30 die lig gesien. Die intekeningsgeld van 5/— per jaar was dus baie hoog — amper 1d. per pagina! Ongelukkig was subskripsiegelde

¹⁾ *De Afrikaner*, 4/4/19.

die enigste bron van inkomste. Die here G. F. de Wet en Johannes J. Boshoff het 'n deeglike rapport oor die besigheidskant van hierdie publikasie uitgebring en wenke aan die hand gegee insake die stywing van fondse, druk, e.s.m., maar trots hulle optimisme is weer tot die ou reëling van twee kolom per week in *Die Afrikaner* teruggegaan. In 1923 het mevrou Jansen haar genoodsaak gesien weens ander pligte om as K.S. te bedank. Ag jaar lank het sy geïnspireer en nuwe moontlikhede geopen. Gedurende die tyd het sy haar beste kragte aan die S.U. gegee sonder om die een oog op die moontlikhede van materiële wins te hou. Haar wins is die erkentlikheid van die nageslagte vir haar dienste. Die plek van K.S. is gevul deur mevrou O. Maarschalk¹⁾ wat weer deur mej. E. van Rensburg opgevolg is in 1925. Die werk het so toegeneem, dat dit eindelijk besluit is om die kolomme onder 'n redakteur te plaas, en die sekretariële verantwoordelikhede aan iemand anders op te dra. Die eerste offisiële redakteur van die S.U. was dr. J. J. Dekker.²⁾ Weens verandering van werkring het dr. Dekker bedank toe die vakature gevul is deur aanstelling van skrywer hiervan. Op die kongres van 1929 op Weenen het 'n kommissie wat die wenslikheid van 'n aparte uitgawe van 'n eie orgaan moes in behandeling neem gerapporteer dat hulle bevindinge ten gunste van so 'n stap was. Die moontlikheid om dit as 'n byvoegsel van *Die Vooortrekker* te laat verskyn, is ook verwerp. 'n Sterk redaksiekommissie bestaande uit dr. P. C. Schoonees (redakteur), ds. A. J. V. Burger, mnre. W. M. Kalmyn, O. Maarschalk en H. P. Malan (sekretaris) word vir die blad verantwoordelik gehou. In September 1929 is die eerste nummer afgelewer en sedertdien verskyn dit gereeld halfmaandeliks. Die blaadjie van omtrent 24 kwarto-paginas, in vaal aangetrek, met die S.U.-wapen op die eerste skutblad, maak 'n baie net indruk. Die finansiële vooruitsigte vir die uitgewers,

¹⁾ Van 1/6/'23 af.

²⁾ Hy het 22/7/'27 begin.

die Natalse Pers, moet goed wees. Uit die kas van die eksamenkommissie word jaarliks nog £ 80 betaal, daarby is effens meer as die helfte van die orgaan netjies gelaai met advertensies, en bowendien is die subskripsie vir nielede 7/6 per intekenaar. Lede van die S.U. ontvang die eerste jaargang gratis oor die pos.

Wat die inhoud betref kan vasgestel word dat daar leiding van die orgaan uitgaan. Nuwe ideale word aan vereniginge voorgehou, ten opsigte van die opstel van joernale, oor kunsaaude, boekerye e.s.m., lede word aangespoor om tipies-Afrikaanse uitdrukkinge en woorde te versamel en op te stuur; afleiding van woorde word bespreek, teen anglismes word gewaarsku en die regte Afrikaanse terme aangegee. Dit sal mooi wees as ander folkloristiese stof ook versamel word, soos bygelowe oor besoek aflê, oor dood, droogte en reent; raaisels en volksliedere met hulle variante, dialektiese afwykinge, boererate vir ongesteldhede en veesiektes en wat alles hiertoe behoort. Die pad, vroeër deur *Die Huisgenoot* betree en toe verlaat, kan gerus deur Natal, wat alreeds op die gebied van die Afrikaanse taal- en kultuurgoedere so dikwels baanbrekend werksaam was, deur middel van die S.U. se orgaan bewandel word!

In die blad is ook ruimte vir verenigingsnuus, wat onder 'n aparte rubriek gereeld verskyn, persklaar gemaak deur mnr. H. P. Malan. Die bladvulling is partykeer grappies, maar meesal spaanders wat uitstekend goed is om die vure van gedagtes aan die brand te hou.

Die Saamwerk leer die lede van die Unie om hulle taal en kultuur te waardeer, om te lees en te skrywe, en vir die groot saak altyd *same-te-werk*! 'n Yweraar vir die Afrikaanse kultuursak soos die redakteur is tewens ook 'n blywende waarborg vir die suiwere toon wat sal opklink uit die werkwinkel, en vir die vertroubaarheid van die bande daar gesmee! *Experimentia docet!* vir die toekoms! ¹⁾

¹⁾ In 1932 (Greytownse Kongres) het dr. Schoonees bedank as redakteur. In sy plek is benoem mnr. Lucien Biebuyck, M.A., wat reeds vroeër as sekretaris opgetree het.

(c) ANDER WERKSAAMHEDE.

Op die Ladysmithse Kongres (1919) het die sekretarispenningmeester, dr. G. Besselaar, in sy verslag o.m. gesê: „Wat hom (die S.U.) nou voorlê, is toeneming, nie soseer in aantal Ve. nie, al is daar nog ruimte voor, maar toeneming in innerlike krag.” Dit is presies wat gebeur het. Waar 'n loot uitspruit, word hy groot en sterk. Orals is die S.U. bedrywig en word opgebou. Hierdie werk word veral deur die subkommissies voortgesit, van die resterendes is die Wedstryekommissie seker die belangrikste. Die eerste wedstryd is op die tweede kongres gehou;¹⁾ in 1921 is die afdelings sang en resitasies geskei, omdat die getal inskrywings so vinnig gegroei het. In hierdie jaar is 9 wisselbekers en geldpryse beskikbaar gestel vir die wennende mededingers. Op die volgende geleentheid word vasgestel dat persone bo 16 jaar wat wil meedoen 2/6 vir elke kompetisie (oop) moet betaal, terwyl dit vir Natalse kinders van 16 jaar en jonger vry is, behalwe die oop-„items”. Op die hoofbestuursvergadering van 8 Augustus 1922 is gevoel dat hierdie werksaamheid so in omvang toegeneem het, dat 'n komitee van twee (met reg van toevoeging) benoem is om, onder die toesig van die Hoofbestuur, vir die reëlings aangaande die resitasies, sang, musiek en debatte gedurende die kongressitting verantwoordelik te wees. Die eerste kommissie het bestaan uit mevrou Jansen en mnr. C. M. Booyen. In 1927 is die ledetal uitgebrei tot vyf. Verskeie kere al is bevoegde beoordelaars van elders gekry, soos mej. Lenie van Rooyen (nou mevrou Sutherland), Stephanie Faure, mevr. prof. Boshoff en mnr. Danie Smal. Die belangstelling in die wedstrye is so groot, dat dit gedurig uitgebrei. In 1929 is nog pryse uitgelooft vir die beste tekenwerk van kinders onder 11 en onder 16 jaar en vir esteties

¹⁾ *De Afrikaner*, 7/6/18.

lees; in 1930 is ook afdelings in naaldewerk en koekversiering oopgestel; die som geld wat deur die hande van die sekretaris-penningmeester in 1929 gegaan het, het £60 beloop. Daar is herhaaldelik op die wenslikheid gewys om 'n Afrikaanse Eistedfodd vir Natal te hou soos in die Vrystaat en in Kaapstad en Johannesburg vir die twee onderskeie provinsies Kaap en Transvaal. 'n Finansiële sterk liggaam soos die S.U. kan gerus langs die weg probeer om die werke van die beste Afrikaanse skrywers en komponiste in Natal meer en meer ingang te laat vind en by die gehoor waardering daarvoor te wek. Om aan te toon hoe hierdie kunsaaende inslaan, kan 'n getuienis van 'n afgevaardigde na die Dundee-kongres in 1922 aangehaal word: „Dat Dundee geslaag het om die gesellige aand genotvol te maak, bewys die volkamer, waar ons soos erdwurms gesit het en die gesellige gees wat daar geheers het onder die erdwurms. Sy toppunt het die Kongres bereik met sy voordrag- en sangwedstrye.”¹⁾

Daar is waarlik geen mooier bewys van die goeie werk deur hierdie kommissie verrig as juis om te sien hoeveel Engelssprekende kinders met hulle Afrikaanse landgenote meeding in die voordrag van Afrikaanse stukke nie!

Hierdie afdeling van die S.U. is sover in die gelukkige posisie gestel gewees om sy eie olie vir sy masjinerie te koop deur die vrye gifte van kongresgangers in die vorm van bekere, oorspronklike skilderstukke van Suid-Afrikaanse kunstenaars en geld, en deur die inname by die deure die aande wanneer die publiek toegelaat word om na die beste deelnemers te kom luister.²⁾

'n Besoekkommissie is ook gedurig besig om sy drieledige opdrag te vervul „om vereniginge te besoek; om belangstelling op te wek en propagandawerk te doen, en om nuwe

¹⁾ *Die Afrikaner*, 9/6/'22. Die „sittende” erdwurms is boonop iets nuuts!

²⁾ Die voorsitter van die komitee sedert 1929 is mnr. H. P. Malan. Een van die ondernemendste komiteeledes is mej. H. van Pletsen, aan wie se organisasietalent die wedstrye veel te danke het.

vereniginge te stig". Hulle is die repareerders, en het 'n taamlik moeilike, en in sekere mate, ondankbare werk om te verrig. Die werk is veel vaer as die van die ander bykommissies reeds genoem, en laat veel meer aan individuele optrede van die lede oor as by die ander die geval is. Sedert 1927, toe dit in die lewe geroep is, is al veel aanmoedigingswerk gedoen. Die belangrikste voorbok hier is bepaald die heer Kalmyn uit Ladysmith.

Die saak van boekerye is ook al dikwels aangepak. Op die 1918-kongres is besluit dat elke Vereniging sy bes sal doen om 'n paar boeke aan te skaf.¹⁾ In party van die jaarlikse ronds krywes is ook gevra hoeveel werke vereniginge op hulle rakke het. Waar die Afrikaanse boeke nog maar min in getal en die werke in Nederlands vir die meerderheid so-te-sê onbekend is, is die moeilikheid gevoel om te weet watter werke die moeite werd is om te hê en watter nie. Aan sekere persone is toe op die volgende kongres opgedra (1919) om 'n lys van geskikte boeke vir biblioteke op te trek en die verskillende Ve. dit te laat kry, asook lyste van goeie debatsonderwerpe, reëls vir D.Ve., 'n sillabus van Vaderlandse,²⁾ Bybelse en Kerkgeskiedenis; asook om leiding in die studie van letterkundige werke te gee.³⁾ Maar die eintlike propagandis vir boekerye is dr. P. C. Schoonees na sy terugkeer uit Amsterdam gewees. Die Uitleen-biblioteek van die S.U. is van Pietermaritzburg na Vryheid verplaas waar dr. Schoonees sy troetelkind kan oppas. 'n Stelsel van boekkissies, wat 'n sekere aantal boeke bevat en dan aan vereniginge vir 'n sekere tydperk gestuur word om deur die vereniginge aan die buur-

¹⁾ Vgl. *Die Afrikaner*, 13/9/'18 en 29/9/'18.

²⁾ F. D. H(ugo) het die studie van die Twede Hollandse Tydperk aan die Kaap gelei met saaklike en interessante toeligtiginge — Vgl. *Die Afrikaner*, 19/1/'23 e.v.

³⁾ Dr. G. Besselaar het in vloeiende styl gehandel oor literêre waardering, en as voorbeeld van bespreking *Trekkeerswee* van Totius gekies, vgl. *Die Afrikaner*, 12/1/'23 e.v.

vereniginge in die sirkel aangestuur te word, is in werking. As iemand dit kan regkry om die Afrikaner wat nog altyd afsydig van die boekewêreld staan, te leer om werke in sy eie taal te lees, dan het hy teweeggebring wat duursame bewondering, en van die nuwe leser se kant, blywende dankbaarheid sal afdwing. Met belangstelling word die uitslag van hierdie proefneming gadeslaan; uit die stelsel waarop die Carnegie-rondgaande-boekerye werk word in hierdie metode van rondstuur voordeel getrek, 'n metode wat gebaseer is op die juiste beginsel om die boeke na die man te bring, as die man nie na die boeke toe wil kom nie. Wat so 'n kommissie absoluut nodig het om die metode met sukses te kan toepas gedurende die proefperiode, is geld, en geld hier bestee is goed bestee!

(d) DIE HOOFBESTUUR.

Die geheim van die beweging se krag lê in sy Hoofbestuur, lê by die lede waaruit die sentrale uitvoerende raad samegestel is. Hulle is die room, die roem van die Natalse Afrikanerdom. Persone wat die hoogste sport van die amptelike en sosiale leer beklim het, word hier in die kring aangetref: die eertydse Speaker van die Volksraad en teenswoordige Minister van Naturellesake en Besproeiing in die Nasionale Ministerie, (was sewe jaar lank voorsitter, sonder enige geldelike beloning gekry te hê; sewe jaar lank het professor Besselaar die Unie as ere-skrywer gedien; die teenswoordige Superintendent van Onderwys het vier jaar lank as voorsitter opgetree. Dis manne saam met die ongenoemdes wat hulle hande in hulle verskillende werkringe oorvol het, maar wat nie, sodra poste in ander kringe hulle toelag, hierdie erewerk vaarwel sê nie. Dit word 'n besonder eer beskou om op die Hoofbestuur geplaas te word. So het dr. Besselaar b.v. getuig: „Die S.-Unie met sy veelvuldige werksaamhede het gehad 'n groot deel

van my tyd, 'n groot plaas in, of liewers, 'n groot stuk van my hart...." (1926).

Een van die vernaamste redes waarom die Unie soveel krag kon uitoefen, is omdat die Natalse Afrikaners dit verstaan het om hulle beste talente in die diens van hulle taal en saak te eksploiteer tot eer van die Skepper.

Dat die Unie nie onerkentlik teenoor die vernaamste kampvegters is nie, word bewys deur die feit dat sulke persone wat hulle ten opsigte van die Unie verdienstelik gemaak het, vereer word met 'n ere-lidmaatskap of ere-voorsitterskap.

Vandag is die naam van die Unie oor heel Suid-Afrika en nog verder bekend deur die taaleksamen, maar dit het ook al dikwels vir ander organisasies as model voorgesewe. Op die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie van 1929 het dr. P. C. Schoonees 'n uitbreiding vir ons hele land bepleit van dieselfde beginsels waarop die S.U. gebou is. Deur daad en deur voorbeeld laat die beweging sy heilsame invloed geld! Die leuse bly: Saamwerk!

Dit bring 'n mens tot die demokratiese beginsel. Hierdie Hoofbestuurslede word gekies deur die hele kongres. Die afgevaardigdes verteenwoordig weer die verskillende takke uit hoofde van die feit dat hulle by meerderheid van stemme tot die taak geroepe is. Want agter hulle staan die groot ledetal van die Unie. Dit is die fondamentklippe van die beweging. Die werklike gesondheid en lewenslus word bepaal volgens die belangstelling, ywer en daadwerklike steun van die lede wat eintlik wegsink agter die leier. Hierdie aspek verloor die touleiers nooit uit die oog nie: alles word gedoen uiteindelik vir die bate van die steunende skare van Afrikaanse „jongelingskap en maagdedom”, soos al aangetoon is.

Maak die individuele lede sterk, is nog altyd die wagwoord gewees vanaf die prilste jeug van die S.U. Lê die fondament heg! Waar hier en daar van die lede is wat 'n blik gewerp het in die verlede, die boeke opgemaak het en bereken het hoeveel hulle aan DVe. te danke het, daar

tref een toon ons altyd: van 'n weifelaar tot 'n krag.¹⁾ Vir 'n beweging wat so sy lede, of om juister te wees, lede van die Afrikaanse volk, bewys maak van geestelike goedere, van hulle taal en kuns, en wat boonop nog ywerig besig is om die lede aan te moedig om die geestelike besit te help vermeerder, moet die toekoms veel oorhê aan wat die wêreld noem: dankbare erkentlikheid!

¹⁾ Odendaal en de Jager: *Viering van Dingaansdag*, is baie belangrik om te bewys wat sulke vereniginge vir die Vrystaat in die Vooroorlogsdag ('99—1902) beteken het. Vir 'n geval in Natal vgl. Miemie Esterhuysen in *Die Afrikaner*, omstreeks April 1929.

HOOFSTUK IV.

Oor die Toestande Vandag.

(Ne quid falsi audeat, ne quid veri non audeat,
historia — Cicero.)

Uit die voorgaande het dit geblyk hoe baie in 'n kort tyd gewen is, as van die zeropunt getel word, maar hoe min die „baie” werklik is as van die ideale punt gereken word. So algemeen is die miskenning van die Afrikaanse taal in die stede en in die dorpe dat die indruk wat die vreemdeling kry seker altyd is dat daar geen Afrikaners in Natal woon nie.

Die handel is Engels. Dat alle korrespondensie in die taal gevoer word is nie iets om teen te protesteer nie; die winkeliers wat by ander en buitelandse firmas hulle inkope doen is kliënte van daardie handelsplekke, en moet die wêreldtaal gebruik waarin hulle die bestellings van hulle standpunt uit die doeltreffendste kan plaas. Maar teenoor die kopers word hierdie beginsel nie altyd konsekwent gehandhaaf nie — daar is 'n dubbele standaard van wat-moet-wees. Hoewel in die Natalse hoofstad by 'n 3,000 Afrikaners woon, wat hulle geld hier spandeer, en een van die twee wettig-erkende landstale praat, is in die hoofstad twee agteraf-besighede waar Afrikaans op die kennisgewingsborde 'n tweede plek inneem. Alle advertensies, opskrifte op die winkelruite, prysopgawes, naamborde, kwitansies en meer, is eentalig. Dit is die gewoonte vir jare reeds, en 'n konserwatiewe of selfvoldane volk kom net met moeite uit 'n groef. Een keer was daar geleentheid om oor sakemanne se taaldaad te juig, toe die bekende seuns-

en mansuïtrusters, die gebroeders Mackenzie, Kerkstraat, Pietermaritzburg, „vir die eerste keer in die geskiedenis van Natal”¹⁾ die firma ook in Afrikaans op die trems bekend gemaak het. Die verslaggewer gebied ons om „hoed af” te haal! Maar hierdie geval het waarskynlik ook die Spaanse Griep gekry. Die reël sonder ’n uitsondering is dat die eenaars van die winkels of ander besighede teen tweetaligheid is, onder voorwendsel van die onkoste. So het die afgevaardigdes van die Pietermaritzburgse Kamer van Koophandel, die here D. F. Forsyth en P. H. Taylor, wat namens hulle stad voor die Finansiële Komitee van Ondersoek in 1923 moes getuienis aflê, albei verklaar dat tweetaligheid oorsaak is van onnodige uitgawes en afgeskaf moet word!²⁾ Dis die gesindheid van die hoofstad se sakemanne, persone wat gewoonlik daarop uit is om hulle klandisie tevreedenheid te gee. ’n Logiese gevolgtrekking is tog, dat as die Hollandse taal onnodig vir hierdie stad is, die geld van die Afrikaners ook onnodig is. Om taal en nasionaliteit hier so same te bind waar dit Afrikaners of Engelse in Suid-Afrika betref, is geregverdig. Hierdie verbinding is trouens ook een wat deur Engelse herhaaldelik self gedoen is — soms op ’n ongeoorloofde wyse; taal en politiek word nie eers geskei nie! Een voorbeeld van elk van die twee beweringe sal voldoen. Gedurende die vlag-agitasie in 1927 is sekere Durbanse firmas opgebêel deur „ons-moet-nog-naamloos-bly” en gevra of hulle Afrikaners in diens het, indien dit wel die geval is, word hulle aangeraai om die persone dadelik te ontslaan anders sal die firmas geboikot word.³⁾ Asof ontslag die vlagvraagstuk gaan oplos! Dis die soort van empaaier- en maagpatriotisme wat soveel „kwaad bloed” veroorsaak, of dit nou by die Engelse of Afrikaanse ekstremiste aangetref word! Daar word uit baie nog een staaltjie gegee. Iemand vertel in

¹⁾ *De Afrikaner*, 18/10/18.

²⁾ *Die Afrikaner*, 23/1/23.

³⁾ *Die Afrikaner*, 17/6/27.

'n publieke nuusblad hoedat 'n dame 'n sekere firma in Afrikaans oproep, en die hoofklerk aan die enigste Afrikaanse lid van die staf die opdrag gee: „There is a lady speaking on the phone, please speak to her through the Nationalist Medium.”¹⁾ Dit is juis die persone wat verantwoordelik is vir die gees van die plekke wat hierdie houding inneem. Dit kan bestempel word as die uitlatinge van heethoofdige ekstremiste, maar waarom is daar dan nog geen tekens van die verdraagsames se versoenende houding nie, waar bly die bewyse van opregte, hartgrondige moderasie? In woorde? Dan is dit te min! 'n Advertensie-werwer vir 'n hollandse uitgawe ken baie en bittere staaltjies!

Soos dit in die handel gaan word dit in alle verwante besigheidsvertakkinge gevind, in die nywerhede, fabriekie en in die wêreld van die werktuigkundige. Wie kan hom in ons land in 'n kring beweeg wat nie deur die sirkels van direkte en/of toegepaste handel gesny word nie? Dus, wie kan die Engelse invloed van hierdie gebiede ontgaan?²⁾ Niemand — en daarom is die plig nie ontvlugting nie, maar versterking van swak vestinge, en verowering van forte wat die Afrikaanssprekende verloor het maar 'n reg het om in vennootskap te besit — respekafdwingende konstruksiewerk dus!

Die sport is totaal Engels. In Natal is vandag een sosiëteit vir Afrikaners, op 'n paar plekke is Afrikaanse tennisklubs, maar daar eindig dit. Die getal besoekers van die Transvaal en Vystaat na die Natalse kusoorde gedurende die wintermaande is duisende, maar geen enkel uithangbord wat hulle in die moedertaal, as dit nie Engels is nie, vriendelik toelag en die pad wys na 'n badplek, gashuis of vrugtewinkel nie! Die bioskoop en teater praat hier soos in die res van die land net een taal. Die lied en sangstukke pas in hierdie geselskap.

Om 'n verdere opsomming te probeer gee is onnodig,

¹⁾ *Die Afrikaner*, 4/10/21.

²⁾ Vgl. E. Richter: *Fremdwortkunde*, pp. 45—92.

want dis of 'n mens in 'n vlakke-eindeloosheid grassprietel. As die van 'n betreklik homogene iets goed beskou is, en die omvang van die geheel negatief beskrywe is, word die opsomming soms net dor. Immers, „Geschichtschreibung ist Erfassung der wirksamen Vorgänge (einer Vergangenheit) und ihre Zusammenfassung zu einer inneren Einheit”.¹⁾

'n Paar vrae verdien egter nadere beskouing. Hoekom heers die, (volgens artikel 137 staatkundig-onwettige) eentaligheid in die administratiewe kringe en by die koopmanstand in Natal? Die vernaamste rede is dat daar nog twee volksiele in Natal is, 'n Suid-Afrikaans-nasionale en 'n Engels-imperialistiese. Tot die eerste groep behoort byna alle Afrikaanssprekendes, en 'n groot skare Engels-sprekendes, wat na die Verenigde State van Amerika as 'n regverdiging van hulle opvatting wys; in Natal is veral die ander groep sterk in die meerderheid. 'n Verandering van uitsig oor volksake gaan net met baie groei-pyne, soms ook nog met storting van bloed, gepaard. Elke seksie wil in beskerming teen sulke pyngewaarwordinge die pynigende elemente uitkakel deur alles wat daaraan herinner weg te doen. Hoe sterker die aksie hoe kwaaier die reaksie. Hierdie reaksie openbaar hom op alle moontlike en denkbeeldige gebiede.

Natal word beskou as 'n suiwer Britse besitting, die Afrikaners word as Boere geregistreer, en as sodanig as 'n oorwonne ras beskou. Dit is ook die opvatting van byna alle vreemdelinge. As sentiment afwesig is, word 'n oorwonnene genadeloos deur 'n toeskouende wêreld behandel: So moet die Boer ook nog veg teen die uitslag van die oorlog van 1899—1902.

Sonder om politiek in hierdie werk te sleep, kan tog aangetoon word dat vir byna alle stedelike Engelssprekendes van Natal die verhoogde status van Suid-Afrika soveel

¹⁾ *Geschichte des Altertums*, deur Eduard Meyer, 1921, S. 209, aangehaal deur J. H. Malan in *Die Opkoms van 'n Republiek*, Bloemfontein 1929.

beteken as niks. Die status streef nie die gevoel van nasionale eie-waarde nie.

Waar nou geleentheid is om 'n taal te gebruik, kry Engels die uitsluitlike voorkeur by Engelse, ook teenoor die oorgrote meerderheid van enige ander volksdeel. Langenhoven sê dan ook treffend: „For essentially there are (vir die Engelsman) but two nationalities upon the earth: the English and the not-English” — terwyl die beskaafde Europese vastelander as 'n meertalige tog 'n ander maatstaf erken en aanneem.¹⁾

Naas hierdie feite staan ook nog dat Engels die handeltaal van die wêreld is. Amerika het hiertoe sy deel bygedra, van Australië begin 'n mens ook al te hoor. Dit alles werk verder mee om die Engels-nasionale meerderwaardigheidsgevoel te versterk. In Natal is die handel, sover die Koelie dit nie ingepalm het nie, in die hande van Engelssprekendes.

Daarom is die advertensietaal in die eerste plek Engels. Tog is die taal van die winkel die van die klandisie. So is dit orals in die wêreld. In hierdie provinsie is die Engelse element vandag in getalle verreweg die sterkste, so selfs dat die ander element in die stede nêrens in aanmerking kom nie. Gestel dat 'n Afrikaanse kind by so 'n winkel kom, en niks van sy land of volk af weet nie. Die indruk wat die prysopgawes en borde op hom maak, is dat hy hier net in een taal kan geholpe raak. Die mag van suggestie is groter as die gewone mens wil toegee!

Van die winkel gaan dit na ander departemente — en die voortjie eenmaal oopgespoel word al breër uitgekwalwe en dieper ingesny. As so 'n persoon wel 'n Afrikaanse handelsplek binnegaan, koop hy, om van beslommernis en moontlike belediging gevrywaar te wees — nie in sy eie taal nie. Ook aan die staatsdepartemente skrywe hy liewers in Engels. Om so iemand weer terug te win, te genees van sy taalinferioriteitskompleks, is amper net so moeilik as om 'n Mohammedaan soos 'n Christen te laat

¹⁾ *Republicans and Sinners*, pp. 9—10.

lewe en te laat dink, en een vrou te besit en haar te respekteer as sy gelyke!

Boonop kom nog by die Afrikaner 'n bietjie pronksug en weggee-erigheid. Nes elke persoon in die wêreld ('n Engelsman en 'n Amerikaner miskien minder) is die Afrikaanssprekende trots daarop dat hy meer as sy eie taal kan praat, dat hy byvoorbeeld Engels ken. As die geleentheid hom voordoen, spog hy met sy talevaardigheid soos 'n babatjie met sy speelgoed, 'n dogtertjie met haar mooi rokkie. Dit is iets kinderliks wat hom die idee van eie-belangrikheid, van „net ek!” gee teenoor baie ander. Ewe opvallend is die na-aapsug, van 'n ook-belangrikheid, 'n „ook ek!” teenoor die groteres in die samelewing. Hierdie skynvernaamheid openbaar hom in die gebruik van sekere Engelse woorde en uitdrukkinge om die eie Afrikaans te kleur, om 'n taalonding voort te bring, 'n produk soos „You know, Johnny, die opmieksery van die taal is darem 'n shame, maar ek worry my nou nie meer daaroor nie!” Ons praat hier natuurlik nie van motiewe soos eufemisme nie!¹⁾

Die Natalse Engelsman spog vandag nog selde met sy kennis van Afrikaans, as hy miskien kon, en byna altyd met sy gebrek aan kennis van Afrikaans. „I don't talk Afrikaans!” word so dikwels soos 'n eretitel uitbasuin, Engelse taalisolement word verheerlik. Op Afrikaans word neergesien as op iets laags. Vergeefflik is vir 1914 die *Natal Witness* se houding, hy noem dit *geen taal* nie, dis net 'n patois, „a jargon”,²⁾ en die hele klomp objeksies teen die taal moet weer verbyparadeer soos vroeër in al die ander provinsies — teenwerpinge wat te oorbekend is om weer te herhaal.³⁾ Interessant is in hierdie verband wat die

¹⁾ Vgl. E. Richter, t.a.p., bls. 50: „Die reizvolle Gewalt des Fremden . . . hat in Deutschland einen besonderen Grad erreicht: sie hat es bewirkt, dass, wo immer wir in Reihenbewertungen deutsche und fremde Ausdrücke besitzen, das Bessere, höher Eingeschätzte stets mit dem fremden Wort bezeichnet wird, das Mindere, Verachtete, mit dem Deutschen.”

²⁾ Vgl. *De Afrikaner*, 19/6/14.

³⁾ Vgl. Pienaar, *Taal en Poësie*, hoofstuk I.

hoof van die Pietermaritzburgse Kollege by geleentheid van die elfde Kongres van die N(atal) T(eachers') S(ociety) in Durban gesê het: „In al hierdie vorentoe-druk van tweetaligheid moet ek erken dat ek graag sal wil sien dat hierdie aspek meer besef word naamlik dat wanneer 'n Hollandssprekende Afrikaner Engels leer hy dit doen feitlik uit die drang van noodsaaklikheid terwyl dit waar is dat wanneer 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner Hollands-Afrikaans leer hy dit hoofsaaklik uit hoflikheid doen!”¹⁾ As hierdie verantwoordelike hoof van 'n groot en beroemde seunskool sy maatstaf van hoflikheid gaan aanlê op die Natalse Engelse, kan hy dalk skaam word! Dit is opmerklik dat hy nie net van Natal praat nie, maar van Suid-Afrika, ook van die Vrystaat!

Reeds in die Inleiding het ons op die noodsaaklikheid gewys om die Engelssprekende in Natal te verstaan op 'n simpatieke wyse. Soms gaan dit moeilik — dit wil ons toegee, maar dan vereis dit ook 'n groot gees om sulke dinge te begryp, veral as die behoud van die eie volks-goedere daarmee gemoeid is. Net deur te begryp, goed te begryp, kan ook goed hervorm word. Trouens, alles toon juis hoe nodig dit is om te hervorm.

Natal behoort vereers aan Suid-Afrika. As gelet word op gevalle soos België, waar twee rasse (maar saam vorm hulle tog een volk), waar twee rasse vir byna twintig eeue teenmekaar staan, waar elkeen tog nog sy eie nasionale persoonlikheid bewaar, selfs met al die menigte faktore wat meewerk tot 'n moontlike versmelting, dan begin 'n mens nie meer wonder watter taal dit eendag in ons land gaan wen nie. Dit is hier nie die plek om die punt te bespreek nie. Tog wil ek my vaste oortuiging baie duidelik uitspreek: Die twee persone wat verantwoordelik is vir die insluiting van artikel 137 in ons Grondwet, en vir die beskerming daarvan in art. 145, nl. S. H. E. pres. Steyn en S. E. genl.

¹⁾ *Die Afrikaner*, vertaling aldaar! 23/8/'26.

Hertzog, het ver en goed in die toekoms gesien: In Suid-Afrika sal, so lank as ons Europese beskawing suid van die Sambesia bewaar bly, die twee tale, Afrikaans en Engels, gepraat word. In watter verhouding hulle tot mekaar te staan kom, maak nie saak nie. 'n Plattelandsbevolking is te-meer nog behoudend van aard, selfs in 'n jong land. Kom besoek die na-oorlogse België eens, vergelyk ou-Dixmuiden met die nuwe Dixmuiden van 1918 — en dit is nie eers 'n geval van 'n „plattelandskultuur” nie.

Met dit alles lyk dit vir my maar dwaas vir 'n verantwoordelike skoolhoof, wat bowendien idealisties van aanleg behoort te wees, om van hoflikheid te praat in geval van die aanlering van Afrikaans, selfs vir 'n Nataller afkomstig uit Oxford. Dit lyk ook maar, om die minste te sê, kort-sigtig en kleinsielig, as Durbanse Stadsraadslede weier om voorbehoedmiddels teen 'n pes aan Afrikaners in hulle eie taal te wil laat gee.

Maar waarom dan die sogenoemde kleingeestigheid? Dit sal opgeval het dat die politiek net teen die Afrikaanssprekendes gaan. Dit is duidelik dat die bekrompe handelwyse en politiek voortspruit uit 'n wanbegrepe roeping of opvatting. Die gedagte is dat die Afrikaanssprekende 'n blanke Europeaan is, wat tog Engels ken, en teen wie geen beswaar is as hy met die Engelssprekende wil saamsmelt en in die Engels-imperialistiese gedagte wil opgaan nie. Die Afrikaner in Natal word dus behandel asof hy 'n Engelsman is. Wil hy so behandel word, dan is alles goed en wel, so nie, dan moet hy ly vir sy „narrow-mindedness”.

Dit is die ironie van die saak, dat juis die „narrow-minded”-handelende persone, die ander ewe-so handelende so bestempel, maar hulself „broad-minded” noem, breed genoeg van harte om die ander te wil opneem in hulle geleedere.

Dit is wat ek bedoel met 'n vals begrepe ideaal. Hier kan die treffende woorde van Langenhoven in sy *Republicans and Sinners* uitgespreek, gerus in herinnering gebring word: „And that pride of the Englishman's heart to hold unsullied, for which he would cheerfully give his bread of life, and

his life itself, and the companionship of those which are dearer than life — the greatest goods amongst the possessions of the soul, unassessable in gold insomuch as the things of the spirit are incommensurable with the things of the flesh — is that to be denied, and is he to deny it to other men as high-spirited as himself?" 'n Ander woord van Langenhoven skiet my hier nog te-binne as tekenend van die houding: „Ons politiek (spreekende as Nasionalis) heet rassehaat, julle rassehaat heet politiek.”

Nee, wat nodig is, is 'n verandering van standpunt. As Natal tot die Unie van Suid-Afrika behoort, as Suid-Afrika autonoom is onder die bepalinge van die Imperiale Konferensies, as in Suid-Afrika altyd die twee tale sal gepraat word solank die blanke Europese beskawing deur die teenswoordige rasse gehandhaaf word, dan, hoe bitter dit vir die Afrikaanssprekende en Engelssprekende heethoof mog klink, sal die een party die ander moet leer verdra. Die verstandige persoon sal dit des te gouer insien en ooreenkomstig sy houding inneem. Vir my is die heilsame werking wat die houding van Jan H. Hofmeyr, L.V. kan tengevolge hê soos uitgespreek voor lede van die Sons-of-England by geleentheid van een van hulle kongresse, nie te bepeil nie. Hy sê dat sy ideaal van Tweetaligheid vir elkeen in Suid-Afrika iets in die gees is dat die moedertaal 'n opperste plek by die enkeling moet beklee, maar daarnaas die ander landstaal moet beskou en gebruik word ook as 'n eie taal; m.a.w. die Suid-Afrikaner het twee tale wat sy eie is en wat hy vir niks ter wêreld wil verruil nie, maar een hiervan vereer hy besonderlik nog as sy moedertaal. Albei moet hy ken en gebruik.

Eienaardig dat die Afrikaanssprekendes in die twee voormalige Republieke vir hulle in hoofsaak wel deeglik op die standpunt gestel het, terwyl die Engelssprekende van Natal, wat nie onder vreemde heerskappy gestel is nie, wat nie die selfstandigheid van die land moes prysgee nie, juis so taai is om die ideaal van „broad-mindedness” te huldig!

In elk geval, as 'n mens die verhoudinge in Natal eers in die lig beskou, moet die hardnekkige weiering om toeganklik te word vir die seëninge van 'n Suid-Afrikanisme, bedroewend wees. Dit moet tog kom, en dit sal kom, die bekering. Reeds vandag kom daar in 'n groeiende mate nuwe bewyse by om te getuig dat die blinde vooroordeel, selfingenomenheid, insulêre terugtrekking, die wyk neem, veral onder die jongeres. Wanneer hierdie gesindheid eendag in die stede en dorpe van Natal algemeen word, sal die vernaamste verantwoordelikes wat hierdie ontwikkeling gestrem het, aangewys word, en hulle sal wees — hoe jammer tog! — die leiers van die volk in die Provinsiale Raad en in die Stadsraad! Die Stadsraad, saamgestel uit die beste koppe van die gemeente, beskou dit nog nie nodig om leiding te gee nie, weier beslis en definitief om die beginsel van tweetaligheid, og, selfs van tweede-taligheid, aan te neem; kyk maar na die naamborde, die kennisgewings, luister maar na die uitlatings van die persone op die politieke platform en in die privaat. Hoef dit ons te verwonder dat die opkomende geslag nog gebuk gaan onder die drukkende las van soveel kleinlikheid!

En as die kindere van die „Nuwe Bedeling” voor die vier-skaar ook die koerante daag, sal hulle veel lofwaardigs te sê het oor die strewe van die *Natal Mercury* b.v. om Jannie en Johnnie die les van Saamwerk en Helpmekaar te leer?

Wat veral nodig is, ons herhaal dit, is 'n verandering van gesindheid. Die skool is seker die plek om die toekomstige geslag in te lig oor wat Afrikaans as taal is. Die verband tussen Afrikaans en ander Germaanse tale in die lig van prof. Otto Jespersen se bevindinge oor taalgroei soos uiteengesit in sy *Language, its Nature, Development and Origin* sal by menigeen 'n juistere waardering opwek. Dit is werklik verbasend om in gesprekke te merk hoeveel wanbegrippe daar oor die herkoms en groei van Afrikaans onder alle groepe heers! Veel kan ook gedoen word deur pamflet, koerantartikels en publieke lesings.

Net so noodsaaklik is dit om die lafhartiges onder die

Afrikaners self sterk te maak, deur te ywer vir 'n kragtige Afrikaanse kultuur waarop hulle noodsaaklik moet trots wees. Deur die opvoering van goeie toneelstukke kan al veel bereik word. Die Afrikaanse piekniedjies kan gerus ook in Natal gepopulariseer word, hier waar die natuur die stedelinge uitnoui na die groen daarbuite, en die geleentheid so aanloklik is om die lied te dramatiseer. Waar dit die tydskrif, die lektuur oor die algemeen geld, kan met reg ook opgekyk word na die ander provinsies. En dit is alles nog nie die groot saak nie. Die groot saak is dat die Afrikaanssprekende 'n gesig van sy roeping moet kry, innerlik weergebore moet word, sy eie waarde moet leer ken, iets selfstandigs moet word, insover as hy dit nie is nie. Og, kon elke twyfelende en slaafse siel die geheim leer ken wat die spoorslag was vir August Vermeylen om sy *Kritiek over de Vlaamsche Beweging* te skrywe — kon elke weerhaan-Afrikaner maar net daartoe gebring word om die hoofstuk van hom te lees, in aanraking met 'n automotoriese gees te kom! Want hoeveel van hulle lewe nog in die gemoedstoestand van die slaaf, wat die maatstaf van handeling buitekant hom soek, wat kyk na die wense van die „ander-man”? 'n Afrikaner moet nie geleer word om 'n Afrikaner te wees nie, want dan is hy nog nie waarlik een nie. Hy moet een *wees*, net omdat hy nie anders *kan* nie, net omdat dit *hy is*, net omdat sy belydenis uit sy lewe self straal soos die warmte uit die vuur. As alle Afrikaners eers so is, is daar ook geen stryd meer nie — net verwesenliking van die hoogste nasionale Ideaal.

Groot werk wag 'n liggaam wat die wagwoord aanneem: „Goue Afrikaans”, of „Afrikaans in die handelswêreld”. As 'n vereniging die 3,000 Afrikaners in Pietermaritzburg kan besiel met die vaste voorneme om in die handel Afrikaans te gebruik, tjeks in hulle moedertaal op Afrikaans-bewoorde blaaië uit te skrywe, briewe in die taal te adresseer en korrespondensie daarin te voer, dan sal eendrag wondere kan verrig. Voordat suggestiviteit nie ook in diens van Afrikaans staan nie, voordat die beurs van die doelbewuste

en oortuigde jong-man, die vader, die moeder, nie ook die stryd help voer nie, sal die swakking as taalfaktor altyd verlore bly. Dit moet betaal om Afrikaans te ken — is die enigste wat ons taal in kommersiële Natal ooit sal doen ingang vind, vooroordeel versmoor en 'n toekoms open waar die Afrikaanssprekende hom ook kan tuisvoel.

Daar is vandag *betrekklike* vrede oor die taalsaak binne die skoolmure, en ook oor die behandeling daarvan van owerheidsweë. „Ons kan slegs vrede en broederskap hê as die opvoedkunde nie tot speelbal van politiek gemaak word nie, maar as 'n heilige kleinood behandel word wat bo politiek verhef is,” het *Die Afrikaner* in 1921 gesê. Waar alles vandag so glad vorentoe beweeg, wonder 'n mens hoekom Natal geen skoolkommissies met regte soos in die Transvaal, Vrystaat en Kaapprovinsie het nie — die gesentraliseerde stelsel het tog seker nie meer tot grondslag 'n ideaal wat bang is vir die volkswil, sê, soos in die Noorde van Natal, nie? Mussolini sal sentralisasie van mag in sy hande vir autokratiese maatreëls wat die volk afgedwing word, sê, Duitse onderwysers vir Italiaanse skole, wel nodig hê? Die O.A.T.V. is tog wel nog nie ontbind nie!

'n Stelling wat hier toegepas is, naamlik dat tweetaligheid vir Suid-Afrika en dus ook vir Natal goed is, word lank nie algemeen aangeneem nie. 'n Woord van rekenkap mag dus uitgespreek word.

„De vossen hebben holen en de vogelen nesten” waar hulle tuisvoel en volgens hulle lewenswaard woon en werskaf. Elke volk wat as 'n eenheid, soos 'n sielhebbende organisme bestaan, het 'n plekkie op aarde waar hy hom bevind, en hy het die reg om in die genade vir hom tuis te voel in daardie plekkie, insover as hy bestaansvaardigheid en -regverdigheid betoon teenoor ander van dieselfde lewensklas. Het hy die vermoë om in die gang van seleksie uit daardie lewenssoort

¹⁾ Ds. P. F. Greyling oor die saak in *Die Voortrekker*, Aug. 1929. Op die versoek van die S.U. se deputasie om skoolkommissies vir Natal te gee, het die Uitvoerende Raad in 1930 geantwoord: Nie nodig nie!

vir horn te handhaaf, dan moet die voortbestaan ook hand aan hand gaan met die vereiste dat hy aan sy aard moet getrou bly, want kragtens hierdie eienskap het hy sy bestaan geregverdig.

En die eienskappe is vir so'n volk dierbaar. Die eerste deel van die samestelling „eien-skap” toon dit al aan. Dit wys die lae wat die ervaring van die verlede in die aanpassingsgang opgemessel het. „Niet in het snijden der *padie* is de vreugde, de vreugde is in het snijden der *padie* die men geplant heeft.” Om ons algemene stelreël hier toe te pas: die Afrikanervolk toon ten opsigte van die Afrikaanssprekende deel hiervan 'n lewenstaaiheid op Suid-Afrikaanse bodem. Daarom het dit ook die reg om tuis te voel in die land, waar hulle kapitaal (bloed, sweet) die lewensvyandige faktore probeer uitskakel het. Niks kan 'n persoon so sterk laat tuisvoel nie, as wanneer sy taal 'n regmatige plek inneem, sy taal — die waarteken van sy nasionale Sosyn.

Terwille van die Afrikaanssprekende deel kan daar ongelukkig niks anders aan gedoen word nie, as om Afrikaans in Suid-Afrika as noodsaaklik te beskou!

Tweetaligheid is vir 'n selfrealiserende, en so ook gelukkige Suid-Afrikaanse blanke volk noodsaaklik.

Hoef 'n inwoner van hierdie sonnige land hierin iets te sien wat as 'n beswaring lyk? Veel van die gewaande vreemdigheid van die tweetaligheidsgedagte val weg as ons die oog oor die wereldbal laat dwaal. „Onze tijd,” sê ds. J. D. Domela Nieuwenhuis Nijegaard, „is de tijd der kleine volken en der vrijmaking der verdrukke talen, wij zien het in Bohemen, in Polen, Croatië, in Albanie, in Roemeensch-Zevenbergen, in Catalonië, in Provence, in Vlaanderen en Zuid-Afrika”¹⁾ — hy het so-te-sê net by een wêrelddeel stilgestaan. Laat staan maar die klein tale en kyk na die groot tale! Is daar in Duitsland, byvoorbeeld, absolute eentaligheid? Die oneindig baie tongvalle bring mee dat 'n kind, sê, uit die Platduitse streek, die ampstaal moet

¹⁾ *Ons Tijdschrift*, Junie 1914.

„aanleer”, in der waarheid tweetaligheid moet beoefen!

Die wonderlike mate van uniformiteit van Afrikaans oor die groot landgebied maak dat sulke moeilikhede soos vir 'n platduitse kind bestaan vir hom asnog 'n non-est is. Maar ook so'n moontlikheid vir ons (en dit kom al nader met die toename van nywerhede en ander bedrywe) hoef nie af te skrik nie.¹⁾

„Elk vogeltje zingt, zoals 't gebekt is, elke volksziel spreekt eigen taal en tongval... de duizendtaligheid der menscheid is als een heerlijke verscheidenheid, die toch in wondervolle harmonie van in alles verschillende akkoorden, denzelfden Schepper prijst, een Schepper, die zich in elk ras, in elk volk, in elken stam, in elk geslacht, in elk gezin, ja, in elken menschenziel weer op andere wijze openbaart en verheerlijkt”.²⁾

Nou sê die Fries: „Leaver duad as slaw!”

Nou sê die Suiderjut: „Vi er Danske, vi vil forblive Danske, vi vil behandles som Danske og det efter Folkerettens Forskrifter.”³⁾

Van betekenis is die woorde van Sir John Adams in sy lesings op Pietermaritzburg gebesig volgens die interpretasie van Oom Sarel (dr. P. C. Schoonees?)⁴⁾ in *Die Afrikaner* van 9/6/25. „In Suid-Afrika is dit vir 'n vreemdeling moeilik om te onderskei tussen die Hollands- en die Engelssprekende elemente van die (blanke) bevolking. Die twee elemente is so eners dat 'n vreemdeling skaars die onderskeid kan merk. Dit is heeltemal anders as die Franse en Engelse elemente in Quebec. Daar bestaan 'n skerp onderskeidingslyn.... In die samelewing kom die twee elemente al nader aan mekaar.”

¹⁾ Oor Engels in hierdie verband vgl. Dawid Hopwood: *South African English Pronunciation*, en Prof. C. M. Drennan: *Cockney-English and Kitchen Dutch*.

²⁾ Ds. J. D. D. N. Nijegaard, t.a.p., bl. 28.

³⁾ Ons is Dene, ons wil Dene bly, ons wil behandel word as Dene, en dit volgens die voorskrifte van die volkereg, t.a.p., bl. 26.

⁴⁾ Sy skuilnaam by *Jannie*.

As 'n beskouing oor die onderhawige saak ook op so'n toon kan uitklink, as die nader-aanmekeer-kom nie net van een sy kom nie, en as die kwalifikasie vir 'n „Backvelder”, naamlik eentaligheid, werklik net vir die Backvelder geld, sal geskiedskrywing 'n heerlike taak wees! Dit sal dan nie handel oor kragverbrokkeling, kleinsielige stryd nie, maar oor voortbrenging, opbouing, vervolmaking na eie aard, — ons eintlike roeping as 'n Suid-Afrikaanse nasie! Die titel van die boekie: *Hoe zij Stierven* sal dan lui: *Hoe zij Leefden!* Kan die groot ethies-biologiese beginsel van selfverwesening, natuurgetroue lewensontplooiing hom in 'n heerliker vorm openbaar dan wanneer geskep word, — skepping, die hoofwerkzaamheid ook van die grootste mag in die Heelal — God? „Schaffen,” sê Nietzsche, „das ist die grosse Erlösung vom Leiden und des Lebens leicht werden. Aber dass der Schaffende sei, dazu selber tut Leid noth und viel Verwandlung....” Voedende Lyding, wat ons sterk tot hoër waarde, sal ons nie sku nie! „Mitschaffen” dan vir kennis wat voer tot die heerlike Erkennis en uitvloeiende, verwerklikende handeling, waarin by almal in ons land, of ons nou Afrikaans, Engels of 'n ander taal praat, 'n eenheid van rigting, van stygende uitbotstrewe mog opgemerk word. As eers die kleinlike, naywerige parochialisme vir hom opgelos het in 'n verdraagsame Suid-Afrikanisme, in 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme, dan het ons al daar aangeland waar hierdie Suid-Afrikaanse Selfsyn kan meetel in die groot geheel wat die Mensheid is — nee, meer as „meetel”, ook mee-werk, ons bydrae lewer aan die opbouing. En hoe veel gemakliker kan ons handeling dan gestel word op die hoogste plein? Sê Fichte „.... in diesem Handeln handelt nicht mehr der Mensch, sondern Gott selber in Seinem ursprünglichen innern Sein und Wesen ist es, der in ihm handelt, und durch den der Mensch sein Werk wirkt.”

Buitekant die afgebakende veld val nog die letterkundige bedrywighede van Natallers. Dit is tog wenslik om 'n aanduiding te gee van wat op die gebied geprester is, daarom word 'n lys gegee van hulle literêre produksies in Hollands. (Bylae B.) Omdat die koerante en tydskrifte moeilik toeganklik is vir die belangstellendes word daaroor kortliks 'n paar belangrike punte meegedeel — net 'n saaklike inventaris opgemaak!

Die oudste koerant van die provinsie, *De Natalier en Pietermaritzburgse Trouwe Aantekenaar*, eiendom van Cornelius Moll, vroeër van *De Meditator* (Kaapstad), het onder redaksie van Charles Etienne Boniface op Vrydag 5 April 1844 verskyn. Weens onenigheid met die eienaar het Boniface in November sy ontslag teen sy wil gekry. Daarvandaan het Boniface sy vroeëre weldoener op alle maniere bestry; as gevolg van 'n geslaagde eis om skadevergoeding vir laster het dit hom geluk om die weeklikse koerant ten gronde te rig, sodat die publikasie op 29 September 1846 gestaak is.¹⁾ Dit is in hierdie blad, wat na Boniface se uitrede ook in Engels verskyn het, dat twee stukke in Afrikaans afgedruk is. (Kyk Bylae C.)

Uit die as van *De Natalier* het twee maande later *The Patriot — De Patriot* opgestaan — dit is dieselfde besigheid in alle opsigte net onder 'n nuwe naam. Na baie rondspartel het dit in Durban ondergegaan in 1848.

The Natal Witness — De Natalsche Getuige, was gedurende die eerste jaargang (1846) tweetalig, en weer 'n rukkie in die begin van 1911. Die tweede keer kan dit toegeskryf word aan die gedagte om 'n Uniegees te verbrei, hoewel dit snaaks lyk vir die wat F. Horace Rose geken het; 'n

¹⁾ Die hele saak is deeglik bespreek, alle ontwikkelinge noukeurig gevolg, en ook volledige informasie oor sirkulasie, advertensietariewe, kantore, boekhouding en personeel verstrekkend in my artikels in die daaglikse uitgawe van *Ons Vaderland* verskyn, vgl. onder datums 20/6/'29 tot 1/7/'29.

ander verklaring kan ook nog die volgende wees: „De poging . . . is slechts een nuwe onder die vele mislukkingen om ons (*De Afrikaner*) van die zetel (as die enigste orgaan in Natal wat vir die Hollandse boere ywer) te stoten.”

Twee maande lank het J. Archbell die Afrikaners voorsien van 'n koerant — sonder dat hulle met die poging gediend was. *De Natal en Zuid-Oost Afrikaan* is op 2 April 1853 gebore en op 28 Mei 1853 gestorwe. Cornelius Moll het hom trots die twee groot teenslae van vroeër gedronge gevoel om weer 'n slag te probeer, en op Vrydag 7 Oktober 1853 het *De Zuid-Oost Afrikaan* begin. Na twee jaar is dit beëindig, om in Durban op te staan as *The Natal Chronicle*. Dit skyn dat die heer P. Zietsman ook 'n tydskrif onder die naam van *Afrikaansche Voorstander*¹⁾ uitgegee het, maar dat dit weens gebrek aan ondersteuning ondergegaan het. Toe die drie Natalse predikante op 17 en 18 Oktober 1861 in konferensie byeen was, is besluit om 'n Hollandse tydskrif van stigtelike aard vir die verspreide gemeentede uit te gee, die heer J. Stuart het hom met die kerklike steunbeloftes dadelik bereid verklaar om so'n blad uit te gee, en op 17 Februarie 1862 is die eerste nummer van *De Natalse Bode* afgelewer. Dit was veelmeer 'n kerkblad as iets anders; preke, gedigte van ds. P. Huet,²⁾ gemeentelike kennisgewings en ander lektuur van stigtelike aard het die met advertensies swak ondersteunde vier-vellige uitgawes vol gemaak. Vir navorsers van kerklike geskiedenis is dit 'n nuttige vraagbaak van die toentertydse bedrywighede. Daarin word byvoorbeeld vertel van die eerste Hollandse kerkbasaar in Natal gehou, in die begin van 1862.³⁾ Teen die einde van die jaar (29 Des. 1862) het ook die poging misluk. „Verba volant, scripta manent!” was die lyfspreuk in die dae van hoop.

Toe was daar weer lank stilte, totdat deur die inisiatief

¹⁾ *De Natal Bode*, artikel van (ds.) P. Huet), 17/8/'62.

²⁾ In nos. 1, 5, 8, 15, 20, 21, 23 e.v.

³⁾ *De N. Bode*, no. 4, deel I.

van J. Herschensohn snr. *De Natal Boerenvriend* in 1885 met 'n boodskap vir die Boere gekom het. Die belange van die Afrikaner word nou in der waarheid behartig, advies word verstrekkend en leiding gegee. In plaas van 'n nuusblad word dit 'n politieke blad. Daar was dan ook dadelik vooruitgang te bespeure en belofte vir die toekoms glimlag die onderneming toe, totdat onenigheid die redakteur wegdrywe en 'n wedywerende onderneming op tou laat sit — *De Natal Afrikaner*. Die taal van die redakteur was uiters swak; as 'n vreemdeling het hy na die land gekom en deur omgang met die Boere en deur lektuur sy taalkennis opgedoen. Opmerklik veral is die baie Engelse uitdrukkinge of woorde wat hy in sy kolomme wil laat tuis voel, soos: licens; town hall; races; meeting; diggers; rifts; companies; testing; claim; shaft; mielies insit; stakes; scratch; heats; handicap; entries; jockey; distance pole; holliday; breakwater; reserve; stationmeester; tax den onderdaan; een trotsche dag voor den Afrikaander, e.d.m. Dis veral die perdewedren- en die delweryterme wat hom dronkslaan, en baie daarvan ook vir die Boere, sodat hy nie altyd ver van die *gebruiklike* woord gestaan het nie!¹⁾

Maar in nog 'n ander opsig as die politiek was hy 'n redakteur wat die lesers wou vang. In byna elke nummer verskyn 'n boeiende verhaaltjie, of 'n vervolgstuk; party is oorspronklik, soos „Maar een Boer”,²⁾ ander is weer vertalinge, soos „Het Uitstapje” (Ernst von Wildenbruch); „Goede Nacht” (Anna Fromen); „De Laatste Schooltijd” (Alphonse Daudet). Die feuilletons is druk gelees, blykens sekere korrespondensie.

Dieselfde beginsels is in *De N. Afrikaner* toegepas, en hoewel die blad onder moeilike omstandighede begin is, het dit tog in 'n kort tydjie die konkurrent uit die veld geslaan. Oor die betekenis van die blad is vroeër gehandel. Sy politieke geloofsartikel „Het streven naar één Verenigd

¹⁾ In *D.N.A.* het hy uitdrukkinge gebesig soos „ons opland vriende”.

²⁾ 15 April '86 tot 3 Junie '86.

Zuid Afrika en het daarstellen van gelijke rechten voor Afrikaner en Engelschman" is gedurende en na die oorlog verkeerd toegepas, volgens die mening van sy lesers. Die getal intekenaars het gedaal tot omtrent 150¹⁾ toe die „Printing en Publishing Company" die saak in 1904 oorgeneem het en Rabie as redakteur benoem het. Van nou af is daar 'n vinnige opvolging van redakteurs, Rabie (tot 1906); van Schermbeek (1906); dr. J. Vrolik (1906). Toe die koerant teen die middel van 1907 die eiendom word van Otgaar en Vorster is eersgenoemde eers redakteur, daarna 'n mnr. Lombard, toe weer dr. Vrolik (tot 1909). De Nationale Pers het die saak later op versoek oorgeneem (1918). Vandag is dit die eiendom van Die Natalse Pers. As politieke blad staan dit die beginsels van die Nasionale Party voor.

In die rigting van tydskrifte het teen die einde van 1908 'n kwartaalblaadje van omtrent 20 paginas (advertensies ingesluit) in pamfletvorm verskyn onder redaksie van ds. G. M. Pellissier en adv. E. G. Jansen. Dit is aanvanklik aangekondig as „Orgaan van de Ned. Geref. Gemeente van Pietermaritzburg", maar baie gou het ander gemeentes die uitgawe welkom toegeroep, en sedertdien word die titel gekwalifiseer: „Cirkuleert in de Ned. Geref. Kerk van Natal." Vanaf Januarie 1910 het dit as 'n maandblad verskyn met 'n abonneement wat van 2/6 tot 3/6 per jaar verhoog is. Dit was eintlik 'n kerkblaadje wat gemeentelike nuus en leesstof van stigtelike aard bevat het. Die laaste paar bladsye is afgestaan aan die kinders; sover as na die praktiese uitwerking kan geoordeel word, was dit die mees geslaagde deel van die onderneming. Kinders is aangemoedig om briefies te skrywe, en al het 'n paar oor hulle Hollands gekla, tog het elke uitgawe 'n hele paar van die kinderlike epistels bevat. Vrae oor Bybelse onderwerpe en persone is elke keer gestel en die uitslae van die „eksamen" daarop

¹⁾ Meedeling van mnr. J. S. M. Rabie.

gepubliseer.¹⁾ Kort prekiës of verhaaltjies oor deug het altyd in die rubriek voorgekom.

Die blaadjie het belangrike dienste bewys aan die beweging om die ou Voortrekkersgeboutjie terug te koop, en om voorwerpe uit die Voortrekkerstyd vir die voor-genome museum te versamel; ontvangste is gereeld hierin erken. Leersame informasie bevat 'n paar nommers oor die gemeentelike geskiedenis van Weenen en Moria.

Vir die historikus van die taalbeweging is verder van belang die feit dat die twee redakteurs warme voorstanders van die Afrikaanse taalvorm was, soos reeds geblyk het by die stigting van die plaaslike D.V. op 29 Februarie 1908; hulle het dit dan ook nodig gevind om die *Natal Witness*²⁾ oor sy houding t.o.v. die taalklousule in die Unie-akte goed die kop te was.³⁾ Die ingenome standpunt getuig van gesonde insig: Terwille van die Bybel en die Gesangbundel moet vereenvoudigde Hollands (lees: Nederlands) op die staatskole geleer word, maar... „Afrikaans is en zal altoos blijven onze *spreektaal*... en het... is voor spreektaal zo goed als nodig — zacht, vloeibaar, welluidend, buigzaam. En komt het er later, gelijk sommigen van onze knapste (let wel op die aanprysing!) Afrikaners het er op toeleggen, dat het Afrikaans ook schrijftaal, ja zelfs de enige taal van Afrikaners wordt, dan zal de kennis van Hollands (lees: Nederlands) daartoe de weg banen en zal het Afrikaans zich noch altyd aan woorden verrijken uit de Hollandse schat”. Dus geen vyandskap teen Nederlands nie, maar dan tog ook 'n regverdiging van die bestaansreg van Afrikaans as 'n doeltreffende omgangsmedium. *Die Vlakte en ander Gedigte* van Jan Celliers is dan ook warm by die lesers aanbeveel.⁴⁾ In sommige verhale is die dialoog baie sterk

¹⁾ „Ter bevordering van Schriftkennis en de Hollandse Taal” — dus 'n tweeledige doel!

²⁾ *Natal Witness*, 27/8/11.

³⁾ *D. K(ondschapper)*, Sept. '11, pp. 251—5.

⁴⁾ *D. K.*, Jan. '10, blss. 22—23.

Afrikaans gekleurd of in die suiwere volkstaal weergegee, soos in *Een Kerstmis-Avond*, — waar selfs die woord „Krekkers”¹⁾ voorkom („crackers”).

Dit val te betreure, dat die blad nie die skryflus van die volwasse lesers gaande kon maak nie. Dit is per slot van sake die krag van so'n soort onderneming.

Pres. Steyn het by 'n sekere geleentheid geskrywe: „Zuid Afrika is bedekt met de graven van Hollandse tijdschriften en koeranten; op allen staat hetzelfde opschrift te lezen, nl. ‚Gestorven door gebrek aan ondersteuning’.” Dit is ook die rede waarom hierdie onderneming na 'n sukkel bestaan van vier jaar ten onder gegaan het.

Die twee redakteurs het met 'n besembos-taaiheid telkens weer nuwe pogings aangewend. Ondersteun deur 'n vaste komitee van medewerkers wat byna al die Natalse predikante en sendelinge insluit, en ook prof. en mevr. Besselaar, die here D. P. du Toit, B. I. Vorster e.a., het *De Bode* in 1914 verskyn as 'n „Godsdienstig en Geschiedkundig half-maandeliks Nieuwsblad”, en nie as 'n kerkblad nie, met die belofte om voedsame lektuur te gee aan kinders veral, en aan jongmense. Dit was 'n uiters verdienstelike poging om sy lesers vertrouwd te maak met sake waarin die goedopgevoede belangstel. Een intekenaar erken dan ook dat hy elke keer iets nuuts leer. Daar was 'n groot verskeidenheid van leesstof. „Als ik den Hemel Aanzie” behandel in vervolgstukke op 'n boeiende wyse die sterreheem; van die hand van prof. G. Besselaar verskyn daar onder die hoof „Letterkunde” baie populêr-opgestelde pakkende artikels oor Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse skrywers (Celliers, Totius); gedigte word eers gesiteer, onderaan geannoteer en eindelik bespreek op so'n wyse dat dit selfs vir die eenvoudige duidelik word waarin die letterkundige skoonheid lê en wat die inhoud bring. Uit J. Hattingh se boek „De Hollands-Afrikaanse Boeren”²⁾ word die belang-

¹⁾ *D. K.*, Des. 1908, blss. 35—37.

²⁾ *D. B(ode)*, 1 Julie 1914 e.v.

rikste hoofstukke oor die Voortrekkersgeskiedenis oorgedruk; advokaat E. G. Jansen het ook Afrikaanse vertaalproewe van Thomas à Kempis se *Imitatio Christi* gegee. Vanaf 1 Januarie 1915 word selfs inleidingsartikels in Afrikaans opgestel, nes baie ander bydraes. Die intekenaars is reeds in die eerste nummer uitgenooi om hulle pennevrugte in „Afrikaans of Hollands” (volgorde in *De Bode*, I, 1) aan die redaksie op te stuur. Die wenslikheid van 'n Unie van D.Ve. is hier weer deur adv. Jansen bepleit¹⁾, en hoewel Ve. uitgenooi word om nuus op te stuur, het geeneen buitekant die hoofstad van hom laat hoor nie.

Dit het in die begin gelyk of die onderneming met welslae gaan beloon word. Vyf sjielings per jaar intekeningsgeld is nie genoeg om die verantwoordelikes ryk te maak nie, al is die getal lesers baie groot, maar dan was die ondersteuning van die adverteerders so goed as 'n mens kon wens. Ongelukkig het oorlogstoestande van die middel van 1914 'n geweldige teenslag aan die poging gegee, advertensies is teruggetrek en geld was steeks om in te kom. Die eienaars van *Die Afrikaner*-drukkery het hulle toe genoodsaak gesien om die publikasie te staak, op 1 Mei 1915 is die laaste nommer deur hulle onder die aangegeene kontrak gedruk. Die redakteurs wou die saak toe self op eie risiko voortsit maar moes ook vir die drang van omstandighede swig.

Volgens Sinodale Besluit in 1928 is, na aanleiding van 'n beskrywingspunt deur die predikant van Pietermaritzburg (ds. J. E. van Heerden) ingedien, 'n kommissie benoem²⁾ om 'n tussengemeentelike maandelikse tydskrif uit te gee. Hierdie besluit is geneem omdat die Natalse Pers wat vir die finansiële en administratiewe verpligtinge verantwoordelik sou wees, meer insikliklike voorwaardes gestel het as in 1927,

¹⁾ *D. B(ode)*, 1 Julie 1914, e.v.

²⁾ Die kommissie bestaan uit: ds. J. E. v. Heerden (voorsitter); ds. P. Greyling; eerw. W. J. Esterhuysen, dr. G. Besselaar en, in die plek van mnr. F. D. Hugo wat bedank het, G. S. Nienaber as sekretaris.

toe die saak nie sinodale guns kon verwerf nie. Die kommissie sorg vir die leesstof. In Augustus 1928 het *Die Voortrekker* die lig gesien.

Die hoofnadruk word op die rubriek: „Gemeentelike Nuus” gelê. Alle kennisgewings word langs dié weg gebring in die meeste huisgesinne wat behoort aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Natal. Maar daarby is baie leesstof van stigtelike aard, oor die kerk- en landsgeskiedenis, oor die lewe van ou mense en boeiende vervolghale. Die leserskring word al groter, selfs vër buitekant Natal.¹⁾

¹⁾ Deur die kleinsieligheid van die uitgewers is die verskyning van *Die Voortrekker* tydelik stopgesit. Dit is egter weer opgerig en is vandag 'n weekblad met 'n ortodoks-kulturele strekking. *Die Afrikaner* het ook in Mei 1932 ondergegaan. Die bekwame en talentvolle redakteur, P. Bruchhausen, het toe in Ladysmith *Die Brandwag* in die lewe geroep (Oktober 1932), 'n halfweeklikse koerant wat die politiek van die Nasionale Party voorstaan.

Boekelys.

'n Lys van boeke in Hollands geskrywe deur Natallers of deur persone wat tydens hulle verblyf hier werke voortgebring het of in ander plekke woonagtig was maar werke geskrywe het in meedinging vir pryse deur Natallers uitgelooft, met enige aanwysing vir 'n later vorser.

Ds. P. Huet: *Afrikaansche Gedichten*, tweede druk by H. Höveker, Amsterdam, 1868. 'n Verklaring van wat hy „met een misschien niet volkomen juisten titel”, nl. „Afrikaansche”, bedoel, gee hy in sy latere bundel *Verspreide Gedichten*, by dieselfde uitgewer in 1878, waar hy sê: „op Zuid-Afrikaanschen bodem vervaardigde verzen” (Voorrede). Vir 'n kort lewenskets en portret, kyk *Almanak vir die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 1929*, blss. 31—35.

Ds. H. F. Schoon: *Stichtelyke Gedichtjes*, 1873.

Ds. H. F. Schoon: *Uitstorting des Harten*, by J. C. Juta & Co., Kaapstad (sonder jaartal, 1884?).

— *Dagboek van Eerwaarde Erasmus Smit* (1897).

— *Geschiedkundig Overzicht der Ned. Geref. Kerke van Natal* (1897).

— *Na Vyftig Jaren* (1915).

— *Gedenkstuk van de Gemeente Weenen*, en nog ander pamflette.

'n Goeie lewenskets van Vader Schoon word gevind in *Die Voortrekker*, Desember 1928, en in *Die Huisgenoot*, 7 Maart 1930.

De Geschiedenis van de Hollandsch-Afrikaansche Boeren, van af hun Vertrek uit de Kaapkolonie, tot op de aftreding van President Burgers, door J. H. Hattingh Sr., Utrecht, Z.A.R., by A. von Levetzow, Vryheid, Z.A.R., 1893. In die Natalse Staatsargiewe berus 'n eksemplaar, waarvan die laaste paar bladsye ontbreek.

Paula (M. Laubscher, uit Wepener, O.V.S.): *Donkere Wolken — een Geschiedenis uit de Boeren Oorlog*, by Otgaar

en Vorster, Pietermaritzburg, 1909. Alle besprekings deur Hollandse blaaië is oorgeneem in *De Afrikaner* van 22/4/'09; 26/4/'09; 29/4/'09; 3/5/'09; 10/5/'09 en 17/5/'09.

— *De Eerste Zomers Roos*, 'n novelle, by De Afrikaner-drukkery, 1910. Netsoos die vorige werk het hierdie een fragmentaries as 'n vervolghverhaal in *De Afrikaner* verskyn.

Prof. dr. G. Besselaar: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*, by de Bussy Kaapstad en Pretoria, 1914.

Vir 'n lys van artikels deur hom geskrywe, kyk *N. U. C. Commemoration Number*, Pietermaritzburg, 1930.

D. P. du Toit: *Die Bedrieërs*, 'n klugspel in een bedryf, 6de druk, 1929, by Die Natalse Pers. (1ste druk, 1915).

Mevrou Jansen: *Afrikaanse Grammatika*, by De Natalse Nasionale Pers, Pietermaritzburg, 1918; later bygewerk deur C. M. Booyesen, B.A., Inspekteur van Skole in Natal, uitgegee deur Die Natalse Pers, Pietermaritzburg, 8ste druk in 1930. Saam hiermee gaan: *Oefeninge en Taalwerk*, 7de druk, 1929, deur dieselfde skrywers, en by dieselfde uitgewers.

— *Afrikaner-Harte*, Drama in drie bedrywe, Die Natalse Nasionale Pers, Pietermaritzburg. 1ste druk in 1918 (?).

— *Veldblommetjie en ander Verhale*, Nat. Pers Bpkt., Kaapstad, ens., 1919.

— *Die Onnut*, (deur Martha) 1923 (kyk verder).

— 'n Drama is in die pers.

W. P. J. P(oën): *Laat ons Zingen*, Verzameling van 158 Engelse zangstukke, vertaald door....; 2de druk, 1921, by De Nasionale Pers, Bpkt., Pietermaritzburg.

Dr. P. C. Schoonees: *Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*, by de Bussy, Pretoria en Kaapstad 1922; 2de druk 1927.

— *Afrikaanse Prosa-bundel*, 'n bloemlesing uit die Eerste en Tweede Beweging, by de Bussy, Pretoria en Kaapstad 1922.

— *Inleiding tot die Studie van Letterkunde*, deur — en dr. J. R. L. van Bruggen, by de Bussy, Pretoria en Kaapstad, 1925; 2de druk 1930.

— *Jannie* (deur Oom Sarel), Die Afrikaner-reeks, no. 1, by Die Natalse Pers, 1926; dit is die beste van al hierdie literêre voortbrenngsels.

— *Mooi Annie, of Die Skipbreukelinge*, (D'Arbez), eerste Afrikaanse Bewerking deur —; by de Bussy, 1ste druk 1926, 7de druk 1933.

— *Kleingoed*, Die Afrikaner-reeks, no. 2, by Die Natalse Pers, Pietermaritzburg, 1929.

A. J. van Zijl: *Kort Stories vir die Kleinspan* (sonder jaartal, 1927?), by Die Natalse Pers, Pietermaritzburg.

— *Drie Toneelstukkie vir Kinders: My Pa is 'n Man, en 'n Ondeunde Knaap*, deur A. J. van Zijl; *Die Onnut*, deur Martha, by Die Natalse Nasionale Pers, Pietermaritzburg, 1923.

— *Soeloelegendes en -Gewoontes*, by Juta en Kie, Kaapstad, 1924. 'n Beskouing in *Die Burger*, begin 1924.

C. W. H. van der Post: *'n Een-jaar Afrikaanse Kursus — A One Year Afrikaans Course*, by Die Natalse Pers, Pietermaritzburg, 1928.

J. P. Malan: *Kwakkie se Avonture*, by Die Natalse Pers, Pietermaritzburg, 1929.

C. M. Booyen (en mevrou Jansen): *Praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer van die Afrikaanse Taal*, 1930 (8ste druk). Dis 'n omwerking en uitbreiding van mev. Jansen se Grammatika, met 'n latere toevoeging van die twee dele wat oor Styl en Klankleer handel.

— (en mevr. Jansen): *Oefeninge en Taalwerk*.

— *Rübezahl*, en

— *Klein Muck en Kalief Kraanvoël*, albei as dele van die serie „Vanmelewe se Dae”, by J. L. van Schaik, Pretoria.

— *Skelmstukke van Jakkals*. Dit is de Bussy se uitgawe van *Jakkalsstreek* deur P. A. M. Brink, wat hier in eenvoudige taal oorvertel is, met aantekeninge voorsien en 'n Afrikaans-Engelse woordelys agteraan toegevoeg, sodat dit maklik

deur Engelssprekende kinders van die Natalse Laerskool kan gebruik word. Dit is dan ook vir Std. V voorgeskryf, nes vir Std. VI die insgelyks verkorte en vergemaklikte —, *Chrissie en Joey*, deur Hettie Cillie.

— *Juta se Afrikaanse Leesboek vir die Laerskool*, eerste, tweede en derde boekies vir Engelssprekende kinders, saamgestel deur C. M. Booysen, Kaapstad, 1929.

M. Jooste: *Die Lotgevalle van 'n Krygsgevangene*, Natalse Pers, Pietermaritzburg, 1930.

Mevr. E. Coetzer: *Die Verlede en Hede van 'n Voortrekker*, Pietermaritzburg, 1931.

G. S. Nienaber: *Die Afrikaanse Beweging*, Van Schaik, Pretoria, 1931.

Nico Strijdom: *Darem Maar Klein Nog* (Pretoria, 1931).

— *Nie Meer so Klein nie* (Pretoria, 1932).

Oudste Geskrywe Afrikaans in Natal.

Die volgende stuk is die begin van 'n inleidingsartikel deur Boniface vir *De Natalier* van 18 Oktober 1844 geskryf:

De spel- en spraakkunsten zijn juist twee kunsten, daar men zich in het Natalsche land bedroeft weinig om bekreunt, en die zelfs tot nog toe geen toegang tot de Publieke Kantoren heeft kunnen verkrijgen. De manier op welke men elkander tegen komt en groet; die op welke men redeneert en zich zowel mondelings als in geschrift uitdrukt, ja, tot die waarop men met elkander handel drijft, heeft iets byzonder origineel in zich. Twee Boeren ontmoeten elkander des ochtends op de markt-plein. De eene is van hier; de ander van achter de bergen (ons: Drakensberge). Zij hebben sedert acht maanden elkander niet gezien. Zij stappen langzaam den eenen naar den anderen, met den rechter arm reeds op tien schreden afstand naar elkander uitgestrekt. Die twee handen komen in aanraking doch zonder zich te drukken. Een kleine hoofdknik vergezelt die handtasting; en dan is het:

Dag, neef!

Dag, Oom!

Wat heb jy dezekeer tog meegebrag?

Zoo? Een stuk of wat Beeste.

Wat heb jy op jou wagen? Niks om te eeten?

Ja, zoo! Een bietjie botter, Elandsvelle, planke, kehrsvet, mielies en zoo wat.

Verkoop jy voor kontant, of hoe!

Half voor kontant, en half voor negousie goet. Maar zeg: Wies dat die daar staat? Is dat niet B. altemit?

Ja, dat's hy selfers.

Denk die ouw kerrel het myn laas een hensingwaasie gesteurt over die transport van Koos zyn erf wat niet by Kloet as geokkepeert opgegeve is; en nou dat ik aspres op de dorp kom om dat met hom te maak, daar kom die

bode na my toe met een dagfaring waaronder staat van *Relateere u wedervarend te zyn*, daar ik wrentig! niks van weet, nie! En ik moet nog en Maandag by de Landdrost *compareere om reden op te geven*; net as of hy hom aan my rede zal steur. Kon jy nou meer?

Wel, man! heb jy dan niet die Perklommasie van die Goeverneur gelees nie?

Egh! wat traak my met Neppier zyn Priklemmasie, en Kloet zyn Traktaat, en al julle nuwe Rekullasies? Daar anderkant die Berg wil mus gen mens daar wat van hoore! enz.

PERSONE-REGISTER.

(Die syfers slaan op die bladsye.)

- Adams, sir John, 153, 208.
Adendorff, J. C., 98, 103.
Archbell, J., 211.
As, J. H. J. van, 154, 155.
- Baldini, R., 125.
Bale, min., 79.
Barett, mej. P., 35.
Barrett, mevr. P., 35.
Basson, M. J., 13.
Bauling, 162.
Baynes, Joseph, 93.
Beck, dr., 121.
Beneke, A. A., 103.
Bergtheil, J., 17, 26.
Besselaar, prof. G., 13, 21, 51, 129, 133,
136, 137, 138, 140, 147, 151, 155,
163, 171, 178, 179, 182, 189, 191,
192, 215, 216.
Besselaar, mevr. G., 215.
Beyers, genl. I., 133.
Biccard, ds. L. G. F., 50, 51.
Biebuyck, L., 188.
Bird, C., 84.
Boltman, dr. R., 152.
Boniface, C. E., 9, 16, 29, 34, 102, 210.
Boonstra, G., 139.
Booyen, C. M., 13, 147, 155, 157, 160,
175, 182, 183, 189.
Boshoff, Johs. J., 171, 187.
Boshoff, regter J., 55.
Boshoff, J., L.W.V., 48, 57, 66.
Boshoff, mevr. S. P. E., 189.
- Bosman, dr. D. B., 23.
Bosman, dr. F. C. L., 102.
Bosman, ds. J., 48.
Bosman, rdsl., 100.
Botha, genl. L., 138, 142.
Bothma, J., 169.
Breyne, dr. M. R., 13.
Brink, ds. P. A. M., 162.
Bruchhausen, P., 217.
Bryan, H., 143, 155.
Buchanan, D. D., 58.
Burger, ds. A. J. V., 187.
Byrne, J. C., 16, 17.
Buys, J., 141.
- Cachet, ds. F. L., 50, 51.
Celliers, J. F. E., 121, 169, 214, 215.
Cloete, sir H., 26, 27, 28.
Coetzer, F. W., 121.
Colenbrander, H. J., 23.
Cory, G. E., 24, 25.
Cox, W., 153, 154, 164.
Curzon, Lady, 96.
- Dekker, prof. G., 13.
Dekker, dr. J. J., 187.
Döhne, ds. G. A., 48.
Domela Nieuwenhuis Nijegaard, ds. J.
D., 207.
Dreyer, H., 163.
Dukes, Inspek., 99.
- Ebersohn, M., 127.

- Ente, W. K., 48.
 Erasmus, ds. D., 144.
 Erskine, D., 31.
 Escombe, H., 67.
 Esterhuysen, eerw. W. J., 138, 155, 216.
 Esterhuysen, mej. M., 194.

F
 Faure, dr. H. E., 15.
 Faure, mej. S., 189.
 Fichte, J., 209.
 Fitzpatrick, sir P., 88.
 Flemming, mnr., 67.
 Forsyth, D. F., 196.
 Fouché, J., 145.
 Fourie, genl. J., 133.
 Fourie, J., 74, 171.
 Fredericq, prof. P., 64, 66.

G
 Gebers, 100.
 Glutz, J., 162.
 Greene, adv., 89.
 Gregory, M. J., 89.
 Greyling, ds. P. F., 206, 216.
 Grove, J. J., 185.
 Grundtvig, Biskop, 148.

H
 Hathorn, adv., 117.
 Hattingh, J., 215.
 Heerden, ds. J. E. van, 216.
 Herschensohn, John M., 20, 66, 73,
 81, 100, 105, 120, 122, 123, 165.
 Herschensohn, Joshua R., 62, 63, 67,
 74, 81, 84, 103, 104, 212.
 Hertzog, genl. J. B. M., 118, 137,
 142, 202.
 Hesseling, prof. D. C., 109.
 Hime, Kol., 67.
 Hofmeyr, J. H. („Onze Jan”), 120, 142.
 Hofmeyr, J. H., 203.
 Huet, ds. P., 51, 211.
 Hugo, F. D., 13, 100, 145, 155, 160,
 161, 182, 191, 216.
 Hullebroeck, E., 146.
 Hulett, L., 145, 164.

J
 Jackson, L., 34.

J
 Jager, S. H. F. de, 81.
 Jansen, min. E. G., 13, 21, 32, 52, 53,
 70, 91, 95, 123, 126, 127, 138, 164,
 168, 170, 171, 179, 182, 183, 213,
 216.
 Jansen, mevr. E. G., 13, 149, 150, 155,
 162, 171, 174, 175, 176, 178, 182,
 185, 186, 187, 189.
 Jespersen, prof. Otto, 109, 204.
 Johnstone, F. A. R., 78, 82, 83.
 Jooste, J. M., 162, 185.
 Joubert, genl. P. J., 33, 63.

K
 Kalmyn, W. M., 187, 191.
 Keate, R. W., 59.
 Kleinschmidt, J., 70, 75, 100.
 Kemp, G. P., 83.
 Kemp, J., 150, 151.
 Kempis, Th. à, 216.
 Kruger, Pres., 104, 125.

L
 Labuscaghne, C., 86.
 Laidler, dr., 102.
 Lang, mevr. W., 34.
 Langenhoven, senator C. J., 14, 199,
 202, 203.
 Laubscher, mevr. M., 112.
 Levetzov, 126.
 Lezar, P., 34.
 Lindley, eerw. D., 15.
 Lombard, J., 155.
 Lombard, J. P. le Gr., 213.
 Lundie, J., 34.
 Lundie, mevr. J., 34.

M
 Maarschalk, O., 154, 169, 182, 187.
 Maarschalk, mevr. O., 187.
 Mackenzie, gebr., 196.
 Malan, dr. D. F., 137.
 Malan, H. P., 163, 182, 187, 188, 190.
 Malherbe, dr. E. G., 33.
 Malherbe, ds. I. J., 137, 138.
 Mann, dr. R. J., 18, 37, 38, 39, 40, 45.
 Maritz, genl. G., 133.
 Marquard, J. D., 34.
 Mc. Carter, ds. J., 50.

- Mc. Kenny, R., 34.
 Merwe, S. W. v. d., 32.
 Merwe, v. d., 145.
 Milner, Lord, A., 87, 92.
 Möhr, mej. H. J., 13.
 Moll, C., 210, 211.
 Moody, D. C. F., 102.
 Moor, F., 67, 75.
 Mudie, insp., 72, 73, 75, 96, 101.
 Müller, F., 70.
 Müller, J. J., 72, 81, 103.
 Murphy, mnr., 34.
 Myburgh, genl., 134.

 Naude, G., 170.
 Nel, A. I. J., 138, 150.
 Nel, G. L., 168.
 Nel, mevr. L., 33.
 Nel, Th., 82, 86.
 Nel, Tol, 141.
 Niemeyer, dr., 100.
 Nienaber, G., 162, 216.
 Nietzsche, Fr., 209.

 O'Brien, W. J., 90.
 Odendaal, ds. M. W., 137, 140, 150, 171.
 Oekermann, mevr. F., 35.
 Olivier, mej., 33.
 Otgaar, mnr., 123, 213.

 Pellissier, ds. G. M., 123, 133, 137,
 138, 144, 171, 213.
 Phipson, Th., 34, 55, 56, 57.
 Pienaar, prof. E. C., 12.
 Pienaar, ds. H., 137.
 Pieters, D., 63.
 Pine, lt.-goew. B. C. C., 36, 50.
 Pistorius, A., 34.
 Plessis, J. du, 162.
 Plessis, J. C. du, 186.
 Pletsen, mej. H. van, 190.
 Plowman, Sir G., 154, 165.
 Poën, eerw. W., 138, 139.
 Posselt, ds., 55.
 Post, C. W. H. v. d., 162.
 Postma, mej. Hilda, 108.
 Postma, mej. Riekie, 108.

 Postma, ds. W., 108, 109.
 Potgieter, Komdt. H., 25.
 Pretorius, Komdt.-genl. A., 16.
 Pretorius, A. L., 95.
 Pretorius, S., 62.

 Rabe, E., 119.
 Rabie, J. S. M., 13, 21, 105—8; 110—4;
 185, 213.
 Read, mevr., 155.
 Reenen, F. W. van, 143, 144, 145, 171.
 Reitz, Pres. F. W., 137.
 Rensburg, mej. E. V., 154, 187.
 Retief, P. J., 9, 14, 25, 114.
 Rey, genl. de la, 133, 138.
 Reyley, (L. W. V.), 73.
 Rheeder, J. P., 111.
 Rhodes, C. J., 18.
 Richter, A., 13.
 Robinson, mej. K., 35.
 Robinson, mevr. J., 35.
 Robinson, J., 59.
 Rooyen, C. van, 178.
 Rooyen, Ellemans van, 155.
 Rooyen, Gert van, 52, 112.
 Rooyen, G. T. van, 145.
 Rooyen, Lenie van, 189.
 Rooyen, Sannie van, 127.
 Rose, F. Horace, 116, 210.
 Ross, eerw. J. J., 171.
 Rousseau, ds. D., 96.
 Rousseau, ds. W. P., 98.
 Roux, mej. D. le, 154.
 Roux, mej. L. le, 151, 154.
 Roux, mevr. le, 155.
 Rowe, mej., 66.
 Russell, R., 18, 41, 42, 46, 47, 69—76,
 79, 96, 161.

 Scheepers, Komdt. G., 116.
 Scheepers, N. G. C., 119.
 Schermbeek, C. E. van, 114, 213.
 Schoon, ds. H., 105, 138.
 Schoonees, dr. P. C., 13, 182, 187, 188,
 191, 193, 208.
 Scott, goew. J., 17, 59.

- Smal, Danie**, 189.
Smit, ds. J., 155.
Smith, sir H., 16, 30.
Smith, J. A., 148, 155.
Smith, J. J., 102.
Snell, mej., 154.
Spies, A. T., 138.
Spies, P. R., 185.
Steyn, Pres. M. T., 87, 116, 124, 201, 215.
Stow, dr. D., 45.
Stuart, J., 36, 211.
Sutherland, dr. J., 72, 75, 76.
Sutherland, mevr., 189.
Sypkens, ds. F., 73, 77, 78.
- Tatham, A. G.**, 93.
Taylor, P. H., 196.
Teenstra, M. D., 101.
Theal, dr. G. Mc.C., 15.
Thom, mej., 78.
Toit, D. P. du, 215.
Toit, ds. P. J. du, 96.
Toit, ds. S. J. du, 103.
Totius, 169, 191, 215.
Trichardt, L., 9, 101.
- Turnbull, ds. J.**, 47, 51.
- Uys, C. J.**, 15.
Uys, D., 86.
- Vermeylen, prof. A.**, 205.
Viljoen, C. E., 121.
Viljoen, dr. H. G., 182.
Vorster, B. I., 93, 122, 123, 126, 168, 171, 173, 213, 215.
Vrolik, dr. J., 120, 122, 213.
- Waal, (de)**, 83, 84.
Watt, sir Th., 99, 100.
Watts, mevr. D., 34.
Wepener, Louw, 124.
Wessels, P. J., 134, 146, 164.
Wet, G. F. de, 187.
Wet, ds. H. de, 105, 113.
Wiggett, 132.
Wolhuter, 123.
Wood, W. M., 35.
- Yonge, C.**, 116.
- Zietsman, P. H.**, 57, 211.

LYS VAN DIE VERNAAMSTE GERAADPLEEGDE WERKE EN BRONNE.

Koerante en Tydskrifte.

- De Natalier*, 1844—1846.
De Patriot — De Natalsche Patriot; 1846—1848.
The Natal Witness (N.W.), 1846—1855, en verder belangrike sake.
The Natal Mercury, veral 1853, 1927—1930 (artikels van E. Campbell).
De Natal en Zuid-Oost Afrikaan, 1853.
De Zuid-Oost Afrikaan, 1853—1855.
The Natal Colonist.
De Natal Bode, 1862.
De Natal Boerenvriend, 1885—1887.
De Natal Afrikaner, De Afrikaner, Die Afrikaner, 1887—1932.
Het Natal Landbou Journal, 1908 (C.S.O.).
De Kondschapper.
De Bode.
Saamwerk Unie Orgaan, 1919—1920.
Die Voortrekker, 1928—1930; 1931.
Die Saamwerk, 1929.
The Vryheid Gazette, veral 1929.
Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.
Ons Vaderland, 1929.

Dokumente.

- Volksraad-papiere* (G-overnment H-ouse) A—Z.
Illigind Cases (A-ttorney G-eneral) 200 (55—66); 206 (125—136);
221 (255—260); 225 (294—299); 199 (32—53); 426.
Papiere van die *C-olonial O-ffice*, nos. 7 en 16, (Private Individuals)
e.v. tot 57.
G-overnment H-ouse C-onfidential, almal.
Government Notices, 1848 e.v.
Natal Blue Books, 1850 e.v.
Onderwysrapporte (afsonderlik), 1910—1928.
Council of Education, Minutes, boeke A, B en C (almal).
Natal Government Gazette.

- Sessional Papers*, 1872—1893.
Minutes, Legislative Council.
Minutes, Legislative Assembly.
Minutes, Provincial Council.

Geskiedkundige Werke.

- Bird, John: *The Annals of Natal*, P. Davis en Seuns, Pietermaritzburg, 1888.
 Cory, Sir Geo. E.: *The Rise of South Africa*, Longmans, Green en Ko, Londen.
 Eybers, prof. E. in: *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Bloemfontein.
 Eybers, G. W.: *Select Constitutional Documents, Illustrating South African History*, ens., George Routledge en Seuns, Bpk., Londen, 1918.
 Malherbe, E. G.: *Education in South Africa, 1652—1922*, Juta en Kie, Bpk., Kaapstad, 1925.
 Moodie, D. C. F.: *The History of the Battles, etc. in Southern Africa*, Murray en St. Leger, Kaapstad, 1888.
 Preller, G. S.: *Voortrekker Wetgewing, ens.*, J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1924.
 Russel, Robert: *Natal, the Land and its Story*, 10de druk, P. Davis en Seuns, Pietermaritzburg, 1904.
 Russell, George: *The History of Old Durban, and reminiscences of an Emigrant of 1850*, P. Davis en Seuns, Pietermaritzburg, 1899.
 Theal, G. Mc. Call: *History of South Africa*, by Swan Sonnenschein, Londen, 1908.

Ander Werke.

- Besselaar, dr. G.: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*, de Bussy, Kaapstad en Pretoria, 1914.
 Bosman, F. C. L.: *Drama en Toneel in S.A.*, Deel I, de Bussy, Kaapstad en Pretoria, 1914.
Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, Koomans, Potchefstroom, 1926.
 Pienaar, E. C.: *Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Taalbeweging*, Die Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, etc. 1926. (Derde Druk.)
 Schoonees, P. C.: *Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging*, by de Bussy, Kaapstad en Pretoria, 1930.
 Van Niekerk, dr. Lydia: *De Eerste Taalbeweging en hare Letterkundige Voortbrengselen*, Amsterdam, 1916.
 Die ander werke en bronne is in voetnote erken.

